Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2026

# Opvoedkunde

Akademiese programme
en fakulteitsinligting

**Jaarboek, Deel 6**

forward together · sonke siya phambili · saam vorentoe

## Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis dat die Universiteit se Raad en Senaat geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

## Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

| Deel | Jaarboekdeel |
|---|---|
| Deel 1 | Algemene Reëls |
| Deel 2 | Beurse en Lenings |
| Deel 3 | Studentegelde |
| Deel 4 | Lettere en Sosiale Wetenskappe |
| Deel 5 | Natuurwetenskappe |
| Deel 6 | Opvoedkunde |
| Deel 7 | AgriWetenskappe |
| Deel 8 | Regsgeleerdheid |
| Deel 9 | Teologie |
| Deel 10 | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Deel 11 | Ingenieurswese |
| Deel 12 | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| Deel 13 | Krygskunde (Slegs in Engels beskikbaar) |

## Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.su.ac.za/jaarboeke.
- Dele 1 tot 12 is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. Krygskunde (Deel 13) verskyn slegs in Engels.

# Inhoudsopgawe

**Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik** ..... 1
1.1 Voornemende voorgraadse studente ..... 1
1.2 Voornemende nagraadse studente ..... 1
1.3 Geregistreerde voorgraadse studente ..... 2
1.4 Geregistreerde nagraadse studente ..... 2

**Algemene inligting** ..... 3
1. Inleiding tot die Fakulteit Opvoedkunde ..... 3
1.1 Visie ..... 3
1.2 Missie en doelstelllings ..... 3
2. Fakulteitstruktuur ..... 4
3. Graad-, diploma- en sertifikaatprogramme deur die Fakulteit aangebied ..... 4
3.1 Graadprogramme ..... 5
3.2 Sertifikaatprogram ..... 5
3.3 Diplomaprogramme ..... 5
3.4 Hertoelating ..... 5
4. Akkreditering van programme ..... 5
5. Die Fakulteit se kontakbesonderhede ..... 5
5.1 Kontakbesonderhede van die Fakulteit ..... 5
5.2 Posadresse om te gebruik ..... 6
5.3 Fakulteitswebblad ..... 6
6. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer ..... 6
6.1 Voornemende studente ..... 6
6.2 Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente ..... 6
6.3 Die Universiteit se kontakbesonderhede ..... 6
6.4 Universiteitswebblad ..... 6
7. Taal aan die Universiteit ..... 6
8. Die Fakulteit Opvoedkunde se bepalings kry voorrang ..... 6
9. Slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes ..... 6
10. Reglement vir dekaansvergunningsassesserings (DVA's) ..... 7
11. Afwesigheid van akademiese aktiwiteite ..... 7
12. Onderbreking van studies ..... 12

**Voorgraadse programme** ..... 14
1. Voorgraadse inskrywingsbestuur ..... 14
2. Skematiese opsomming van voorgraadse programme ..... 14
3. BEd (Algemene Onderwys)-programme ..... 15
3.1 Toelatingsvereistes, keuringskriteria en ander inligting wat vir alle BEd-programme geld ..... 15
3.2 Programinhoud vir BEd-programme ..... 17
3.2.1 BEd (Grondslagfase-onderwys) ..... 18
3.2.2 BEd (Intermediêrefase-onderwys) ..... 20
4. Gevorderde Diploma in Opvoedkunde (GDO)-programme ..... 23
4.1 Toelatingsvereistes en ander inligting wat vir alle GDO-programme geld ..... 23

4.2 Programinhoud vir die onderskeie GDO-rigtings ....24
4.2.1 GDO in Intermediêre Fase (IF) Wiskunde-onderwys ....24
4.2.2 GDO in Senior Fase (SF) Wiskunde-onderwys ....25
4.2.3 GDO in Senior Fase (SF) Natuurwetenskappe-onderwys ....25
4.2.4 GDO in Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Fisiese Wetenskappe-onderwys ....26
4.2.5 GDO in Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Lewenswetenskappe-onderwys ....27
4.2.6 GDO in Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Wiskunde-onderwys ....27
4.2.7 GDO in Wiskundige Geletterdheidsonderwys ....28
4.2.8 GDO in Skoolleierskap en -bestuur ....28

**Nagraadse programme ....29**
1. Opsomming van nagraadse programme ....29
2. Nagraadse sertifikaat- en diplomaprogramme ....29
2.1 Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) ....29
2.1.1 Toelatingsvereistes, praktiese skoolbesoek en ander inligting ....30
2.1.2 Programinhoud vir die NOS-program ....32
2.1.2.1 Onderrigmodules: Bepalings en slaagvoorvereistes ....33
2.2 Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys in Onderrig en Leer – NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer) ....36
2.3 Nagraadse Diploma in Wiskunde-onderwys – NGDip (Wiskunde-onderwys) ....37
2.4 Nagraadse Diploma in Wetenskap-onderwys – NGDip (Wetenskap-onderwys) ....38
3. Honneursprogramme ....39
3.1 HonsBEd ....39
3.1.1 Toelatingsvereistes, aansoekprosedure en ander inligting vir alle HonsBEd-programme ....40
3.1.2 HonsBEd-programme ....41
3.1.2.1 HonsBEd (Grondslagfase-onderwys) ....42
3.1.2.2 HonsBEd (Kurrikulumondersoek) ....43
3.1.2.3 HonsBEd (Opvoedkundige Ondersteuning) ....45
3.1.2.4 HonsBEd (Opvoedkundige Ontwikkeling en Demokrasie) ....46
3.1.2.5 HonsBEd (Taalonderwys) ....47
4. Magisterprogramme ....49
4.1 MEd ....49
4.1.1 Toelatingsvereistes, keurings- en ander inligting wat vir alle MEd-programme geld ....49
4.1.2 MEd (Navorsing) ....50
4.1.2.1 MEd (Opvoedingsbeleidstudie) (Voltesis) ....50
4.1.2.1 MEd (Opvoedingsbeleidstudie) (Voltesis) ....51
4.1.3 MEd (Gestruktureerd) ....51
4.1.3.1 MEd (Kurrikulumstudie) (Gestruktureerd) ....52
4.1.3.2 MEd (Opvoedkundige Ondersteuning) (Gestruktureerd) ....53
4.1.3.3 MEd (Psig) (Gestruktureerd) (Laaste inname 2024) ....54
4.1.3.4 MEd (Opvoedkundige Sielkunde) (Eerste inname 2025) ....56
4.2 MPhil ....58
4.2.1 MPhil (Hoëronderwysstudies) (Gestruktureerd) ....58
4.2.2 MPhil (Lewenslange Leer) (Gestruktureerd) ....59
4.2.3 MPhil (Navorsing) ....60
5. Doktorsgraadprogramme ....61
5.1 DEd ....61
5.2 PhD ....61

**Vakke, modules en module-inhoude ....64**
1. Definisies en verduideliking van belangrike terme ....64
2. Metode van assessering ....65

3. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules ............................ 65
4. Voorgraadse en nagraadse vakke, modules en module-inhoude .................. 65

**Navorsings- en diensinstansies ............................................. 128**
1. Praktikumeenheid van die Departement Opvoedkundige Sielkunde ......... 128
2. Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys ............................................ 128
3. Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) ........................... 129

**Alfabetiese lys van voorgraadse en nagraadse vakke en modules ........................................................................ 130**

# Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik

Hierdie afdeling gee vir jou riglyne oor waar om bepaalde inligting in die verskeie hoofstukke in hierdie Jaarboekdeel te vind. Raadpleeg die inhoudsopgawe vir die bladsynommers van die hoofstukke waarna hieronder verwys word.

## 1. Waar om inligting te vind

### 1.1 Voornemende voorgraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se visie en missie, asook die Fakulteitstruktuur
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit wat 'n verduideliking van die begrippe "aansoeknommer" en "studentenommer" insluit asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Taal aan die Universiteit; en
  - Die graadprogramme wat jy in die Fakulteit kan volg en kwalifikasies wat jy kan verwerf asook belangrike eksamenbepalings wat van toepassing is op programme en modules.
- Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme;
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing; en
  - Praktiese skoolbesoek as slaagvereiste.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word; en
  - Definisies van slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules.
- Alfabetiese lys van voorgraadse vakke en nagraadse programme is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

### 1.2 Voornemende nagraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - die Fakulteit se missie en visie, asook die Fakulteitstruktuur;
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit wat 'n verduideliking van die begrippe "aansoeknommer" en "studentenommer" insluit asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Taal aan die Universiteit; en
  - Programme wat deur die Fakulteit aangebied word.
- Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
  - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
  - Spesifieke sluitingsdatums vir aansoeke, en ander relevante inligting, byvoorbeeld keuring vir toelating;
  - Die inhoud van nagraadse programme met vakke en modules wat vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing;
  - Praktika, skoolbesoek en internskappe, waar van toepassing.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van die syfers en afkortings wat by die beskrywing van modules gebruik word.
- Alfabetiese lys van voorgraadse vakke en nagraadse programme is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

## 1.3 Geregistreerde voorgraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
    - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig;
    - Taal aan die Universiteit; en
    - Die toestaan van dekaansvergunningsassesserings aan finalejaarstudente.
- Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
    - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme;
    - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing;
    - Praktiese skoolbesoek.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
    - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
    - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van die modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word;
    - Die afkortings en definisies wat vir die doseerlading van individuele modules gebruik word;
    - 'n Aanduiding by die individuele modules wat die doseerlading daarvan is;
    - Definisies van slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules, asook 'n aanduiding by die individuele modules watter van hierdie vereistes daarvoor geld, indien enige; en
    - Die wyse waarop individuele modules geassesseer word, veral waar 'n module buigsaam geassesseer word.
- Alfabetiese lys van voorgraadse vakke en nagraadse programme is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

## 1.4 Geregistreerde nagraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
    - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede.
- Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
    - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
    - Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing;
    - Assessering en eksaminering, waaronder die herindiening van PhD-proefskrifte; en
    - Praktika, skoolbesoek en internskappe, waar van toepassing.
- Alfabetiese lys van voorgraadse vakke en nagraadse programme is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

# Algemene inligting

## 1. Inleiding tot die Fakulteit Opvoedkunde

Opvoeding staan sentraal in enige vooruitstrewende samelewing. Dit is die primêre verantwoordelikheid van opvoedkundiges om leerders só te ondersteun dat die leerders waardes, kennis, geleenthede en vaardighede kan identifiseer, evalueer en uitbou, wat tot hulle eie voordeel strek en ook tot die voordeel van die samelewing.

Die Fakulteit is lank reeds betrokke by en gee leiding in die opleiding van onderwysers, studie in die Opvoedkunde op voor- en nagraadse vlak en navorsing en dienslewering op onderwysgebied. Aanvanklik is onderwysers deur middel van die sogenaamde kwekelingstelsel aan die Victoria Kollege (die voorloper van die Universiteit van Stellenbosch) opgelei. Daar was reeds sedert 1913 'n leerstoel in Opvoedkunde aan die Victoria Kollege. Toe die Universiteit van Stellenbosch in 1918 tot stand gekom het, was die Fakulteit Opvoedkunde een van die eerste vier fakulteite.

Die Fakulteit streef na akademiese en professionele voortreflikheid. Ons streef ook na gepaste dienslewering in noue samewerking met indiensnemingsinstansies en die georganiseerde onderwysprofessie.

### 1.1 Visie

Die Fakulteit Opvoedkunde se visie is:

- om leiding te gee in die beskikbaarstelling van kwaliteitsonderwys-geleenthede vir lewenslange leer, deur navorsing, onderrig en ander diens, en
- om sodoende te help voorsien in die gedifferensieerde onderwysbehoeftes van die breë gemeenskap.

Studie in die Opvoedkunde behoort aan studente geleenthede te bied om kennis, insig en vaardighede te verkry waarmee hulle 'n bydrae kan maak tot individuele en sosiale ontwikkeling binne die veranderende opvoedingsomgewing.

### 1.2 Missie en doelstellings

In die konteks van die visie is die missie van die Fakulteit die volgende:

Die Fakulteit Opvoedkunde is 'n akademiese inrigting wat:

- onderrig, navors en tersaaklike diens lewer volgens die Universiteit se beleid en met die strewe na hoë akademiese en professionele standaarde;
- funksioneer vanuit die waardes en norme wat algemeen aan die Universiteit aanvaar word, met inagneming van die waardes en norme van die breë gemeenskap;
- uit respek vir die ideaal van akademiese vryheid die akademiese taak só verrig dat die persoonlike verantwoordelikheid en professionele voortreflikheid van opvoeders bevorder word;
- 'n deurslaggewende bydrae lewer om die menspotensiaal van die breër Suider-Afrikaanse samelewing te ontwikkel deur lewenslange leer te bevorder deur relevante onderwys en opleiding.

Teen die agtergrond van die missie streef die Fakulteit die volgende akademiese doelstellings na:

- Om die hoogste akademiese en professionele standaarde ten opsigte van onderrig, navorsing en tersaaklike dienslewering te handhaaf deur
    - relevante navorsing oor huidige en toekomstige onderwys-, opvoedings- en verwante behoeftes volhoudend te inisieer en voort te sit;
    - voor- en nagraadse studie uit te brei om die kennisterrein en ook professionalisering van die onderwysberoep te bevorder;
    - gepaste professionele ontwikkelingsprogramme vir onderwyspersoneel, asook gemeenskapsdiens en akademiese steunprogramme voort te sit, om daarmee by te dra tot die program vir die heropbou en ontwikkeling van onderwys- en opleidingsgeleenthede vir die Suider-Afrikaanse gemeenskap in die geheel.
- Om sy opleiding en geriewe optimaal toeganklik te maak vir almal wat daarvoor kwalifiseer.
- Om samewerking met die volgende te vestig en uit te bou:
    - professionele en ander instansies (nasionaal sowel as internasionaal), om gepaste opleiding en navorsing te verseker en wedersyds in behoeftes te voorsien;
    - die Universiteit intern, sowel as met ander tersiêre opleidingsinrigtings en tersaaklike instansies, onder andere om onwenslike duplisering van opleiding, navorsing en dienslewering te vermy.
- Om optrede te bevorder wat voldoen aan die etiek van die onderwys as 'n professie.

# 2. Fakulteitstruktuur

Die Fakulteit Opvoedkunde bestaan uit drie departemente en een sentrum:

- **Departement Kurrikulumstudie**
  Dit sluit die Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys in.
- **Departement Opvoedkundige Sielkunde**
  Dit sluit in die Praktikumeenheid van die Departement Opvoedkundige Sielkunde.
- **Departement Opvoedingsbeleidstudie**
  Die fokus areas Filosofie van die Opvoedkunde, Sosiologie van die Opvoeding en Onderwysbestuur maak deel uit van hierdie departement.
- **Stellenbosch Universiteit Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP)**

Die Fakulteit se voorgraadse aanbod wat daarop gerig is om professionele onderwysers op te lei, bestaan uit 'n kombinasie van programme wat deur die drie departemente aangebied word. Die verdere opleidings- en nagraadse programme is gespesialiseerd of van interdissiplinêre aard. Die tabel hieronder dui aan hoe die aanbieding van verskillende programme oor die drie departemente en SUNSEP versprei is.

| Kurrikulumstudie | Opvoedkundige Sielkunde | Opvoedingsbeleid-studie | SUNSEP |
|---|---|---|---|
| **VOORGRAADS** | | | |
| BEd (GF-ond)<br>BEd (IF-ond) | BEd (GF-ond)<br>BEd (IF-ond) | BEd (GF-ond)<br>BEd (IF-ond)<br>GDO | GDO<br>GDO |
| **NAGRAADS en GEVORDERD** | | | |
| NOS | NOS | NOS | |
| NGDip (HO) (O&L) | | | NGDip (Wetenskap-onderwys)<br>NGDip (Wiskunde-onderwys) |
| HonsBEd (Grondslagfase-onderrig, Kurrikulumondersoek en Taalopvoeding) | HonsBEd (Opvoedkundige Ondersteuning) | HonsBEd (Opvoedkundige Ontwikkeling en Demokrasie) | |
| MEd/MPhil | MEd (Opvoedkundige Ondersteuning) / MEd (Psig) / MEd (Opvoedkundige Sielkunde) | MEd | |
| DEd/PhD | DEd/PhD | DEd/PhD | |

Kyk "Graad-, diploma- en sertifikaatprogramme deur die Fakulteit aangebied" hieronder vir 'n uiteensetting van al die programme wat in die Fakulteit aangebied word.

# 3. Graad-, diploma- en sertifikaatprogramme deur die Fakulteit aangebied

As aspirant-onderwyser kan jy kies tussen die voorgraadse program BEd (Grondslagfase-onderwys) of (Intermediêrefase-onderwys) en die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) (indien jy reeds 'n driejaargraad het). Indien jy reeds 'n gekwalifiseerde onderwyser is en jou professionele kwalifikasie wil verbeter, kan jy inskryf vir die Gevorderde Diploma in Opvoedkunde (GDO), of een van die nagraadse programme: HonsBEd, MEd, MPhil, PhD in 'n verskeidenheid rigtings of DEd.

*Let asseblief op:*

- Die Gevorderde Diploma-programme (GDO) vervang die vroeëre Gevorderde Onderwyssertifikaat (GOS) vir studente wat vanaf 2017 inskryf.

Hieronder word elke program se vlak op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) tussen hakies aangedui.

## 3.1 Graadprogramme

- BEd (Grondslagfase-onderwys) en (Intermediêrefase-onderwys) (vlak 7)
- HonsBEd (vlak 8)
- MEd (vlak 9)
- MEd (Psig) (vlak 9)
- MPhil (vlak 9)
- DEd (vlak 10)
- PhD (vlak 10)

## 3.2 Sertifikaatprogram

- NOS (Nagraadse Onderwyssertifikaat) (vlak 7)

## 3.3 Diplomaprogramme

- NGDip (Nagraadse Diploma) in Hoër Onderwys in Onderrig en Leer) (vlak 8)
- NGDip (Nagraadse Diploma) in Wetenskap-onderwys (vlak 8)
- NGDip (Nagraadse Diploma) in Wiskunde-onderwys (vlak 8)
- GDO (Gevorderde Diploma in Opvoedkunde) (vlak 7)

## 3.4 Hertoelating

Kyk asseblief in die Jaarboek Deel 1 (Algemene Reëls) vir die reëls oor hertoelating.

# 4. Akkreditering van programme

Alle programme aan die Fakulteit Opvoedkunde is ten volle geakkrediteer deur die Raad op Hoër Onderwys. Die programme van die Departement van Opvoedkundige Sielkunde is verder ook geakkrediteer deur die Beroepsraad vir Sielkunde van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (HPCSA).

Die BEd-, NOS-, Gevorderde Diploma in Opvoedkunde (GDO)- en Honneurs-BEd-programme is ontwikkel om tred te hou met verandering en nuwe ontwikkeling op onderwysgebied. Hierdie programme is ook deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding sowel as die Raad op Hoër Onderwys goedgekeur en geakkrediteer en word sedert 2017 aangebied.

# 5. Die Fakulteit se kontakbesonderhede

## 5.1 Kontakbesonderhede van die Fakulteit

Jy kan die Fakulteit by die volgende nommers kontak:

| | Telefoonnommer | Faksnommer | E-posadres |
|---|---|---|---|
| Die Dekaan, Fakulteit Opvoedkunde | 021 808 2258 | | madiba@sun.ac.za |
| Waarnemende Visedekaan (Onderrig en Leer) | 021 808 2122 | | okoopman@sun.ac.za |
| Waarnemende Visedekaan (Navorsing) | 021 808 2122 | | blf@sun.ac.za |
| Fakulteitsadministrateur | 021 808 9111 | | eel@sun.ac.za |
| Departement Kurrikulumstudie | 021 808 2300 | 021 808 2295 | infocurrstudies@sun.ac.za |
| Departement Opvoedingsbeleidstudie | 021 808 2419 | 021 808 2283 | salex@sun.ac.za |
| Departement Opvoedkundige Sielkunde | 021 808 2308 | 021 808 2021 | grootbooma@sun.ac.za |
| SUNSEP (Stellenbosch Universiteit Sentrum vir Pedagogie) | 021 808 2573 | | mfestus@sun.ac.za |

### 5.2 Posadresse om te gebruik

Rig korrespondensie met die Fakulteit aan die volgende adres:

Die Dekaan
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit Stellenbosch
GG Cilliégebou
Privaat Sak X1
STELLENBOSCH
7599

### 5.3 Fakulteitswebblad

www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

## 6. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer

### 6.1 Voornemende studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n aansoeknommer toe (byvoorbeeld APP/1234567).
- Die aansoeknommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit oor al jou programaansoeke van 'n gegewe jaar te vergemaklik.
- Gebruik jou aansoeknommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

### 6.2 Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit Stellenbosch te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n studentenommer toe.
- Die studentenommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer om sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit te vergemaklik.
- Gebruik jou studentenommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

### 6.3 Die Universiteit se kontakbesonderhede

Jy kan navrae oor akademiese sake, soos studie-aangeleenthede, beurse en lenings, asook oor koshuisplasings rig deur van die volgende kontakbesonderhede gebruik te maak:

- Telefoon: 021 808 9111
- E-pos: info@sun.ac.za

### 6.4 Universiteitswebblad

www.su.ac.za

## 7. Taal aan die Universiteit

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die US uit te brei vir alle studente en personeellede. Meertaligheid word as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die US bevorder. Afrikaans, Engels en isiXhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Pedagogies verantwoordbare onderrig en leer word deur middel van Afrikaans en Engels gefasiliteer.

Meer inligting oor taal aan die US is beskikbaar op die webwerf www.su.ac.za/taal.

## 8. Die Fakulteit Opvoedkunde se bepalings kry voorrang

Die algemene bepalings in Deel 1 van die Universiteitsjaarboek geld ook vir die Fakulteit Opvoedkunde. Die spesifieke bepalings vir elke program in die Fakulteit Opvoedkunde word hieronder in elke hoofstuk uiteengesit en kry voorrang bo die algemene bepalings in Deel 1. Gestel, byvoorbeeld, die algemene slaagvereiste vir 'n honneursprogram is 50%, maar die Fakulteit se vereiste is 60%, dan geld die Fakulteit se vereiste.

## 9. Slaagvoorvereistes, voor- en newevereistes

Jy moet seker maak van die slaagvoorvereistes (S), voorvereistes (V) en newevereistes (N) vir elke module. Jy kan die vereistes vir 'n bepaalde module in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" by die beskrywing van daardie module kry.

# 10. Reglement vir dekaansvergunningsassesserings (DVA's)

Let asseblief op dat die verduideliking van die A3- en A4-assesseringstydperke wat hieronder gegee word net 'n kort opsomming is van wat hierdie tydperke behels. Jy kan die volledige verduidelikings in die assesseringshoofstuk in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek kry.

Kyk asseblief in die Jaarboek, Deel 1 (Algemene Reëls), afdeling 7, vir die reëls oor Dekaansvergunnings-assesserings (DVA's).

## 10.1 Wie toegelaat mag word tot DVA's

Jy kan vir toelating tot DVA's oorweeg word indien:

- jy 'n finalejaarstudent is in 'n voorgraadse graadprogram en jy, nadat die A3-tydperk in die tweede semester afgesluit het, nie daarin geslaag het om al die nodige krediete vir jou kwalifikasie te verwerf nie. (Die A3-tydperk volg direk op die tweede semester se A2-tydperk, wat direk op die klastydperk volg.);
- die krediete wat jy nog moet verwerf altesaam minder as 33 is, in hoogstens twee modules wat jy nog moet slaag, óf meer as 33, in slegs een module;
- jy in daardie akademiese jaar 'n finale punt van minstens 30 in elkeen van die modules wat jy nog moet slaag, behaal het;
- jy aan die vereistes vir toelating tot die DVA's wat in die assesseringsreëls van jou program genoem word, voldoen; en
- die tuisdepartemente of -sentra van al die modules wat jy nog moet slaag, vir die dekaan aandui dat dit redelikerwys uitvoerbaar is vir jou om die modules deur middel van 'n DVA te slaag (in ag genome dat dit onprakties mag wees om sekere verpligte module-uitkomste in 'n DVA te assesseer).

## 10.2 Hoe om vir 'n DVA aansoek te doen

- Jy moet jou aansoek om 'n DVA te mag skryf deur SUNStudent indien deur die aangewese prosedure te volg.
- Jy moet jou aansoek na afloop van die tweede semester se A3-tydperk indien; dit is, binne een week ná die laaste datum waarteen intern gemodereerde finale punte vasgelê moet word na afloop van die tweede semester se A3-tydperk. Indien jou fakulteit egter 'n A4-assessering aanbied en die toepaslike assesseringsreëls beide 'n A4-assessering en 'n DVA toelaat, moet jy jou aansoek binne een week nadat die A4-uitslae aan studente bekendgemaak is, indien. Die A4-tydperk vir 'n gegewe jaar van registrasie strek vanaf die einde van die A3-tydperk van daardie jaar tot in Januarie en Februarie van die volgende kalenderjaar en eindig op die inleweringsdatum vir die A4-punte volgens die Almanak.
- Let op dat, wanneer jy toegelaat word tot 'n DVA, die bedrag vir DVA's wat in die Studentegelde-deel van die Jaarboek (Deel 3) genoem word, by jou rekening getel word.

## 10.3 Hoe jou finale punt na afloop van 'n DVA bepaal word

- Jou punt vir die DVA sal gebruik word om 'n finale punt te bepaal, soos gespesifiseer in die assesseringsreëls van die module se tuisfakulteit.
- DVA's moet intern en ekstern gemodereer word in ooreenstemming met die Universiteit se "Regulasie vir interne en eksterne moderering en die verwerking van uitslae" en die verwante reëlings van die program se tuisfakulteit of -sentrum.
- Herevaluering geld nie vir DVA's nie.

# 11. Afwesigheid van akademiese aktiwiteite

Jy moet voldoen aan die bywoningsvereistes wat betref akademiese aktiwiteite (bv. klas-, praktiese, kliniese, navorsings- en assesseringsaktiwiteite) wat deel vorm van die kurrikulum van die graad-, sertifikaat- of diplomaprogram waarvoor jy ingeskryf is.

As jy by enige akademiese aktiwiteit afwesig is, ongeag of jy 'n voorgraadse of nagraadse student is, geld die reëls in hierdie afdeling (afdeling 11).

Die Universiteit Stellenbosch respekteer die godsdienstige oortuigings en kulture van alle personeel en studente. Buiten dat die Universiteit op nasionale openbare vakansiedae vir besigheid gesluit is, skeduleer ons ook geen assesserings vir sekere godsdienstige dae wat in die US Almanak (hier) aangedui word nie. Tensy dit op 'n Saterdag of Sondag val, bly die Universiteit egter op hierdie dae oop en in bedryf.

Die Universiteit se Senaat het die volgende riglyne goedgekeur vir wanneer studente se aansoeke om verlof tot afwesigheid oorweeg word:

## 11.1 Verlof tot afwesigheid: kategorieë

### 11.1.1 Kategorie A-verlof

As die Universiteit verlof tot afwesigheid in hierdie kategorie aan jou toestaan en jy loop akademiese aktiwiteite weens sodanige afwesigheid mis, moet die betrokke akademiese omgewing jou in hulle oorweging tegemoetkom sover dit prakties moontlik is.

#### Gronde vir oorweging

11.1.1.1 Bewese siekte by jou self, ondersteun deur 'n mediese sertifikaat

11.1.1.2 'n Sterfgeval in jou nabye familie – 'n ouer, broer, suster of grootouer

11.1.1.3 Verpligte geregtelike bywoning, bv. as getuie in die hof

11.1.1.4 Afwesigheid weens sportaktiwiteite, in die volgende omstandighede:

11.1.1.4.1 deelname aan proewe/nasionale kampioenskappe vir die samestelling van 'n nasionale (verteenwoordigende) span vir Suid-Afrika of 'n ander land

11.1.1.4.2 plaaslike deelname as lid van 'n nasionale span (vir Suid-Afrika of 'n ander land) teen 'n ander land

11.1.1.4.3 internasionale deelname (toer) as lid van 'n Suid-Afrikaanse of 'n ander land se nasionale span

11.1.1.4.4 voorbereiding vir deelname op internasionale vlak vir Suid-Afrika of 'n ander land

11.1.1.5 Afwesigheid weens kokurrikulêre leierskapsaktiwiteite, in die volgende omstandighede:

11.1.1.5.1 bywoning van vergaderings van die Senaat, Raad of Institusionele Forum deur verkose studente-leiers wat lede van hierdie US- statutêre strukture is

In die geval van par. 11.1.1.4 en 11.1.1.5 behoort dit, volgens die betrokke departementshoof se oordeel akademies haalbaar te wees dat jy die werk wat misgeloop is, inhaal. As die verlof tot afwesigheid wat in jou aansoek aanbeveel word, so uitgebreid is dat dit onmoontlik is om jou akademiese verantwoordelikhede binne die normale tyd wat vir die spesifieke module, jaar of program toegelaat word, in te haal en af te handel, verwys na 11.4 hieronder.

### 11.1.2 Kategorie B-verlof

Verlof in hierdie kategorie sal aan jou toegestaan word mits jy vooraf bevredigende reëlings met die betrokke akademiese omgewing kan tref oor akademiese aktiwiteite waarmee jy in die tydperk onder bespreking agterstallig kan raak.

#### Gronde vir oorweging

11.1.2.1 Individuele deelname aan internasionale kokurrikulêre geleenthede op uitnodiging

11.1.2.2 Deelname aan verteenwoordigende sport op provinsiale vlak

11.1.2.3 Verteenwoordigende deelname aan sport op eersteliga- of vergelykbare vlak, maar slegs in hoogs uitsonderlike gevalle; soos wanneer ligabepalings verander weens besluite deur provinsiale en nasionale sportbeheerliggame

11.1.2.4 Verteenwoordiging van die US op nasionale en internasionale vlak

### 11.1.3 Kategorie C: geweierde verlof

As geen verlof tot afwesigheid toegestaan is nie, ontvang jy 'n Kategorie C-brief wat onder meer die volgende waarskuwing bevat:

"Indien dit sou gebeur dat jy tog gedurende die betrokke tydperk afwesig is, moet jy geen tegemoetkoming van Universiteitsweë verwag i.v.m. die werk (insluitend lesings, praktika, seminaarwerk, assesserings) wat jy as gevolg van jou afwesigheid agterstallig raak en wat mag meebring dat daar in die module(s) waarvoor jy geregistreer is geen klaspunt(e) aan jou toegeken sal kan word nie."

Deelname aan bv. koshuisligawedstryde van die Universiteit ressorteer onder Kategorie C.

## 11.2 Stawende bewyse benodig met aansoek om verlof tot afwesigheid

Elke aansoek moet vergesel word van stawende bewyse wat aan die volgende vereistes voldoen en die volgende inligting bevat:

### 11.2.1 Mediese redes

11.2.1.1 Jy moet 'n mediese sertifikaat of verslag verskaf wat uitgereik en onderteken is deur 'n mediese praktisyn of enige ander persoon wat gesertifiseer is om pasiënte te diagnoseer en te behandel, en wat geregistreer is by 'n professionele raad wat deur 'n Parlementswet ingestel is.

11.2.1.2 Volgens die Wet op Tradisionelegesondheidspraktisyns het slegs tradisionele gesondheidspraktisyns wat by die Raad vir Tradisionelegesondheidspraktisyns (RTG) geregistreer is die wetlike magtiging om mediese sertifikate uit te reik. Hierdie sertifikate word erken vir die doeleindes van mediese verlof tot afwesigheid van akademiese aktiwiteite.

11.2.1.3 Die persoon wat die sertifikaat uitreik, moet sy of haar registrasienommer as praktisyn by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) of die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) of die Raad vir Tradisionelegesondheidspraktisyns (RTG) verskaf, sowel as hulle praktyknommer.

11.2.1.4 Die mediese sertifikaat of verslag moet die volgende inligting bevat:

11.2.1.4.1 jou naam, as die pasiënt/student;

11.2.1.4.2 die datum en tyd van jou mediese ondersoek, evaluering, behandeling of afspraak met die gesondheidsorgwerker;

11.2.1.4.3 'n aanduiding dat die sertifikaat uitgereik is nadat 'n toepaslik geregistreerde mediese of gesondheidsorgpraktisyn jou persoonlik waargeneem en ondersoek het (d.w.s. telefoniese konsultasie of kommunikasie is onvoldoende);

11.2.1.4.4 bevestiging dat jy weens die siekte nie akademiese aktiwiteite sal kan of kon bywoon nie;

11.2.1.4.5 die begin- en einddatums van jou afwesigheid; en

11.2.1.4.6 enige ander inligting wat na die oordeel van die praktisyn vereis word of tersaaklik is.

11.2.1.5 Die Fakulteit Opvoedkunde oorweeg 'n mediese sertifikaat in verband met afwesigheid van 'n akademiese aktiwiteit slegs as die sertifikaat uitgereik is binne 24 uur vanaf die tyd waarop die aktiwiteit plaasgevind het of ná die inhandigingsdatum van 'n akademiese werkopdrag (tensy die sertifikaat uitdruklik aandui waarom dit nie binne 24 uur uitgereik kon word nie), en sertifikaat ingehandig word binne 2 werksdae na die akademiese aktiwiteit of na die inhandigingsdatum van die werkopdrag.

11.2.1.5.1 Dit staan die Fakulteit vry om aansoeke om verlof tot afwesigheid om gesondheidsredes van die hand te wys as die mediese sertifikaat op die sperdatum vir 'n werkopdrag uitgereik en/ of ingedien is en as daar onvoldoende gronde is om die indieningsdatum vir die betrokke werkopdrag aan te skuif.

11.2.1.6 Mediese sertifikate wat deur familielede uitgereik is, word nie aanvaar nie.

11.2.1.7 Mediese sertifikate wat buite Suid-Afrika uitgereik is, word op die meriete van die geval geëvalueer volgens Suid-Afrikaanse norme en die wette van die land waarin die sertifikaat uitgereik is.

11.2.1.8 Wat geestesgesondheidstoestande betref, aanvaar die Fakulteit slegs mediese sertifikate deur behandelende gesondheidsorgpraktisyns wat gesertifiseer is om geestesgesondheidstoestande te behandel.

11.2.1.9 Die volle verantwoordelikheid vir die indiening van 'n aansoek om verlof tot afwesigheid berus by jou. Ons sal 'n voorlegging deur 'n derde party oorweeg slegs as jy medies ongeskik is (met bewyse van mediese ongeskiktheid).

11.2.1.10 Die Universiteit behou die reg voor om die prognose en verdere inligting van die praktisyn aan te vra, en aanvaar te goeder trou dat jy as student nie toestemming in hierdie verband onredelik sal weier nie.

### 11.2.2 Deernisvolle redes

11.2.2.1 As jou (jy as student se) kind of aangenome kind (jonger as 18 jaar), ouer of skoonouer, of eggenoot of lewensmaat siek is, moet jy 'n mediese sertifikaat van die familielid se toestand verskaf.

11.2.2.2 As jou eggenoot of lewensmaat, jou ouer, primêre versorger, aanneemouer, skoonouer, kind, aangenome kind, kleinkind, grootouer of broer of suster sterf, moet jy 'n doodsertifikaat van die oorlede familielid verskaf.

11.2.2.3 As jy kulturele aktiwiteite moet bywoon wat verband hou met die sterfte van 'n familielid soos by 11.2.2.2 genoem, moet jy bewys van sodanige aktiwiteite lewer wat deur 'n erkende kulturele leier uitgereik is en die volgende insluit:

11.2.2.3.1 jou naam;

11.2.2.3.2 die begin- en einddatum van jou afwesigheid;

11.2.2.3.3 die datum waarop die bevestiging van die kulturele aktiwiteit uitgereik is;

11.2.2.3.4 besonderhede van die kulturele aktiwiteit of gebeurtenis; en

11.2.2.3.5 'n duidelike aanduiding van die identiteit van die kulturele leier wat die bevestiging uitgereik het, persoonlik en oorspronklik deur die persoon onderteken langs hulle voorletters en van (in gedrukte letter of drukskrif).

11.2.2.4 Die Universiteit behou die reg voor om na goeddunke stawende bewyse aan te vra.

11.2.2.5 Jou aansoek moet die begin- en einddatum van jou afwesigheid insluit.

11.2.2.6 As jy om verlof tot langdurige afwesigheid aansoek doen, verwys na 11.4 hieronder.

### 11.2.3 Regsredes

11.2.3.1 Dagvaarding om te verskyn: Indien 'n dagvaarding om in die hof te verskyn op jou bestel is, moet jy 'n afskrif daarvan verskaf wat jou naam, van en ID-nommer asook die verskyningsdatum(s) bevat.

11.2.3.2 Gevangeneming: As jy gevange geneem word, moet jy 'n afskrif van die polisierekord met jou naam, van en ID-nommer asook die betrokke verskyningsdatum voor die hof en/of datum(s) van gevangenisstraf verskaf.

11.2.3.3 Die volle verantwoordelikheid vir die indiening van 'n aansoek om verlof tot afwesigheid berus by jou as student. Ons sal 'n voorlegging deur 'n derde party oorweeg slegs as jy wetlik daarvan weerhou word om met die Universiteit te kommunikeer (en bewys van sodanige inperking verskaf word).

11.2.3.4 As jy om verlof tot langdurige afwesigheid aansoek doen, verwys na 11.4 hieronder.

### 11.2.4 Deelname aan verteenwoordigende sport op internasionale, nasionale, provinsiale of interuniversitêre vlak

11.2.4.1 Elke aansoek om verlof tot afwesigheid vir sportaktiwiteite moet van 'n aanbeveling deur die betrokke sportbestuurder vergesel word; in die geval van aansoeke om Kategorie A-verlof, ook deur die Hoofdirekteur: Sport of die Hoofdirekteur se gevolmagtigde. Die aanbeveling moet duidelik aandui watter kategorie verlof tot afwesigheid aangevra word, bv. Kategorie A 11.1.1.4.1 of Kategorie B 11.1.2.2.

11.2.4.2 Vir sportkodes wat nie by die Universiteit aangebied word nie of geleenthede wat nie deur amptelik erkende of gereguleerde sportorganisasies gefasiliteer word nie, moet aansoeke om verlof tot afwesigheid deur die Hoofdirekteur: Sport of die Hoofdirekteur se gevolmagtigde ondersteun word, met 'n duidelike aanduiding van die kategorie verlof tot afwesigheid wat aangevra word, bv. Kategorie A 11.1.1.4.1 of Kategorie B 11.1.2.2.

11.2.4.3 Om 'n aansoek betyds te verwerk, moet die Sentrum vir Akademiese Administrasie dit ontvang minstens 7 werksdae voordat die tydperk van afwesigheid begin.

11.2.4.4 Die aansoek moet jou naam bevat, die modules wat jy neem en besonderhede van alle akademiese verpligtings tydens jou voorgenome afwesigheid.

11.2.4.5 Die Universiteit behou die reg voor om na goeddunke stawende bewyse aan te vra.

11.2.4.6 Jou aansoek moet die begin- en einddatum van jou afwesigheid aandui.

11.2.4.7 As jy om verlof tot langdurige afwesigheid aansoek doen, verwys na 11.4 hieronder.

### 11.2.5 Deelname aan omvattende kokurrikulêre aktiwiteite

11.2.5.1 Jou aansoek om verlof tot afwesigheid vir erkende kokurrikulêre aktiwiteite moet van 'n aanbeveling deur die Studentedekaan of die Studentedekaan se gevolmagtigde vergesel word, en moet die kategorie verlof tot afwesigheid duidelik noem, bv. Kategorie A 11.1.1.5.1 of Kategorie B 11.1.2.2.

11.2.5.2 Vir kokurrikulêre aktiwiteite wat nie deur die Universiteit aangebied word nie en geleenthede wat nie deur amptelik erkende of gereguleerde organisasies aangebied word nie, moet aansoeke om afwesigheid deur die Studentedekaan of die Studentedekaan se gevolmagtigde ondersteun word. Die kategorie afwesigheid wat versoek word, moet duidelik gestel word; bv. Kategorie A 11.1.1.5.1 of Kategorie B 11.1.2.2.

11.2.5.3 Om 'n aansoek betyds te verwerk, moet die Sentrum vir Akademiese Administrasie dit minstens 7 werksdae voor die tydperk van afwesigheid ontvang.

11.2.5.4 Die aansoek moet jou naam vermeld, die modules waarvoor jy ingeskryf is en besonderhede van alle akademiese verpligtings tydens die voorgenome afwesigheid.

11.2.5.5 Die Universiteit behou die reg vir om eie goeddunke stawende bewyse aan te vra.

11.2.5.6 Jou aansoek moet die begin- en einddatum van jou afwesigheid vermeld.

11.2.5.7 As jy om verlof tot langdurige afwesigheid aansoek doen, verwys na 11.4 hieronder.

### 11.2.6 Afwesigheid om die US op nasionale of internasionale vlak te verteenwoordig

11.2.6.1 As jou aansoek om verlof tot afwesigheid om die US op nasionale en/of internasionale vlak te verteenwoordig, nie by 'n ander verlofkategorie inpas nie, moet dit vergesel word van 'n aanbeveling van die betrokke omgewingshoof of hulle gevolmagtigde. Die kategorie verlof tot afwesigheid moet duidelik vermeld word, bv. Kategorie B 11.1.2.4.

11.2.6.2 Om 'n aansoek betyds te verwerk, moet die Sentrum vir Akademiese Administrasie dit minstens 7 werksdae voor die tydperk van afwesigheid ontvang.

11.2.6.3 Die aansoek moet jou naam, die modules waarvoor jy ingeskryf is en besonderhede van alle akademiese verpligtings tydens die voorgenome afwesigheid vermeld.

11.2.6.4 Die Universiteit behou die reg voor om na goeddunke stawende bewyse aan te vra.

11.2.6.5 Jou aansoek moet die begin- en einddatum van jou afwesigheid insluit.

11.2.6.6 As jy om verlof tot langdurige afwesigheid aansoek doen, verwys na 11.4 hieronder.

## 11.3 Administratiewe hantering van verlofaansoeke

11.3.1 Die volle verantwoordelikheid om 'n verlofaansoek betyds in te dien, berus by jou as student. Jy moet ook alle belanghebbendes van jou verlofaansoek en/of verlofreëlings op hoogte hou.

11.3.1.1 'n Derde party maak aansoek om verlof tot afwesigheid indien slegs as jy medies ongeskik is (en moet van bewys van jou mediese ongeskiktheid vergesel word).

11.3.2 Jy moet onmiddellik 'n skriftelike aansoek om verlof tot afwesigheid by die Fakulteit Opvoedkunde se beampte by die Sentrum vir Akademiese Administrasie (SAA) indien, behalwe as jy slegs een dag afwesig was. In laasgenoemde geval moet die betrokke akademiese personeellid, of die personeellid wat deur die Fakulteit daarvoor aangewys is, die verlofaansoek hanteer.

11.3.3 Die e-posadres vir die Sentrum vir Akademiese Administrasie (SAA) vir programme op die Stellenbosch-kampus is stbloa@sun.ac.za.

11.3.4 Aansoeke en stawende bewyse rakende verlof tot afwesigheid weens siekte of onvoorsiene omstandighede moet binne 2 werksdae nadat die afwesigheid begin het, ingedien word. Verlof tot afwesigheid om enige ander beplande rede moet die betrokke Sentrum vir Akademiese Administrasie (SAA) ten minste 7 werksdae voor die afwesigheid bereik.

11.3.5 Aansoeke en gepaardgaande stawende dokumente wat onleesbaar of gewysig is, kan afgekeur word. As daar bewys kan word dat jy so 'n stawende dokument gewysig het, kan dit tot dissiplinêre optrede lei.

11.3.6 Sodra die aansoek verwerk is, kommunikeer die SAA die aanbeveling in reaksie op jou versoek aan jou. Jy moet dit by die betrokke akademiese omgewing indien vir verdere oorweging.

11.3.7 Die Universiteit behou die reg voor dat akademiese omgewings, die Registrateur of die Registrateur se gevolmagtigde'n aansoek om verlof tot afwesigheid mag weier as dit nie betyds ingedien is nie of prakties onuitvoerbaar is.

11.3.8 Dit is gewoonlik die Registrateur of die Registrateur se gevolmagtigde wat aansoeke om verlof tot afwesigheid deur studente oorweeg en 'n aanbeveling daaroor maak. As daar enige onsekerheid is, raadpleeg die Registrateur of die gevolmagtigde die betrokke fakulteit. Grensgevalle word deur die Registrateur of die gevolmagtigde in oorleg met die betrokke dekaan of die dekaan se gevolmagtigde beslis.

## 11.4 Verlof tot langdurige afwesigheid

11.4.1 As jy om verlof tot langdurige afwesigheid aansoek doen en dit is onmoontlik om die akademiese verpligtings in te haal en te voltooi binne die normale tyd wat vir die spesifieke module, jaar of program toegelaat word, mag dit nodig wees om die kurrikulumprogram te verleng. Andersins kan jy aansoek doen om jou studies vir 'n volle jaar te onderbreek of dit oorweeg om jou studies te staak en lateraan te hervat.

11.4.1.1 Voorbeelde van verlof tot langdurige afwesigheid is kraamverlof, verlengde mediese verlof of verlengde afwesigheid weens sportbyeenkomste en toernooie of in die geval van herhaaldelike goedgekeurde afwesigheid in dieselfde module of program.

11.4.2 Die Fakulteit Opvoedkunde moet versoeke om verlof tot langdurige afwesigheid teenoor die akademiese regverdigbaarheid en praktiese impak van so 'n vergunning (praktiese uitvoerbaarheid) oorweeg. Probleme handel gewoonlik oor praktika of aktiwiteite met vasgestelde spertye en wat van eksterne belanghebbendes afhanklik is of, in die geval van navorsingsprogramme, oor sekere vorderingsmylpale wat onhaalbaar is aangesien dit soms onmoontlik is om die werk gedurende die oorblywende deel van die akademiese jaar in te pas.

11.4.3 Die Fakulteitsraad kan 'n aangepaste akademiese program of 'n verlengdekurrikulumprogram oorweeg en goedkeur mits die vergunning jou as student nie in gevaar stel om die betrokke program of die Fakulteit Opvoedkunde se vorderingsreëls te oortree nie.

11.4.3.1 Die Fakulteitsraad kan oorweging en goedkeuring van sodanige versoeke aan die fakulteitskomitee, 'n ander komitee, die dekaan of fakulteitsadministrateur (of meer as een van hulle) delegeer.

11.4.3.2 Die fakulteitsadministrateur of die fakulteitsadministrateur se gevolmagtigde moet die goedgekeurde uitkomste van jou versoeke om langdurige afwesigheid onder "Akademiese Onderwerpe/Studentenotas" op jou goue rekord in SUNStudent invoer. Die inskrywings moet die presiese begin- en einddatum van die langdurige verlof tot afwesigheid vermeld, met 'n kort opsomming van die toegewing wat jy ontvang het.

11.4.4 Die volle verantwoordelikheid berus by jou om jou befondser/borg betyds te raadpleeg om te bepaal hoe 'n aangepaste akademiese program of verlengdekurrikulumprogram die voortsetting

van jou befondsing sal beïnvloed.

11.4.5 As die Fakulteit Opvoedkunde nie vir verlof tot langdurige afwesigheid kan toestaan nie, kan jy dit oorweeg om aansoek te doen om jou studies te onderbreek (sien 12 hieronder) of te staak en dit later te hervat.

# 12. Onderbreking van studies

## 12.1 Aanvaarbare redes om studies te onderbreek

As jy aansoek doen om jou studies te onderbreek, kan jy die onderstaande redes vir oorweging voorlê. Jou aansoek moet vergesel word van aanvaarbare stawende dokumente soos 'n aanstellingsbrief, die teks van 'n akademiese werkopdrag, 'n mediese sertifikaat of verslag, 'n finansiële staat en 'n beëdigde verklaring.

12.1.1 werksverpligtings

12.1.2 mediese redes

12.1.3 finansiële redes of

12.1.4 hoogs uitsonderlike persoonlike omstandighede, indien deeglik en oortuigend gestaaf

## 12.2 Prosedure om aansoek te doen om studies te onderbreek

12.2.1 Jy moet jou aansoek om jou studies te onderbreek voor of op 30 April van die betrokke jaar by die betrokke fakulteitsadministrateur indien.

12.2.1.1 As jou aansoek ons na 30 April van die betrokke jaar bereik, word dit op meriete oorweeg, mits jy nie vir die jaar geregistreer het nie.

12.2.1.2 'n Derde party mag aansoek doen dat jy jou studies onderbreek slegs as jy medies ongeskik is (en bewyse van mediese ongeskiktheid voorgelê word).

12.2.2 As jy aansoek doen om jou studies in 'n **voorgraadse** program te onderbreek, oorweeg die programleier of 'n ander aangewese fakulteitsbeampte dit en maak 'n aanbeveling aan die tersaaklike komitee(s) of aangewese fakulteitsbeampte.

12.2.2.1 Die tersaaklike komitee(s) of aangewese beampte by die Fakulteit moet die aansoek volgens interne fakulteitsprosedures oorweeg en die uitslag aan die fakulteitsadministrateur kommunikeer vir verwerking en aan die Fakulteitsraad vir kennisname.

12.2.2.2 Die fakulteitsadministrateur of die fakulteitsadministrateur se gevolmagtigde moet die aanbeveling oor 'n goedgekeurde aansoek om onderbreking onder "Akademiese Onderwerpe/Studentenotas" op jou goue rekord in SUNStudent inskryf. Die inskrywing moet die jaar van en redes vir die onderbreking vermeld.

12.2.2.3 Die fakulteitsadministrateur of die fakulteitsadministrateur se gevolmagtigde sal die uitslag van jou aansoek om onderbreking skriftelik per e-pos kommunikeer nadat die Fakulteit jou aansoek oorweeg het en die versoek goedgekeur is.

12.2.3 As jy aansoek doen om jou studies in 'n **nagraadse** program te onderbreek, moet jou studieleier of programleier en die voorsitter van die betrokke departement dit aanbeveel en moet die departementele voorsitter dit by die tersaaklike beheerstrukture aan die Fakulteit, insluitend die Fakulteitsraad, indien.

12.2.3.1 Die Fakulteitsraad moet die aansoek op grond van hulle interne prosedures oorweeg en die uitslag in die Fakulteitsraad se volgende mededelingsrapport aan die Senaat kommunikeer.

12.2.3.2 Die fakulteitsadministrateur of die fakulteitsadministrateur se gevolmagtigde moet die aanbeveling oor 'n goedgekeurde aansoek om onderbreking onder "Akademiese Onderwerpe/Studentenotas" op jou goue rekord in SUNStudent inskryf. Die inskrywing moet die jaar van en redes vir die onderbreking vermeld.

12.2.3.3 Die fakulteitsadministrateur of sy of haar gevolmagtigde sal die uitslag van jou aansoek om onderbreking skriftelik per e-pos kommunikeer nadat die Fakulteitsraad jou aansoek oorweeg het en die versoek deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat goedgekeur is.

12.2.4 Onderbreking van studies kan vir 'n volle akademiese jaar toegestaan word (d.w.s. begin in Januarie en eindig in Desember), nie vir dele daarvan nie. Verlof tot afwesigheid vir tydperke korter as 'n volle akademiese jaar word hanteer volgens die reëls onder "Verlof van akademiese aktiwiteite" vroeër in hierdie Jaarboekdeel.

12.2.5 Onderbreking van studies vir 'n volle akademiese jaar (d.w.s. begin in Januarie en eindig in Desember) kan slegs een keer toegestaan word vir die volgende programme:

12.2.5.1 voorgraadse baccalaureusgrade, diplomas of sertifikate

12.2.5.2 honneursgrade en nagraadse diplomas of sertifikate, en

12.2.5.3 meestersgrade.

12.2.6 Onderbreking van studies vir 'n doktorsgraad kan óf vir een akademiese jaar (d.w.s. begin in

Januarie en eindig in Desember) toegestaan word – hoogstens twee keer, óf vir twee akademiese jare – slegs een keer.

12.2.7 Die Universiteit behou die reg voor dat akademiese omgewings aansoeke om studieonderbreking mag weier as 'n aansoek nie betyds ingedien is nie of nie prakties uitvoerbaar is volgens die vereistes van die betrokke program nie.

12.2.8 As jou aansoek of die stawende dokumente daarby onleesbaar of gewysig is, kan dit afgekeur word. As daar bewys kan word dat jy 'n stawende dokument gewysig het, kan dit tot dissiplinêre optrede lei.

## 12.3 Impak van onderbreking op jou akademiese rekord en studentegelde

12.3.1 Jy word nie geregistreer vir die jaar van onderbreking nie.

12.3.2 As jou aansoek om jou studies te onderbreek toegestaan word, het jy vir die duur van die onderbreking nie toegang tot die Universiteit se e-posse, stelsels, klasse, biblioteke, koshuise of enige ander fasiliteite nie.

12.3.3 As jou aansoek om jou studies te onderbreek voor die vasgestelde sperdatum toegestaan word, word alle modules gestaak en verval alle uitslae wat vir die tydperk opgeteken is. Jy moet opnuut vir daardie modules registreer wanneer jy jou studies hervat.

12.3.4 Die etiekgoedkeuring vir en navorsingsonderwerp van nagraadse en ander navorsingskomponente verval nie tydens goedgekeurde onderbreking van studies nie, maar jy mag geen navorsingswerk in daardie tydperk doen nie.

12.3.5 Jou voortgesette registrasie by tersaaklike professionele of regulerende liggame (bv. die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika [RGSA] gedurende onderbreking van studies word volgens hierdie liggame se registrasievereistes bestuur.

12.3.6 Toestemming om jou studies te onderbreek word nie toegestaan as jy betrokke was by gedrag wat regulasies, reëls of beleide van die Universiteit oortree en/of onderworpe is aan 'n dissiplinêre ondersoek ingevolge die Universiteit se Dissiplinêre Kode vir Studente en/of die dissiplinêre kode van jou koshuis nie.

12.3.7 Uitstaande gelde moet ten volle betaal word wanneer jy jou studies na 'n onderbreking hervat.

12.3.8 Die volle verantwoordelikheid berus by jou om jou befondser/borg betyds te raadpleeg om te bepaal hoe 'n onderbreking van studies die voortsetting van jou befondsing sal beïnvloed.

12.3.9 Vir meer inligting oor gelde wat betaalbaar is, raadpleeg Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek.

## 12.4 Prosedure om studies na 'n onderbreking te hervat

12.4.1 Jy word outomaties tot jou program hertoegelaat in die jaar/jare nadat jy jou studies onderbreek het, behalwe as die onderbreking om mediese redes toegestaan is. In daardie geval moet jy aan die Fakulteit Opvoedkunde bewys lewer dat jy geskik is om jou studies voort te sit.

12.4.1.1 Wanneer jy na 'n onderbreking jou studies wil hervat, moet jy 'n aansoek om toelating tot die betrokke program op die aansoekportaal (https://student.sun.ac.za/) indien voordat jy kan herregistreer. Met dié vereiste verseker ons dat jou jongste inligting op die Universiteit se administrasiestelsel vasgelê word voordat jy registreer.

12.4.2 As jou onderbreking van studies om mediese redes toegestaan is en jy wil jou studies hervat, moet jy 'n mediese verslag deur jou behandelende gesondheidsorgpraktisyn by die betrokke akademiese omgewing indien wat aandui of jy geskik is om jou studies te hervat.

12.4.2.1 Die akademiese omgewing moet die verslag oorweeg en die fakulteitsadministrateur in kennis stel of jy mag herregistreer of nie. Die fakulteitsadministrateur of die fakulteitsadministrateur se gevolmagtigde sal die nodige reëlings vir herregistrasie met jou tref.

12.4.3 As jou behandelende gesondheidsorgpraktisyn of die betrokke akademiese omgewing reken dat jy nie geskik is om jou studies te hervat nie, moet jy bestuur word volgens die Fakulteit Opvoedkunde se riglyne vir die hantering van geskiktheid om te praktiseer of geskiktheid om te studeer.

12.4.4 As jy versuim om na 'n onderbreking voor die finale registrasiedatum (soos in die Universiteit se Almanak aangedui) te herregistreer, sal jy nie toegelaat word om outomaties vir die program te herregistreer nie. Jy moet dan by die fakulteit goedkeuring kry om vir die program te herregistreer.

12.4.5 As jy nie na 'n onderbreking herregistreer nie, word jou registrasie by enige professionele of regulatoriese liggame gekanselleer indien sodanige registrasie aan jou status as ingeskrewe US-student gekoppel is. Die Universiteit sal hierdie liggame inlig dat hulle jou registrasie by die betrokke liggaam moet kanselleer.

12.4.6 As jy na 'n onderbreking versuim het om te herregistreer maar lateraan die program wil hervat, kan jy vir boetes aanspreeklik wees vir die jaar/jare waarin jy nie goedkeuring gehad het om nie te registreer nie. Raadpleeg Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek hieroor.

# Voorgraadse programme

## 1. Voorgraadse inskrywingsbestuur

Die beskikbare plekke aan die Universiteit is beperk en die Universiteit bestuur inskrywings strategies en doelgerig. Daar sal dus voornemende studente wees wat vir voorgraadse studie aansoek doen en aan die minimum toelatingsvereistes van 'n betrokke program voldoen, maar nie toegelaat word nie.

Hieronder kan jy by elke voorgraadse program meer oor die keuringsprosedures en toelatingsvereistes vir daardie program te wete kom, asook by www.maties.com en op die Fakulteit se webblad by www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde.

### 1.1 Die Nasionale Normtoets

Die Nasionale Normtoets (NNT) (of in Engels *the National Benchmark Test* of *NBT*) kan landswyd by verskeie sentra afgelê word en moet voor 31 Julie geskryf word. Raadpleeg die NBT-webblad (www.nbt.ac.za) of die US se webblad (www.maties.com) vir meer inligting hieroor.

Die uitslae van die Nasionale Normtoetse kan deur die Universiteit vir die volgende doeleindes gebruik word (besonderhede is beskikbaar by www.maties.com):

- om besluite oor die plasing van studente in verlengde graadprogramme te ondersteun,
- keuring, en
- kurrikulumontwikkeling.

*Let wel: Die Registrateursafdeling sal BEd-aansoekers kontak wat die NNT-eksamen moet aflê.*

### 1.2 Keuring

Besonderhede oor die keuringsprosedures en toelatingsvereistes vir voorgraadse programme is hieronder, asook by www.maties.com en op die Fakulteit se webtuiste by www.sun.ac.za/opvoedkunde beskikbaar.

Al die voorgraadse programme is keuringsprogramme.

## 2. Skematiese opsomming van voorgraadse programme

**BEd (Algemene Onderwys)**

- Grondslagfase-onderwys
- Intermediêrefase-onderwys

**GDO (Gevorderde Diploma in Opvoedkunde)**

- Intermediêre Fase (IF) Wiskunde-onderwys
- Senior Fase (SF) Wiskunde-onderwys
- Senior Fase (SF) Natuurwetenskappe-onderwys
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Fisiese Wetenskappe-onderwys
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Lewenswetenskappe-onderwys
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Wiskunde-onderwys
- Wiskundige Geletterdheidsonderwys
- Skoolleierskap en -bestuur

# 3. BEd (Onderwys)-programme

Die Fakulteit het BEd (Onderwys)-programme ontwikkel wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding goedgekeur en geakkrediteer is.

## Doel van program

Die hoofdoel van die BEd (Algemene Onderwys)-programme is om beginneropvoeders vir die onderwys- en opleidingsfase (AOO) op te lei. Die keuse wat jy uitoefen tydens jou aansoek en registrasie, maak dit vir jou moontlik om te spesialiseer in die grondslagfase of in die intermediêre fase.

## 3.1 Toelatingsvereistes, keuringskriteria en ander inligting wat vir alle BEd-programme geld

### Toelatingsvereistes

Hieronder verskyn die minimum toelatingsvereistes**. Let egter op dat hierdie programme, keurings-programme is en dat jy nie noodwendig gekeur sal word nie, al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes.** Die keuringskriteria verskyn verder ondertoe.

<table>
<tr><th colspan="3">Algemene vereistes</th></tr>
<tr><td colspan="3">• Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB), met 'n gemiddelde van minstens 60%.<br>• Vier universiteitstoelatingsvakke, elk geslaag met minstens 'n kode 4.</td></tr>
<tr><th colspan="3">Taalvereistes</th></tr>
<tr><td colspan="3">Vir studente wat die NNS- of IEB-eksamens afgelê het<br>• Jy moes ten minste twee uit die drie tale Afrikaans, Engels en IsiXhosa op graad 12-vlak geslaag het, soos volg:<br>o ten minste een as Huistaal, kode 5<br>o ten minste een as óf Huistaal óf Eerste Addisionele Taal, kode 4.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Vir ander studente<br>• As jy slegs een van die drie tale Afrikaans, Engels of isiXhosa op graad 12-vlak (of 'n ekwivalente internasionale vlak) geslaag het, geld die volgende:<br>o Jy moes daardie taal op Huistaal- of Eerste Addisionele Taal- (of ekwivalente) vlak met minstes 60% geslaag het.<br>o Jy moet die nasionale normtoets vir akademiese en kwantitatiewe geletterdheid (AQL) skryf en minstens 60% vir die taalkomponent van die toets behaal.</td></tr>
<tr><th colspan="3">Wiskundevereistes</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Jy moes een van die volgende behaal het:</td><td>Wiskunde</td><td>Kode 3</td></tr>
<tr><td>Wiskundige Geletterdheid</td><td>Kode 5</td></tr>
<tr><td colspan="3">• A jy vóór 2008 die skooleindeksamen afgelê het, moes jy minstens Wiskunde Standaardgraad (SG) op graad 12-vlak geslaag het.</td></tr>
<tr><th colspan="3">Vereistes vir onderrigvakke in die program BEd (Intermediêrefase-onderwys)</th></tr>
<tr><td colspan="3">• In die eerste jaar van die BEd (Intermediêrefase-onderwys) moet jy minstens twee keusevakke as moontlike onderrigvakke volg. Die volgende toelatingsvereistes geld vir hierdie vakke:</td></tr>
<tr><td>Sosiale Wetenskappe</td><td colspan="2">• Jy moes minstens een van die volgende vakke op graad 12-vlak met 'n minimum van 50% (kode 4) geslaag het:<br>o Geskiedenis<br>o Geografie</td></tr>
<tr><td>Natuurwetenskappe</td><td colspan="2">• Jy moes minstens een van die volgende vakke op graad 12-vlak met 'n minimum van 50% (kode 4) geslaag het:<br>o Lewenswetenskappe<br>o Fisiese Wetenskappe</td></tr>
<tr><td>Lewensvaardighede</td><td colspan="2">• Geen voorvereistes geld nie.</td></tr>
</table>

### Keuringskriteria

Die Fakulteit Opvoedkunde keur studente vir toelating tot die BEd-programme. Dit beteken dat daar slegs 'n

beperkte getal plekke vir eerstejaarstudente in hierdie programme beskikbaar is. **Slegs akademiese meriete tel by keuring. Dit beteken dat jy nie noodwendig gekeur sal word nie, al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes.**

Die keuringskriteria is soos volg:

- Vir skoolgaande kandidate tel akademiese prestasie.
- Vir studente wat tans by die US of 'n ander universiteit ingeskryf is, tel beide skoolprestasie en huidige akademiese prestasie.

Volgens die Universiteit se diversiteitsbeleid, maak ons voorsiening daarvoor om kandidate uit die onderverteenwoordigde groepe toe te laat. Alle aansoekers moet egter nog steeds aan die Universiteit se algemene toelatingsvereistes voldoen, sowel as aan die Fakulteit se toelatingsvereistes vir die BEd-programme.

## Besondere vereistes vir verwerwing van die BEd-graad

### Praktiese skoolbesoek

Praktiese ervaring vorm deel van die klaspunt vir Praktiese Leer-modules. Hierdie **praktiese** module/s is slaagvoorvereistes om te kan vorder na die volgende studiejaar. Oor die vier jaar van BEd-studie moet jy 120 krediete uit Praktiese Leer-modules opbou.

#### Studente wat nie voldoende voorbereid is vir praktiese skoolbesoek nie

Die Dekaan kan weier dat studente wat nie voldoende voorbereid is nie, deelneem aan die praktiese skoolbesoek van die Praktiese Leer-module.

Die volgende geld in so 'n geval:

- Daar moet duidelike bewyse wees dat jy nie voldoende voorbereid is nie. Duidelike besonderhede van die verwagte effektiewe voorbereiding sal skriftelik aan die begin van elke jaar voorsien word.
- Die Dekaan se besluit moet in oorleg met die betrokke departementele voorsitter en programkoördineerder geneem word.
- Jy sal die betrokke module vir Praktiese Leer in die volgende jaar moet herhaal.
- Dit sal effektief jou studies met een jaar (of meer) verleng.

***Neem kennis:*** Dit is 'n **voorvereiste vir Praktiese Leer 277/279, 377/379 en 477/479** om jou onderrigmodules van die vorige jaar te slaag. Vir Grondslagfasestudente beteken dit dat jy beide jou tale, Wiskunde en Graad R-teorie en -praktyk van die vorige jaar moet slaag om vir Praktiese Leer te mag registreer. Vir Intermediêrefasestudente beteken dit dat jy beide jou tale en twee onderrigmodules moet slaag om vir Praktiese Leer te mag registreer.

### Skoolpraktyk vir Praktiese Leer-modules

In die volgende tabel word die skoolpraktyk vir hierdie modules uiteengesit.

| Studiejaar | Tyd van die jaar | Rigting en module | Waar gedoen en watter graad | Tipe skoolpraktyk |
|---|---|---|---|---|
| **Eerste** | deur die loop van die jaar | Praktiese Leer 177 / 179 | Aan die Fakulteit | observasie, mikro-onderrig en eweknie-onderrig |
| **Tweede** | twee weke aan begin van skooljaar (begin saam met onderwysers by skool) | *Grondslagfase*, Praktiese Leer 279 | By 'n toegewyde vennootskool, graad R | verpligte observasie en mikro-onderrig |
| | | *Intermediêre Fase*, Praktiese Leer 277 | By 'n skool van jou keuse, enige graad 4-6 | |
| | eerste semester | *Grondslagfase*, Praktiese Leer 279 | By 'n toegewyde vennootskool, graad R | observasie en mikro-onderrig |
| | | *Intermediêre Fase*, Praktiese Leer 277 | Aan die Fakulteit en by 'n skool wat vir jou gerieflik geleë is | |
| | derde skoolkwartaal (WKOD-kwartaal) | *Alle fases*, Praktiese Leer 277/279 | By 'n skool in jou tuisomgewing of geskikte skool van eie keuse in die volgende grade: • Praktiese Leer 279: graad R • Praktiese Leer 277: graad 4-7 | werkgeïntegreerde leer by 'n skool |

| Studiejaar | Tyd van die jaar | Rigting en module | Waar gedoen en watter graad | Tipe skoolpraktyk |
|---|---|---|---|---|
| Derde | twee weke aan begin van skooljaar (begin saam met onderwysers by skool) | *Grondslagfase*, Praktiese Leer 379 | Skool van jou keuse, gr. 1-3 | verpligte observasie by 'n skool |
| | | *Intermediêre Fase*, Praktiese Leer 377 | By 'n skool van jou keuse, enige graad 4-6 | |
| | geselekteerde dae in die eerste semester | *Grondslagfase*, Praktiese Leer 379 | By vennootskole (gereël deur die Fakulteit) | werkgeïntegreerde leer by 'n skool |
| | | *Intermediêre Fase*, Praktiese Leer 377 | Aan die Fakulteit | verpligte mikro-onderrig-aanbieding en observasie |
| | derde skoolkwartaal (WKOD-kwartaal) | *Alle fases*, Praktiese Leer 377 /379 | Skool in jou tuisomgewing in die volgende grade:<br>• Praktiese Leer 379: graad 1-3<br>• Praktiese Leer 377: graad 4-7 | werkgeïntegreerde leer by 'n skool |
| Vierde | eerste semester | *Alle fases*, Praktiese Leer 477/479 | Aan die Fakulteit | Beroepsgerigte voorbereiding |
| | derde skoolkwartaal (WKOD-kwartaal) | | Skool op Stellenbosch of in die omgewing sodat dosente kan besoek aflê | werkgeïntegreerde leer by 'n skool |

## Vereistes van meertaligheid

Om die BEd-graad te behaal moet jy voldoen aan die meertaligheidsvereistes volgens die provinsiale taalbeleid en die beleid van moedertaalgebaseerde meertaligheid in Wes-Kaapse skole. Dit beteken dat jy minstens drie tale soos volg moet neem en moet slaag:

- minstens een taal as onderrig-leertaal (met 'n slaagvereiste van 60%),
- 'n tweede taal as professionele kommunikasiemiddel (met 'n slaagvereiste van 50%), en
- 'n derde taal met basiese kommunikasievaardighede (met 'n slaagvereiste van 50%).

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Jy kan aanlyn aansoek doen by www.maties.com. Dui BEd as jou eerste keuse van studierigting aan.

Wanneer jy aansoek doen om toelating tot die BEd-program, moet jy aandui watter rigting jy wil volg. Vir die BEd-program kan jy kies tussen die **Grondslagfase** (GF) en die **Intermediêre Fase** (IF).

'n Hoofrigting word slegs aangebied as die personeelposisie dit moontlik maak en daar minstens tien studente tot die program toegelaat word.

Aansoeke sluit op **30 Junie.** Die keuringsproses begin kort daarná.

## Duur van program

Vier jaar voltyds.

## Navrae

### Programkoördineerders:

BEd (Grondslagfase-onderwys): Dr Z Barends
E-pos: foundationphase@sun.ac.za

BEd (Intermediêrefase-onderwys): Dr E Rinquest
E-pos: intermediatephase@sun.ac.za

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

# 3.2 Programinhoud vir BEd-programme

Die volgende inligting is vir studente wat inskryf vir die BEd (Onderwys)-programme. Jy kan die beskrywings van die modules wat hieronder gelys word naslaan in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude". Vir hulp om 'n spesifieke module op te spoor, kyk die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie Jaarboekdeel.

### 3.2.1 BEd (Grondslagfase-onderwys)

#### Eerste jaar (120 krediete)

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 179(30) |
| IKT vir Leer | 179(10) |
| Inleiding tot Taalonderrig | 124(5) |
| Lewensvaardighede | 179(15) |
| Om 'n Onderwyser te Word | 124(15) |
| Wiskunde (Ond) | 179(15) |

**Verpligte taalmodules**

Kies **twee** van die onderstaande tale as tale van onderrig. Let op die volgende:

- Die neem van taalmodules is verpligtend vir al vier jare van die program.
- Die twee tale wat jy in jou eerste jaar kies, is die twee wat jy tot in jou vierde jaar moet neem.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal (Ond) | 179(15) *of* |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) | 179(15) |
| Engels Huistaal (Ond) | 179(15) *of* |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 179(15) |
| IsiXhosa Huistaal (Onderrig) | 179(15) *of* |
| IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Onderrig) | 179(15) |

#### Tweede jaar (140 krediete)

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 279(30) |
| Graad R-teorie en -praktyk | 279(15) |
| Lewensvaardighede: Musiek | 279(10) |
| Lewensvaardighede: Visuele Kuns | 279(10) |
| Ontwikkeling en Leer | 224(10) |
| Geletterdheid *vir begrip* in Lewensvaardighede | 279(15) |
| Taalonderrig: Basismodule | 224(5) |
| Wiskunde (Ond) | 279(15) |

**Verpligte taalmodules**

Kies die **twee** tale wat jy in jou eerste jaar gevolg het.

*Let op:* Die verskillende vlakke, Huistaal en Eerste Addisionele of Addisionele Taal, kan in dieselfde klas geakkommodeer word, met gedifferensieerde aktiwiteite.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal (Ond) | 279(15) *of* |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) | 279(15) |
| Engels Huistaal (Ond) | 279(15) *of* |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 279(15) |
| IsiXhosa Huistaal (Ond) | 279(15) *of* |
| IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) | 279(15) |
| Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys | 284(15) |

## DERDE JAAR (120 KREDIETE)

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 379(30) (prakties) |
| Lewensvaardighede: Dans en Drama | 379(10) |
| Opvoedkundebeleid en -leierskap | 389(15) |
| Sosiologie van die Opvoeding | 379(10) |
| Taalonderrig: Basismodule | 324(5) |
| Wiskunde (Ond) | 379(15) |

### Verpligte taalmodules

Jy moet **twee** van die onderstaande taalmodules as tale van onderrig aanbied:

- Jy moet voortgaan met dieselfde tale as wat jy in jou eerste en tweede jaar gekies het.
- Jy moet hierdie twee tale tot in jou vierde jaar volg.
- Een taal moet op Huistaal-vlak aangebied word. Die ander taal kan op Eerste Addisionele Taal-vlak (Engels of Afrikaans) of Addisionele Taal-vlak (IsiXhosa) aangebied word.

*Let op:* Die verskillende vlakke, Huistaal en Eerste Addisionele Taal, kan in dieselfde klas geakkommodeer word, met gedifferensieerde aktiwiteite.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal (Ond) | 379(15) *of* |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) | 379(15) |
| Engels Huistaal (Ond) | 379(15) *of* |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 379(15) |
| IsiXhosa Huistaal (Ond) | 379(15) *of* |
| IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) | 379(15) |
| Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys | 384(15) |

### Verpligte kommunikasietaalmodules

Kies **een** van die volgende kommunikasietaalmodules. Die kommunikasietaal moet 'n derde taal wees en nie een van die twee wat jy reeds vanaf jou eerste jaar as taal van onderrig neem nie. Dus:

- As jy Afrikaans en Engels as tale van onderrig neem, moet jy IsiXhosa Kommunikasie kies.
- As jy Engels en isiXhosa as tale van onderrig neem, moet jy Afrikaans Kommunikasie kies.

Hierdie vereiste verseker dat jy as BEd-student in minstens drie Suid-Afrikaanse tale kan kommunikeer. 'n Basiese vermoë om in Engels te kommunikeer word aanvaar. Indien jy Afrikaans en isiXhosa saam as jou tale van onderrig neem, word jy dus vrygeskeld van die kommunikasietaalmodule.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Kommunikasie | 379(5) *of* |
| IsiXhosa Kommunikasie | 379(5) |

## VIERDE JAAR (120 KREDIETE)

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 479(30) (prakties) |
| Aanspreek van Diverse Leerbehoeftes | 414(10) |
| Filosofie van die Opvoeding | 479(10) |
| Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding | 479(15) |
| Wiskunde (Ond) | 479(15) |

### Verpligte taalmodules

Jy moet **twee** van die onderstaande taalmodules as tale van onderrig aanbied:

- Jy moet voortgaan met dieselfde tale as in jou vorige jaar.
- Jy moet hierdie twee tale tot in jou vierde jaar volg.
- Jy moet voortgaan met een taal wat op Huistaal-vlak aangebied word . Die ander taal kan op Eerste Addisionele Taal-vlak (Engels, Afrikaans of IsiXhosa) aangebied word.

*Let op:* Vir al drie tale moet jy die betrokke/relevante module kies soos hieronder aangedui. Die verskillende vlakke, Huistaal en Eerste Addisionele Taal, kan in dieselfde klas geakkommodeer word, met gedifferensieerde aktiwiteite.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal (Ond) | 479(15) *of* |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) | 479(15) |
| Engels Huistaal (Ond) | 479(15) *of* |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 479(15) |
| IsiXhosa Huistaal (Ond) | 479(15) *of* |
| IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) | 479(15) |
| Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys | 484(15) |

### Verpligte modules as Taal van Leer en Onderrig (TvLO)

Jy moet ten minste **twee** van die onderstaande as 'n Taal van Leer en Onderrig (TvLO) kies. Hierdie tale sal op jou akademiese uittreksel/transkripsie as die tale waarin jy bevoeg is om te onderrig aangedui word.

| | |
|---|---|
| Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (ATvLO) | 424(5) |
| Engels as Taal van Leer en Onderrig (ETvLO) | 424(5) |
| IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (XTvLO) | 424(5) |

## 3.2.2 BEd (Intermediêrefase-onderwys)

### EERSTE JAAR (120 KREDIETE)

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 177(30) |
| Om 'n Onderwyser te Word | 114(10) |
| Inleiding tot Taalonderrig | 124(5) |
| Wiskunde (Ond) | 177(15) |

### Verpligte taalmodules

Kies **twee** van die onderstaande tale as tale van onderrig.

Let op die volgende:

- Die neem van taalmodules is verpligtend vir al vier jare van die program.
- Die twee tale wat jy in jou eerste jaar kies, is die twee wat jy tot in jou vierde jaar moet neem.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal (Ond) | 177(15) of |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) | 177(15) |
| Engels Huistaal (Ond) | 177(15) of |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 177(15) |
| IsiXhosa Huistaal (Ond) | 177(15) of |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 177(15) |

### Keusemodules

Kies **twee** van die volgende:

*Let op:* Jy moet voortgaan met die twee vakspesialiteite tot en met jou vierde jaar.

| | |
|---|---|
| Lewensvaardighede | 177(15) |
| Natuurwetenskappe (Ond) | 177(15) |
| Sosiale Wetenskappe (Ond) | 177(15) |

## TWEEDE JAAR (125 KREDIETE)

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 277(30) (prakties) |
| Kurrikulumteorie | 277(10) |
| IKT vir Leer | 277(10) |
| Ontwikkeling en Leer | 224(10) |
| Taalonderrig: Basismodule | 224(5) |

### Verpligte taalmodules

Jy moet **twee** van die onderstaande taalmodules as tale van onderrig aanbied:

- Jy moet voortgaan met dieselfde tale as wat jy in jou eerste jaar gekies het.
- Jy moet hierdie twee tale tot in jou vierde jaar volg.
- Jy moet een taal op Huistaal-vlak aanbied. Jy kan die ander taal aanbied op Eerste Addisionele Taal-vlak (Engels of Afrikaans) of Addisionele Taal-vlak (IsiXhosa).

*Let op:* Die verskillende vlakke, Huistaal en Eerste Addisionele of Addisionele Taal, word in dieselfde klas geakkommodeer, met gedifferensieerde aktiwiteite.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal (Ond) | 277(15) of |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) | 277(15) |
| Engels Huistaal (Ond) | 277(15) of |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 277(15) |
| IsiXhosa Huistaal (Ond) | 277(15) of |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 277(15) |

### Keusemodules

Kies **twee** van die onderstaande modules.

Let op die volgende:

- Jy moet voortgaan met die vakke wat jy in die eerste jaar gekies het.
- As jy Lewensvaardighede kies, moet jy beide die module vir Musiek en die module vir Visuele Kuns neem.

| | |
|---|---|
| Lewensvaardighede: Musiek | 277(10) *en* |
| Lewensvaardighede: Visuele Kuns | 277(10) |
| Natuurwetenskappe (Ond) | 277(15) |
| Sosiale Wetenskappe (Ond) | 277(15) |
| Wiskunde (Ond) | 277(15) |

## DERDE JAAR (125 KREDIETE)

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 377 (30) (prakties) |
| Opvoedkundebeleid en -leierskap | 377 (10) |
| Opvoedkundige Evaluering en Navorsing | 377 (5) |
| Taalonderrig: Basismodule | 324 (5) |
| Sosiologie van die Opvoeding | 377 (10) |

### Verpligte taalmodules

Jy moet **twee** van die onderstaande taalmodules as tale van onderrig aanbied:

- Jy moet voortgaan met dieselfde tale as wat jy in jou eerste en tweede jaar gekies het.
- Jy moet hierdie twee tale tot in jou vierde jaar volg.
- Jy moet een taal op Huistaal-vlak aanbied. Jy kan die ander taal op Eerste Addisionele Taal-vlak (Engels of Afrikaans) of Addisionele Taal-vlak (IsiXhosa) aanbied.

*Let op:* Die verskillende vlakke, Huistaal en Eerste Addisionele of Addisionele Taal, kan in dieselfde klas geakkommodeer word, met gedifferensieerde aktiwiteite.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal (Ond) | 377(15) of |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) | 377(15) |
| Engels Huistaal (Ond) | 377(15) of |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 377(15) |
| IsiXhosa Huistaal (Ond) | 377(15) of |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 377(15) |

### Verpligte kommunikasietaalmodules

Kies **een** van die volgende kommunikasietaalmodules. Die kommunikasietaal moet 'n derde taal wees en nie een van die twee wat jy reeds vanaf jou eerste jaar as taal van onderrig neem nie. Dus:

- As jy Afrikaans en Engels as tale van onderrig neem, moet jy isiXhosa Kommunikasie kies.
- As jy Engels en isiXhosa as tale van onderrig neem, moet jy Afrikaans Kommunikasie kies.

Hierdie vereiste verseker dat jy as BEd-student in minstens drie Suid-Afrikaanse tale kan kommunikeer. 'n Basiese vermoë om in Engels te kommunikeer word aanvaar. Indien jy Afrikaans en isiXhosa saam as jou tale van onderrig neem, word jy dus vrygeskeld van die kommunikasietaalmodule.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Kommunikasie | 377 (5) *of* |
| IsiXhosa Kommunikasie | 377 (5) |

### Keusemodules

Kies **twee** van die volgende:

*Let op:* Jy moet voortgaan met die vakke wat jy in die vorige twee jaar geneem het.

| | |
|---|---|
| Lewensvaardighede: Dans en Drama | 377 (10) |
| Natuurwetenskappe (Ond) | 377 (15) |
| Sosiale Wetenskappe (Ond) | 377 (15) |
| Wiskunde (Ond) | 377 (15) |

## VIERDE JAAR (120 KREDIETE)

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 477(30) (prakties) |
| Aanspreek van Diverse Leerbehoeftes | 414(10) |
| Filosofie van die Opvoeding | 477(10) |

### Verpligte taalmodules

Jy moet **twee** van die onderstaande taalmodules as tale van onderrig aanbied:

- Jy moet voortgaan met dieselfde tale as wat jy in jou eerste, tweede, derde en vierde jaar gekies het.
- Jy moet hierdie twee tale tot in jou vierde jaar volg.
- Jy kan een taal op Huistaal-vlak aanbied. Jy kan die ander taal op Eerste Addisionele Taal-vlak (Engels of Afrikaans) of Addisionele Taal-vlak (IsiXhosa) aanbied.

*Let op:* Die verskillende vlakke, Huistaal en Eerste Addisionele of Addisionele Taal, kan in dieselfde klas geakkommodeer word, met gedifferensieerde aktiwiteite.

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal (Ond) | 477(15) of |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) | 477(15) |
| Engels Huistaal (Ond) | 477(15) of |

| | |
|---|---|
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 477(15) |
| IsiXhosa Huistaal (Ond) | 477(15) of |
| Engels Eerste Addisionele Taal (Ond) | 477(15) |

### Verpligte modules as Taal van Leer en Onderrig (TvLO)

Jy moet ten minste **twee** van die onderstaande as 'n Taal van Leer en Onderrig (TvLO) kies. Hierdie tale sal op jou akademiese uittreksel/transkripsie as die tale waarin jy bevoeg is om te onderrig aangedui word.

| | |
|---|---|
| Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (ATvLO) | 414(5) |
| Engels as Taal van Leer en Onderrig (ETvLO) | 414(5) |
| IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (XTvLO) | 414(5) |

### Keusemodules

Kies **twee** van die volgende:

*Let op:* Jy moet voortgaan met die vakke wat jy in die vorige drie jaar geneem het.

| | |
|---|---|
| Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding | 477(15) |
| Natuurwetenskappe (Ond) | 477(15) |
| Sosiale Wetenskappe (Ond) | 477(15) |
| Wiskunde (Ond) | 477(15) |

# 4. Gevorderde Diploma in Opvoedkunde (GDO)-programme

Die Gevorderde Diploma in Opvoedkunde in die verskillende rigtings is 'n voortgesetteprofessioneleontwikkelings- of VPO-kwalifikasie. Dit is ontwerp vir onderwysers met 'n bestaande spesialisasie in een van die agt rigtings wat gevolg kan word. Die agt rigtings is die volgende:

- Intermediêre Fase (IF) Wiskunde-onderwys
- Senior Fase (SF) Wiskunde-onderwys
- Senior Fase (SF) Natuurwetenskappe-onderwys
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Fisiese Wetenskappe-onderwys
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Lewenswetenskappe-onderwys
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Wiskunde-onderwys
- Wiskundige Geletterdheid-onderwys
- Skoolleierskap en -bestuur

Hierdie GDO-programme vervang die ou Gevorderde Onderwyssertifikaat- of GOS-programme.

Die doel van hierdie kwalifikasie is om jou bestaande spesialisasie in 'n betrokke rigting te versterk en uit te brei en om jou in 'n nuwe rol of praktyk te ontwikkel sodat jy in jou gekose rigting onderwys en leer in opvoeding kan ondersteun. Op hierdie manier wil die Fakulteit mentor-onderwysers en leidende professionele persone, soos onderrig- en leerspesialiste en senior onderrig- en leerspesialiste, in die bepaalde rigtings ontwikkel.

## 4.1 Toelatingsvereistes en ander inligting wat vir alle GDO-programme geld

### Toelatingsvereistes

Jy kan met enige een van die volgende groepe kwalifikasies (a tot h) toegelaat word tot die Gevorderde Diploma in Opvoedkunde.

a) **'n voormalige (vóór 2018) vierjarige BEd** (480 krediete, vroeër NKR-uittreevlak 6* en vanaf 2013 NKR-uittreevlak 7**)

*of*

b) **'n nuwe (vanaf 2018) vierjarige BEd** (480 krediete, NKR-uittreevlak 7)**

*of*

c) **'n voormalige algemene eerste graad** (360 krediete, vroeëre NKR-uittreevlak 6)* ***of* diploma** (360 krediete, vroeëre NKR-uittreevlak 6), ***plus* 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS)** (120 krediete, NKR-uittreevlak 7)*

*of*

d) **'n nuwe algemene eerste graad** (360 krediete, NKR-uittreevlak 7)** ***of* diploma** (360 krediete, NKR-uittreevlak 7), ***plus*** **'n Gevorderde Onderwysdiploma** (120 krediete, NKR-uittreevlak 7)**

*of*

e) 'n voormalige **Hoër Onderwysdiploma** (120 krediete, NKR-uittreevlak 7)**

*of*

f) 'n voormalige **Gevorderde Onderwyssertifikaat** (120 krediete, vroeëre uittreevlak 6)*

*of*

g) 'n voormalige **Hoër Onderwysdiploma** van 'n **kollege** (480 krediete, vroeëre uittreevlak 5/6)*

*of*

h) 'n voormalige **Verdere Diploma in Onderwys** (120 krediete, vroeëre uittreevlak 5/6)*

* Voormalige vlakke gekopieer uit die 2010-konsepbeleid oor die minimum vereistes vir onderwyskwalifikasies vir onderwysers, geselekteer uit die KRHO (bl. 44-45).

** Nuwe vlakke gekopieer uit die 2013-Hoëronderwyskwalifikasie-subraamwerk.

### Toelating op grond van die Regulasie vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulasie en -oordrag (KAO)

Jy word as 'n kandidaat vir die GDO-program geïdentifiseer deur 'n nasionale en/of provinsiale onderwysdepartement, met behulp van bogenoemde toelatingsvereistes en sekere keuringskriteria. Waar nodig, sal die Regulasie vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) en die Universiteit se toelatingsbeleid ook nagekom word.

Toelating op grond van EVL is slegs op jou van toepassing indien jy reeds minstens 50% van die totale kredietwaardes van 'n GDO-program voltooi het. Hierdie bepaling geld slegs vir vakinhoudmodules en nie die algemene modules soos Werkgeïntegreerde Leer, Algemene Pedagogie, Opvoedkundige Perspektiewe en Kurrikulumbestuur nie.

### Aansoekprosedure

Onderwysdepartemente of privaat befondsers identifiseer voornemende GDO-studente vir die Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP). Die aansoekvorms word dan daarna aan voornemende studente gestuur.

### Duur van program

Die program word deeltyds oor twee jaar aangebied.

### Assessering

Jy moet minstens 50% in alle modules behaal om die program te slaag.

### Navrae

Programkoördineerder: Dr PW Hanekom
Sentrum vir Pedagogie
Tel.: 021 808 9197 E-pos: pwh@sun.ac.za

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde of www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde/pedagogie

## 4.2 Programinhoud vir die onderskeie GDO-rigtings

### 4.2.1 GDO in Intermediêre Fase (IF) Wiskunde-onderwys

#### Eerste jaar (60 krediete)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Algemene Pedagogie | 171(6) |
| Opvoedkundige Perspektiewe | 171(6) |
| Getalle, Bewerkings, Verhoudings | 171(22) |
| Kurrikulumbestuur | 171(6) |
| Patrone, Funksies, Algebra | 172(14) |
| Werkgeïntegreerde Leer1 | 171(6) |

### TWEEDE JAAR (60 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Ruimte en Vorm | 271(20) |
| Meting | 271(20) |
| Data-hantering | 271(14) |
| Werkgeïntegreerde Leer 2 | 272(6) |

## 4.2.2 GDO in Senior Fase (SF) Wiskunde-onderwys

### EERSTE JAAR (68 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Algemene Pedagogie | 171(6) |
| Opvoedkundige Perspektiewe | 171(6) |
| Kurrikulumbestuur | 171(6) |
| Getalle, Bewerkings, Verhoudings | 172(22) |
| Patrone, Funksies, Algebra | 173(14) |
| Werkgeïntegreerde Leer 1 | 171(6) |

### TWEEDE JAAR (52 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Ruimte en Vorm | 272(20) |
| Meting | 272(20) |
| Data-hantering | 272(14) |
| Werkgeïntegreerde Leer 2 | 272(6) |

## 4.2.3 GDO in Senior Fase (SF) Natuurwetenskappe-onderwys

### EERSTE JAAR (54 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Algemene Pedagogie | 171(6) |
| Opvoedkundige Perspektiewe | 171(6) |
| Kurrikulumbestuur | 171(6) |
| Chemie – Materie en Materiaal | 171(15) |
| Fisika – Energie en Verandering | 171(15) |
| Werkgeïntegreerde Leer 1 | 171(6) |

### TWEEDE JAAR (66 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Aarde en Verder | 271(15) |
| Lewenswetenskappe – Lewe en Lewenswyse | 271(15) |
| Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe 1 | 271(15) |
| Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe 2 | 271(15) |
| Werkgeïntegreerde Leer 2 | 271(6) |

### 4.2.4 GDO in Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Fisiese Wetenskappe-onderwys

#### EERSTE JAAR (54 KREDIETE EN 51 KREDIETE)

##### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Algemene Pedagogie | 171(6) |
| Opvoedkundige Perspektiewe | 171(6) |
| Kurrikulumbestuur | 171(6) |
| Chemie-onderrig: Chemiese Beginsels | 171(10) |
| Werkgeïntegreerde Leer 1 | 171(6) |

##### Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande fokusareas.

##### Fokusarea: Algemene Fisiese Wetenskappe

Kies **al** die van die onderstaande modules:

| | |
|---|---|
| Fisika-onderrig: Magnetisme en Elektrisiteit | 171(10) |
| Fisika-onderrig: Meganika | 171(10) |

##### Fokusarea: Tegniese Wetenskappe

Kies **al** die onderstaande modules:

| | |
|---|---|
| Tegniese Fisika Onderrig Magnetisme en Elektrisiteit | 171(8) |
| Tegniese Fisika Onderrig: Meganika | 171(9) |

#### TWEEDE JAAR (66 KREDIETE OF 69 KREDIETE)

##### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Chemie-onderrig: Chemiese verandering en Chemiese sisteme | 271(10) |
| Chemie-onderrig: Organiese Chemie | 271(10) |
| Pedagogiese Inhoudskennis van Chemie | 271(15) |
| Pedagogiese Inhoudskennis van Fisika | 271(15) |
| Werkgeïntegreerde Leer 2 | 271(6) |

##### Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande fokusareas.

**Let op:** Jy moet voortgaan met die fokusare wat jy in die eerste jaar geneem het.

##### Fokusarea: Algemene Fisiese Wetenskappe

Kies die onderstaande module.

| | |
|---|---|
| Fisika-onderrig: Energie, Golwe en Materie | 271(10) |

##### Fokusarea: Tegniese Wetenskappe

Kies **al** die onderstaande modules:

| | |
|---|---|
| Tegniese Fisika Onderrig Golwe en Elektroniese Eienskappe van Materie | 271(9) |
| Tegniese Fisika Onderrig Hitte en Termodinamika | 271(4) |

### 4.2.5 GDO in Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Lewenswetenskappe-onderwys

#### EERSTE JAAR (54 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Algemene Pedagogie | 171(6) |
| Opvoedkundige Perspektiewe | 171(6) |
| Kurrikulumbestuur | 171(6) |
| Botanie-onderrig A | 171(15) |
| Soölogie-onderrig A | 171(15) |
| Werkgeïntegreerde Leer 1 | 171(6) |

#### TWEEDE JAAR (66 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Botanie-onderrig B | 271(15) |
| Soölogie-onderrig B | 271(15) |
| Pedagogiese Inhoudskennis van Botanie | 271(15) |
| Pedagogiese Inhoudskennis van Soölogie | 271(15) |
| Werkgeïntegreerde Leer 2 | 271(6) |

### 4.2.6 GDO in Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Wiskunde-onderwys

#### EERSTE JAAR (55 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Algemene Pedagogie | 171(6) |
| Kurrikulumbestuur | 171(6) |
| Opvoedkundige Perspektiewe | 171(6) |
| Finansiële Wiskunde | 171(9) |
| Patrone, Funksies, Algebra | 174(22) |
| Werkgeïntegreerde Leer 1 | 171(6) |

#### TWEEDE JAAR (65 KREDIETE)

Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Kalkulus | 271(9) |
| Werkgeïntegreerde Leer 2 | 272(6) |

Keusemodules

Kies **een** van die onderstaande fokusareas.

Fokusarea: Algemene Wiskunde

Kies **al** die modules uit die volgende:

| | |
|---|---|
| Meetkunde | 271(22) |
| Trigonometrie | 271(14) |
| Data-hantering | 273(14) |

#### Fokusarea: Tegniese Wiskunde

Kies **al** die modules uit die volgende:

| | |
|---|---|
| Tegniese Wiskunde Onderrig Getallestelsels en Differensiaalrekene | 271(8) |
| Tegniese Wiskunde Trigonometrie | 271(14) |
| Tegniese Wiskunde Onderrig Meetkunde, Mensurasie en Hoekbeweging | 271(28) |

### 4.2.7 GDO in Wiskundige Geletterdheidsonderwys

#### EERSTE JAAR (62 KREDIETE)

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Algemene Pedagogie | 171(6) |
| Opvoedkundige Perspektiewe | 171(6) |
| Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede 1 | 171(22) |
| Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede 2 | 171(22) |
| Werkgeïntegreerde Leer 1 | 171(6) |

#### TWEEDE JAAR (58 KREDIETE)

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Kurrikulumbestuur | 271(6) |
| Wiskundige Geletterdheid: Finansies | 271(11) |
| Wiskundige Geletterdheid: Meting | 271(11) |
| Wiskundige Geletterdheid: Kaarte, Planne en Ander Voorstellings van Fisiese Wêreld | 271(10) |
| Wiskundige Geletterdheid: Data-hantering | 271(14) |
| Werkgeïntegreerde Leer 2 | 272(6) |

### 4.2.8 GDO in Skoolleierskap en -bestuur

#### TOTALE KREDIETE VIR JAAR 1 EN 2 (120 KREDIETE)

Verpligte modules (moet binne 2 jaar afgehandel word; die tuisdepartement sal die modules groepeer)

| | |
|---|---|
| Leierskap en die Bestuur van Onderrig en Leer in die Skool | 171(18) |
| Leierskap en die Bestuur van Buitemuurse en Ko-kurrikulêre Aktiwiteite | 171(9) |
| Leierskap en die bestuur van mense en verandering | 171(18) |
| Werk met en vir die breër gemeenskap | 172(9) |
| Leierskap en bestuur van die skool as 'n organisasie | 172(18) |
| Werk binne en vir die skoolstelsel | 172(18) |

#### Verpligte module

| | |
|---|---|
| Professionele portefeulje en werkplekprojek (oor beide jare) | 172(30) |

# Nagraadse programme

## 1. Opsomming van nagraadse programme

Hieronder kry jy 'n skematiese opsomming van die nagraadse programme wat in die Fakulteit Opvoedkunde aangebied word.

| Nagraadse kwalifikasie | Program | Onderskeid binne 'n program |
|---|---|---|
| Nagraadse sertifikaat | Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) | |
| Nagraadse diplomas | Nagraadse Diploma in | • Hoër Onderwys in Onderrig en Leer<br>• Wetenskap-onderwys<br>• Wiskunde-onderwys |
| Honneursgrade | HonsBEd | • Grondslagfase-onderrig<br>• Kurrikulumondersoek<br>• Opvoedkundige Ondersteuning<br>• Opvoedkundige Ontwikkeling en Demokrasie<br>• Taalopvoeding |
| Meestersgrade | MEd | MEd (Navorsing)<br>• Kurrikulumstudie<br>• Opvoedingsbeleidstudie<br>• Opvoedkundige Ondersteuning |
| | | MEd (Gestruktureerd)<br>• Kurrikulumstudie<br>• Opvoedkundige Ondersteuning<br>• Psig<br>• Opvoedkundige Sielkunde |
| | MPhil | MPhil (Gestruktureerd)<br>• Hoëronderwysstudies<br>• Lewenslange Leer |
| | | MPhil (Navorsing) |
| Doktorsgrade | DEd | |
| | PhD | • Filosofie van die Opvoeding<br>• Historiese Opvoedkunde<br>• Hoër Onderwys<br>• Kurrikulumstudies<br>• Onderwys en Opleiding vir Lewenslange Leer<br>• Omgewingsopvoeding<br>• Onderwysbestuur<br>• Opvoedingsbeleidstudie<br>• Opvoedkundige Ondersteuning<br>• Opvoedkundige Sielkunde<br>• Taalonderwys<br>• Vergelykende Opvoedkunde |

## 2. Nagraadse sertifikaat- en diplomaprogramme

### 2.1 Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS)

Die doel van hierdie program is om opvoeders vir die Verdereonderwys- en Opleidingsband (graad 10-12) te lewer. Ons program is deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, goedgekeur, deur die Raad

vir Hoër Onderwys, geakkrediteer en by Suid Afrikaanse Kwalifikasieowerheid geregistreer.

### 2.1.1 Toelatingsvereistes, praktiese skoolbesoek en ander inligting

Let asseblief op dat hierdie 'n keuringsprogram met toelatingsvereistes is. Die NOS-program lok baie aansoeke, maar inname is beperk. Al voldoen jy aan die vereistes, is jy nie 'n plek verseker nie. Tydens die keuringsproses sal 'n minimum aantal vereiste registrasies vir sekere vakspesialisasies oorweeg word, soos deur die Fakulteit bepaal.

#### Toelatingsvereistes en bepalings in verband met toelating

##### Algemene toelatingsvereistes

- Jy moet minstens 'n baccalaureusgraad (NKR-vlak 7) van 'n erkende universiteit, wat aan sekere voorwaardes voldoen, besit. En:
- Jy moet vir twee onderrigvakke kwalifiseer (sien hieronder).

  Of:
- As jy slegs vir Musiekonderrig of Drama-onderrig kwalifiseer (bv. 'n BMus of soortgelyke kwalifikasie het.), word jy vir toelating oorweeg. Jy moet egter 'n bykomende Gevorderde Studie-module afhandel om aan die minimum kredietvereistes van die program te voldoen.

##### Spesifieke toelatingsvereistes by Onderrigmodules

- Normaalweg 'n tweedejaarsvak of 'n derdejaarsvak (een jaarmodule of twee semestermodules) in die rigtings wat jy wil volg, afhangende van die spesifieke slaagvoorvereistes van elke Onderrigmodule.
- Jy sal nie toegelaat word om te probeer om aan die toelatingsvereistes van 'n bepaalde Onderrigmodule te voldoen deur voorgraadse modules gelyktydig met die betrokke Onderrigmodule te neem nie.
- Kyk onder "Programinhoud vir die NOS-program" vir die bepalings en slaagvoorvereistes vir Onderrigmodules.

##### Verdere bepalings in verband met toelating

a) As NOS-student mag jy nie gelyktydig vir 'n ander module en/of program van hierdie of 'n ander universiteit inskryf nie.

b) As NOS-student mag jy nie meer as twee student-assistentskappe gelyktydig beklee nie.

c) Indien jy jou NOS-program wil onderbreek, geld die volgende:

- Jy kan jou NOS-program na een semester vir een jaar onderbreek.
- Die Senaat moet die rede vir die onderbreking eers goedkeur.

d) Voordat jy vir die NOS-program mag registreer, moet jy eers twee weke se waarneming by 'n skool van jou keuse voor die aanvang van lesings in die eerste kwartaal voltooi. Die volgende geld hier:

- Die skool moet vorms oor die observasie invul. Hierdie vorms sal voor die einde van die voorafgaande jaar aan alle studente wat aanvaar is vir die NOS-program verskaf word.
- Jy moet die vorms volgens die instruksies wat in die skoolwaarnemingsdokumente verskaf is, indien.
- Indien jy nie die vorms teen die sperdatum ingedien het nie, mag jy van die program gederegistreer word, aangesien jy nie aan die waarnemingskomponent van die toelatingsvereistes voldoen nie.

e) As jy nie 'n rekenaar- of rekenaargebruikmodule tydens jou voorgraadse studies voltooi het nie, geld die volgende:

- Jy moet vir die Fakulteit Opvoedkunde se rekenaargebruikmodule, Informasiekommunikasietegnologie (IKT) vir Leer, registreer. Dit is 'n addisionele 10-kredietmodule wat jy nodig het om te voldoen aan die beleid op minimum vereistes vir onderwyseropvoeding.
- As jy vir hierdie module geregistreer is, moet jy dit slaag om jou NOS-kwalifikasie te kry.

f) Indien jy enige sielkundige uitdagings ervaar wat jou professionele gedrag tydens jou studies kan beïnvloed.

#### Praktiese skoolbesoek as vereiste om die NOS te verwerf

Jy moet die skoolpraktikumkomponent van die Praktiese Leer-module voltooi om die NOS te verwerf. Dit werk soos volg:

a) As 'n NOS-student besoek jy 'n sekondêre skool in Stellenbosch of in die wyer Wes-Kaap wat in vennootskap met die Universiteit Stellenbosch is.

b) Die Skoolpraktikum vind plaas tydens die volle derde skoolkwartaal. Die universiteitsvakansie val tans binne die skoolkwartaal, maar jy moet vir die volle duur van die skoolkwartaal by die skool wees, ongeag die universiteitsvakansie. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.

c) Indien jy om die een of ander rede met die vereiste aantal weke agterstallig raak, sal jy normaalweg eers aan die begin van die volgende skooljaar jou agterstallige skoolbesoek kan inhaal. d) *Let*

*op:* 'n Subminimumvorderingspunt van 50% word by die einde van die eerste semester, in elk van die spesialiseringsvakgebiede vereis om jou toelating te gee om in die derde kwartaal op praktiese skoolbesoek te gaan. Klasbywoning is verpligtend. **Indien daar duidelike bewyse is dat jy nie voldoende voorbereid is in 'n sekere spesialiseringsvak nie, kan die Dekaan weier dat jy die spesifieke vak onderrig by die skool.** Die volgende geld in so 'n geval:

- Die Dekaan se besluit moet in oorleg met die betrokke departementele voorsitter en program-koördineerder geneem word.
- As twee of meer van jou vakspesialiserings hierdeur geraak word, moet jy die Skoolpraktikum die volgende jaar in die derde kwartaal herhaal. Hierdie bepaling oor die herhaling van die Skool-praktikum is daaraan onderworpe dat jy eers jou spesialiseringsvakke slaag.
- As slegs een vakspesialisering hierdeur geraak word, mag jy voortgaan om die ander spesiali-sering/s te onderrig. Die uitstaande spesialisering mag dan in die eerste kwartaal van die skooljaar onderrig word. Dit beteken dat jy moontlik in Maart/April kan gradueer.

Jy sal onvoldoende voorbereid wees indien jy:

- klasse en oriënteringsessies ongereeld bywoon;
- nie die minimum van 50% behaal in elk van jou spesialiseringsvakke teen die einde van die eerste semester nie;
- aanbiedinge en voorbereidingsessies nie bywoon nie;
- swak voorberei vir lesanalise (mikro-onderrig/portuur-onderrig)-evaluering en swak daarin vorder;
- waarnemings tydens lesanalise-periodes nie voltooi nie;
- deur die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling of 'n ander geregistreerde sielkundige spesialis of instelling geadviseer word om jou skoolpraktykonderwys uit te stel of te kanselleer;
- skuldig bevind word aan 'n dissiplinêre oortreding aan die Universiteit; en
- nie jou polisieklaringsertifikaat aan die onderrig- en leerkantoor, GG Cilliégebou, kamer 4007, voor die begin van skoolpraktikum ingedien het nie.

## Mikro-onderrig

Jy moet lesse vir leerders voorberei en aanbied en waarneem hoe ander studente lesse aanbied. Dit strek oor 4 periodes per week en sluit lesontwerp, media-ontwerp, lesimplementering, lesevaluering en leswaarneming in.

## Tale van leer en onderrig

Die beleid op die minimum vereistes vir onderwysersopleidingskwalifikasies (MRTEQ) vereis dat daar op jou sertifikaat aangedui moet word watter tale jy as taal van leer en onderrig (TvLO) kan gebruik en watter tale as taal van gespreksvaardigheid. Die beleid vereis ook dat Afrikaans- en Engelstalige studente een amptelike Afrikataal as taal van gespreksvaardigheid **moet** aanbied. By die Universiteit Stellenbosch is hierdie taal isiXhosa.

In ooreenstemming met hierdie vereistes bied die NOS-program drie taalmodules:

a) Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (5 krediete)

b) English as a Language of Learning and Teaching (5 krediete)

c) IsiXhosa as 'n Taal van Kommunikatiewe Vaardigheid (5 krediete)

Vroeg in die eerste semester kry jy die kans om 'n kwytskeldingstoets vir elk van jou tale van leer en onderrig (TLO's) te skryf. As jy die toets vir 'n bepaalde taal met die vereiste persentasie slaag, word jy vrygestel van verder klasse in daardie taal. Kyk "Slaagvereistes vir taalmodules" hieronder. As jy nie die vereiste persenta-sie vir die betrokke TLO behaal nie, moet jy TLO-klasse loop en die betrokke assessering in Mei of November slaag. Indien een van die volgende egter op jou van toepassing is, moet jy asseblief die modulekoördineer-ders kontak:

- Jy ken geen Afrikaans nie.
- Jy is isiXhosa vlot magtig.

### Slaagvereistes vir taalmodules

- Om vir 'n TLO gesertifiseer te word moet jy dit met minstens 60% slaag. Jy moet die taal van kommunikatiewe vaardigheid met 50% slaag.
- Om van 'n betrokke TLO vrygestel te word, moet jy meer as 60% in die kwytskeldingstoets vir daardie taal behaal.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

- Jy moet skriftelik aansoek doen om tot die NOS-program toegelaat te word.
- Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 September**.
- **Geen student** word toegelaat om laat by die NOS-program aan te sluit nie.

- As 'n huidige student van die Universiteit Stellenbosch kan jy aansoek doen by my.sun.ac.za.
- Indien jy nie tans 'n geregistreerde student van die Universiteit Stellenbosch is nie, kan jy aanlyn aansoek doen by: www.su.ac.za/aansoek/nagraads.

### Duur van program

Die NOS-program duur een akademiese jaar.

### Promosiebepalings

Jy moet in elke module 'n finale punt van 50% behaal om te slaag.

### Navrae

E-pos: pgce@sun.ac.za

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde.

## 2.1.2 Programinhoud vir die NOS-program

Die NOS-program wat vanaf 2018 aangebied word, bestaan uit die modules wat hieronder uiteengesit word. Onder hierdie uiteensetting van modules verskyn meer inligting oor die Onderrigmodules. Kyk daar vir spesifieke slaagvoorvereistes vir elke Onderrigmodule.

### Anker-/hoofmodule

| | |
|---|---|
| Onderwyseropvoeding | 777(126) |

### Submodules

| | |
|---|---|
| Praktiese Leer | 771(32) |
| Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig | 771(5) |
| English as a Language of Learning and Teaching | 771(5) |
| Filosofie van die Opvoeding | 771(8) |
| Geskiedenis en Sosiologie van Opvoeding | 771(8) |
| IsiXhosa as 'n Taal van Kommunikatiewe Vaardigheid | 771(5) |
| Kurrikulumstudie | 771(8) |
| Onderwysleierskap en -bestuur | 771(6) |
| Opvoedkundige Sielkunde | 771(8) |
| Volhoubare Leefwyse | 771(6) |

#### As jy twee vakspesialisasies het:

Kies ook **albei** die onderstaande modules:

| | |
|---|---|
| Onderrigmodule (vakspesialisasie 1) | 771(20) *en* |
| Onderrigmodule (vakspesialisasie 2) | 771(20) |

#### As jy slegs een vakspesialisasie het:

Kies die volgende **twee** modules:

| | |
|---|---|
| Onderrigmodule (vakspesialisasie 1) | 771(20) *en* |
| Gevorderde Studie-module | 771(20) |

### Addisioneel

As jy nie 'n rekenaargebruiksmodule tydens jou voorgraadse studies afgehandel het nie, moet jy vir die Fakulteit Opvoedkunde se module Inligtingkommunikasietegnologieë (IKT's) vir Leer 771 registreer. Dit is 'n 10-kredietmodule wat ontwerp is om voldoening aan die minimum vereistes vir onderwysopleidingskwalifikasies te verseker. Dit fokus nie net op rekenaargebruik nie, maar ook op die hedendaagse integrasie van digitale tegnologieë en digitale pedagogie in alle KABV-vakke.

Jy kan vrystelling van hierdie module kry slegs as jy 'n rekenaargebruiksmodule van ten minste 5 krediete (US-ekwivalent) afgehandel het wat die kernapplikasies in Microsoft Office dek: Word, Excel en PowerPoint. Jy moet IKT's vir Leer 177 suksesvol afgehandel het om die NOS-kwalifikasie te kan verwerf.

| | |
|---|---|
| IKT vir Leer | 771(10) |

### 2.1.2.1 Onderrigmodules: Bepalings en slaagvoorvereistes

#### Aantal Onderrigmodules wat geneem kan word

Neem asseblief kennis dat jy verplig is om minstens **twee Onderrigmodules (skoolvakke)** neem, aangesien dit jou loopbaanvooruitsigte aansienlik verbeter. Jy kan **'n derde Onderrigmodule** as 'n ekstra vak vir die NOS neem, op die volgende voorwaardes:

- Jy moet aan die betrokke toelatingsvereistes voldoen.
- Daar moet geen roosterbotsings wees nie.

#### Beperkings ten opsigte van Onderrigmodules en -kombinasies

- Nie alle Onderrigmodules word noodwendig elke jaar aangebied nie. 'n Beperkte aantal studente word vereis.
- Let op: Jy sal nie vir toelating tot die NOS-program oorweeg word met die kombinasie Ekonomie en Besigheidstudies of Lewensoriëntering en Liggaamlike Opvoeding nie.

#### Onderrigmodule-spesialiseringsmoontlikhede en -slaagvoorvereistes

Die verskillende spesialiseringsmoontlikhede en hul onderskeie slaagvoorvereistes verskyn hieronder:

#### a) Afrikaans-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

Vir die onderrig van Afrikaans as Eerste Addisionele Taal:

- Afrikaans met taalkunde en letterkunde, of Afrikaans en Nederlands op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 32 krediete), of die ekwivalent.

Vir die onderrig van Afrikaans as Huistaal:

- Afrikaans met taalkunde en letterkunde, of Afrikaans en Nederlands op derdejaarsvlak (of NKR-vlak 7) (minstens 32 krediete), of die ekwivalent.

Let Wel: Afrikaans Taalverwerwing (32 krediete) verleen nie toegang tot die module nie.

#### b) Besigheidstudie-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Een van die volgende kombinasies op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) tot 'n totaal van minstens 32 krediete:
  - Finansiële Bestuur 214(16), 254(16) *of*
  - Bemarkingsbestuur 214 (16), 244(16) *of*
  - Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214(16), 244(16) *of*
  - 'n 32-krediet-kombinasie van enige van bogenoemde groepe, bv. Finansiële Bestuur 214(16) en Bemarkingsbestuur 214(16).

Let op: Jy sal nie vir toelating tot die NOS-program oorweeg word met die kombinasie Ekonomie en Besigheidstudies of Lewensoriëntering nie.

#### c) Drama-onderrig 771

Slaagvoorvereiste: 'n baccalaureusgraad in Drama (ten minste 48 krediete), of die ekwivalent daarvan.

#### d) Ekonomie-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Ekonomie op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 32 krediete), dit wil sê Ekonomie 214(16), 244(16) of ekwivalent.

  *Neem kennis:* Ekonomie 288(32) is nie geskik vir toelating nie.

#### e) Engels-taalonderrig 771

Slaagvoorvereiste:

Vir die onderrig van Engels as Huis- en Eerste Addisionele Taal:

- English Studies (met 'n fokus op Engelse letterkunde) met minstens 16 krediete op derdejaarsvlak (of NKR-vlak7).

  *of*

- English Studies (met 'n fokus op letterkunde) met minstens 32 krediete (of NKR-vlak 6) plus Applied English Language Studies (AELS) op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 16 krediete), of ekwivalent. (Sulke modules handel gewoonlik oor die linguistiese en grammatikale elemente van Engels.)

### f) Fisiese Wetenskappe-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Chemie en Fisika op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (met minstens 64 (2 x 32) krediete), of ekwivalent

  *of*

- Chemie op eerstejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 24 krediete) en Fisika op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete), of ekwivalent.

Met 'n goeie studierekord sal jy ook toegelaat kan word met slegs:

- Fisika op eerstejaarsvlak (minstens 24 krediete) en twee modules Chemie op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6)

  *of*

- Chemie op eerstejaarsvlak (minstens 24 krediete) en Fisika op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 32 krediete).

### g) Geografie-onderrig 771

Slaagvoorvereiste: Geografie op tweedejaarsvlak (met minstens 32 (2 x 16) krediete), of ekwivalent.

### h) Geskiedenis-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Geskiedenis op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete) *of*
- Antieke Kulture op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete) *of*
- Politieke Wetenskappe op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete).

### i) Inligtingstegnologie-onderrig 771

Slaagvoorvereiste: Rekenaarwetenskap op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete).

### j) IsiXhosa-onderrig 771

Slaagvoorvereistes:

- IsiXhosa op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete of ekwivalent in terme van 'n kwalifikasie in isiXhosa op NKR-vlak 7 wat die voornemende IsiXhosa-onderrig 771-student in staat stel om óf Isi-Xhosa as 'n Eerste Addisionele Taal óf as Huistaal te onderrig).

### k) Landbouwetenskappe-onderrig 771

Slaagvoorvereiste: 'n Driejaargraad.

*Die volgende vakke word sterk aanbeveel:* Biologie, Plantkunde, Dierkunde, Chemie, Fisika, Aard- of Grondwetenskappe, Biodiversiteit en Ekologie, Geologie.

### l) Lewensoriëntering-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Sielkunde op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete)

Voorkeur sal gegee word aan:

- Aansoekers wat benewens Sielkunde op derdejaarsvlak ook een van die volgende vakke op tweede- of derdejaarsvlak het: Sosiologie, Sosiale Antropologie, Geskiedenis, Sportwetenskap, Geografie en Omgewingstudie en/of:
- Aansoekers met 'n ander vakspesialisasie wat as deel van die NOS-program aangebied word.

Verder moet kennis ook van die volgende geneem word:

- Omdat die moontlikhede in die skoolonderwys beperk is, word jy normaalweg nie toegelaat om slegs Lewensoriëntering-onderrig (LO) en Liggaamlike Opvoeding-onderrig te neem nie. In so 'n geval moet jy dus die onderrig van 'n derde skoolvak volg.
- Die aantal inskrywings vir LO mag beperk word.

### m) Lewenswetenskappe-onderrig 771

Slaagvoorvereistes:

- 'n Driejaargraad (NKR-vlak 7).
- Minstens **twee** van die volgende (of ekwivalente) modules:
  - Biologie 124 (Selbiologie)
  - Biologie 144 (Biodiversiteit en Ekologie)
  - Biologie 154 (Funksionele Biologie)
- Minstens **een** van die volgende as hoofvak (dus op derdejaarsvlak, of NKR-vlak 7) en **een** op

tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6). (Minstens 32 krediete vir elkeen van die twee vakke).

- Biochemie*
- Biodiversiteit en Ekologie (beide semesters – 16 krediete elk)
- Dierkunde**
- Fisiologie*
- Genetika*
- Mikrobiologie*
- Plantkunde**

* Indien jy minstens **drie** van die vier modules Biochemie, Fisiologie, Mikrobiologie en Genetika (elk minstens 32 krediete) op tweedejaarsvlak geslaag het, sal jy ook toelating tot Lewenswetenskappe-onderrig 771 kry.

** Indien jy **sowel Plantkunde as Dierkunde** op tweedejaarsvlak geslaag het, sal jy ook toelating kry.

### n) Liggaamlike Opvoeding-onderrig 771

Slaagvoorvereiste: 'n BA (Sportwetenskap)- of BSc (Sportwetenskap)-graad

### o) Musiek-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- 'n Baccalaureusgraad van 'n erkende universiteit of Gevorderde Diploma in Musiek op NKR-vlak 7, met Musiek op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete) of die ekwivalent.

### p) Rekenaartoepassingstegnologie-onderrig 771

*Slaagvoorvereistes:*

- Rekenaarwetenskap op eerstejaarsvlak (minstens 32 krediete)
- Sosio-informatika op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete)

### q) Rekeningkunde-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Rekeningkunde op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete), of ekwivalent.

### r) Religieuse Studies-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Religieuse Studie of Godsdienskunde op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete)

  *of*

- 'n ekwivalente studie op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete) en een van die volgende religieë: Judaïsme, Christendom, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en Afrika Religie.

As jy 'n teologiegraad met modules in verskillende religieë het, sal die Fakulteit jou ook vir toelating oorweeg.

### s) Visuele Kuns-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

'n Driejaargraad in kuns.

### t) Vreemdetaalonderrig 771

*Slaagvoorvereiste:* Voltooiing van ten minste derdejaarsmodules (NKR-vlak 7) van ten minste 48 krediete (of die ekwivalent) in Chinees, Duits of Frans (aangebied as tweede addisionele tale in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum). Dit moet tesame met ander verpligte modules in die NOS-program geneem word.

*Let wel:* Jy moet goed taalvaardig wees in hierdie tale, tot so 'n mate dat jy die taal as tweede addisionele taal kan aanbied. Die aanbieding van die module is afhanklik daarvan dat ten minste 15 studente belangstelling daarin toon. Indien die getal studente te min is om die module aan te bied, sal die aansoekers teen 30 November van die vorige jaar in kennis gestel word.

### u) Wiskunde-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Wiskunde op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete), of ekwivalent.

  *of*

- Beginsels van Wiskunde op tweedejaarsvlak (48 krediete), of ekwivalent.

v) Wiskundige Geletterdheid-onderrig 771

Slaagvoorvereiste:

- Wiskunde 114 (16) en Wiskunde 144(16), of ekwivalent
  *of*
- Wiskunde (Bio) 124 (16) en Fisika (Bio) 134(16), 154(16), of ekwivalent
  *of*
- Statistiek 186(18) of Statistiese Metodes 176(18) en Renterekening 152(6), of ekwivalent.

## 2.2 Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys in Onderrig en Leer – NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)

### Samewerking met ander instellings

Die Fakulteit bied hierdie program aan in samewerking met die Universiteit van Wes-Kaapland en die Universiteit van Tegnologie, Kaapse Skiereiland.

### Toelatingsvereistes

- Jy moet in besit wees van 'n baccalaureusgraad of gelykwaardige kwalifikasie wat deur die Senaat vir hierdie doel goedgekeur is.
- Jy moet minstens twee jaar se onderrigervaring in hoër onderwys hê en/of in 'n onderrigverwante pos aangestel wees.
- Die Fakulteit beveel aan dat jy oor 'n magistergraad in jou vakgebied beskik. Sodanige kandidate sal voorkeur kry, asook kandidate van die bogemelde drie instellings: die Universiteit Stellenbosch, Universiteit van Wes-Kaapland en Universiteit van Tegnologie, Kaapse Skiereiland.
- Die program sal net 40 kandidate kan akkommodeer, dus sal die eerste geskikte aansoekers voordeel geniet by toelating.

### Duur van program

Die program strek oor twee akademiese jare.

Skakel asseblief die programkoördineerder oor die datum van registrasie.

### Assessering en eksaminering

a) Elke module sal geleenthede bied vir formatiewe en samevattende assessering.

b) Jy moet minstens 50% in alle modules behaal om die program te slaag.

c) Die assesseringsgeleenthede sal prakties sowel as teoretiese werk behels.

### Navrae

Programkoördineerder: Dr N Tshuma
Sentrum vir Onderrig en Leer/Departement Kurrikulumstudie
Tel.: 021 808 2277 E-pos: ntshuma@sun.ac.za

### Programinhoud

Die doel van hierdie program is om jou as dosent of leerfasiliteerder se kennis van onderrig en leer in die hoër onderwys te ontwikkel en te versterk, en om jou toe te rus om op 'n gevorderde vlak nabetragting en ontwikkeling te doen. Die program gee 'n stelselmatige oorsig van huidige denkrigtings, praktyke en navorsingsmetodes in onderrig en leer in die hoër onderwys

#### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Hoër onderwys in Onderrig en Leer | 778(120) |

#### Submodules

##### Verpligte kernmodules

Jy moet die eerste twee kernmodules hieronder, naamlik Onderrig en Leer en Assessering, slaag voordat jy kan vorder na die kernmodule Navorsing vir die Bevordering van Onderrig en Leer en die keusemodule.

| | |
|---|---|
| Onderrig en Leer | 791(30) |
| Assessering | 791(30) |
| Navorsing vir die Bevordering van Onderrig en Leer | 791(30) |

Keusemodules

Kies **een** van die volgende:

| | |
|---|---|
| Akademiese Leierskap en Bestuur | 791(30) |
| Burgerskap, Sosiale Aanvaarding en Onderskeid | 791(30) |
| IKT's vir Onderrig en Leer | 791(30) |
| Nagraadse Studieleiding | 791(30) |
| Diensleer in Gemeenskapsbetrokkenheid | 791(30) |
| Werk en Leer | 791(30) |

## 2.3 Nagraadse Diploma in Wiskunde-onderwys – NGDip (Wiskunde-onderwys)

Die Nagraadse Diploma in Wiskunde-onderwys is 'n deurlopendeprofessioneleontwikkeling- of DPO-kwalifikasie om:

1. jou kennis as opvoeder in 'n bestaande spesialisasie in wiskunde-onderwys verder te versterk en te verdiep as:

a) 1 ste na-aanvanklike professionele kwalifikasie wat volg op die aanvanklike kwalifikasie, of as

b) 2 de of 3 de na-aanvanklike professionele kwalifikasie wat volg op die Gevorderde Diploma in Onderwys; en

2. jou voor te berei om na 'n Meestersgraad in Opvoedkunde (MEd)/Professionele Meestersgraad (PME) te artikuleer.

### Toelatingsvereistes

- 'n BEd-graad van 480 krediete (NKR-vlak 7) met 'n geassosieerde kwalifikasie in Wiskunde;

  OF

- 'n Driejarige toepaslike baccalaureusgraad (bv. BSc), met 'n geassosieerde kwalifikasie in Wiskunde, en 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (of 'n voormalige ekwivalent)

  OF

- 'n Vierjarige professionele onderwyskwalifikasie(s), sowel as 'n Gevorderde Diploma van 120 krediete (NKR-vlak 7) met 'n geassosieerde kwalifikasie in Wiskunde.

### Verdere bepalings rakende toelating tot die NGDip-program

- Jy moet 'n gemiddeld van minstens 60% in die finale jaar van jou relevante voorgraadse studie behaal het.
- Jy moet in 'n onderwysverwante pos aangestel wees.
- Die Fakulteit verwag van jou om ten minste toegang tot 'n rekenaar en die internet te hê om die volgende aktiwiteite te kan uitvoer:
  - toegang tot SUNLearn-modules en deelname aan die verskillende leeraktiwiteite te verkry
  - die elektroniese hulpbronne van die US se biblioteek te gebruik
  - e-pos te stuur en te ontvang
  - opdragte te genereer en elektronies in te dien

Die program sal beperk word tot 40 en kandidate sal op 'n eerste-aansoek-doen-eerste-bedien-grondslag toegelaat word.

### Aansoekprosedure

Provinsiale onderwysdepartemente of private befondsers identifiseer voornemende NGDip-studente vir die Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP). Aansoekskakels word dan aan daardie voornemende studente gestuur.

### Duur van program

Die program word in 'n hibriede-model aangebied en strek oor twee akademiese jare. Vir die datum van registrasie, kontak asseblief die programkoördineerder.

### Eksamen en assessering

a) Elke module sal formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede bevat (geen eksamens).

b) Jy moet 'n slaagpunt van minstens 50% in elk van die modules behaal om die program te slaag.

c) Om die graad met lof (*cum laude*) te slaag, moet jy 'n algehele gemiddeld van 75% behaal.

d) Assesseringsgeleenthede sal beide teoretiese en praktiese werk behels.

### Navrae

Programkoördineerder: Dr PW Hanekom

Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP)

Tel.: 021 808 9197 E-pos: pwh@sun.ac.za

### Programinhoud

Die Nagraadse Diploma in Wiskunde-onderwys bied 'n kwalifikasiepad vir onderwysers wat studies wil volg wat hul professionele en akademiese ontwikkeling bevorder, eerder as om 'n suiwer navorsingtrajek aan te bied. Dit stel werkende professionele opvoeders in staat om krities te reflekteer en te leer deur aan 'n sistematiese opname van huidige denke, praktyke en navorsingsmetodes in wiskunde-onderwys. blootgestel te word. Alle modules is verpligte jaarmodules.

#### EERSTE STUDIEJAAR

#### Verpligte jaarmodules

| | |
|---|---|
| Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing | 771(15) |
| Teorieë in Wiskunde Ond | 771(15) |
| Vergelykende Studies (Wisk Ond) | 771(15) |
| Inleiding tot Neurokognitiewe Studie | 771(15) |

#### TWEEDE STUDIEJAAR

#### Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Onderrigleierskap Ond | 771(20) |
| Kurrikulum Ontwikkeling en Onderrigontwerp (Wisk Ond) | 771(40) |

## 2.4 Nagraadse Diploma in Wetenskap-onderwys – NGDip (Wetenskap-onderwys)

Die Nagraadse Diploma in Wetenskap-onderwys is 'n deurlopendeprofessioneleontwikkeling- of DPO-kwalifikasie om:

1. jou kennis as opvoeder in 'n bestaande spesialisasie in wetenskaponderwys verder te versterk en te verdiep, as:

a) 1 ste na-aanvanklike professionele kwalifikasie wat volg op die aanvanklike kwalifikasie, of as

b) 2 de of 3 de na-aanvanklike professionele kwalifikasie wat volg op die Gevorderde Diploma in Onderwys; en

2. jou voor te berei om na 'n Meestersgraad in Opvoedkunde (MEd)/Professionele Meestersgraad (PME) te artikuleer.

### Toelatingsvereistes

- 'n BEd-graad van 480 krediete (NKR-vlak 7) met 'n verwante kwalifikasie in 'n Wetenskap;

  OF
- 'n Driejarige toepaslike baccalaureusgraad (bv. BSc), met 'n verwante kwalifikasie in 'n Wetenskap, en 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (of 'n voormalige ekwivalent)

  OF
- 'n Vierjarige professionele onderwyskwalifikasie(s) sowel as 'n Gevorderde Diploma van 120 krediete (NKR-vlak 7) met 'n verwante kwalifikasie in 'n Wetenskap.

### Verdere bepalings rakende toelating tot die NGDip-program

- Jy moet 'n gemiddeld van minstens 60% in die finale jaar van jou relevante voorgraadse studie behaal het.
- Jy moet in 'n onderwysverwante pos aangestel wees.
- Die Fakulteit verwag van jou om ten minste toegang tot 'n rekenaar en die internet te hê om die volgende aktiwiteite te kan uitvoer:
  - toegang tot SUNLearn-modules en deelname aan die verskillende leeraktiwiteite te verkry
  - die elektroniese hulpbronne van die US se biblioteek te gebruik

- e-pos te stuur en te ontvang
- opdragte te genereer en elektronies in te dien

Die program sal beperk word tot 40 en kandidate sal op 'n eerste-aansoek-doen-eerste-bedien-grondslag toegelaat word.

### Aansoekprosedure

Provinsiale onderwysdepartemente of private befondsers identifiseer voornemende NGDip-studente vir die Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP). Aansoekskakels word dan aan daardie voornemende studente gestuur.

### Duur van program

Die program word in 'n hibriede-model aangebied en strek oor twee akademiese jare. Vir die datum van registrasie, kontak asseblief die programkoördineerder.

### Eksamen en assessering

a) Elke module sal formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede bevat (geen eksamens).

b) Jy moet 'n slaagpunt van minstens 50% in elk van die modules behaal om die program te slaag.

c) Om die graad met lof (*cum laude*) te slaag, moet jy 'n algehele gemiddeld van 75% behaal.

c) Assesseringsgeleenthede sal beide teoretiese en praktiese werk behels.

### Navrae

Programkoördineerder: Dr PW Hanekom

Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP)

Tel.: 021 808 9197 E-pos: pwh@sun.ac.za

### Programinhoud

Die Nagraadse Diploma in Wetenskap-onderwys bied 'n kwalifikasiepad vir onderwysers wat studies wil volg wat hul professionele en akademiese ontwikkeling bevorder, eerder as om 'n suiwer navorsingtrajek aan te bied. Dit stel werkende professionele opvoeders in staat om krities te reflekteer en te leer deur aan 'n sistematiese opname van huidige denke, praktyke en navorsingsmetodes in wetenskaponderwys bloot-gestel te word. Alle modules is verpligte jaarmodules.

#### EERSTE STUDIEJAAR

#### Verpligte jaarmodules

| | |
|---|---|
| Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing | 771(15) |
| Teorieë in Wetenskap Ond | 771(15) |
| Vergelykende Studies (Wet Ond) | 771(15) |
| Inleiding tot Neurokognitiewe Studie | 771(15) |

#### TWEEDE STUDIEJAAR

#### Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Onderrigleierskap Ond | 771(20) |
| Kurrikulum Ontwikkeling en Onderrigontwerp (Wet Ond) | 771(40) |

## 3. Honneursprogramme

Vir reëls in verband met honneursgrade, soos die statutêre vereistes vir die graad HonsBEd, die reëls vir voortgesette registrasie en die toegelate tyd vir nagraadse studie, asook die gedragskode vir die studieleier en student, kyk onder "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek.

### 3.1 HonsBEd

Die onderskeie HonsBEd-programme is ontwerp om jou kennis en ervaring binne jou gekose spesialiseringsgebied te verryk en te verdiep sodat jy 'n deurslaggewende rol kan speel in die versterking en verbetering van onderwys in Suid-Afrika. Die HonsBEd-programme berei jou ook voor vir verdere nagraadse navorsingstudie deur jou in te lei in die teorie en praktyk van vakkundige onderwysnavorsing.

So byvoorbeeld is die rigting Opvoedkundige Ondersteuning daarop gerig om alle leerders met diverse behoeftes effektief te ondersteun binne 'n inklusiewe onderwysstelsel. Hiervoor het jy kennis van opvoedkundige sielkunde nodig sodat jy kan bydra tot gemeenskapsonderwys en leerondersteuning.

*Let op:*

- Indien daar in 'n gegewe jaar nie genoeg studente vir 'n bepaalde program inskryf nie, sal daardie program nie daardie jaar aangebied word nie. Die Fakulteit sal studente wat hierdeur geraak word vroegtydig inlig.

## 3.1.1 Toelatingsvereistes, aansoekprosedure en ander inligting vir alle HonsBEd-programme

### Toelatingsvereistes en verdere bepalings ten opsigte van toelating

#### Toelatingsvereistes

Neem kennis dat bykomende spesifieke toelatingsvereistes van toepassing is by sommige van die programme. Hierdie bykomende toelatingsvereistes word by die beskrywing van die program self aangedui

Jy kan tot die HonsBEd-program toegelaat word indien jy in besit is van:

- 'n toepaslike universiteitsgraad en 'n sekondêre onderwysdiploma of sertifikaat (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD);

  *of*
- 'n toepaslike universiteitsgraad en 'n primêre onderwysdiploma (bv. POS, POD, HPOD);

  *of*
- 'n toepaslike universiteitsgraad en 'n onderwyskwalifikasie wat volgens die oordeel van die Senaat as voldoende geag word;

  *of*
- 'n vierjarige geïntegreerde onderwysgraad;

  *of*
- (wanneer jou akademies toepaslike beroepservaring dit regverdig) 'n ander toepaslike akademies-professionele studiekombinasie, wat vir die doel van aansluiting deur die Senaat as gelykwaardig aan 'n geïntegreerde vierjarige baccalaureusgraad of 'n baccalaureusgraad geag word (aanvullende Opvoedkundestudie kan van jou vereis word voor toelating);

  *of*
- erkende vierjarige naskoolse opleiding, wat 'n professionele onderwyskwalifikasie insluit.

#### Verdere bepalings in verband met toelating tot die HonsBEd-programme

- Jy moes 'n gemiddelde van minstens 65% in die finale jaar van jou toepaslike voorgraadse studie behaal het.
- Die Fakulteit verwag dat jy minstens toegang tot 'n rekenaar en die internet sal hê om die volgende aktiwiteite te kan uitvoer:
  - om toegang te kry tot SUNLearn modules en aan die verskillende leeraktiwiteite deel te neem
  - om die elektroniese bronne van die US-biblioteek te gebruik
  - om e-pos te stuur en ontvang
  - om werkopdragte te genereer en elektronies in te dien

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatums

#### Aansoekprosedure

Jy moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die HonsBEd-program van jou keuse. Toelating sal bepaal word deur die Senaat of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat optree. Jy moet die besonderhede van jou kwalifikasies in die aansoek verskaf. As jy enige van jou kwalifikasies aan 'n ander universiteit as die Universiteit Stellenbosch behaal het, moet jy 'n amptelike studierekord van die universiteit waar jy daardie kwalifikasie verwerf het saam met jou aansoek indien.

**Geen student word toegelaat om laat by die program aan te sluit nie.**

Jy kan aanlyn aansoek doen by Stellenbosch Universiteit se webblad vir nagraadse studente: www.su.ac.za/aansoek/nagraads (kies "Telematic Programmes" onder die hofie "What can I study?").

Jy kan meer inligting oor die administratiewe aspekte van die programme by die fakulteit kry:

Kantoor van die Visedekane (lokaal 1029 B)
Tel: (021) 808 2122 E-pos: nswartz@sun.ac.za

#### Sluitingsdatums

Jy kan vanaf 1 Maart van die jaar voor toelating aansoek doen. Die sluitingsdatums vir aansoeke vir die onderskeie programme is as volg:

| Program | Sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse studente | Sluitingsdatum vir internasionale studente |
|---|---|---|
| HonsBEd (Opvoedkundige Ondersteuning) | 31 Julie | 30 Junie |
| HonsBEd (Grondslagfase-onderrig) | 31 Augustus | 31 Julie |
| HonsBEd (Kurrikulumondersoek) | 30 September | 31 Augustus |
| HonsBEd (Onderwysontwikkeling en Demokrasie) | 30 September | 31 Augustus |
| HonsBEd (Taalonderrig) | 30 September | 31 Augustus |

## Promosiebepalings

- In al die rigtings moet jy agt modules slaag met 'n slaagsyfer van 50% per module en 'n totale kredietwaarde van 120 verwerf.
- Om die graad met onderskeiding (*cum laude*) te verwerf moet jy 'n gemiddelde van 75% behaal, asook 75% in elk van minstens vier afsonderlike modules.

## Navrae

| Rigting | Kontakpersoon | Telefoonnommer | E-posadres |
|---|---|---|---|
| **HonsBEd-programme** | | | |
| Algemene navrae | Me N Swartz | 021 808 2122 | nswartz@sun.ac.za |
| Grondslagfase-onderwys | Dr L Bosman | 021 808 2268 | lindabosman@sun.ac.za |
| Kurrikulumondersoek | Dr ML Botha | 021 808 2293 | lbot@sun.ac.za |
| Onderwysontwikkeling en Demokrasie | Dr JP Joorst | 021 808 2419/ 2398 | jpjoorst@sun.ac.za |
| Opvoedkundige Ondersteuning | Dr C Jacobs | 021 808 9618 | carmelitaj32@sun.ac.za |
| Taalonderwys | Dr S Bishop Swart | 021 808 2300 | sbishop@sun.ac.za |

## Webtuiste vir meer besonderhede:

www.su.ac.za/aansoek/nagraads

### 3.1.2 HonsBEd-programme

Die Fakulteit Opvoedkunde bied die volgende honneursprogramme wat deur middel van 'n gemengdeleermodus aangebied word:

- Grondslagfase-onderrig
- Kurrikulumondersoek
- Opvoedkundige Ondersteuning
- Opvoedkundige Ontwikkeling en Demokrasie
- Taalonderwys

## Duur van programme

Jy kan inskryf om hierdie programme in **een jaar** of oor **twee jaar** te voltooi. Indien jy verkies om jou gekose program oor twee jaar te voltooi, word sommige van die modules en ook die navorsingsprojek in die tweede jaar voltooi.

## Aanbiedingstruktuur

Die gemengde leermodus beteken dat hierdie programme bestaan uit 'n mengsel van:

- Aangesig-tot-aangesig-kontaksessies op kampus
- Telematiese uitsendings (regstreeks aanlyn uitgesaai) en MS Teams-sessies.
- Elektroniese leer wat gebruik maak van SUNLearn (die leerbestuurstelsel van Universiteit Stellenbosch) wat moderne onderrigtegnieke, aanlynbesprekingsgroepe met medestudente en dosente, elektroniese opdragte en meer behels.

### Kontaksessies op kampus

Daar is twee verpligte kontaksessies van een blokweek elk. Hierdie sessies vind plaas tydens die Maart/April-skoolvakansie en die Junie/Julie-skoolvakansies om dit toeganklik te maak vir werkende onderwyskundiges en vir studente wat nie in of naby Stellenbosch woon nie. Die datums van die kontaksessies sal jaarliks aangepas word om die skole- en universiteitskalenders te pas.

Neem asseblief kennis dat bywoning van die kontaksessies op kampus verpligtend is. As jy by hierdie sessies afwesig is, kan dit onbevredigende klasbywoning oplewer en werk wat nie aan die programuitkomste voldoen nie. Volgens die Deel 1 (Algemene Reëls) van die US Jaarboek kan dosente, indien hulle jou werk as onbevredigend beskou of jou afwesigheid by klasse opmerk, die saak eskaleer, wat daartoe kan lei dat jy druip of vir die module(s) of program gederegistreer word.

Indien jy geregistreer is om die program oor twee jaar te voltooi, moet jy die kontaksessies van die betrokke modules waarvoor jy in die bepaalde jaar geregistreer is, bywoon. 'n Program vir die kontaksessies sal ingesluit wees by programgidse en moduleraamwerke en sal aan die begin van elke studiejaar elektronies versprei word.

*Kontaksessie 1:* Maart/April-skoolvakansie (afhangende van die skoolkalender)

*Kontaksessie 2:* Junie/Julie-skoolvakansie

### Assessering

Alle HonsBEd-programme volg 'n benadering van buigsame assessering wat 'n verskeidenheid assesseringsmetodes en -modaliteite behels. Jy sal oor die assesseringsplan vir elke module ingelig word sodra die module begin.

### Programstruktuur

Elke program word verteenwoordig deur 'n **ankermodule** met 'n kredietwaarde van minstens 120 krediete, en sluit die volgende in:

- 'n verpligte **kernmodule:** Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde
- 'n verpligte module in algemene opvoedkundige navorsingsmetodologie
- 'n verpligte module in vakrigting-gefokusde navorsingsmetodologie
- 'n verpligte navorsingsprojek
- vier ander modules (met keuses in sommige programme).

Geen module is 'n voorvereiste vir 'n volgende module nie. Die modules vir elke program word hieronder gelys en meer besonderhede oor elke module word alfabeties volgens vakke in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" aangedui.

## 3.1.2.1 HonsBEd (Grondslagfase-onderwys)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Die spesifieke vereistes vir hierdie program fokus op grondslagfaseonderwys en behels die volgende:

- 'n Toepaslike universiteitsgraad en 'n *grondslagfaseonderwysdiploma* (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD);

  *of*
- 'n Toepaslike universiteitsgraad en *grondslagfaseonderwyskwalifikasie* wat deur die Senaat as voldoende beskou word vir hierdie doel (bv. POS, POD, HPOD);

  *of*
- 'n Erkende vierjarige naskoolse kwalifikasie, insluitend 'n *professionele grondslagfaseonderwyskwalifikasie*.

Bykomend tot die vereistes hierbo genoem:

- 'n Gemiddelde van minstens 60% vir Literatuuronderrig op grondslagfasevlak sowel as grondslagfasewiskunde in jou finale jaar van studie, soos hierbo genoem.
- 'n Minimum gemiddelde van 65% vir die finale jaar van studie.

### Keuring

Hierdie program is 'n keuringsprogram:

- Keuring vind plaas na die sluitingsdatum in Augustus.
- Keuring geskied op grond van voormalige akademiese prestasie en relevante onderrigervaring.
- 'n Beperkte aantal studente word jaarliks tot die program toegelaat.

### Programinhoud

Hierdie program fokus op verdere studie van grondslagfaseonderrig. Die doel is om jou vermoë te ontwikkel om as 'n onderrigleier in Geletterdheidsonderrig én Wiskunde-onderwys vir die grondslagfase te kan optree.

Indien jy inskryf om die program in een jaar te voltooi:

### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Grondslagfase-onderwys | 778(120) |

### Verpligte jaarmodules

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Grondslagfase-onderwys) | 773(30) |
| Kritiese Perspektiewe vir Grondslagfasestudies | 775(20) |
| Geletterheidsonderwys en -leierskap (Grondslagfase) | 772(20) |
| Wiskunde-onderwys (Grondslagfase) | 771(20) |

### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 711(10) |
| Navorsingsmetodologie (Grondslagfaseonderwys) | 711(5) |
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |

### Keusemodules

Hierdie rigting het geen keusemodules nie.

Indien jy inskryf om die program oor twee jaar te voltooi:

### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Grondslagfaseonderwys | 778(120) |

#### EERSTE STUDIEJAAR

#### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |

#### Verpligte jaarmodules

| | |
|---|---|
| Kritiese Perspektiewe vir Grondslagfasestudies | 775(20) |
| Geletterheidsonderwys en -leierskap (Grondslagfase) | 772(20) |
| Wiskunde-onderwys (Grondslagfase) | 771(20) |

#### TWEEDE STUDIEJAAR

#### Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Grondslagfaseonderwys) | 773(30) |

#### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 711(10) |
| Navorsingsmetodologie (Grondslagfaseonderwys) | 711(5) |

#### Keusemodules

Hierdie rigting het geen keusemodules nie.

## 3.1.2.2 HonsBEd (Kurrikulumondersoek)

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Vir toegang tot een van die vakdissiplinemodules (met die uitsondering van Omgewingsopvoeding):
  - As jy 'n BEd-graad voltooi het:
    - Jy moes die betrokke vakdissipline as 'n hoofvak voltooi het tot en met jou finale studiejaar.
    - Indien jy jou BEd-graad by 'n ander instansie voltooi het, moet jy bewys lewer dat jy die betrokke vakdissipline as 'n hoofvak voltooi het volgens die vereistes van jou gekose program.
  - As jy 'n ander universiteitsgraad voltooi het, gevolg deur 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (of

soortgelyke kwalifikasie):
- jy moes die vakdissipline minstens tot en met jou tweede jaar (voorgraads) voltooi het

*en*

- die kurrikulumfokus vir die vak gedurende jou NOS-studies voltooi het (met ander woorde as 'n Onderrigmodule).

- Vir toelating tot die Omgewingsopvoeding- of Kurrikulumverandering-modules:
  - Die algemene toelatingsvereistes vir die HonsBEd-program geld.
- Onderwyservaring word aanbeveel, maar is nie 'n vereiste nie.

## Programinhoud

Hierdie program fokus daarop om jou aan kurrikulumnavorsing as studieveld bekend te stel en daarin te ontwikkel. Die program bied jou 'n breë basis van waar jy 'n beter begrip van die internasionale kurrikulumdebatte kan ontwikkel en kan verstaan hoe hierdie debatte die Suid-Afrikaanse konteks beïnvloed.

Indien jy inskryf om die program in een jaar te voltooi:

## Ankermodule

| | |
|---|---|
| Kurrikulumondersoek | 778 (120) |

## Verpligte jaarmodules

| | |
|---|---|
| Kurrikulumstudie: Kritiese Kwessies, Konsepte en Debatte | 772 (30) |
| Navorsingsprojek (Kurrikulumondersoek) | 771 (35) |

## Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 711(10) |
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |

## Keusemodules

Jy moet **een** van die volgende modules kies en daarvoor kwalifiseer:

| | |
|---|---|
| Kritiese Kwessies en Debatte: Geskiedenisonderwys | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Ekonomiese- en Besigheidstudies-onderwys | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Liggaamlike Opvoeding-onderwys | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Kurrikulumverandering | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Omgewingsopvoeding | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Wetenskappe-onderwys | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Wiskunde-onderwys | 771 (30) |

Indien jy inskryf om die program oor twee jaar te voltooi:

## Ankermodule

| | |
|---|---|
| Kurrikulumondersoek | 778 (120) |

### EERSTE STUDIEJAAR

## Verpligte jaarmodules

| | |
|---|---|
| Kurrikulumstudie: Kritiese Kwessies, Konsepte en Debatte | 772 (30 |

## Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |

## Keusemodules

Jy moet **een** van die volgende modules kies en daarvoor kwalifiseer:

| | |
|---|---|
| Kritiese Kwessies en Debatte: Ekonomiese- en Besigheidstudies-onderwys | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Geskiedenisonderwys | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Kurrikulumverandering | 771 (30) |

| | |
|---|---|
| Kritiese Kwessies en Debatte: Liggaamlike Opvoedingonderwys | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Omgewingopvoeding | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Wetenskappe-onderwys | 771 (30) |
| Kritiese Kwessies en Debatte: Wiskunde-onderwys | 771 (30) |

#### TWEEDE STUDIEJAAR

#### Verpligte jaarmodules

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Kurrikulumondersoek) | 771 (35) |

#### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 711(10) |

### 3.1.2.3 HonsBEd (Opvoedkundige Ondersteuning)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Minimum van een jaar se aaneenlopende formele onderrigervaring.
- Minstens 65% gemiddeld vir die finale jaar van voorgraadse opvoedkundige studie.

#### Keuring

Hierdie program is 'n keuringsprogram.

- Keuring vind jaarliks plaas na die sluitingsdatum in Julie.
- Keuring vind plaas op grond van voormalige akademiese prestasie en relevante onderrigervaring.
- 'n Beperkte aantal studente word jaarliks tot die program toegelaat.
- Indien meer as die beperkte aantal studente vir die program kwalifiseer, sal die kwalifiserende studente 'n akademiese skryfopdrag voltooi. Die topstudente sal dan op grond van die opdrag geïdentifiseer en vir die program gekies word.

#### Verdere studiemoontlikhede

Die HonsBEd is 'n voorvereiste vir die graad MEd (Opvoedkundige Ondersteuning).

Let wel: Jy kan nie op grond van hierdie HonsBEd-graad aansoek doen om toelating tot die gestruktureerde MEd (Psig)-program nie.

#### Programinhoud

Die ondersteuning van diverse behoeftes van leerders inklusief benader om aan alle leerders betekenisvolle deelname te bied. Die HonsBEd (Opvoedkundige Ondersteuning) bied 'n kombinasie van teorie en praktiese toepassing sodat jy as onderwyskundige leerders met diverse behoeftes kan onderrig, assesseer en ondersteun.

Indien jy inskryf om die program in een jaar te voltooi:

#### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Ondersteuning | 787(120) |

#### Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Opvoedkundige Ondersteuning) | 772(30) |

#### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 711(10) |
| Interpretatiewe Navorsing | 711(5) |
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |
| Volwasseneleer en -ondersteuning | 711(15) |
| Leer en Kognisie | 711(15) |

### Verpligte tweedesemestermodules

| | |
|---|---|
| Leeruitdagings | 744(15) |
| Leerondersteuning | 744(15) |

### Keusemodules

Hierdie program het geen keusemodules nie.

Indien jy inskryf om die program oor twee jaar te voltooi:

### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Ondersteuning | 787(120) |

#### EERSTE STUDIEJAAR

### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Volwasseneleer en -ondersteuning | 711(15) |
| Leer en Kognisie | 711(15) |
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |

### Verpligte tweedesemestermodules

| | |
|---|---|
| Leerondersteuning | 744(15) |
| Leeruitdagings | 744(15) |

#### TWEEDE STUDIEJAAR

### Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Opvoedkundige Ondersteuning) | 772(30) |

### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 771(10) |
| Interpretatiewe Navorsing | 711(5) |

### Keusemodules

Hierdie program het geen keusemodules nie.

## 3.1.2.4 HonsBEd (Opvoedkundige Ontwikkeling en Demokrasie)

### Programinhoud

Hierdie program stel jou in staat om die konseptuele verband tussen die teoretiese perspektiewe en die professionele omgewing te lê en te verduidelik, en om 'n kritiese begrip van die huidige beleidskonteks en die betekenisdraers van verandering te ontwikkel.

Indien jy inskryf om die program in een jaar te voltooi:

### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Onderwysontwikkeling en Demokrasie | 778(120) |

### Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Onderwysontwikkeling en Demokrasie) | 771(30) |

### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 771(10) |
| Inleiding Navorsingsmetodologie in Opvoedingsbeleidstudies | 712(5) |
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |
| Onderwys in demokrasie | 711(15) |
| Ontwikkeling, Organisasies en Onderwysbeleid | 713(15) |

### Verpligte tweedesemestermodules

| | |
|---|---|
| Onderwysleierskap en -bestuur | 744(15) |
| Onderwys en Samelewing | 744(15) |

### Keusemodules

Hierdie program het geen keusemodules nie.

Indien jy inskryf om die program oor twee jaar te voltooi:

### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Onderwysontwikkeling en Demokrasie | 778(120) |

#### EERSTE STUDIEJAAR

### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |
| Onderwys in Demokrasie | 711(15) |
| Onderwysleierskap en -bestuur | 713(15) |

### Verpligte tweedesemestermodule

| | |
|---|---|
| Ontwikkeling, Organisasies en Onderwysbeleid | 744(15) |
| Onderwys en Samelewing | 744(15) |

#### TWEEDE STUDIEJAAR

### Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Onderwysontwikkeling en Demokrasie) | 771(30) |

### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 771(10) |
| Inleiding tot Navorsingsmetodes | 712(5) |

### Keusemodules

Hierdie program het geen keusemodules nie.

## 3.1.2.5 HonsBEd (Taalonderwys)

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Hoë vlak van prestasie (60% +) in die taalmodules van die finale jaar van jou voorgraadse studie.

### Programinhoud

Die HonsBEd (Taalonderwys)-program verdiep jou kennis van die taalonderwys in Afrikaans, Engels en isiXhosa. Verder fokus dit op veeltalige onderwys, kreatiewe skryf en leksikografie.

*Neem kennis:* Nie alle keusemodules word noodwendig elke jaar aangebied nie. 'n Beperkte aantal studente word normaalweg vereis. As gevolg van die struktuur van die program, het slegs studente wat die program oor twee jaar volg die opsie om twee tale as Kurrikulumstudiemodules aan te bied. Kontak asseblief die programkoördineerder indien jy hierdie keuse wil uitoefen.

Indien jy inskryf om die program in een jaar te voltooi:

### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Taalonderwys | 778(120) |

### Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Taalonderwys) | 771(30) |

## Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 711(10) |
| Taalonderrignavorsing | 711(5) |
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |
| Taalbeleid en Meertalige Onderwys | 711(15) |

## Keusemodules

Kies enige **een** keusemodule uit Groep A en **twee** keusemodules uit Groep B:

## Keusemodules aangebied in die eerste semester

Groep A

| | |
|---|---|
| Afrikaans Kurrikulumstudie | 711(15) |
| English Curriculum Studies | 711(15) |
| IsiXhosa Kurrikulumstudie | 711(15) |

## Keusemodules aangebied in die tweede semester

Groep B

| | |
|---|---|
| Onderrig van Kreatiewe Skryfkunde | 744(15) |
| Digitale Pedagogie vir Taalonderrig | 744(15) |
| Pedagogiese Leksigrafie | 711(15) |

Indien jy inskryf om die program oor twee jaar te voltooi:

## Ankermodule

| | |
|---|---|
| Taalonderwys | 778(120) |

### Eerste studiejaar

## Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde | 711(15) |
| Taalbeleid en Meertalige Onderwys | 711(15) |

## Keusemodules

Kies enige **een** keusemodule uit Groep A en **twee** keusemodules uit Groep B

## Keusemodules aangebied in die eerste semester

Groep A

| | |
|---|---|
| Afrikaans Kurrikulumstudie | 711(15) |
| English Curriculum Studies | 711(15) |
| IsiXhosa Kurrikulumstudie | 711(15) |

## Keusemodules aangebied in die tweede semester

Groep B

| | |
|---|---|
| Digitale Pedagogie vir Taalonderrig | 744(15) |
| Pedagogiese Leksigrafie | 711(15) |
| Onderrig van Kreatiewe Skryfkunde | 744(15) |

### Tweede studiejaar

## Verpligte jaarmodule

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek (Taalonderwys) | 771(30) |

### Verpligte eerstesemestermodules

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Navorsing | 711(10) |
| Taalonderrignavorsing | 711(5) |

# 4. Magisterprogramme

Vir reëls oor sake soos die formaat, druk en bind van tesisse, voortgesette registrasie en die onderbreking van magisterstudie, asook die gedragskode vir die studieleier en student, kyk onder "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek. Gedetailleerde riglyne wat betref die aanvanklike kontak met departemente, die voorbereiding van 'n navorsingsvoorstel en vordering met nagraadse studies word in die *Studentegids vir nagraadse onderrig* vervat. Dit is beskikbaar op die Fakulteit se webblad onder die opskrif Nagraadse Programme. Hierdie riglyne moet saam met die inligting wat hieronder verskyn, gelees word.

## 4.1 MEd

Die MEd-program bestaan uit 'n voltesisopsie in verskillende vakgebiede binne die Opvoedkundestudie, asook gestruktureerde MEd-opsies.

### 4.1.1 Toelatingsvereistes, keurings- en ander inligting wat vir alle MEd-programme geld

#### Toelatingsvereistes

##### Kwalifikasie

Vir toelating tot die MEd-program moet jy:

- in besit wees van die HonsBEd-graad van hierdie Universiteit, *of* 'n ander vierjarige baccalaureusgraad in die Opvoedkunde wat die Senaat vir die doel goedgekeur het;

  *of*
- in besit wees van 'n honneurs-baccalaureusgraad op vlak 8 wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het *én* 'n goedgekeurde onderwysdiploma (aanvullende studie in die Opvoedkunde kan van jou vereis word);

  *of*
- 'n ander akademies-professionele studiekombinasie geslaag het wat vir die doel van aansluiting deur die Senaat as geskik geag word, onder meer vierjarige beroepsgerigte grade wat nie 'n Opvoedkunde-komponent insluit nie en 'n onderwysdiploma (aanvullende Opvoedkundestudie sal van jou vereis word);

  *of*
- op 'n wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is (aanvullende studie in die Opvoedkunde sal van jou vereis word).

##### Voorwaardes vir toelating

Om vir toelating oorweeg te word op grond van jou bogenoemde kwalifikasie geld die volgende twee voorwaardes:

- Jy moet 'n algehele gemiddelde van minstens 60% vir jou HonsBEd- of ekwivalente studie behaal het
- Die betrokke departement moet die kapasiteit hê om die program aan te bied.

##### Navorsingsmetodologie op honneursvlak

- 'n Module in navorsingsmetodologie op honneursvlak is 'n **vereiste** as jy vir 'n voltesis-magistergraad wil inskryf.
- Vir die gestruktureerde MEd-opsies is dit wenslik dat jy ook 'n module in navorsingsmetodologie op honneursvlak geslaag het.

##### Spesifieke toelatingsvereistes vir die onderskeie programme

Kyk onder die onderskeie gestruktureerde MEd-programme vir elkeen se spesifieke toelatingsvereistes.

#### Keuring

Jy moet gekeur word om toegelaat te word tot MEd-studie.

#### Vereistes vir verwerwing van die graad MEd

As jy in besit is van die HonsBEd-graad van hierdie Universiteit, of 'n ander vierjarige baccalaureusgraad in

die Opvoedkunde wat die Senaat vir die doel goedgekeur het (kyk kolpunt 1 onder "Kwalifikasie" hierbo), moet jy minstens een akademiese jaar as student vir die MEd-program by die Universiteit ingeskryf wees om die graad MEd te verwerf. In alle ander gevalle (kyk kolpunte 2-4 hierbo) is dit twee jaar.

As jy 'n MEd-program volg, moet jy ook aanverwante werk oor die vakgebied lewer soos die betrokke dosente dit mag voorskryf.

*Duur van die program*

Die maksimum aantal jare vir registrasie in 'n MEd program is drie jaar.

### Aansoekprosedure en sluitingsdatum

- Jy moet skriftelik aansoek doen om tot 'n MEd-program toegelaat te word.
- Die gestruktureerde programme word net aangebied as daar minstens **vyf** studente toegelaat word.
- Die sluitingsdatum vir aansoeke is normaalweg **30 September** van die jaar voor toelating**,** maar *let op:* vir die programme MEd (Psig) en MEd (Opvoedkundige Ondersteuning) is dit **30 Junie** (van die jaar voor toelating).
- Nuwe aansoekers doen aanlyn aansoek op die volgende webblad: www.su.ac.za/aansoek/nagraads.
- As jy tans by die Universiteit Stellenbosch as student geregistreer is, kan jy per e-pos by die Fakulteitsadministrateur aansoek doen:

  Me EE Louwrens
  E-pos: eel@sun.ac.za

### Programstruktuur en -inhoud

Meer oor die struktuur en inhoud van die onderskeie MEd-programme verskyn hieronder. Beskrywings van die inhoud van spesifieke modules verskyn in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude". Kyk die inhoudsopgawe en alfabetiese lys van vakke agter in die boek vir bladsynommers.

## 4.1.2 MEd (Navorsing)

### Vereistes vir verwerwing van die graad MEd (Navorsing)

Om hierdie graad te verwerf, moet jy:

'n navorsingstesis (100%-voltesis) met 'n kredietwaarde van 180 inlewer. Die lengte van die tesis is normaalweg tussen 40 000 en 50 000 woorde en dit hanteer 'n verdedigbare argument wat nie noodwendig 'n oorspronklike bydrae is nie. In sekere gevalle mag 'n mondelinge eksamen vereis word, soos voorgeskryf in die Fakulteit se *Riglyne vir die Nie-Eksaminerende Voorsitter van 'n Magistereksamineringspaneel.*

### Programstruktuur

Jy kan vir een van die onderstaande programrigtings aansoek doen vir die MEd (Navorsing).

*Let op:* **Hierdie rigtings bestaan elkeen uit 'n 100%-tesis en moet nie met die gestruktureerde magistergrade verwar word nie.**

- 66516-872 (180) Kurrikulumstudie (100%-tesis)
- 66524-872 (180) Opvoedingsbeleidstudie (100%-tesis)
- 66532-872 (180) Opvoedkundige Ondersteuning (100%-tesis)

## 4.1.2.1 MEd (Kurrikulumstudie) (Voltesis)

### Programinhoud

Die primêre doel van die MEd-program (Kurrikulumstudie) is die volgende:

- Help om 'n kritiese begrip van kurrikulumteorie, -ontwerp en -implementering in diverse opvoedkundige kontekste te ontwikkel.
- Ontleed, kritiseer en verbeter kurrikulumteorie, -ontwerp en -implementering deur middel van bewysgebaseerde navorsing; ontwikkel die vaardighede om verandering te lei, te ontplooi en te bevorder.
- Verbeter navorsingsvaardighede om kurrikulumtransformasie te dryf.
- Ontwikkel innoverende kurrikulumleierskap in reaksie op leerders se ontwikkelende behoeftes.

'n Sekondêre doelwit is om jou toe te rus met die navorsingsvaardighede wat dit verg om verdere gevorderde studies op doktorale vlak te onderneem en om deeglike kurrikulumnavorsing uit te voer. Hierdie doelwitte sluit die bevoegdheid in om as kurrikulumnavorser en transformerende leier in professionele opvoedkundige kontekste te funksioneer.

Voorbeelde van temas wat behandel word:

- kurrikulumteorie en -raamwerke in hedendaagse opvoedkundige kontekste (beide plaaslik en

globaal); waardes in die onderwys, waaronder die volgende: gelykberegtiging, vryheid, diversiteit, regverdigheid en billikheid, onderlinge kompromieë, praktiese beredenering en gemeenskap;
- kritiese ontleding van kurrikulumteorieë en die implikasies daarvan vir die onderrig;
- navorsingsontwerp en -metodologie vir kurrikulumteoriestudies met behulp van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes;
- pedagogiese strategieë vir die verbetering van skool- en leerderprestasie;
- kurrikulumvernuwing en -innovasie in 21ste-eeuse leerruimtes;
- dekolonisering van kurrikuluminhoud en pedagogiese praktyke in Afrika- en Suid-Afrikaanse kontekste; en
- sosiale geregtigheid, billikheid en transformasie in kurrikulumontwerp vir inklusiewe opvoedkundige omgewings.

### Navrae

Programkoördineerder: Prof M van der Merwe
Departement Kurrikulumstudie
Tel.: 021 808 2396 e-pos: michelevdm@sun.ac.za

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

## 4.1.2.2 MEd (Opvoedingsbeleidstudie) (Voltesis)

### Programinhoud

Die primêre doel van die MEd-program (Opvoedingsbeleidstudie) is om:

- jou as opvoeder te ondersteun in die ontwikkeling van kritiese begrip van opvoedingsbeleid in die konteks van demokratiese transformasie;
- jou uit te daag om oor opvoedingsteorieë, -beleid en -praktyke na te dink, dit te analiseer, te bevraagteken en te ontwikkel;
- jou vaardighede om verandering te lei, te ontplooi en te bevorder; en
- jou aan te moedig om kreatief antwoorde op die uitdagings van diversiteit te skep.

As sekondêre doel wil die program jou met navorsingsvaardighede toerus sodat jy verdere gevorderde studie op doktorale vlak en navorsing in Opvoedingsbeleidstudie as studieveld kan onderneem. Hierdie doelstellings sluit die vaardighede in om as deel van jou beroep navorsing te doen oor opvoedingsbeleid.

Onder die temas wat behandel word, is:

- Demokratiese praktyke en onderwystransformasie, onder meer beleidsontwikkeling binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks;
- Waardes in die onderwys, waaronder die volgende: gelykberegtiging, vryheid, diversiteit, regverdigheid en billikheid, gedeelde kompromieë, praktiese beredenering en gemeenskap;
- Globalisering, internasionalisering en vryemark-ideologie;
- Die dinamiek van sentralisering en desentralisering van mag;
- Internasionale vergelykende studies oor skool-effektiwiteit en leerderprestasie;
- Die leerinstelling en kwaliteitsorg vir instruksionele verandering;
- Die ontwikkeling van ondersteunende prosesse, sisteme (organisasiebou) en finansiering.

### Navrae

Programkoördineerder: Prof N Davids
Departement Opvoedingsbeleidstudie
Tel.: 021 808 2877 e-pos: nur@sun.ac.za

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

## 4.1.3 MEd (Gestruktureerd)

### Vereistes vir verwerwing van die graad MEd (Gestruktureerd)

- Jy moet:
  - 'n program van gevorderde studie voltooi, soos voorgeskryf deur 'n bepaalde departement;
  - 'n eksamen wat uit skriftelike vraestelle bestaan, slaag; en
  - 'n tesis inlewer wat van navorsingsbekwaamheid getuig.
- 'n Praktiese eksamen kan ook in bepaalde studierigtings vereis word.
- Die tesis kan vervang word deur 'n navorsingskomponent wat bestaan uit 'n portefeulje van werkstukke, gevallestudies, ens. Elkeen van die portefeuljestukke moet in omvang en inhoud minstens voldoen aan die vereistes van 'n wetenskaplike artikel.

*Let op:* Dit is nie noodwendig moontlik om in alle programme al die bogemelde opsies uit te oefen nie.

## Duur van program

Die duur van 'n gestruktureerde MEd-program is een jaar voltyds of twee jaar deeltyds, met die moontlikheid om dit vir 'n verdere jaar te verleng

Bloksessies word oor die twee jaar versprei, afhangende van omstandighede in die Fakulteit.

## Promosiebepalings

Jy moet 50% behaal om die program as geheel, asook die navorsingsgedeelte van die program, te slaag

## Programstruktuur

Alle gestruktureerde MEd-programme maak voorsiening vir een of meer van die volgende opsies (volgens departementele besluit):

- **'n Tesis plus 'n programgedeelte**
  - Die tesis:
    - is normaalweg tussen 20 000 en 30 000 woorde lank,
    - hanteer 'n verdedigbare argument wat op navorsing van beperkte omvang gebaseer is, en
    - tel 50% van die finale punt.
  - Die programgedeelte:
    - sluit skriftelike en/of mondelingse eksamens in
    - tel 50% van die finale punt.
- **'n Navorsingsportefeulje in plaas van 'n tesis**
  - Die navorsingsportefeulje:
    - word saamgestel uit werkstukke en/of gevallestudies en/of navorsingsverslae
    - tel 50% van die finale punt.
  - Die portefeuljestukke moet elkeen in omvang en inhoud voldoen aan die vereistes van 'n wetenskaplike artikel.
- **'n Navorsingsportefeulje plus 'n verswaarde programgedeelte**
  - Die navorsingsportefeulje:
    - word saamgestel uit werkstukke en/of gevallestudies en/of navorsingsverslae
    - tel 34% van die finale punt.
  - Die portefeuljestukke moet elkeen in omvang en inhoud voldoen aan die vereistes van 'n wetenskaplike artikel.
  - Die programgedeelte:
    - sluit skriftelike eksamens in
    - tel 66% van die finale punt.

### 4.1.3.1 MEd (Kurrikulumstudie) (Gestruktureerd)

Geen studente word in 2026 tot hierdie program toegelaat nie.

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Normaalweg moes jy toepaslike modules vir die skoolvak van jou spesialiseringsrigting tot op minstens derdejaarsvlak op universiteit geslaag het.
- Jy moet oor toepaslike of ekwivalente ervaring binne jou beoogde spesialiseringsrigting beskik. Jy moet ook minstens twee jaar werklike onderwyservaring hê in die betrokke skoolvak waarin jy wil spesialiseer.

## Duur van program

Die program word oor minstens twee akademiese jare aangebied.

## Assessering en eksaminering

Buigsame en summatiewe assessering, wat soos volg gebruik word:

- Ten minste een opdrag in elk van die verpligte modules.
- Ten minste twee opdragte in die keusemodule: een opdrag in elke semester.

## Navrae

Programkoördineerder: Hierdie inligting is nie tans beskikbaar nie.
Departement Kurrikulumstudie
Tel.: Hierdie inligting is nie tans beskikbaar nie. E-pos: Hierdie inligting is nie tans beskikbaar nie.

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

## Programstruktuur

Jy moet die volgende afhandel:

- twee verpligte vakke,
- een keusevak (spesialiseringsrigting), en
- 'n navorsingsprojek van beperkte omvang.

Die navorsingsprojek hou normaalweg met die keusevak verband. Hierdie navorsingsprojek kan 'n minitesis of 'n navorsingsportefeulje wees.

## Programinhoud

Die primêre doel van die program is om aan jou die geleentheid te gee om nagraads te studeer in die Kurrikulumstudie. Sodoende kry jy die kans om die nodige kurrikulumkundigheid te ontwikkel en om as leier onderwysvernuwing in skoolgemeenskappe te help fasiliteer.

Die sekondêre doel van die program is om jou as opvoeder te help om die nodige vaardighede te ontwikkel om as reflektiewe praktisyn in 'n skool te funksioneer. Dit word gedoen deur jou bekend te stel aan die praktyke en metodologieë van opvoedkundige navorsing.

Om hierdie doelstellings te verwesenlik moet jy die bepaalde kritieke, ontwikkelings- en programuitkomste bemeester.

## Ankermodule

| | |
|---|---|
| Kurrikulumstudie | 879(180) |

### EERSTE JAAR (90 KREDIETE)

## Verpligte submodules

| | |
|---|---|
| Kurrikulumstudie | 812(25) |
| Opvoedkundige Navorsing | 813(25) |

## Keuse-submodules

| | |
|---|---|
| Kurrikulumstudie | 872(40) |
| Omgewingsopvoeding | 872(40) |
| Wiskunde-onderwys (skoolvak) | 872(40) |
| Natuur- en Skeikunde-onderwys (skoolvak) | 872(40) |
| Lewensoriëntering | 872(40) |
| Geografie-onderwys (skoolvak) | 872(40) |
| Afrikaans-onderwys (skoolvak) | 872(40) |
| Engels-onderwys (skoolvak) | 872(40) |
| Besigheidstudies-onderwys (skoolvak) | 872(40) |

### TWEEDE JAAR (90 KREDIETE)

| | |
|---|---|
| Navorsingstesis | 874(90) |

### 4.1.3.2 MEd (Opvoedkundige Ondersteuning) (Gestruktureerd)

Geen studente word in 2026 tot hierdie program toegelaat nie.

## Keuring

- Hierdie is 'n keuringsprogram.
- Dit word aanbeveel dat jy minstens twee jaar onderwysondervinding moet hê.
- Normaalweg laat ons 'n maksimum van TIEN studente toe en bied ons die program net aan as daar

minstens AGT studente registreer.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

- Daar word net elke tweede jaar studente ingeneem vir hierdie program. Doen dus asseblief eers navraag voordat jy aansoek doen. Skakel 021 808 2308 of 021 808 4831.
- Doen skriftelik aansoek.
- Die sluitingsdatum is **30 Junie** van die jaar voor toelating.

## Duur van program

Die program word oor 'n periode van twee akademiese jare aangebied deur middel van kontakonderwys.

## Assessering en eksaminering

- Die modules (navorsingstesis uitgesluit) word deur middel van buigsame assessering geëksamineer en tel saam 50% van die finale punt.
- Jy moet werkstukke en/of aanbiedings vir elke gedoseerde module doen.
- Jy moet 'n finale aanbieding en/of mondelinge eksamen vir elke module aflê.
- Jy moet 'n slaagpunt van minstens 50% in elk van die afsonderlike modules (tesis ingesluit) behaal.
- Die tesis tel 50% van die programpunt.
- Die finale punt word toegeken vir die ankermodule Opvoedkundige Ondersteuning 879(180).

## Navrae

Departement Opvoedkundige Sielkunde

Keuring en programnavrae: Mev A Grootboom
Tel.: 021 808 2308 E-pos: grootbooma@sun.ac.za

Programkoördineerder: Prof MC Moen
Tel.: 021 808 2319 of 021 808 2308 E-pos: melaniem@sun.ac.za

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

## Programinhoud

Die doel van hierdie program is:

- om jou as opvoeder toe te rus om elke leerder wat spesiale onderwysbehoeftes het, se potensiaal in sy unieke konteks (formele en nie-formele skoolgemeenskappe) te kan identifiseer, en
- om leerhindernisse in skole en gemeenskappe te kan voorkom, identifiseer en ondersteun.

## Ankermodule

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Ondersteuning | 879(180) |

## Verpligte submodules

| | |
|---|---|
| Inklusiewe Onderwys, Assessering en Leer-ondersteuning | 873(30) |
| Hulpverlening in skool- en gemeenskapsverband | 872(30) |
| Inleiding tot Kwalitatiewe Navorsingsmetodologie | 872(30) |
| Navorsingstesis | 874(90) |

### 4.1.3.3 MEd (Psig) (Gestruktureerd) (Laaste inname 2024)

Indien jy hierdie program, sowel as die daaropvolgende twaalf maande voorgeskrewe internskap suksesvol voltooi, sal jy as opvoedkundige sielkundige by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) kan registreer.

## Spesifieke toelatingsvereistes

a) Die volgende kwalifikasie:

- 'n HonsBEd-graad (Opvoedkundige Sielkunde) *of*
- 'n BEd (Psig)-graad *of*
- 'n goedgekeurde honneursgraad in die Sielkunde saam met 'n goedgekeurde professionele onderwyskwalifikasie *of*
- 'n ander akademies-professionele studiekombinasie wat vir die doel van aansluiting deur die Senaat as geskik geag word. Aanvullende studie kan in hierdie geval vereis word.

b) 'n Minimum van twee jaar aaneenlopende, formele onderrigervaring of ekwivalente onderrigervaring wat deur die Senaat as geskik geag word.

c) 'n Minimum van 65% vir Opvoedkundige Sielkunde of sielkunde-georiënteerde vakke geslaag op NKR-vlak 8.

## Keuring

- Hierdie is 'n keuringsprogram.
- Keuring vind jaarliks ná Julie plaas.
- Normaalweg laat ons 'n maksimum van TWAALF en 'n minimum van AGT studente tot die program toe.

## Internskap

- **Toelatingsvereistes vir internskap:**
    - Registrasie as intern-sielkundige by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika *en*
    - 'n MEd (Psig)-kwalifikasie in Opvoedkundige Sielkunde
- **Duur van internskap en aanbiedingstruktuur:**
    - 'n Minimum van een jaar voltydse en aaneenlopende internskap.
    - Raadpleeg Vorm 160 op die RGBSA-webwerf vir die nuutste regulasies.
- Internskappe word goedgekeur deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, en staan onder toesig van die Departement Opvoedkundige Sielkunde. Jou internskapprogram moet ten minste vyf maande voor jy beplan om met die internskap te begin aan die Departement voorgelê word. Daarna word dit na die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika gestuur vir goedkeuring.
- Die onus rus op jou as student om self jou internskap by 'n geakkrediteerde instelling te reël.

## Sluitingsdatum vir aansoeke

Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 Junie** in die jaar voor toelating.

## Duur van program en aanbiedingstruktuur

- Die kursuswerk van die program strek voltyds oor een jaar of deeltyds oor twee jaar, waartydens 'n navorsingstesis ook voltooi moet word. 'n Verdere jaar van voltydse internskap word vir registrasie by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika vereis (vir meer besonderhede, kyk "internskap" hierbo).
- Jy moet jou navorsingstesis voltooi voordat jy met die internskap mag begin.
- Jy moet jou studie voltooi binne die tydperk wat die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika daarvoor toelaat. Beide die kwalifikasie en internskap moet binne drie jaar voltooi word.

## Assessering en eksaminering

- Assessering bestaan uit formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede in elke module.
- Deurlopende ondersteuningstrategieë word in die onderskeie modules se werkprogramme aangedui, en maak deel uit van die onderrig-en-leerkurrikulum. Jy moet **vir elke module wat tydens die eerste studiejaar van die program gevolg word,** 'n **finale punt** van **minstens 50%** behaal om met die tweede jaar te kan voortgaan.
- Jy moet 'n minimum van 50% behaal in die geïntegreerde eksamen voordat jy toegelaat sal word om voort te gaan met die internskap. Die geïntegreerde eksamen vorm deel van die assessering van die praktikummodule.
- Jy moet 'n slaagpunt van minstens 50% behaal in elk van die afsonderlike modules, die navorsings-tesis ingesluit, voordat die graad aan jou toegeken mag word.

## Navrae

Departement Opvoedkundige Sielkunde

Programkoördineerder: Dr K Conradie
Tel.: 021 808 2037 E-pos: karlienL@sun.ac.za

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

## Programinhoud

Die doel van die MEd (Psig)-program is om die navorsingskapasiteit, teoreties deurdagte kennis, vaardighede en houdings te ontwikkel wat jou sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer.

## Ankermodule

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Sielkunde | 877(240) |

### Sewe submodules en 'n navorsingstesis:

| | |
|---|---|
| Inklusiewe Onderwys | 873(20) |
| Kinder- en volwasse-psigopatologie | 873(20) |
| Opvoedkundige en Sielkundige Assessering | 874(20) |
| Ontwikkeling en Ondersteuning | 875(30) |
| Navorsingsmetodologie | 876(20) |
| Praktikum deur Raad vir Gesondheidsberoepe van SA voorgeskryf | 876(20) |
| Navorsingstesis | 871(130) |

### Praktikum

Die praktikum word in die Praktikumeenheid van die Departement Opvoedkundige Sielkunde gedoen en/of by 'n goedgekeurde plek van gemeenskapsinteraksie.

Jy moet die praktikum slaag.

## 4.1.3.4 MEd (Opvoedkundige Sielkunde)

Die Beroepsraad vir Sielkunde van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) vereis die MEd (Opvoedkundige Sielkunde) vir registrasie as sielkundige (in die kategorie Opvoedkundige Sielkunde).

Die Beroepsraad vir Sielkunde van die RGBSA het hersiene vereistes vir ons opvoedkundige sielkunde–program geïmplementeer. Om aan hierdie vereistes te voldoen, het ons 'n volle eenjarige internskap by die kurrikulum ingesluit, wat implikasies vir die minimum duur van die program inhou. Daar sal van jou verwag word om die volle kursuswerkkomponent van die program te voltooi en fakulteitsgoedkeuring vir jou navorsingsvoorstel te verkry voordat jy met die internskap begin. Die internskap- en navorsingskomponente van die program kan gelyktydig binne dieselfde akademiese jaar voltooi word.

### Spesifieke toelatingsvereistes

a) Die volgende kwalifikasie:

- 'n Goedgekeurde professionele onderwyskwalifikasie (bv. BEd of NOS)
- 'n Honneursgraad (NQF-vlak 8) in sielkunde of opvoedkundige sielkunde (bv. HonsBEd in Opvoedkundige Sielkunde, BEd [Psig], of 'n goedgekeurde honneursgraad in sielkunde)
- Dit beteken dat aansoekers Sielkunde 1, 2 en 3 as voorgraadse modules moes geslaag het.
- Let wel: 'n HonsBEd in Opvoedkundige Ondersteuning of Sielkunde van Onderwys verleen nie toelating nie.

b) 'n Minimum van 65% vir Opvoedkundige Sielkunde of sielkunde-georiënteerde vakke geslaag op NKR-vlak 8.

### Bykomende aanbevelings

Aangesien hierdie 'n kompeterende keuringsprogram is, kan formele deurlopende ondervinding van ten minste twee jaar binne enige aangrensende veld (bv. onderwys, maatskaplike werk, medies, gesondheidsterapieë asook berading) voordelig vir jou aansoek wees.

### Keuring

- Hierdie program is 'n keuringsprogram.
- Keuring vind jaarliks ná Julie plaas. (As jy teen middel Augustus nog nie 'n uitnodiging na Fase 2 ontvang nie, kan jy aanvaar dat jou aansoek na Fase 1 afgekeur is.)

### Internskap

- **Toelatingsvereistes vir internskap:**
  - Registrasie as intern-sielkundige by die RGBSA *en*
  - Voltooiing van die kursuswerkkomponent van die program, sowel as verkryging van fakulteitsgoedkeuring vir jou navorsingsvoorstel.
- **Duur van internskap en aanbiedingstruktuur:**
  - 'n Minimum van een jaar voltydse en aaneenlopende internskap.
  - Raadpleeg Vorm 160 op die RGBSA-webwerf vir die nuutste regulasies.
- Internskappe word goedgekeur deur die RGBSA, en staan onder toesig van die Departement Opvoedkundige Sielkunde. Jy moet jou internskapprogram ten minste vyf maande voor jy beplan om met die internskap te begin aan die Departement voorlê. Daarna word dit na die RGBSA gestuur

vir goedkeuring.
- Dit is jou eie verantwoordelikheid as student om self jou internskap by 'n geakkrediteerde instelling te reël.

## Sluitingsdatum vir aansoeke

Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 Junie** in die jaar voor toelating.

## Duur van program en aanbiedingstruktuur

- Die program bestaan uit kursuswerk wat voltyds oor een jaar aangebied sal word, sowel as 'n geakkrediteerde voorgeskrewe internskap van twaalf maande.
- Jy moet jou studie binne die tydperk wat die RGBSA daarvoor toelaat voltooi. Beide die MEd (Opvoedkundige Sielkunde)-program en die voorgeskrewe internskap moet binne drie jaar voltooi word.

## Assessering en eksaminering

- Assessering bestaan uit formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede, soos uiteengesit in elke modulegids.
- Indien daar duidelike bewyse is dat jy nie voldoende voorbereid is wat betref sekere module-inhoud nie, kan die programkomitee jou professionele praktyk uitstel.
- Jou prestasie word regdeur die jaar deurlopend gemonitor en geëvalueer. Personeellede betrokke by opleiding vergader gereeld om studentevordering te bespreek.
- Deurlopendeondersteuningstrategieë word in die onderskeie modules se werksprogramme aangedui, en maak deel van die onderrig-en-leerkurrikulum uit. Indien jy uitdagings met betrekking tot sekere aspekte van die program ervaar, sal daar van jou verwag word om aan 'n formele mentor-proses deel te neem. In sommige gevalle kan mentorskap en/of professionele ondersteuning 'n voorwaarde vir voortgesette programdeelname wees.
- Jy moet 'n minimum van 50% in die geïntegreerde eksamen behaal voordat jy toegelaat sal word om met die internskap voort te gaan. Die geïntegreerde eksamen vorm deel van die assessering van die praktikummodule.
- Jy moet 'n slaagpunt van minstens 50% behaal in elk van die afsonderlike modules, die navorsings-tesis ingesluit, voordat die graad aan jou toegeken mag word.

## Navrae

Departement Opvoedkundige Sielkunde

Programkoördineerder: Dr C Jacobs
Tel.: 021 808 9618 E-pos: carmelitaj32@sun.ac.za

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

## Programinhoud

Die doel van die MEd (Opvoedkundige Sielkunde)-program is om die navorsingskapasiteit, teoreties deurdagte kennis, vaardighede en houdings te ontwikkel wat jou sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer.

## Ankermodule

| | |
|---|---|
| Opvoedkundige Sielkunde | (180) |

## Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Leerondersteuning | 814(20) |
| Kinder- en Volwasse-psigopatologie | 843(10) |
| Opvoedkundige en Sielkundige Assessering | 814(12) |
| Benaderings tot Sielkundige Welstand | 814(30) |
| Navorsingsmetodologie | 814(15) |
| Professionele Praktyk deur Raad vir Gesondheidsberoepe van SA voorgeskryf | 871(33) |
| Navorsingstesis | 871(60) |
| Internskap | 874 (niekredietdraend) |

### Praktikum

Die praktikum word in die Praktikumeenheid van die Departement Opvoedkundige Sielkunde gedoen en/of by 'n goedgekeurde plek van gemeenskapsinteraksie.

Jy moet die praktikum slaag om toegang tot die mondelinge eksamen te verkry.

## 4.2 MPhil

Die volgende MPhil-programme word in die Fakulteit aangebied:

- MPhil (Hoër Onderwys Studies) (Gestruktureerd)
- MPhil (Lewenslange Leer) (Gestruktureerd)
- MPhil (Navorsing)

### 4.2.1 MPhil (Hoëronderwysstudies) (Gestruktureerd)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Vir toelating tot die program MPhil (Hoëronderwysstudies) moet jy:

- in besit wees van 'n toepaslike honneursgraad (met 'n gemiddeld van ten minste 65%) en reeds vir minstens twee jaar in 'n hoëronderwysomgewing werksaam wees;

  *of*
- 'n ander akademies-professionele studiekombinasie geslaag het wat gelykstaande is aan 'n honneursgraad en wat vir die doel van toelating deur die Senaat as geskik geag word en reeds vir minstens twee jaar in 'n hoëronderwysomgewing werksaam wees;

  *of*
- op 'n wyse 'n standaard van bekwaamheid in die hoër onderwys bereik het, soos aangetoon deur 'n proses van die evaluering van vorige leer, wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.

#### Keuring

Die program sal aangebied word as 'n vasgestelde minimum aantal studente toegelaat kan word. Die vereiste aantal word deur die Departement Kurrikulumstudie bepaal.

#### Sluitingsdatum vir aansoeke

- Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 September** van die jaar voor toelating.
- Aansoekers doen aanlyn aansoek op die volgende webblad: www.su.ac.za/aansoek/nagraads.

#### Duur van program en aanbiedingstruktuur

- Die program strek oor ten minste twee akademiese jare.
- Die programaanbieding behels 'n kombinasie van kontak- en ander vorme van onderwys.
- Daar is twee kontakgeleenthede per jaar, een aan die begin van die jaar en een in die middel. Elke geleentheid duur 'n week.
- Vir die res van die jaar doen jy voorafstudie, opdragte en projekte deur middel van vermengde leer, aanlyn groepsopdragte, gestruktureerde studiegidse, selfstudiepakkette en ander vorme van gerigte selfstudie.

#### Assessering en eksaminering

- Gedoseerde modules:
  - Die modules tel saam 33.33% van jou finale punt.
  - Jy moet vir elke gedoseerde module 'n werkstuk doen.
  - Jy moet in elke module 'n minimum punt van 50% behaal om die program te slaag.
- Navorsingstesis:
  - Die onderwerp van die tesis val binne die terrein van hoëronderwysstudies.
  - Die tesis tel 66.66% van jou finale punt.
  - Jy kan ook jou tesis in die vorm van geëksamineerde of geëvalueerde publiseerbare artikels voorlê vir eksaminering.

Jou finale punt word bereken as die gemiddelde van die werkstukke in al die gedoseerde modules (33.33%), plus jou navorsingstesis (66.66%).

## Navrae

Programkoördineerder: Dr N Tshuma
Departement Kurrikulumstudie
Tel.: 021 808 2277 E-pos: ntshuma@sun.ac.za

Webtuiste vir meer inligting: www.sun.ac.za/chae

## Programinhoud

Die primêre doel van die program is om jou toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en houdings om effektief in hoëronderwysinstellings te kan funksioneer as dosent, leerfasiliteerder of professionele persoon betrokke by die hoër onderwys.

Die sekondêre doel is om jou toe te rus met die navorsingsvaardighede om verdere gevorderde studie op doktorale vlak, asook navorsing in hoër onderwys as studieveld, te onderneem. Hierdie doelstelling sluit die vaardighede in, wat jou in staat sal stel om navorsing as deel van jou beroep te doen.

## Ankermodule

| | |
|---|---|
| Hoëronderwysstudies | 879(180) |

Jy moet die volgende vier verpligte modules doen waarvan die navorsingstesis een is. Die onderwerp moet binne die terrein van hoëronderwysstudies val en jy moet jou aangestelde studieleier raadpleeg wanneer jy jou onderwerp kies.

## Verpligte submodules

| | |
|---|---|
| Leer in Hoër Onderwys | 875(20) |
| Perspektiewe op Hoër Onderwys | 875(20) |
| Navorsing in Hoër Onderwys* | 875(20) |
| Navorsingstesis | 874(120) |

* Navorsing in Hoër Onderwys word aangebied met die doel om die navorsingsvoorstel vir jou MPhil-tesis te formuleer.

## 4.2.2 MPhil (Lewenslange Leer) (Gestruktureerd)

### Spesifieke toelatingsvereistes

a) Vir toelating tot die program MPhil (Lewenslange Leer) moet jy:

- in besit wees van 'n toepaslike honneursgraad (met 'n gemiddeld van ten minste 60%) en reeds vir minstens twee jaar in 'n omgewing vir volwasse onderwys en opleiding werksaam wees;

  *of*

- 'n ander akademies-professionele studiekombinasie geslaag het wat gelykstaande is aan 'n honneursgraad en wat vir die doel van toelating deur die Senaat as geskik geag word en reeds vir minstens twee jaar in 'n omgewing vir volwasse onderwys en opleiding werksaam wees;

  *of*

- op 'n wyse 'n standaard van bekwaamheid in volwasse onderwys bereik het, soos aangetoon deur 'n proses van die evaluering van vorige leer, wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.

b) Daarbenewens moet jy ook minstens twee jaar se betrokkenheid by Lewenslange Leer hê, of ander relevante ervaring wat na die oordeel van die Fakulteit daarmee gelyk gestel kan word, voor jy toegelaat sal word.

### Keuring

Die program sal aangebied word as 'n beperkte aantal studente toegelaat kan word. Die vereiste aantal word deur die Departement Kurrikulumstudie bepaal.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

- Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 September** van die jaar voor toelating.
- Aansoekers doen aanlyn aansoek op die volgende webblad: www.su.ac.za/aansoek/nagraads.

### Duur van program en aanbiedingstruktuur

- Die program strek oor ten minste twee studiejare.
- Die program behels 'n kombinasie van kontak en ander vorme van onderrig.
- Daar is twee kontakgeleenthede per jaar, een aan die begin van die jaar en een in die middel. Elke geleentheid duur 'n week.

- Vir die res van die jaar doen jy voorafstudie, opdragte en projekte deur middel van vermengde leer, aanlyn groepsopdragte, gestruktureerde studiegidse, selfstudiepakkette en ander vorme van gerigte selfstudie.

### Assessering en eksaminering

- Gedoseerde modules:
  - Die modules tel saam 33.33% van jou finale punt.
  - Jy moet vir elke gedoseerde module 'n werkstuk doen.
  - Jy moet in elke module 'n minimum punt van 50% behaal om die program te slaag.
- Navorsingstesis:
  - Die onderwerp van die tesis val binne die studieterrein van volwasse onderwys.
  - Die tesis tel 66.66% van jou finale punt.
  - Jy kan ook jou tesis in die vorm van geëksamineerde of geëvalueerde publiseerbare artikels voorlê vir eksaminering.

Jou finale punt word bereken as die gemiddelde van die werkstukke in al die gedoseerde modules (33.33%), plus jou navorsingstesis (66.66%).

### Navrae

Programkoördineerder: Prof P Rule
Departement Kurrikulumstudie
Tel.: 021 808 2297 E-pos: prule2015@sun.ac.za

Webblad vir meer besonderhede: www.sun.ac.za/chae

### Programinhoud

Die primêre doel van die program is om jou toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en houdings om effektief in volwasse- en/of gemeenskapsonderwys-en-opleidingsinstellings as 'n dosent, leerfasiliteerder of professionele volwasse-onderwyskundigete kan funksioneer.

Die sekondêre doel is om jou toe te rus met die navorsingsvaardighede om verdere gevorderde studie op doktorale vlak, asook navorsing in volwasse onderwys as studieveld, te onderneem. Hierdie doelstelling sluit die vaardighede in wat jou in staat sal stel om as deel van jou beroep navorsing te doen.

### Ankermodule

| | |
|---|---|
| Lewenslange Leer | 879(180) |

Jy moet die volgende vier verpligte modules doen waarvan die navorsingstesis een is. Die onderwerp moet binne die studieterrein van volwasse onderwys en opleiding val en jy moet jou aangestelde studieleier raadpleeg wanneer jy jou onderwerp kies.

### Verpligte submodules

| | |
|---|---|
| Leer in Volwasse Onderwys | .875(20) |
| Perspektiewe op Lewenslange Leer | 875(20) |
| Navorsing in Lewenslange Leer* | 875(20) |
| Navorsingstesis | 874(120) |

* Navorsing in Lewenslange Leer word aangebied met die doel om die navorsingsvoorstel vir jou MPhil-tesis te formuleer.

## 4.2.3 MPhil (Navorsing)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Jy moet ten minste aan die toelatingsvereistes vir die MPhil (Hoër Onderwys Studies) voldoen. Verder sal jy gekeur word op grond van vorige navorsingsondervinding en -uitsette.

### Vereistes vir verwerwing van die graad MPhil (Navorsing)

Vir hierdie graad moet jy:

- 'n navorsingstesis (100% voltesis) indien ter waarde van 180 krediete. Die lengte van die tesis is normaalweg tussen 40 000 en 50 000 woorde. Dit bied 'n gefundeerde argument aan wat nie noodwendig 'n oorspronklike bydrae lewer nie.
- 'n mondelinge eksamen aflê oor die onderwerp van die tesis. Die onderwerp word gekies in oorleg met die betrokke studieleier.

# 5. Doktorsgraadprogramme

Vir die statutêre vereistes vir doktorsgrade, reëls en bepalings oor sake soos die inleweringsdatum van proefskrifte, die getal eksemplare wat ingelewer moet word en ander vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n doktorsgraad toegeken kan word, asook sake soos voortgesette registrasie, die onderbreking van D-studie en die gedragskode vir die promotor en student, kyk onder "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek. Gedetailleerde riglyne wat betref die aanvanklike kontak met departemente, die voorbereiding van 'n navorsingsvoorstel en vordering met nagraadse studies word in die *Studentegids vir nagraadse onderrig* vervat. Dit is beskikbaar op die Fakulteit se webblad onder die opskrif Nagraadse Programme. Hierdie riglyne moet saam met die inligting wat hieronder verskyn, gelees word.

## 5.1 DEd

'n DEd is die erkenning van werk van hoë gehalte wat deur 'n senior akademikus met verloop van tyd gelewer is (sien Vereistes hieronder). Die Fakulteit het die diskresie om 'n akademikus uit te nooi om sodanige werk in te dien, onder die toesig van 'n toepaslike, voltydse akademikus in die Fakulteit wat deur die relevante komitee aangestel is. Die formaat van die dokument wat ingehandig word sal 'n inleidende en slotafdeling insluit. Die DEd verskil van 'n PhD deur publikasie in die sin dat dit werk verteenwoordig wat met verloop van tyd gepubliseer is in hoëgehalte-, nasionale en internasionale tydskrifte en boeke.

### Vereistes vir verwerwing van die DEd-graad

Die gebruiklike statutêre vereistes vir die toekenning van doktorsgrade geld ook vir die DEd (kyk Deel 1 van die Jaarboek). Verder word die graad aan jou toegeken as jy oorspronklike werk ingedien het wat:

- reeds gepubliseer is,
- van 'n hoë standaard getuig,
- oor 'n sentrale tema handel, en
- na die oordeel van die Senaat toon dat jy 'n wesenlike en hoogstaande bydrae gelewer het tot die verryking van die kennis van die Opvoedingswetenskappe.

### Navrae

Die Fakulteitsadministrateur: Me EE Louwrens
E-pos adres: eel@sun.ac.za
Lokaal A3022, Admin A-gebou, Universiteit Stellenbosch

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

## 5.2 PhD

Jy het twee opsies: PhD volgens proefskrif en PhD volgens publikasie.

- 'n PhD volgens proefskrif (monografie) bevat tipies afsonderlike hoofstukke wat 'n koherente geheel vorm. Die lengte is ongeveer 70 000 tot 90 000 woorde.
- 'n PhD volgens publikasie behels ten minste drie publiseerbare artikels/boekhoofstukke of ewe-kniegeëvalueerde konferensieverrigtinge, tesame met oorsigtelike hoofstukke om die studie in konteks te plaas en gedetailleerde inligting oor die metodologie en teoretiese raamwerk(e). Die lengte hang af van die toegelate woordtelling van verskillende soorte publikasies. Die ingeslote hoofstukke (buiten die oorsigtelike hoofstukke) moet gepas wees vir publikasie, reeds vir publikasie ingedien gewees het, of moet reeds as gepubliseerde konferensieverrigtinge, tydskrifartikels en/of boekhoofstukke gepubliseer gewees het. Die outeurskap van elke artikel moet duidelik volgens die regulasies in die Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek aangedui word.

Sien asseblief die Fakulteitsgids vir Nagraadse Studie vir verdere inligting betreffende die formaat en die prosesse wat gevolg moet word.

### Toelatingsvereistes

Vir toelating tot die PhD-program moet jy:

- in besit wees van 'n magistergraad van hierdie Universiteit (waarin jy minstens 60% behaal het),

  *of*
- van 'n ander magistergraad wat die Senaat vir die doel goedgekeur het (waarin jy minstens 60% behaal het),

  *of*
- op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in 'n bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir die doel toereikend is.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir die PhD-graadprogram wil inskryf, moet jy op die normale wyse formeel by die US aansoek

doen. Eers dan sal jy dienslewering en ondersteuning kan ontvang om jou te help met die voorbereiding van 'n navorsingsvoorstel.

## Keuringsproses

Let op dat die aansoek- en registrasieprosedure twee aparte prosedures is. Jou navorsingsvoorstel sal gebruik word om te bepaal of jy vir toelating kan registreer of nie.

Die betrokke nagraadse komitee sal jou navorsingsvoorstel beoordeel en by die Fakulteitsraad aanbeveel of jy mag registreer of nie. Jou navorsingsvoorstel kan dus deur die nagraadse komitee goedgekeur of afgekeur word. As dit afgekeur word, sal jy nie tot die program toegelaat word nie. Normaalweg mag dit nie langer as een jaar neem om die navorsingsvoorstel te beoordeel nie. Spesiale motivering van 'n departementele voorsitter sal nodig wees om die voorstel vir langer as 'n jaar te oorweeg.

## Doel van program

Die doel van die PhD-program is om:

- hoëvlaknavorsingsgeleenthede aan jou as student in die Opvoedkunde te gee,
- navorsingskundigheid te bevorder, en
- jou te help om 'n oorspronklike en relevante bydrae tot wetenskaplike kennis te maak deur onafhanklike wetenskapsbeoefening.

## Programme

Jy kan vir een van die volgende programme aansoek doen:

- 21865-978 (360) Filosofie van die Opvoeding
- 23876-978 (360) Historiese Opvoedkunde
- 49492-978 (360) Hoër Onderwys
- 54526-978 (360) Kurrikulumstudie
- 49204-978 (360) Omgewingsopvoeding
- 54577-978 (360) Onderwys en Opleiding vir Lewenslange Leer
- 49255-978 (360) Onderwysbestuur
- 50261-978 (360) Opvoedingsbeleidstudie
- 65811-978 (360) Opvoedkundige Ondersteuning
- 21903-978 (360) Opvoedkundige Sielkunde
- 11970-978 (360) Taalopvoeding
- 26506-978 (360) Vergelykende Opvoedkunde

## Duur van die program

Die maksimum aantal jare vir registrasie in 'n PhD program is vyf jaar.

## Assessering en eksaminering

Die statutêre vereistes en ander bepalings vir doktorsgrade in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek geld ook vir hierdie graad.

Die Fakulteit sal die PhD-graad aan jou toeken indien:

a) jy die magistergraad wat hierbo onder "Toelatingsvereistes" genoem word, behaal het

b) jou navorsingsprojek deur die Senaat goedgekeur is

c) jy ná bogenoemde goedkeuring, oorspronklike navorsing gedoen het:

- onder toesig van 'n promotor,
- vir minstens twee jaar, en
- tot tevredenheid van die Universiteit.

d) jy enige ander vakke wat deur die Senaat vereis is, voltooi het tot tevredenheid van die Universiteit

e) jy 'n proefskrif ingelewer het wat:

- 'n oorspronklike konseptuele en/of metodologiese bydrae bevat in jou gekose studieveld
- die Senaat tevrede stel dat jy 'n bydrae gelewer het om die kennis op die betrokke studieveld te verryk.

Let ook op:

- Die lengte van die proefskrif is normaalweg tussen 70 000 en 90 000 woorde.
- Die gehalte van die proefskrif moet só wees dat dit in 'n geskikte vaktydskrif of boek gepubliseer kan word.

f) jy 'n mondelinge eksamen tot tevredenheid van die Universiteit afgelê het. In spesiale gevalle kan die Senaat vrystelling van hierdie eksamen goedkeur.

### Herindiening van proefskrifte vir eksaminering: PhD in Opvoedkunde

Omskrywing van simbole wat hieronder gebruik word:

| | |
|---|---|
| 1 | Die graad word verleen, mits jy bepaalde kleiner wysigings en aanbevelings van beperkte omvang tot die tevredenheid van jou promotor(s) aanbring. |
| 2 | Die graad word verleen, mits jy sekere feitelike of tekstuele regstellings tot tevredenheid van jou promotor(s) maak. |
| 3 | Jy moet die proefskrif hersien en weer vir eksaminering voorlê. (Die Eksamenpaneel besluit onderling hoe die herevaluering moet plaasvind). |
| 4 | Die graad word nie verleen nie. |

### Herindiening nadat jy 'n 3-simbool gekry het

Indien die PhD-eksamenpaneel na afloop van jou mondelinge eksamen, op grond van konsensus, aan jou 'n 3 toeken, kan jy jou proefskrif weer vir eksaminering voorlê

a) As jy dan by jou tweede voorlegging 'n 2 (dit wil sê meer as redaksionele veranderinge) of 'n 1 (redaksionele veranderinge) kry, kan jy jou proefskrif verbeter volgens die spesifikasies. Die promotor sal dan hierdie veranderinge goedkeur sodat die graad toegeken kan word.

   Die implikasie hiervan is dat jy 'n maksimum van drie geleenthede kry om jou PhD-proefskrif vir eksaminering voor te lê, as jy by jou tweede voorlegging 'n simbool kleiner as 'n 3 kry.

b) As jy egter by jou tweede voorlegging weer by wyse van 'n konsensusbesluit 'n 3 kry, verander die simbool outomaties na 'n 4. Die PhD word dus nie toegeken nie. 'n Nie-eksaminerende voorsitter kan op grond van spesiale oorwegings of omstandighede versoek dat die besluit om nie die graad toe te ken nie na die relevante komitee van die Fakulteit Opvoedkunde verwys word vir oorweging en uitsluitsel.

   Die implikasie hiervan is dat jy slegs twee geleenthede kry om jou PhD-proefskrif vir eksaminering voor te lê as jy 'n tweede keer 'n 3 kry.

## Navrae

Die Fakulteitsadministrateur: Me EE Louwrens
E-pos adres: eel@sun.ac.za
Lokaal A3022, Admin A-gebou, Universiteit Stellenbosch

Webtuiste vir meer besonderhede: www.su.ac.za/af/fakulteite/opvoedkunde

# Vakke, modules en module-inhoude

## 1. Definisies en verduideliking van belangrike terme

Om die inligting in hierdie hoofstuk ten volle te begryp en te kan gebruik, is dit belangrik dat jy kennis neem van 'n paar terme se definisies. Die onderstaande voorbeeld dui aan hoe die terme later in hierdie hoofstuk sal verskyn.

### Voorbeeld:

**54860 Wiskunde (Ond) [BEd] [GF] (ou program)**

284 (15) Wiskunde (3L)

### 1.1 Verduideliking van terme in die voorbeeld

- *Vyfsyfer-vaknommer* – **54860 Wiskunde (Ond)**

  Elke vak word aan hierdie vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer.
- *Vaknaam* – **54860 Wiskunde (Ond) [BEd] [GF] (ou program)**

  Die spesifieke vak se vaknommer en naam word aangedui voordat die verskillende modules van die vak aangedui word. Daar word dikwels na 'n module verwys met die vaknaam gevolg deur die modulekode en die kredietwaarde van die spesifieke kode, soos byvoorbeeld in hierdie geval: Wiskunde (Ond) 284 (15).

  Na die vaknaam volg daar soms afkortings in blokhakies. Hierdie inligting spesifiseer die program of rigting waarin die vak gevolg kan word. Daar kan ook laastens in ronde hakies aangedui word of die vak deel van 'n ou of nuwe program is. In die voorbeeld beteken "[BEd] [GF] (ou program)" dus dat die vak deel is van die ou BEd (Grondslagfase)-program.
- *Modulekode* – **284 (15) Wiskunde**

  Die modulekode bestaan uit 'n drie-syfernommer wat uniek is tot die spesifieke module. Die modulekode "284" beteken die volgende:
  - Die eerste syfer dui die jaargang aan waarin die module aangebied word byvoorbeeld:

    *Jaar 1: **1**84*

    *Jaar 2: **2**84*

    *Jaar 3: **3**84*

    *Nagraadse modules word met 'n "7" of 'n "8" in hierdie posisie aangedui.*
  - Die tweede syfer, in hierdie geval "8", dui die semester aan waarin die module aangebied word en dien ook as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang. Die Universiteit gebruik verskillende syfers om die bepaalde semester aan te dui waarin 'n module aangebied word, hetsy die eerste semester, die tweede semester of modules wat oor albei semesters strek (dit wil sê jaarmodules). Die syfers wat die semesters aandui lyk soos volg:
    - **1**, **2** of **3** – modules word in die eerste semester aangebied.

      *Semester 1: 2**1**4, 3**2**4, 3**3**4*
    - **4**, **5** of **6** – modules word in die tweede semester aangebied.

      *Semester 2: 3**4**2, 3**5**4, 3**6**4*
    - **7**, **8** of **9** – modules word in albei semesters aangebied, dit wil sê jaarmodules.

      *Jaarmodules (albei semesters): 2**7**8, 2**8**8, 3**9**1*
  - Die derde syfer van die module kode, in hierdie geval "4", dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.
- *Kredietwaarde* – **284 (15) Wiskunde**

  Die getal tussen hakies na die modulekode dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word, in hierdie geval 15.

  Wiskunde (Ond) 284 (15) is dus 'n module wat oor twee semesters van die tweede jaar aangebied word en jy verwerf 15 krediete daarvoor.
- *Module-onderwerp* – **284 (15) Wiskunde**

  Hierdie dui die onderwerp aan wat in hierdie spesifieke module hanteer sal word.

- *Doseerlading* – **(3L)**
  Die doseerlading van 'n module gee vir jou beide die lading en die soort dosering per week wat jy in die module kan verwag. Jy kan dus vir die module Wiskunde (Ond) 284 (15) drie lesings elke week vir die duur van die module verwag. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:
  - **L** – Lesing van 50 minute, byvoorbeeld 3L
  - **P** – Praktikumperiode van 50 minute, byvoorbeeld 1P, 2P, 3P
  - **S** – Seminaar van 50 minute, byvoorbeeld 1S
  - **T** – Tutoriaal van 50 minute, byvoorbeeld 1T, 2T

# 2. Metode van assessering

Modules word deur middel van toetse en eksamens geassesseer tensy dit anders in die module-inhoude aangedui word. Om meer uit te vind oor die verskillende assesseringmetodes kan jy die afdeling "Eksamen- en promosiebepalings" in Deel 1 van die Jaarboek raadpleeg.

# 3. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereiste-modules

Onderaan sekere modules se inhoude word, waar toepaslik, die slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende afkortings word gebruik:

- **S** – Slaagvoorvereistemodule
  - 'n Slaagvoorvereistemodule is 'n module wat jy eers moet slaag voordat jy die module(s) waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, kan volg.
- **V** – Voorvereistemodule
  - 'n Voorvereistemodule is 'n module waarin jy 'n finale punt van minstens 40 moet behaal voordat jy die module(s) waarvoor hierdie module 'n voorvereiste is, mag volg. Indien jy vir 'n voorvereistemodule geregistreer was terwyl die module volgens die "eksamen"-assessering-stelsel geëksamineer is, moet jy 'n klaspunt van 40 behaal om aan die voorvereiste te voldoen.
  - Nadat jy eenmaal aan 'n voorvereistebepaling voldoen het, bly jou voldoening geldig vir die tydperk wat in die toepaslike assesseringsreëls bepaal word, selfs al herhaal jy die voorvereistemodule en behaal jy nie die minimum prestasie met jou herhaling nie.
- **N** – Newevereistemodule
  - 'n Newevereistemodule is 'n module wat jy vóór of in dieselfde akademiese jaar moet volg as die module waarvoor dit 'n newevereiste is.

## 3.1 Voorwaarde vir die toekenning van 'n kwalifikasie of graad

Die Fakulteit sal slegs 'n kwalifikasie toeken as jy ál die voorgeskrewe voorvereiste- en newevereiste-modules van die spesifieke graadprogram geslaag het.

# 4. Voorgraadse en nagraadse vakke, modules en module-inhoude

Die voorgraadse en nagraadse vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings, taalspesifikasie en module-inhoude word hieronder **alfabeties** aangebied. Die vakke Xhosa en IsiXhosa word saam onder "X" gegroepeer.

*Let asseblief op:* Sommige vaknommers en modulekodes was moontlik nog nie beskikbaar ten tye van druk nie. Die ontbrekende nommers en kodes word soos volg aangedui:

- ontbrekende vaknommer: $^{xxxxx}$
- ontbrekende modulekode: *2*$^{xx}$, *3*$^{xx}$, *4*$^{xx}$ of *7*$^{xx}$ (jaargang en twee *x*'e in boskrif)

## 14228 Aanspreek van Diverse Leerbehoeftes [BEd] (nuwe programme)

### 414 (10) Aanspreek van diverse leerbehoeftes [IF en GF] (2L)

- Teoretiese perspektiewe
- Manifestasies van diversiteit
- Identifisering en ondersteuning van verskillende leerbehoeftes

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 14266 Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig [NOS]

### 771 (5) Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (1L)

Die effektiewe gebruik van Afrikaans as 'n taal van leer en onderrig in alle skoolvakke.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14922 Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [BEd]

### 424 (5) Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [GF] (2L)

Hierdie module streef daarna om vaardigheid in Afrikaans vir akademiese en kommunikatiewe doelwitte te kweek. Dit beklemtoon die ontwikkeling van al vier taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees, en skryf. Studente verken strategieë om hulle gebruik van Afrikaans vir 'n verskeidenheid van gehore en kommunikatiewe doelwitte aan te pas.

Die kurrikulum sal die kweek van akkurate en effektiewe uitdrukking, in beide mondelinge en geskrewe modaliteite, verken. 'n Kritiese element van hierdie module behels die ontwikkeling van 'n bewustheid en vaardigheid om die akademiese taalbehoeftes van veeltalige leerders te evalueer. Met hierdie verkenning sal studente waardevolle vaardighede bemeester om klasmaats of studente te ondersteun wat nog besig is om Afrikaans te verwerf.

Ten slotte streef hierdie module daarna om studente met die nodige vaardighede en kennis toe te rus ten einde Afrikaans met selfvertroue as taal van leer, onderrig en kommunikasie in verskeie kontekste te gebruik.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 414 (5) Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [IF] (2L)

Hierdie module streef daarna om vaardigheid in Afrikaans vir akademiese en kommunikatiewe doelwitte te kweek. Dit beklemtoon die ontwikkeling van al vier taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees, en skryf. Studente verken strategieë om hulle gebruik van Afrikaans vir 'n verskeidenheid van gehore en kommunikatiewe doelwitte aan te pas.

Die kurrikulum sal die kweek van akkurate en effektiewe uitdrukking, in beide mondelinge en geskrewe modaliteite, verken. 'n Kritiese element van hierdie module behels die ontwikkeling van 'n bewustheid en vaardigheid om die akademiese taalbehoeftes van veeltalige leerders te evalueer. Met hierdie verkenning sal studente waardevolle vaardighede bemeester om klasmaats of studente te ondersteun wat nog besig is om Afrikaans te verwerf.

Ten slotte streef hierdie module daarna om studente met die nodige vaardighede en kennis toe te rus ten einde Afrikaans met selfvertroue as taal van leer, onderrig en kommunikasie in verskeie kontekste te gebruik.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13850 Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [BEd] [IF]

### 177 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Die module ontwikkel studente se vakkennis ten opsigte van kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – ten einde in skoolverband te funksioneer. Studente word begelei in die onderrig van Afrikaans Eerste Addisionele Taal vir die intermediêre fase.

Slegs studente wat Afrikaans Eerste Addisionele Taal geslaag het en dié wat se huistaal nie Afrikaans is nie word tot hierdie module toegelaat. Geen huistaalsprekers van Afrikaans sal tot die module toegelaat word nie.

*Newevereiste: Inleiding tot Taalonderrig 124*

Tuisdepartement. KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (3L)

Die module is 'n inleiding tot Afrikaans as Addisionele Taal, gebaseer op die KABV-beginsels van 2012 en moedertaalonderrig. Die module is slegs vir tweedejaarstudente in die onderrig van Afrikaans.

Benaderings tot taalonderrig; letterkundeonderrig; die herkoms van Afrikaans; visuele en kulturele geletterdheid, moedertaalonderrig; teksdinamika; verkenning van leeruitkomste; inleiding tot assessering binne die taal- en letterkunde (poësie).

*Slaagvoorvereiste: Afrikaanse Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] 177*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (3L)

Die module is 'n voortsetting van die onderrig van Afrikaans as Addisionele Taal, gebaseer op die KABV-beginsels van 2012 en moedertaalonderrig. Die module is slegs vir derdejaarstudente in die onderrig van Afrikaans.

Benaderings tot taalonderrig, letterkundeonderrig; die variëteite van Afrikaans; visuele en kulturele geletterdheid, woordeboek- en multimediagebruik in taal- en letterkundeonderrig; kinderpoësie; kreatiwiteit en teksproduksie; assessering binne die taal- en letterkunde (poësie en roman).

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477(15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (3L)

Die module is 'n diepteverkenning van Afrikaans as Eerste Addisionele Taal, gebaseer op die KABV-beginsels van 2012 en moedertaalonderrig. Die module is slegs vir vierdejaarstudente wat die onderrig van Afrikaans hul roeping wil maak.

Teoretiese (epistemologiese) verantwoording vir die onderrigbenadering tot taal- en letterkunde, die taalbeleide van Afrikaans; skryfonderrig en leesonderrig; multimediagebruik in die onderrig van letterkunde; rekenaarondersteunde taalonderrig; poësie vir die senior fase; kreatiwiteit en teksproduksie; assessering binne die taal- en letterkunde (poësie, drama en roman) en die evaluering van leer-, onderrig- en ondersteuningsmateriaal.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] 377*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13850 Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [BEd] [GF]

### 179 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (2L, 1T)

Die module ontwikkel studente se vakkennis ten opsigte van kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – ten einde in skoolverband te funksioneer. Studente word begelei in die onderrig van Afrikaans Eerste Addisionele Taal vir die grondslagfase.

*Let op*: Slegs studente wat Afrikaans Eerste Addisionele Taal geslaag het en wie se huistaal nie Afrikaans is nie word tot hierdie module toegelaat. Geen huistaalsprekers van Afrikaans sal tot die module toegelaat word nie.

*Newevereiste: Inleiding tot Taalonderrig 124*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 279 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (2L, 1T)

Die module stel studente bloot aan relevante inhoud en pedagogiese kennis vir vroeë geletterdheidsontwikkeling in Afrikaans Eerste Addisionele Taal.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) (GF) 179*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 379 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (2L, 1T)

Die module stel studente bloot aan relevante inhoud en pedagogiese kennis vir geletterdheidsontwikkeling in Afrikaans Eerste Addisionele Taal.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 479(15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (2L, 1T)

Hierdie module ontwikkel die student as 'n kulturele en linguistiese geletterdheidsonderwyser, Verder word studente blootgestel aan relevante inhoud en pedagogiese kennis om responsiewe eerste-addisionele-taal-en geletterdheidsonderrig in die grondslagfase (graad R tot 3) te verseker.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] 379*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13849 Afrikaans Huistaal (Ond) [BEd] [IF]

### 177 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Die module ontwikkel studente se vakkennis ten opsigte van taalkunde en jeuglektuur, asook hulle kennis en toepassing van teorieë van belang vir jeuglektuur. Studente word begelei in die onderrig van Afrikaans Huistaal vir die intermediêre fase.

*Newevereiste: Inleiding tot Taalonderrig 124 (Slegs studente wat Afrikaans Huistaal geslaag het en wie se huistaal Afrikaans is, word tot hierdie module toegelaat.)*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] (3L)

Die module is 'n inleiding tot Afrikaans as Huistaal en Addisionele Taal, gebaseer op die KABV-beginsels van 2012 en moedertaalonderrig. Die module is slegs vir tweedejaarstudente in die onderrig van Afrikaans.

Benaderings tot taalonderrig; letterkundeonderrig; die herkoms van Afrikaans; visuele en kulturele geletterdheid, moedertaalonderrig; teksdinamika; verkenning van leeruitkomste; inleiding tot assessering binne die taal- en letterkunde (poësie).

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Huistaal (Ond) [IP] 177*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] (3L)

Die module is 'n voortsetting van Afrikaans as Huistaal gebaseer op die KABV-beginsels van 2012 en moedertaalonderrig. Die module is slegs vir derdejaarstudente in die onderrig van Afrikaans.

Benaderings tot taalonderrig, letterkundeonderrig; die variëteite van Afrikaans; visuele en kulturele geletterdheid, woordeboek- en multimediagebruik in die taal- en letterkundeonderrig; kinderpoësie; kreatiwiteit en teksproduksie; assessering binne die taal- en letterkunde (poësie en roman).

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477(15) Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] (3L)

Die module is 'n diepteverkenning van Afrikaans as Huistaal gebaseer op die KABV-beginsels van 2012 en moedertaalonderrig. Die module is slegs vir vierdejaarstudente wat die onderrig van Afrikaans hul roeping wil maak.

Teoretiese (epistemologiese) verantwoording vir 'n onderrigbenadering tot taal- en letterkunde, die taalbeleide van Afrikaans; skryfonderrig en leesonderrig; multimediagebruik in die onderrig van letterkunde; rekenaarondersteunde taalonderrig, poësie vir die senior fase; kreatiwiteit en teksproduksie, assessering binne die taal- en letterkunde (poësie, drama en roman) en die evaluering van leer-, onderrig- en ondersteuningsmateriaal.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] 377*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13849 Afrikaans Huistaal (Ond) [BEd] [GF]

### 179 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] (2L, 1T)

Die module ontwikkel studente se vakkennis ten opsigte van taalkunde en jeuglektuur, asook hulle kennis en toepassing van teorieë van belang vir jeuglektuur. Studente word begelei in die onderrig van Afrikaans Huistaal vir die grondslagfase.

*Newevereiste: Inleiding tot Taalonderrig 124. Slegs studente wat Afrikaans Huistaal geslaag het en wie se huistaal Afrikaans is, word tot hierdie module toegelaat.*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 279 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] (2L, 1T)

Die module stel studente bloot aan relevante inhoud en pedagogiese kennis vir vroeëgeletterdheidsontwikkeling in Afrikaans Huistaal.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] 179*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 379 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] (2L, 1T)

Die module stel studente bloot aan relevante inhoud en pedagogiese kennis vir geletterdheidsontwikkeling in Afrikaans Huistaal.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 479 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] (3L)

- Die module stel studente bloot aan sewe komponente:
- Spraak-, taal- en kommunikasiebehoeftes van die kinders
- Geletterdheid en diversiteit
- Kultureel Responsiewe Geletterdheidsteorie en -praktyk
- Differensiasie tydens geletterdheidsonderrig
- Lees in die GF-klaskamer
- Beplanning en assessering van geletterdheidservarings
- Die ontwikkeling van kritiese geletterdheid by jong kinders.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] 379*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 12462 Afrikaans Kommunikasie [BEd]

### 377 (5) Afrikaans Kommunikasie [IF] (1L, 1T)

'n Inleidende module oor kommunikasie in Afrikaans ontwerp om studente in staat te stel om 'n gesprek te inisieer en aan die gang te hou, om inligting te vra en te voorsien, om verduidelikings, instruksies, aanwysings te gee, versoeke te rig en reageer op versoeke in die geteikende taal, met die fokus op skoolsituasies, tuis en in die alledaagse omgang.

Studente word blootgestel aan basiese lees- en skryfvaardighede in Afrikaans. Blootstelling word ook gegee aan Afrikaanse kulturele gebruike wat wissel van respek en ordentlikheid, familieverhoudinge, vorme van groet en verneem na ander se welstand en spesifieke gebruike rondom geslag.

*Hierdie module kan nie geneem word deur studente wat Afrikaans (Ond) neem nie.*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 379 (5) Afrikaans Kommunikasie [GF] (1L, 1T)

'n Inleidende module oor kommunikasie in Afrikaans ontwerp om studente in staat te stel om 'n gesprek te inisieer en aan die gang te hou, om inligting te vra en te voorsien, om verduidelikings, instruksies en aanwysings te gee, versoeke te rig en te reageer op versoeke in die geteikende taal, met die fokus op situasies by die skool, tuis en in die alledaagse omgang.

Studente word blootgestel aan basiese lees- en skryfvaardighede in Afrikaans. Blootstelling word ook gegee aan Afrikaanse kulturele gebruike wat wissel van respek en ordentlikheid, familieverhoudinge, vorme van groet en die verneem na ander se welstand, en spesifieke gebruike rondom geslag.

*Hierdie module kan nie geneem word deur studente wat Afrikaans (Ond) neem nie.*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13736 Afrikaans-onderrig [NOS]

### 771 (20) Afrikaans-onderrig (3L, 1P)

Die module is 'n in diepteverkenning van Afrikaans as Huistaal en Addisionele Taal, gebaseer op die KABV-beginsels van 2012 en moedertaalonderrig. Die module is vir studente wat reeds 'n graad verwerf het met Afrikaans, wat Afrikaansonderrig hul roeping wil maak. Teoretiese (epistemologiese) verantwoording vir onderrigbenadering tot taal en letterkunde, skryfonderrig en leesonderrig; rekenaargesteunde taalonderrig; kreatiwiteit en teksproduksie, assessering en evaluering van leer-, onderrig- en ondersteuningsmateriaal.

*Slaagvoorvereiste: Afrikaans en Nederlands 278*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61484 Afrikaans-onderwys (Skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)]

### 872 (40) Afrikaans-onderwys-spesialisering

Afrikaans-onderwys.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 12898 Akademiese Leierskap en Bestuur [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

### 791 (30) Die akademiese leier in hoër onderwys

Die module ondersoek die verskillende rolle en verantwoordelikhede van die akademiese leier in hoër onderwys. Dit kyk na die vele fasette van leierskap en streef daarna om studente aan te moedig om dit in hul eiesoortige onderrigsituasie (met die fokus op die akademiese departement) in ag te neem en toe te pas. Studente sal ook blootgestel word aan aspekte van die konteks van nasionale hoër onderwys, met inbegrip van toepaslike beleidskwessies, en die kans gegun word om krities daarmee om te gaan.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13435 Algemene Pedagogie [GDO (Onderwys)]

### 171 (6) Algemene Pedagogie

Leerteorieë, onderrigteorieë, opvoedkundige sielkunde

Tuisdepartement: SUNSEP

## 10220 Assessering [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

### 791 (30) Assessering in Hoër Onderwys

Assessering in hoër onderwys:

- Doelwitte van en soorte assessering
- Beginsels van betroubare assessering
- Impak van assessering op leer
- Assesseringsmetodes
- Konstruktiewe belyning
- Onderrig-evaluering
- Kritiese besinning.

*Basismodule*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14916 Benaderings tot Sielkundige Welstand [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]

### 814(30) Benaderings tot Sielkundige Welstand

- Psigoterapie
- Gemeenskapsielkunde
- Loopbaanvoorligting

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

# 13738 Besigheidstudie-onderrig [NOS]

## 771 (20) Besigheidstudie-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module verskaf die pedagogiese kennis en beginsels om studente voor te berei vir die onderrig van Besigheidstudies op die senior/VOO-vlak. Die fokus is ook op die toepassing van vak-inhoudskennis, onder andere vier hooftemas: besigheidsomgewings, besigheidsgeleenthede, besigheidsrolle en besigheidsbedrywighede. Kennis van kurrikulumbeleid en die voorbereiding vir skoolpraktyk is 'n sleutelkomponent van die module.

*Slaagvoorvereiste:*

- Een van die volgende kombinasies op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) tot 'n totaal van minstens 32 krediete:
  - Finansiële Bestuur 214(16), 254(16) *of*
  - Bemarkingsbestuur 214 (16), 244(16) *of*
  - Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214(16), 244(16) *of*
  - 'n 32-krediet-kombinasie van enige van bogenoemde groepe, bv. Finansiële Bestuur 214(16) en Bemarkingsbestuur 214 (16).
- Vir die Gevorderde Studie-opsie in Besigheidstudie-onderrig, een van die bogenoemde groepe op derdejaarsvlak (of NKR-vlak 7) tot 'n totaal van minstens 32 krediete, dus:
  - Finansiële Bestuur 314(16), 354(16) *of*
  - Bemarkingsbestuur 314 (16), 344(16) *of*
  - Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 314(16), 344(16) *of*
  - 'n 32 krediet-kombinasie van enige van bogenoemde groepe, bv. Finansiële Bestuur 314(16) en Bemarkingsbestuur 314 (16).

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14537 Besigheidstudie-onderwys (skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)]

## 872 (40) Besigheidstudie-onderwys-spesialisering

Hierdie module omvat breedvoerige kennis van kritiese kwessies en debatte oor kurrikulum en leerteorieë soos dit verband hou met Besigheid-opvoeding. Hierdie module integreer kontemporêre globale en nasionale kwessies verbandhoudend met Besigheidstudie-onderrrig en leer en argumenteer vir dié kennis, begrip en pedagogie, as omstrede kennis.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13614 Botanie-onderrig A [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)]

## 171 (15) Botanie-onderrig A (27L, 13P)

- Die wetenskaplike metode
- Die sel
- Plantweefsel
- Plantrespons op die omgewing
- Chemie van lewe
- Mitose
- IKT-integrasie

Tuisdepartement: SUNSEP

# 13615 Botanie-onderrig B [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)]

## 271 (15) Botanie-onderrig B (32L, 15P)

- Energievloei deur ekosisteme
- Energie-transformasies
- Biodiversiteit (klassifikasie, mikroörganismes en evolusionêre ontwikkeling van plante)
- Filogenie
- Menslike impak op die omgewing (teorie, prakties en etiek)
- Datahantering (IKT-integrasie)

Tuisdepartement: SUNSEP

## 12899 Burgerskap, Sosiale Aanvaarding en Onderskeid [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

### 791 (30) Burgerskap, Sosiale Aanvaarding en Onderskeid in Hoër Onderwys

Studente sal 'n verskeidenheid van die volgende behandel:

- Teoretiese benaderings gebaseer op sosiale geregtigheid (herkenning, verspreiding en verteenwoordiging; benadering t.o.v. vermoëns) en kritiese teorie (met inbegrip van kritiese rasseteorie)
- Verwante navorsingsbenaderings (deelnemende leer en handeling, skryfwerk en beelding, met inbegrip van biografie en outo-etnografie)
- Verwante onderrigbenaderings (kritiese pedagogie; pedagogie van ongemak; prestasiegerigtheid).

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13454 Chemie [GDO (SF Natuurwetenskappe-onderwys)]

### 171 (15) Chemie – Materie en Materiale

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Materie en materiale (klassifikasie van materie, toestande van materie, kinetiese molekulêre teorie, atomiese struktuur, periodieke tabel, binding, intermolekulêre kragte, ideale gasse, optiese verskynsels, eienskappe van materiale, organiese chemie, organiese makromolekules)
- Chemiese stelsels (hidrosfeer, litosfeer en chemiese nywerheid)
- Chemiese verandering (fisiese en chemiese verandering, stoïgiometrie, energie en chemiese verandering, reaksietipes, reaksietempo's, chemiese ekwilibrium, sure en basisse, elektrochemiese reaksies

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13610 Chemie-onderrig: Chemiese Beginsels [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)]

### 171 (10) Chemie-onderrig: Chemiese Beginsels (22L, 10P)

- Materie, klassifikasie & kinetiese teorie
- Atoomstruktuur & Periodieke Tabel
- Chemiese binding
- Molekulêre struktuur
- Intermolekulêre kragte
- Ideale gasse & gaswette
- Fisiese & chemiese veranderinge
- Stiogiometrie

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13607 Chemie-onderrig: Chemiese Veranderinge en Chemiese Sisteme [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)]

### 271 (10) Chemie-onderrig: Chemiese Veranderinge en Chemiese Sisteme (22L, 10P)

- Energie & chemiese veranderinge
- Reaksietempo
- Chemiese ewewig
- Redoksreaksies
- Elektrochemiese reaksies
- Sure & basisse
- Hidrosfeer & Litosfeer
- Chemiese industrie (kunsmis)

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13613 Chemie-onderrig: Organiese Chemie [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)]

### 271 (10) Chemie-onderrig: Organiese Chemie (22L, 10P)

- Terminologie en benaming van organiese verbindings
- Fisiese eienskappe van organiese verbindings
- Chemiese reaksies van organiese verbindings
- Plastieke & Polimere

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13562 Data-hantering [GDO]

### 271 (14) Data-hantering (IF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Data-voorstelling
- Data-interpretasie en verslagdoening
- Ongeklassifiseerde data
- Waarskynlikheidseksperimente
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

### 272 (14) Statistiek, Waarskynlikheid (SF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Statistiek
- Waarskynlikheid
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

### 273 (14) Data-hantering (VOO Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Statistiek
- Waarskynlikheid
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13451 Die Aarde en Verder [GDO (SF Natuurwetenskappe-onderwys)]

### 271 (15) Die Aarde en Verder

Die aarde as stelsel, verhouding van son, aarde en maan, die sonnestelsel en verder, geboorte en dood van sterre

Tuisdepartement: SUNSEP

## 12900 Diensleer in Gemeenskapsbetrokkenheid [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

### 791 (30) Diensleer en Gemeenskapsbetrokkenheid in Hoër Onderwys

Die module behandel die temas en onderwerpe wat as toepaslik beskou word vir die ontwikkeling van die beste onderrigpraktyk in opvoedkundige modelle wat berus op leer deur ervaring, in die besonder in diensleer. Die vier hooftemas wat behandel word is:

- Teoretiese, konseptuele en institusionele beleidsperspektiewe op die ontwikkeling van diensleer in gemeenskapsbetrokkenheid
- Samewerkende praktyke in diensleer en gemeenskapsbetrokkenheid

- Toepassing van diensleer in kurrikulumontwerp
- Navorsing in diensleer en gemeenskapsbetrokkenheid.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14145 Digitale Pedagogie vir Taalonderrig

### 744 (15) Digitale Pedagogie vir Taalonderrig

Hierdie module fokus op mobiele tegnologieë in taalonderrig. In die besonder sal studente leer om die unieke pedagogiek van mobiele toestelle te gebruik – leer wat nie deur tyd en ruimte beperk word nie en wat gekenmerk word deur hoë vlakke van verpersoonlikheid, egtheid en samewerking.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13740 Drama-onderrig [NOS]

### 771 (20) Drama-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module plaas klem op verskeie onderwerpe binne die vak Dramatiese Kunste wat in die VOO-fase van die skool aangebied word. Die module is bedoel vir nagraadse Drama-onderwysstudente wat hierdie module as 'n keuse aanbied, maar sal ook nuttig wees vir enige ander student wat sy/haar agtergrond in die onderrig van drama as skoolvak wil verdiep en as spesialiseringsvak aan te bied.

*Slaagvoorvereiste: BDrama-kwalifikasie (ten minste 48 krediete), of die ekwivalent daarvan*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13741 Ekonomie-onderrig [NOS]

### 771 (20) Ekonomie-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module verskaf die pedagogiese kennis en beginsels om studente voor te berei vir die onderrig van Ekonomie op die senior/VOO vlak. Die fokus is ook op die toepassing van vak-inhoudskennis, onder andere vier hooftemas: makro-ekonomie, mikro-ekonomie, ekonomiese strewes, en kontemporêre kwessies. Kennis van kurrikulum beleid en die voorbereiding vir skool praktyk is 'n sleutelkomponent van die module.

*Slaagvoorvereiste:*

- Ekonomie op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 32 krediete), dit wil sê Ekonomie 214(16), 244(16) of ekwivalent.

  *Neem kennis:* Ekonomie 288(32) is nie geskik vir toelating nie.

*Slaagvoorvereiste: Vir die Gevorderde Studie opsie in Ekonomie-onderrig:*

- Ekonomie op derdejaarsvlak (of NKR vlak 7) (minstens 32 krediete), of ekwivalent.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61646 Engelskurrikulumstudie [HonsBEd]

### 711 (15) Engelskurrikulumstudie

'n Kritiese refleksie oor die rol van Engels in 'n "globaliserende" wêreld sal die basis vorm van 'n navorsingsgebaseerde analise en evaluering van huidige Engels taalonderrigkurrikula en -praktyke op alle onderwysvlakke.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61549 Engels-onderwys (Skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)]

### 872 (40) Specialisation in English Language Teaching

The module is generally tailored to suit the students' particular needs and interests, with a strong focus on the following issues:

- New directions in English language teaching.
- Teaching English from a world English perspective.
- Developing literacy (including academic literacy) in English.
- Accelerating the development of literacy in street and at-risk learners.
- Teaching English in multilingual contexts, including multilingual classroom communication (e.g. code switching and translation practices).

- Bi/multilingual education policy, planning and policy at secondary and tertiary levels of education.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13743 Engels-taalonderrig [NOS]

### 771 (20) Engels-taalonderrig (2L, 2P)

Die beginsels van Engelse taalverkryging en -ontwikkeling in 'n globale en Suid-Afrikaanse konteks, terwyl dit die plaaslike kurrikulum en Engelse taal in ag neem.

*Slaagvoorvereistes:*

Vir die onderrig van Engels as Eerste Addisionele Taal:

- Engels op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 32 krediete), of ekwivalent

  *of*

- Applied English Language Studies (AELS) op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 32 krediete), of ekwivalent

Vir die onderrig van Engels as Huistaal

- English Studies op derdejaarsvlak (minstens 32 krediete) of ekwivalente studie in die Engelse letterkunde.

Vir die Gevorderde Studie-opsie in Engels-taalonderrig:

- English Studies op derdejaarsvlak (of NKR-vlak 7) (minstens 32 krediete) of ekwivalente studie in die Engelse letterkunde.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14920 Engels as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [BEd]

### 424 (5) Engels as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [GF] (2L)

Hierdie module fokus op die ontwikkeling en assessering van mondelinge en geskrewe vaardigheid vir finalejaarstudente in Baccalaureus in Opvoedkunde. Die module is gebaseer op 'n aktuele tema (in hierdie geval Linguistiese Menseregte) wat die basis vorm van die inhoud wat aangebied, bespreek, gelees en oor geskryf word. Die mondelinge aanbieding en die geskrewe stuk is die finale assesserings in die module. Studente sal 'n gevallestudie binne hierdie tema ontwikkel om geskrewe en mondelinge akademiese argumente voor te berei. Deur hierdie module suksesvol te voltooi, sal studente goed toegerus wees om effektiewe onderrig te ontwikkel en aan te bied wat kritiese denke en akademiese geletterdheid in hul toekomstige klaskamers bevorder.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 414 (5) Engels as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [IF] (2L)

Hierdie module fokus op die ontwikkeling en assessering van mondelinge en geskrewe vaardigheid vir finalejaarstudente in Baccalaureus in Opvoedkunde. Die module is gebaseer op 'n aktuele tema (in hierdie geval Linguistiese Menseregte) wat die basis vorm van die inhoud wat aangebied, bespreek, gelees en oor geskryf word. Die mondelinge aanbieding en die geskrewe stuk is die finale assesserings in die module. Studente sal 'n gevallestudie binne hierdie tema ontwikkel om geskrewe en mondelinge akademiese argumente voor te berei. Deur hierdie module suksesvol te voltooi, sal studente goed toegerus wees om effektiewe onderrig te ontwikkel en aan te bied wat kritiese denke en akademiese geletterdheid in hul toekomstige klaskamers bevorder.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14264 English as a Language of Learning and Teaching [NOS]

### 771 (5) English as a Language of Learning and Teaching (1L)

Effective use of English as a language of learning and teaching in all school subjects.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14246 English First Additional Language (Ed) [BEd] [IF]

### 177 (15) English First Additional Language (Ed) [IP] (2L, 1T)

Situating English in its global context, mastering the grammatical system and developing literary analytical tools.

*Newevereiste: Inleiding tot Taalonderrig 124*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (15) English First Additional Language (Ed) [IP] (2L, 1T)

This module builds on and encourages the application of core language teaching theories and strengthens students' English subject knowledge. Students are guided to select appropriate fiction and non-fiction texts for grades 4 -6 and to develop strategies for encouraging reading comprehension. The development of fluent, accurate and complex language learners is viewed as a key goal of this programme. Understanding variability in additional language use is a key component of language teaching to this group of learners.

*Slaagvoorvereiste: English First Additional Language (Ed) [IP] 177*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (15) English First Additional Language (Ed) [IP] (3L, 1T)

Distinguish between the requirements of the English Home Language and English First Additional Language curriculum. Develop a multilingual approach to language and literacy development with strong focus on understanding and supporting daily instruction in a Grade 4-6 FAL English classroom.

*Slaagvoorvereiste: English First Additional Language (Ed) [IP] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477 (15) English First Additional Language (Ed) [IP] (3L, 1T)

Develop a comprehensive, research-based language and literacy instruction programme with strong focus on understanding and supporting daily instruction in a Grade 4-6 FAL English classroom.

*Slaagvoorvereiste: English First Additional Language (Ed) [IP] 377*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14246 English First Additional Language (Ed) [BEd] [FP]

### 179 (15) English First Additional Language (Ed) [FP] (2L, 1T)

Situating English in its global context, mastering the grammatical system and developing literary analytical tools.

*Newevereiste: Inleiding tot Taalonderrig 124*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 279 (15) English First Additional Language (Ed) [FP] (2L, 1T)

This module builds on and encourages the application of core language teaching theories and strengthens students' English subject knowledge. Students are guided to select appropriate fiction and non-fiction texts for grades R-3 and to develop strategies for encouraging reading comprehension. This module is differentiated from the Home Language module when it pertains to specific aspects that are peculiar to additional language teaching (knowledge and practices)

*Slaagvoorvereiste: English First Additional Language (Ed) [FP] 179*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 379 (15) English First Additional Language (Ed) [FP] (3L, 1T)

Develop a comprehensive, research-based first additional language instruction programme with strong focus on reading and writing in English as a first additional language in Grade R-3. There is also a focus on the increased literacy demands in preparation for the use of English as a language of learning and teaching in grade 4.

*Slaagvoorvereiste: English First Additional Language (Ed) [FP] 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 479 (15) English First Additional Language (Ed) [FP] (3L, 1T)

Develop a comprehensive, research-based first additional language instruction programme with strong focus on understanding and supporting the role of English as a first additional language in Grade R-3 and the

increased literacy demands in that language when learners start using English as a language of learning and teaching in grade 4.

*Slaagvoorvereiste: English First Additional Language (Ed) [FP] 379*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14248 English Home Language (Ed) [IF]

### 177(15) English Home Language (Ed) [IP] (2L, 1T)

Situating English in its global context, mastering the grammatical system and developing literary analytical tools.

*Newevereiste: Inleiding tot Taalonderrig 124*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277(15) English Home Language (Ed) [IP] (2L, 1T)

This module builds on and encourages the application of core language teaching theories and strengthens students' English subject knowledge. Students are guided to select appropriate fiction and non-fiction texts for grades 4-6 and to develop strategies for encouraging reading comprehension. The development of fluent, accurate and complex language learners is viewed as a key goal of this module.

*Slaagvoorvereiste: English Home Language (Ed) [IP] 177*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377(15) English Home Language (Ed) [IP] (3L, 1T)

This module equips students to challenge and stimulate home language learners to attain academic literacy in preparation for the senior phase. Advanced literacy proficiency and reading comprehension form the core of the module.

*Slaagvoorvereiste: English Home Language (Ed) [IP] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477(15) English Home Language (Ed) [IP] (3L, 1T)

This module equips students to challenge and stimulate home language learners to attain the higher levels of literacy demanded by their imminent entry to high school. This module also strengthens students' abilities to research and critically reflect on their own practice as they prepare to enter the teaching profession. Students will also be prepared for the affordances of technology in the classroom and for developing learners' digital literacy in English.

*Slaagvoorvereiste: English Home Language (Ed) [IP] 377*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14248 English Home Language (Ed) [GF]

### 179 (15) English Home Language (Ed) [FP] (2L, 1T)

Situating English in its global context, mastering the grammatical system and developing literary analytical tools.

*Newevereiste: Inleiding tot Taalonderrig 124*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 279 (15) English Home Language (Ed) [FP] (2l, 1T)

This module builds on and encourages the application of core language teaching theories and strengthens students' English subject knowledge. Students are guided to select appropriate fiction and non-fiction texts for grades R-3 and to develop strategies for encouraging reading comprehension.

*Slaagvoorvereiste: English Home Language (Ed) [FP] 179*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 379 (15) English Home Language (Ed) [FP] (3L, 1T)

Manage a comprehensive, research-based home language and academic literacy instruction programme that develops home language learners' proficiency in preparation for Grade 4. Consideration is also given to accommodating FAL learners in the home language English classroom.

*Slaagvereiste: English Home Language (Ed) [FP] 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 479 (15) English Home Language (Ed) [FP] (3L, 1T)

Develop a comprehensive, research-based home language and literacy instruction programme with strong focus on understanding and supporting daily instruction in Grade R-3 and the increased literacy demands in the transition to grade 4. Consideration is also given to accommodating FAL learners in the home language English classroom.

*S English Home Language (Ed) [FP] 379*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 57142 Filosofie van die Opvoeding [BEd]

### 477 en 479(10) Filosofie van die Opvoeding [IF en GF] (2L)

Die doel van hierdie module is om 'n kritiese verstaan van die aard en rol van die Filosofie van die Opvoeding te ontwikkel. Daar word ook gemik op die ontwikkeling van 'n persoonlike Filosofie van die Opvoeding. Hierin speel 'n analise en kritiese ondersoek na die konsep van opvoeding teenoor dié van onderwys 'n sentrale rol. Studente word bekendgestel aan navorsingsmetodes en -metodologieë (paradigmas) in hierdie studieveld. Dit dien om belangrike verbande te lê tussen filosofiese teorieë en die konteks van skoolonderrig en -onderwys, en van die individu in verhouding tot andere en instellings in die breër gemeenskap.

Tuisdepartement: ONDERWYSBELEIDSTUDIE

## 21865 Filosofie van die Opvoeding [NOS]

### 771 (8) Filosofie van die Opvoeding (2L)

Hierdie module maak student bewus daarvan dat feitlik alles wat vandag in die onderwys gebeur op 'n manier 'n filosofiese standpunt reflekteer, maar die student, die ouer of selfs die opvoeder is nie geredelik bewus van hierdie standpunt nie. Opvoeders moet sien dat filosofie van die opvoedkunde 'n verskil kan maak in hul siening of aktiwiteite met betrekking tot onderwys, en hulle moet hul filosofiese idees en denkrigtings gebruik op maniere wat kan lei tot meer bewuste en direkte praktyke. As sodanig bevorder hierdie module 'n verantwoordelike ondersoek van bestaande maatskaplike en opvoedkundige toestande in die lig van filosofiese analise en kritici.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

## 56847 Finansiële Wiskunde [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)]

### 171 (9) Finansies, Groei en Verval

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Gebruik enkelvoudige en saamgestelde groeiformules
- Gebruik enkelvoudige en saamgestelde vervalformules
- Rente
- Wisselkoers
- Die effek van verskillende tydperke van saamgestelde groei en verval (met inbegrip van effektiewe en nominale rentekoerse)
- Pas kennis van meetkundige reekse toe om annuïteit- en verbandterugbetalingsprobleme op te los
- Ontleed verskillende leningsopsies krities
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13755 Fisiese Wetenskappe-onderrig [NOS]

### 771 (20) Fisiese Wetenskappe-onderrig (2L, 2P)

Hierdie module plaas klem op verskeie onderwerpe en fokusareas in die Fisiese wetenskappe: materie en

materiale, chemiese stelsels, chemiese verandering, meganika, golwe, klank en lig en elektrisiteit en magnetisme wat in die VOO-fase op skoolvlak aangebied word. Die module is bedoel vir nagraadse Fisiese Wetenskappe-onderwysstudente wat hierdie module as 'n keuse aanbied, maar sal ook nuttig wees vir enige ander student wat hulle agtergrond in Fisiese wetenskappe wil verdiep en as spesialiseringsvak aan te bied.

*Slaagvoorvereistes:*

- Chemie en Fisika op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (met minstens 64 (2 x 32) krediete), of ekwivalent

  *of*

- Chemie op eerstejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 24 krediete) en Fisika op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete), of ekwivalent.

Met 'n goeie studierekord sal jy ook toegelaat kan word met slegs:

- Fisika op eerstejaarsvlak (minstens 24 krediete) en twee modules Chemie op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6).

  *of*

- Chemie op eerstejaarsvlak (minstens 24 krediete) en Fisika op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6) (minstens 32 krediete).

*Slaagvoorvereistes vir die Gevorderde Studie-opsie in Fisiese Wetenskappe-onderrig:*

- Minstens een van Fisika of Chemie op derdejaarsvlak (of NKR-vlak 7) (minstens 48 krediete).

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13453 Fisika [GDO (Senior Fase Natuurwetenskappe-onderwys)]

### 171 (15) Fisika – Energie en Verandering

Bronne van en soort energie, hitteoordrag en isolering, sigbare lig, statiese en stroomelektrisiteit, energie en die nasionale kragnetwerk

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13608 Fisika-onderrig: Energie, Golwe en Materie [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)]

### 171 (10) Fisika-onderrig: Energie, Golwe en Materie (22L, 10P)

- Werk, energie & drywing
- Transversale golwe met EM-straling as voorbeeld
- Longitudinale golwe met klank as voorbeeld
- Geometriese optika
- Doppler-effek
- Deeltjiegeaardheid van EM-straling
- Foto-elektriese effek
- Spektra

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13611 Fisika-onderrig: Magnetisme en Elektrisiteit [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)]

### 271 (10) Fisika-onderrig: Magnetisme en Elektrisiteit (22L, 10P)

- Magnetisme & basiese elektrostatika
- Coulomb se Wet
- Elektromagnetisme & Faraday se Wet
- Elektriese stroombane
- Elektriese generators
- Elektriese motors
- Wisselstroom

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13612 Fisika-onderrig: Meganika [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)]

### 171 (10) Fisika-onderrig: Meganika (22L, 10P)

- Vektore & skalare
- Beweging in een dimensie
- Kragte
- Newton se Bewegingswette
- Momentum & impuls
- Vertikaleprojektielbeweging

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13825 Geletterdheid *vir begrip* in Lewensvaardighede [BEd] [GF] (nuwe program)

### 279 (15) Geletterdheid *vir begrip* in Lewensvaardighede (3L)

Grondslagfaseonderwysers behoort Wetenskap en Tegnologie, asook Sosiale Wetenskappe, op 'n geïntegreerde wyse te kan onderrig. Hierdie module stel studente in staat om verskillende geletterdhede te ontwikkel om Lewensvaardighede-kurrikula te implementeer. Met inagneming van die kind-as-burger, dek die inhoud van die module die dissiplinêre asook die pedagogiese kennis vir Lewensvaardighede, om studente in staat te stel om sodanig te onderrig dat leerders toegerus word met basiese vaardighede as grondslag vir verdere onderrig in Wetenskap en Tegnologie en Sosiale Wetenskappe na graad 3.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13490 Geletterdheidsonderwys en -leierskap (Grondslagfase) [HonsBEd]

### 772 (20) Geletterdheidsonderwys en -leierskap (Grondslagfase)

Hierdie module is die grondslag vir die stimulering van 'n ondersoek na geletterdheidsonderwys en -leierskap. In hierdie module ondersoek studente navorsing en bewysgebaseerde kritiese herbesinning en transformasie van geletterdheidspraktyke in grondslagfaseklaskamers. Hierdie module bied die studente leergeleenthede om kennis op te bou en vaardighede te ontwikkel, soos wat hulle geletterdheidsleierskap sowel as hulle eie praktyk- en onderrigkeuse beter verstaan en vaardighede ontwikkel om dit te ontleed. Studente sal dus in staat wees om die hele skool se geletterdheidsverbeteringsprogram te konseptualiseer en 'n gegronde onderrig- en assesseringstelsel vir die grondslagfase te ontwikkel en te onderhou. Hierdie module ondersteun ook honneursstudente se navorsingsprojekte as deel van die module vir navorsings-metodes. Na suksesvolle voltooiing kan studente voortgaan met verdere navorsing vir M-studies.

*Assessering: Werkopdragte en 'n skriftelike eksamen*

Let op: Hierdie module is 'n kernmodule binne die HonsBEd (Grondslagfase onderwys)-program Studente moet hul finalejaar-taal-en-geletterdheidskursus in 'n voorgraadse GF voltooi.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13744 Geografie-onderrig [NOS]

### 771 (20) Geografie-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module plaas klem op verskeie onderwerpe en fokusareas in Geografie-opvoeding: geografie as akademiese dissipline en skoolvak – kernkonsepte, kennis, vaardighede, waardes en houdings; die waarde van geografie-onderwys in 'n veranderende wêreld; kontinuïteit en progressie in die gestelde kurrikulum; die belangrikheid van fase-, graad- en kwartaalbeplanning ten einde kwaliteit onderrig te gee; lesbeplanning wat verskillende vakdoelwitte en skoolwerklikhede reflekteer; geografiese ondersoek as 'n onderrig-benadering; kaartwerkvaardighede en -tegnieke; integrasie van Inligtings- en Kommunikasie-tegnologieë; ander onderrigstrategieë: veldwerk, nuusbladgeografie, besoeke aan betekenisvolle plekke en gebeure, blootstelling aan kundiges; gebruik assessering om leer en onderrig te bevorder.

Die module is bedoel vir nagraadse Geografie-onderwysstudente wat hierdie module as 'n keuse aanbied, maar sal ook nuttig wees vir enige ander student wat sy/haar agtergrond in Geografie wil verdiep en as spesialiseringsvak aanbied.

*Slaagvoorvereiste: Kandidate moet Geografie op tweedejaarsvlak [met minstens 64 (2 x 32) kredietel, of ekwivalent, geslaag het.*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61557 Geografie-onderwys (skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)]

### 872 (40) Geografie-onderwys-spesialisering

Geografie-onderwys.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13731 Geskiedenis en Sosiologie van Opvoeding [NOS]

### 771 (8) Geskiedenis en Sosiologie van Opvoeding (2L)

Hierdie module ondersoek opvoedkundige prosesse en praktyke in hul spesifieke sosiale konteks. Die module pas sosiale teorieë van opvoedkunde toe op 'n verstaan van die skool en klaskamer praktyke. Dit ondersoek verder die interaksie van sistemiese, institusionele en individuele dimensies in skole, as 'n wyse om konseptueel betrokke te raak met die verskillende dinamika van klas, ras, kultuur, taal en geslag in beide sy historiese en sosiologiese vorm. Deur die benutting van historiese en sosiologiese lense, is die doel van die module om 'n kritiese bewustheid van die aard, status en vorm van kontemporêre onderwys in Suid-Afrika te voorsien.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

## 54283 Geskiedenis-onderrig [NOS]

### 771 (20) Geskiedenis-onderrig (2L, 2P)

Hierdie module bestudeer krities die pedagogiese aspekte van Geskiedenis-onderrig. Die doel daarvan is om studente te voorsien van 'n teoretiese raamwerk vanwaar hulle praktiese kwessies aangaande Geskiedenis-onderrig mag ondersoek.

*Slaagvoorvereiste:*

- Geskiedenis op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete op tweedejaarsvlak) of Antieke Kulture op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete op derdejaarsvlak) of Politieke Wetenskappe op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete op derdejaarsvlak)

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13564 Getalle, Bewerkings, Verhoudings [GDO]

### 171 (22) Getalle, Bewerkings, Verhoudings (IF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Telgetalle
- Gewone breuke
- Desimale breuke
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

### 172 (22) Getalle, Bewerkings, Verhoudings (SF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Telgetalle
- Eksponente
- Heelgetalle
- Gewone breuke
- Desimale

- Enkelvoudige en saamgestelde rente

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13759 Gevorderde Studie [NOS]

### 771 (20) Gevorderde Studie

Hierdie module word gevolg deur studente wat aan die toelatingsvereistes vir slegs een onderrigmodule voldoen. Hierdie module sal bestaan uit gevorderde studie in die fokusarea waarvoor die student geregistreer is. Hierdie module sal uit opdragte ontstaan wat ontwerp is om die kennis, vaardighede en ervaring wat nodig is vir gevorderde studie en navorsing in die gekose onderrigveld van die student te ontwikkel. Dit sal kulmineer in 'n individuele, in-diepte navorsingsprojek of verdere studie in die betrokke veld.

Kontaktyd met dosente/studieleiers per reëling.

*Slaagvoorvereiste:*

Die bewys dat jy die vakgebied van die onderrigmodule met jou voorgraadse studie as 'n hoofvak voltooi het (verwys na die vakvereistes vir die Onderrigmodule van jou keuse, soos uiteengesit in die hoofstuk "Nagraadse Programme").

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13824 Graad R-teorie en -praktyk [BEd] [GF] (nuwe program)

### 279 (15) Graad R-teorie en -praktyk (2L)

- Kennis van die belangrikste kurrikulumbenaderings en kwessies in vroeëkinderonderwys.
- Belangrike konsepte relevant vir die kurrikulum en onderrig met betrekking tot vroeë-kinderonderwys.
- Teoretiese raamwerke vir vroeëkinderonderwys en die graad R-kurrikulum.
- Kurrikulummodelle en benaderings in vroeëkinderonderwys.
- Leerareas (Taal en Geletterdheid, Wiskunde en Lewensvaardighede) en ontwikkelingsvelde in graad R-programme vir vroeëkinderonderwys.
- Die ontwikkeling van 'n persoonlike perspektief op graad R-onderwys, -leer en -klaskamerpraktyk.

*Newevereiste: Praktiese Leer 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14256 Hoër Onderwys Studies [MPhil (Hoër Onderwys Studies)]

### 879 (180) Hoër Onderwys Studies (ankermodule)

Meer besonderhede verskyn alfabeties in hierdie hoofstuk onder die onderskeie vakke in die program.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61980 Hulpverlening in Skool- en Gemeenskapsverband [MEd (Opvoedkundige Ondersteuning)]

### 872 (30) Ontwikkelingsprogramme

- Die leerder in konteks.
- Ondersteuning vir skole en onderwysers.
- Hulpverlening en opvoedkundige ontwikkelingsprogramme in die gemeenskap.
- Volwasse Basiese Onderwys (VBO).

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 11516 IKT vir Leer

### 771 (10) ) Informasiekommunikasietegnologie (IKT) vir Leer [NOS] (1L, 1T)

Hierdie module gee 'n inleiding tot inligtingstegnologie. Studente sal 'n werkende begrip hê van geselekteerde sagtewaretoepassings – soos woordverwerking, sigblaaie en aanbiedings – wat nodig is vir kommunikasie- en inligtingsdoeleindes vir onderwysers in skole. Hierdie 10-kredietmodule is ontwerp om

voldoening aan die minimum vereistes vir onderwysersopleidingskwalifikasies te verseker. Die module fokus nie net op rekenaargebruik nie, maar ook op die kontemporêre integrasie van digitale tegnologieë en digitale pedagogie op alle CAPS-vakke. Vrystelling van hierdie module kan toegestaan word slegs indien 'n rekenaargebruikmodule van ten minste 5 krediete (US-ekwivalent) afgehandel is wat die kern- Microsoft Office-toepassings ingesluit het: Word, Excel en PowerPoint. Suksesvolle afhandeling van IKT vir Leer 177 is verpligtend vir die toekenning van die NOS-kwalifikasie.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 179 (10) Informasiekommunikasietegnologie (IKT) vir Leer [BEd] [GF] (nuwe program) (1L, 1T)

Die module is 'n inleiding tot Inligtingstegnologie. Studente sal 'n basiese begrip verwerf van sagteware soos woordverwerking, sigblaaie en les-aanbiedings wat benodig word vir alledaagse gebruik in skole, algemene kommunikasie en inligting in skole.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (10) Informasiekommunikasietegnologie (IKT) vir Leer [BEd] [IF] (nuwe program) (1L, 1T)

Die module is 'n inleiding tot Inligtingstegnologie. Studente sal 'n basiese begrip verwerf van sagteware soos woordverwerking, sigblaaie en lesaanbiedings wat benodig word vir onderwysers se alledaagse gebruik, algemene kommunikasie en inligting in skole.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 12901 IKT's vir Onderrig en Leer [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

### 791 (30) IKT's vir Onderrig en Leer in Hoër Onderwys

Hierdie module bied studente die geleentheid om hul onderrigsituasie te ontleed, en om 'n tegnologie-ondersteunde leerintervensie te ontwerp en te ontwikkel, te implementeer, te evalueer en dit aan nabetragting te onderwerp.

*Keusemodule*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 54461 Inklusiewe Onderwys

### 873 (20) Inklusiewe Onderwys [MEd (Psig)]

- 'n Metateoretiese raamwerk
- Internasionale en nasionale perspektiewe op inklusiewe onderwys.
- Opvoedkundige Sielkunde as professie.
- Leerders met gestremdhede.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 12486 Inklusiewe Onderwys, Assessering en Leerondersteuning [MEd (Opvoedkundige Ondersteuning)]

### 873 (30) Inklusiewe Onderwys, Assessering en Leerondersteuning

- Inklusiewe onderwys.
- Leerhindernisse.
- Assessering en leerondersteuning.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 13112 Inleiding tot Kwalitatiewe Navorsingsmetodologie [MEd (Opvoedkundige Ondersteuning)]

### 872 (30) Inleiding tot Kwalitatiewe Navorsingsmetodologie

Inleiding en oorsig tot navorsingsparadigmas in opvoedkundige navorsing; navorsingsontwerpe, metodes en

metodologie, data-analise en hoe om die navorsingsproses skriftelik weer te gee.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 13507 Inleiding tot Navorsingsmetodes [HonsBEd]

### 712 (5) Inleiding tot Navorsingsmetodes

Faktore wat sinvolle en samehangende onderrig en leer van Wiskunde in die grondslagfase beïnvloed, leertrajekte, professionele onderwyseridentiteit, sinvolle koppeling van onderrig, leer en assessering, vermengde leer in die grondslagfase-Wiskundeklaskamer.

*Slaagvoorvereiste: Wiskunde-onderwys (Grondslagfase) Module 1*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14962 Inleiding tot Neurokognitiewe Studie [NGDip (Wetenskap-onderwys), NGDip (Wiskunde-onderwys)]

### 771 (15) Inleiding tot Neurokognitiewe Studie

Die module bied 'n kort oorsig van die relatief nuwe veld van opvoedkundige neurokognitiewe studie en die praktiese implikasies daarvan vir wiskunde- of wetenskaponderwysers.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14959 Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing [NGDip (Wetenskap-onderwys), NGDip (Wiskunde-onderwys)]

### 771 (15) Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing

Hierdie module is gestruktureer om onderwysstudente en onderwysers met die navorsings- en akademiese-geletterdheidsvaardighede toe te rus om navorsing binne 'n onderwysomgewing te interpreteer.

Hierdie module fokus op die skep van 'n basiese begrip van navorsingsontwerpe, metodologieë en gepaardgaande metodes vir die insameling, analisering en aanbieding van data binne opvoedkundige navorsing.

In die konteks van die bogenoemde, is hierdie module daarop gemik om op 'n teoretiese en praktiese wyse voort te bou op die bestaande kennis van studente oor navorsing. Onderwerpe wat behandel word, sluit die vind en evaluering van akademiese bronne wat aktueel en relevant is, en outoriteit dra, en wat vir die toepaslike doel geskryf is, in. Studente sal as deel van akademiesehulpbronbestuur voorts met Mendeley kennis maak, asook met die 6de uitgawe van die Amerikaanse Sielkundige Vereniging se verwysingsisteem (APA6) en maniere om plagiaat te voorkom. Vaardighede om 'n akademiese teks te navigeer sal ontwikkel word met spesifieke fokus op kritiese, aktiewe en doeltreffende lees van tekste. Studente sal gelei word om te reageer op sekere soorte take, soos die beskrywing en ontleding van 'n konsep sowel as die skep van 'n argument rondom konsepte en teorieë.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 11510 Inleiding tot Taalonderrig [BEd]

### 124 (5) Inleiding tot Taalonderrig [GF en IF] (1L)

Inleiding tot die leer en onderrig van taal, met 'n fokus op verskillende benaderings tot die leer en onderrig van taal. 'n Fokus op kinder- en jeugliteratuur voltooi die module.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13746 Inligtingstegnologie-onderrig [NOS]

### 771 (20) Inligtingstegnologie-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module plaas klem op verskillende onderwerpe binne die vak Inligtingstegnologie wat tydens die VOO-fase op skoolvlak onderrig word. Die module is bedoel vir nagraadse Inligtingstegnologie onderwys studente wat hierdie module as 'n keusevak gekies het, maar sal ook nuttig wees vir enige student wat sy/haar agtergrond in die Inligtingstegnologie wil verdiep en Inligtingstegnologie as spesialiserings vak wil aanbied.

*Driejaargraad met slaagvoorvereiste soos volg:*

Rekenaarwetenskap op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete)

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14918 Internskap [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]

### 874 (niekredietdraend) Internskap

Geakkrediteerde internskap

Tuisdepartement: DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 13458 Interpretatiewe Navorsing [HonsBEd]

### 711 (5) Interpretatiewe navorsing

- Interpretatiewe navorsing
- Wetenskaplike kennis
- Praktisynsnavorsing

Tuisdepartement: DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 14245 IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (BEd)

### 179 (15) IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (1L, 1L Aanlyn, 1T)

Hierdie 'n jaarmodule belê daarin om onderwysstudente te oriënteer in die teorieë en ideologieë van die fasilitering van onderrig in isiXhosa as 'n 'Eerste Addisionele Taal' (EAT) om die studente toe te rus met die nodige strategieë vir die onderrigpraktyk.

Die proses om innoverende, sosiaal-verantwoordelike asook kultureel-sensitiewe isiXhosa-praktisyns te produseer, vorm die hoeksteen van hierdie module om sodoende die skoolleerder te bemagtig ten spyte van veranderinge in nasionale skoolkurrikula. Aandag word egter geskenk aan belyning met die huidige Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum, terwyl verwysing gemaak word na die akademieskap van EAT-pedagogie wat verband hou met ander gebiede van die Afrika-vasteland en die res van die wêreld. Dit is van deurslag-gewende belang dat daar in lesbeplanning aandag geskenk word aan die koherente integrasie van isiXhosa, Gesyferdheid en Geletterdheid.

*Let op:* 'n Slaagpunt in isiXhosa Eerste Addisionele Taal in graad 12 of isiXhosa Huistaal in graad 12 word vereis.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 279 (15) IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (3L)

Hierdie tweedejaar-spesialisasiemodule vir die grondslagfase (graad R tot 3) fokus op die ontwikkeling van vaardighede en bevoegdhede vir die fasilitering van die leer van isiXhosa as 'n Eerste Addisionele Taal. Studente word opgelei om sin te maak van teoretiese kennis in lyn met waargenome lesse om werkende pedagogiese strategieë vir die verskillende leerkontekste te formuleer.

Die pedagogiese aktiwiteite word met en sonder die gebruik van tegnologie gedoen om bewussyn te skep van die behoefte om in verskillende skool-omstandighede te improviseer in samehang met die beskik-baarheid van toerusting, elektrisiteit en ander fasiliteite. Die idee van spel vir fasilitering vorm 'n belangrike deel van hierdie module, tesame met sensitiwiteit vir Konstitusionele Kinderregte.

**Onderwerpe:**

- Fasilitering van funksionele, visuele en sosiale geletterdheid
- Opleiding in performatiewe strategieë vir leer
- Bevoegdheid in mondelinge onderrig, veral redenaarskuns en aanbieding

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] 179*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 379 (15) IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (3L)

Hierdie module van die Baccalaureusgraad in Opvoedkunde (BEd) het ten doel om die opleiding van studente te versterk om die leer van isiXhosa as 'n Eerste Addisionele Taal deur grondslagfaseleerders op 'n innoverende wyse te fasiliteer. Die onderliggende filosofie bevorder geïntegreerde uitkomste wat funksio-nele vaardighede, waardes en ingesteldhede inbed. Dit beteken dat onderwysstudente aangemoedig word om diep te beredeneer oor hoe teoretiese kennis wat in hulle lesbeplanning toepaslik is, die verkryging van die noodsaaklike sosiale, akademiese en ekonomiese waardes van die Xhosa-taal kan verseker. Hiervoor is oefening van kernbelang.

**Belangrike onderwerpe:**

- Toepassing van teorieë vir tweede taal onderrig en leer
- Koppeling van taal en kultuur

- Storievertelling vir geletterheidsontwikkeling
- Kreatiewe skryf vir materiaalontwikkeling
- Beskouing en uitsoek van kinderliteratuur
- Integrasie van Taal-, Gesyferdheids-, Sosialevaardigheids-, Redeneringsvaardighede en Geletterdheidsgenres
- Onderrig van isiXhosa wat die leerders se belangstelling in leer en hulle nuuskierigheid aanmoedig

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 479 (15) IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (3L)

Hierdie spesialisasiemodule van die Baccalaureusgraad in Opvoedkunde (BEd) vir die Grondslagfase fokus op die opleiding van studente om IsiXhosa as 'n Eerste Addisionele Taal te onderrig en wat meer in ooreenstemming is met die multikulturele Suid-Afrikaanse omgewing. Hierdie module poog om onderwysstudente te help om lees-, besigtigings- en assesseringsmateriaal of -gereedskap te ontwerp wat geskik/aanpasbaar is vir die verskillende grade in die grondslagfase, **en wat hulle in hulle onderrigpraktyk in skole kan gebruik om handboeke en leerdergidse aan te vul**. Hierdie benadering neem die huidige oneweredige toegang tot noodsaaklike toerusting en fasiliteite in openbare skole in Suid-Afrika in gedagte.

Dit gebruik 'n performatiewe, kreatiewe vorm van fasilitering van die leer van isiXhosa. Hierdie tipe werk kan dien om mede-inspirerende hoop aan die samelewing via skole te gee deur leerders te motiveer om verantwoordelike burgers te wees by wyse van die temas wat in die leer van isiXhosa ingebed is. Gemeenskaplike leer word in hierdie module op prys gestel.

Die eienskappe vir toekomstige professionele diens is belangrik, dus is die konseptualisering van hierdie module van belang om onderwysstudente te help om geletterdheid en bi-geletterdheid in veeltalige skole te waardeer deur die dienooreenkomstige skep van geskrewe, visuele, oudiovisuele en verbale leergeleenthede.

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] 379*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14245 IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (BEd)

### 177 (15) isiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Die hoofdoel van hierdie module is om aspirantonderwysers toe te rus met kennis oor kwessies rakende die onderrig en leer van isiXhosa Eerste Addisionele Taal. Dit word gedoen sodat aspirantonderwysers in staat is om die uitdagings van hedendaagse klaskamers die hoof te bied en hulle selfvertroue as onderwysers van isiXhosa Eerste Addisionele Taal te ontwikkel. Die studente sal toegerus word met kennis oor hoe om verskillende onderrigmetodes wat gepas is vir die intermediêrefase-leerderprofiele te hanteer. Die module sal die volgende inhoud dek:

- kulturele geskiedenis van die amaXhosa en isiXhosa as taal;
- isiXhosa- en geletterdheidsonderrig, insluitend visuele geletterdheid, akademiese geletterdheid, funksionele geletterdheid en kritiese geletterdheid;
- lesbeplanning en evalueringstegnieke;
- begrip van die idee van geïntegreerde onderrig- en leeruitkomste met die leuse, "Elke leerder maak saak!";
- analitiese reflektiewe praktyk in ooreenstemming met die praktiese toepassing van teoretiese kennis vir die ontwikkeling van volwasse insigte;
- onderrig van kreatiewe skryfwerk in isiXhosa as deel van die ontwikkeling van onderrig- en leerhulpbronne;
- die begrip van die leksikale en taalkundige kenmerke van isiXhosa as taal.

*Let op:* IsiXhosa graad 12 Huistaal/Eerste Addisionele Taal, of ekwivalent, word vereis.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (15) isiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Hierdie is 'n tweedejaarmodule wat volg op isiXhosa EAT Opvoedkunde 177. Die doelwit van hierdie module is om onderwysers voor indiensneming toe te rus met kennis oor kwessies betreffende die leer en onderrig van isiXhosa Eerste Addisionele Taal. Dit word gedoen sodat hierdie onderwysers die uitdagings van hedendaagse klaskamers kan trotseer en selfvertroue as onderwysers van isiXhosa Eerste Addisionele Taal kan ontwikkel. Die student sal toegerus word met vaardighede om verskillende onderrigmetodes te kan gebruik wat geskik is vir die profiele van intermediêrefaseleerders. Die module sal die volgende dek:

- kulturele geskiedenis van die amaXhosa en isiXhosa as taal;

- isiXhosa en geletterdheidsonderrig, insluitend visuele geletterdheid, akademiese geletterdheid, funksionele geletterdheid en kritiese geletterdheid;
- lesbeplanning en assesseringstegnieke;
- 'n begrip van die idee van geïntegreerde onderrig- en leeruitkomste met die slagspreuk, "Elke leerder maak saak!";
- analitiese reflektiewe praktyk in lyn met praktiese toepassing van teoretiese kennis vir die ontwikkeling van volwasse insigte;
- onderrig in kreatiewe skryf in isiXhosa as deel van die ontwikkeling van onderrig- en leerhulpbronne;
- begrip van die leksikale en linguistiese kenmerke van isiXhosa as taal.

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] 177*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (15) isiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Die studente sal toegerus word met die vereiste vaardighede om goed in hulle klaskamers te kan funksioneer. Hierdie module is ontwerp om te bou op die kennis wat in die voorafgaande jare bekom is. Die onderwysers sal voor indiensneming pertinente kwessies m.b.t. die onderrig van isiXhosa in die klaskamer kan evalueer en analiseer. In hierdie module sal die studente 'n begrip van veeltalige klaskamers in Suid-Afrika ontwikkel en hoe om op 'n verstandige manier in hierdie klaskamers te funksioneer. 'n Begrip van die implementeringsvereistes vir die nasionale kurrikulum (KABV) vir IsiXhosa EAT. 'n Gegronde begrip van isiXhosa-onderrig in die basiese onderwysbande.

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477 (15) isiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Die module beoog om professionele onderwysers op te lei om isiXhosa EAT, kultuur en aanvanklike geletterdheid te fasiliteer vir genot, verryking en bemagtiging.

Die module-inhoud behels die volgende:

- Die integrasie van isiXhosa-leeruitkomste;
- Bevoegdheidsgebaseerde assessering wat leergeleenthede skep vir isiXhosa en die bevordering van geletterdheid ten einde dieper leer te bewerkstellig;
- Om vaardig te werk in oorvol klaskamers bestaande uit leerders met gemengde vaardighede in een klas;
- Die kontinuum van die onderwyspraktyk in ooreenstemming met die huidige nasionale kurrikulum (KABV) vir isiXhosa Huistaal;
- Kritiese besinning oor die verband tussen teoretiese kennis oor vroeë geletterdheid wat op universiteit verwerf is en die praktiese realiteit van toepassing in skole;
- 'n Gegronde begrip van die onderrig- en leerbeginsels van IsiXhosa, ongeag die moontlike veranderinge in die nasionale isiXhosakurrikula vir addisionele taal in die primêre onderrigbande.

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] 377*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14267 IsiXhosa as 'n Taal van Kommunikatiewe Vaardigheid [NOS]

### 771 (5) IsiXhosa as 'n Taal van Kommunikatiewe Vaardigheid (1L)

Om gespreksvaardigheid in isiXhosa as 'n amptelike Afrikataal te verkry.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14921 IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [BEd]

### 424 (5) IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [GF] (2L)

Hierdie module handel grootliks oor die opleiding van student-onderwysers deur hulle toe te rus om die gebruik van moedertaal (en die eerste addisionele taal waar nodig) te waardeer en teoreties ingeligte kennis vaardig toe te pas deur geleenthede of platforms te skep vir leerders om hul onderskeie moedertale of huistale te gebruik om begrip van akademiesegeletterdheidsmateriaal en vakspesifieke dissiplinêre inhoud te verbeter, wat terme insluit wat in verskeie skoolvakke gebruik word, terwyl hulle ook vorder in die Xhosa-taal en kulturele begrip. Dit impliseer dat isiXhosa gebruik kan word om Engels as 'n Eerste Addisionele Taal (EAT) beter te verstaan, sowel as om begrip van Gesyferdheid, Lewensvaardighede en 'n Eerste Addisionele

Taal te verdiep, en sodoende die potensiaal van die individuele leerder te benut om relevante geletterdhede oor die grondslagfasekurrikulum in skole te versterk.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 414 (5) IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [IF] (2L)

Hierdie module handel grootliks oor die opleiding van student-onderwysers deur hulle toe te rus om die gebruik van moedertaal (en die eerste addisionele taal waar nodig) te waardeer en teoreties ingeligte kennis vaardig toe te pas deur geleenthede of platforms te skep vir leerders om hul onderskeie moedertale of huistale te gebruik om begrip van akademiesegeletterdheidsmateriaal sowel as vakspesifieke dissiplinêre inhoud te verbeter, wat terme insluit wat in verskeie skoolvakke gebruik word, terwyl hulle ook vorder in die Xhosa-taal en kulturele begrip. Dit impliseer dat isiXhosa gebruik kan word om Engels as 'n Eerste Addisionele Taal (EAT) beter te verstaan, sowel as om begrip van Sosiale Wetenskappe, Wiskunde en Natuurwetenskappe te verdiep, en sodoende die potensiaal van die individuele leerder te benut om relevante geletterdhede oor die Intermediêre Fase-kurrikulum in skole te versterk.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13851 IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (BEd)

### 177 (15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Hierdie eerstejaarmodule oriënteer BEd-studente rakende die eise, vreugdes en uitdagings om 'n isiXhosa-onderwyser te word in die intermediêre fase, dit wil sê graad 4 tot 6, sowel as graad 7, in 'n Suid-Afrikaanse konteks. Aspekte van leer sluit in pragmatiek; taalstruktuur; blootstelling aan verskillende teksgenres wat modelleer wat jy in skole kan verwag en die sosiale en akademiese funksies daarvan in geskrewe genres; folklore – gesproke woordkuns en verwante kognitiewe voordele; taalverwante kultuur in geletterdheidsdiskoers; gewilde opvoedingsmetodes as strategieë vir die fasilitering van leer van verskillende isiXhosa-tekste; fasilitering van akademiese geletterdheid; fasilitering van kritiese geletterdheid; isiXhosa-literatuuronderrig; en taalkundige geskiedenis van isiXhosa.

*Let op:* IsiXhosa graad 12 Huistaal/Eerste Addisionele Taal, of ekwivalent word vereis.

*Bekwaamheidsgebaseerde assessering*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Hierdie tweedejaarmodule volg op isiXhosa HT 177. Die doelwit van hierdie module is om onderwysstudente toe te rus met kennis oor die verhouding van die Xhosa-taal en -kultuur, terwyl hulle sensitiwiteit het vir die keuses van onderrigmetodes wat gepas is vir die geïdentifiseerde profiele van leerders in die intermediêre fase. Dit sluit in geletterdheidsidentiteite in isiXhosa. Die module-inhoud dek ook die volgende:

- kulturele geskiedenis van die amaXhosa en isiXhosa;
- isiXhosa en geletterdheidsonderrig, insluitend visuele geletterdheid, akademiese geletterdheid, funksionele geletterdheid en kritiese geletterdheid;
- lesbeplanning en assesseringstegnieke
- 'n begrip van die idee van geïntegreerde onderrig- en leeruitkomste met die slagspreuk, "Elke leerder maak saak!"
- analitiese reflektiewe praktyk in lyn met die praktiese toepassing van teoretiese kennis vir die ontwikkeling van volwasse insigte;
- onderrig in kreatiewe skryf in isiXhosa as deel van die ontwikkeling van onderrig- en leerhulpbronne

*Bekwaamheidsgebaseerde assessering*

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] 177*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (2L, 1T)

Hierdie is 'n jaarlange finalejaarmodule van die Baccalaureusgraad in Opvoedkunde-program. Dit het ten doel om professionele onderwysers te vorm wat spesialiseer in die fasilitering van die leer van isiXhosa as 'n Eerste/Huistaal. Dit erken die intieme verhouding tussen taal en kultuur, en relevante teorieë word bestudeer om onderwysstudente in staat te stel om ontluikende en vroeëgeletterdheidsverwerwing en -ontwikkeling te fasiliteer. Dit is ontwerp om te verseker dat die onderwysers hulle rol begryp om eties en professioneel potensiële en kreatiewe intellekte in te span op grond van die filosofie dat elke leerder saak maak, selfs in gevalle van diverse onderrigsituasies soos oorvol klaskamers en met gemengde geletterdheidsvermoëns in een klas. Die leerstelling wat gebruik word, is dat elke leerder saak maak en 'n reg het tot gehalteonderrig.

Onderwysstudente word verwag om waardering vir die isiXhosa-taal te toon. Kreatiwiteit word aangemoedig

om leeraktiwiteite te ontwerp wat die leerders se potensiaal sal inspan om akademies te ontwikkel en as sosiale wesens in toepassing van die konsep van Ubuntu, of eerder pedagogiek met 'n positiewe impak.

*Bekwaamheidsgebaseerde assessering*

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477(15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (3L)

Hierdie finalejaar-BEd-module is daarop gemik om professionele onderwysers te vorm wat spesialiseer in die fasilitering van die leer van isiXhosa as Huistaal in die intermediêre fase. Die module erken die bydrae wat eerste tale kan lewer om kritiese begrip oor die hele kurrikulum te bevorder.

Deur die studie van relevante teorieë en begeleide praktykonderrig deur die dosent, bied onderwys-studente lesse aan wat vaardigheid in isiXhosa, kultuur en relevante geletterdhede integreer.

Hierdie module is ontwerp sodat die rol van die isiXhosa Huistaal-onderwyser begryp word.

*Bekwaamheidsgebaseerde assessering*

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] 377*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13851 IsiXhosa Huistaal (Ond) [GF] (BEd)

### 179 (15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [GF] (1L, 1 Aanlyn L, 1T)

Hierdie jaarmodule belê daarin om onderwysstudente te oriënteer in die teorieë en ideologieë van die fasilitering van onderrig in IsiXhosa as 'n 'Huistaal' (HT) om die student toe te rus met die nodige strategieë vir die onderrigpraktyk.

Die proses om innoverende, sosiaal-verantwoordelike asook kultureel-sensitiewe isiXhosa-onderrig praktisyns te produseer, vorm die hoeksteen van hierdie module om sodoende die skoolleerder te bemagtig ten spyte van veranderinge in nasionale skoolkurrikula. Aandag word egter geskenk aan ooreenstemming met die huidige Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum, terwyl verwysing gemaak word na die akademieskap van HT-pedagogie wat verband hou met ander gebiede van die Afrika-vasteland en die res van die wêreld. Dit is van deurslaggewende belang dat daar in lesbeplanning aandag geskenk word aan die koherente integrasie van isiXhosa, Gesyferdheid en Geletterdheid.

Let op: 'n Slaagpunt in isiXhosa Eerste Addisionele Taal in graad 12 of isiXhosa Huistaal in graad 12 word verwys.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 279 (15) isiXhosa Huistaal (Ond) [GF] (1L, 1 Aanlyn L, 1P)

Hierdie is 'n tweedejaar-spesialisasiemodule in die grondslagfase (graad R tot 3) wat fokus op die ontwikkeling van verkryging van vaardighede en bevoegdhede vir die fasilitering van die leer van IsiXhosa as 'n Huistaal. Studente word opgelei om sin te maak van teoretiese kennis in lyn met waargenome lesse om werkende pedagogiese strategieë vir die verskillende leerkontekste te formuleer.

Die pedagogiese aktiwiteite word met en sonder die gebruik van tegnologie gedoen om bewussyn te skep van die behoefte om in verskillende skool-omstandighede te improviseer in lyn met die beskikbaarheid van toerusting, elektrisiteit en ander fasiliteite. Die idee van spel vir fasilitering vorm 'n belangrike deel van hierdie module, tesame met sensitiwiteit vir Konstitusionele Kinderregte.

- Voortgesette en onderhoude opheffing van die gehalte van wat en hoe leerders Afrikatale leer, veral isiXhosa as 'n taal wat by die huis gebruik word of waarmee hulle die meeste vertroud is
- Onderrigbenadering van geïntegreerde uitkomste
- Literatuuronderrig en geletterdheidsontwikkeling van kinders
- Fasiliteer die verkryging van akademiese, visuele, sosiale, denke, besigtigings-, gesyferdheids-, funksionele en kritiese geletterdheid
- Fasiliteringsvaardighede om temagebaseerde mondelinge aanbiedingsbevoegdhede en vaardighede te onderrig
- Demonstreer geredelike begrip van die kultuur en norme van die amaXhosa

- Bespreek die relevansie van teorie wat lesbeplanning beïnvloed vir die uitbreiding van die begrip van inhoudskennis oor die kurrikulum heen, met meer fokus op die integrasie van Gesyferdheid of Wiskundige geletterdheid
- Skakel tussen die Xhosa-taal en -kultuur

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Huistaal (Ond) [GF] 179*

*Newevereiste: Graad R-teorie en -praktyk 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 379 (15) isiXhosa Huistaal (Ond) [GF] (1 Aanlyn L, 1T, 1P)

Hierdie module van die Baccalaureusgraad in Opvoedkunde (BEd) het ten doel om die opleiding van studente te versterk om die leer van isiXhosa as 'n Huistaal deur grondslagfaseleerders op 'n innoverende wyse te fasiliteer. Die onderliggende filosofie bevorder geïntegreerde uitkomste wat funksionele vaardighede, waardes en ingesteldhede inbed. Dit beteken dat onderwysstudente aangemoedig word om diep te beredeneer oor hoe teoretiese kennis wat in hulle lesbeplanning toepaslik is, die verkryging van die noodsaaklike sosiale, akademiese en ekonomiese waardes van die Xhosa-taal kan verseker. Hierdie module verhoog dus die belangrikheid van die onderrig van isiXhosa as 'n huistaal om nuttige kennis te produseer. In hierdie module is die kenmerke vir toekomstige diens van groot belang, dus is die studente se konseptualisasie van die module-inhoud, -teorie en -praktyk ook van groot belang.

**Belangrike onderwerpe:**

- Storievertelling en kultuur
- Integrasie van die Taal-, Gesyferdheids-, Sosialevaardigheids, Redeneringsvaardighede en Geletterdheidsgenre
- Onderrig van isiXhosa wat die leerders se belangstelling om te leer en hulle nuuskierigheid aanmoedig.

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Huistaal (Ond) [GF] 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 479 (15) IsiXhosa Huistaal (Ed) [FP] (1 Aanlyn L, 1T, 1P)

Hierdie vierdejaarmodule van die Baccalaureusgraad in Opvoedkunde (Bed) is ontwerp vir die grondslagfasespesialisasie IsiXhosa as Huistaal (Opvoedkunde) Grondslagfase. Dit poog om onderwysstudente toe te rus met nuttige pedagogiese strategieë wat die belangstelling van die leerders sal lok om spesifieke geletterdheidspraktyke met genot te bekom of te ontwikkel. Innovasie, soos in die ontwikkeling van materiale (om handboeke/leerdergidse) aan te vul, word dus aangemoedig. 'n Verkenning van digitale, oudiovisuele, mondelinge, geskrewe en performatiewe kreatiwiteit vorm dus deel van hierdie module om stimuli vir leer te genereer.

Die idee van geïntegreerde uitkomste is gerig op bystand vir die bevordering of onderhouding (waar nodig) van die standaard van die onderrig en leer van isiXhosa as 'n Afrikataal. Die inbedding van temas in isiXhosalesse deur onderwysstudente fasiliteer hoop vir verantwoordelike burgerskap.

In hierdie module is die eienskappe vir toekomstige professionele diens belangrik, dus is die analise, evaluering en konseptualisering van die module-inhoud van groot belang vir onderwysstudente. Hierdie module is ook daarop gerig om studente voor te berei om bi-geletterdheid en geredelike twee-/veeltalige pedagogiese prosesse op prys te stel vir leerders wat deel is van 'n veeltalige samelewing.

*Slaagvoorvereiste: IsiXhosa Huistaal (Ond) [GF] 379*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13999 IsiXhosa Kommunikasie [BEd]

### 379 (5) IsiXhosa Kommunikasie [GF] (2L)

Die module het ten doel om onderwysers te kweek wat waarde heg aan meertaligheid waardeur hulle 'n bewustheid van die plaaslike taalerfenis en 'n kulturele sensitiwiteit toon. Leeraktiwiteite word gebalanseer deur mondelinge en skriftelike werk. Module-inhoude word aangepas vir doeltreffende kommunikasie met laerskoolleerders in die vroeë leerfases, sowel as met individue in breër sosiale kontekste. Vaardighede sluit in:

- Om gesprekke te inisieer en daarop te reageer;
- Die doeltreffende gebruik van isiXhosa in verskillende sosiale situasies soos om beleefde versoeke te rig; om vrae te stel as iets onduidelik is; om hulp te vra of aan te bied;
- Kennis van leerders se slengtaal en dialekte van plattelandse en stedelike jeugdiges;

- Deelname as verantwoordelike burgers van plaaslike of provinsiale gemeenskappe, bv. sing van die Suid-Afrikaanse Nasionale Volkslied, begrip vir en eerbiediging van die Suid-Afrikaanse Grondwet se Handves van Kinderregte en die beleid in skole.

*Vaardigheidsgebaseerde assessering*

*Studente moet hierdie module in die derde jaar van die BEd-program volg en moenie vir 'n IsiXhosa (Ond)-module geregistreer wees nie.*

Departement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (5) IsiXhosa Kommunikasie [IF] (2L)

Die module het ten doel om onderwysers op te lei wat waarde heg aan veeltaligheid deur 'n bewustheid van die plaaslike taalerfenis en die uitleef van kulturele sensitiwiteit. Dit is aangepas vir doeltreffende kommunikasie met leerders in die intermediêre/senior fase, sowel as in breër sosiale kontekste.

*Hierdie module kan nie geneem word deur studente wat IsiXhosa (Ond) volg nie.*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61824 IsiXhosa-kurrikulumstudie [HonsBEd]

### 711 (15) IsiXhosa-kurrikulumstudie

Hierdie module bied 'n intensiewe oorsig van die pedagogie en praktyk van isiXhosa onderrig. Dit het ten doel om insigte in isiXhosa-kurrikulumimplementering vir verskillende skoolgrade te verdiep deur 'n transdissiplinêre benadering binne nasionale en internasionale vakkundige raamwerke aan te pas by taalontwikkeling en geletterdheidsonderrig in multikulturele skole vir spesifieke ontwikkelende onderwysscenarios. Eklektiese assesseringsmetodes word gebruik en geleenthede vir akademiese bevordering word geskep deur vermengde leer. Klasbywoning is deurslaggewend vir 'n repertoire van eerstehandse voorbeelde van goeie praktyk

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13747 IsiXhosa-onderrig [NOS]

### 771 (20) IsiXhosa-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module het ten doel om studente te onderrig en opleiding te gee om professionele fasiliteerders van graad 10- tot 12-IsiXhosa wat multilateraal relevant is te wees. Die module-inhoud sluit in:

- Die verstaan van die teorie en implementering van 'n taalkurrikulum.
- Ontleding, interpretasie en evaluering van sekere aspekte van IsiXhosa Huistaal- of Addisionele Taal-kurrikulums vir graad 10 tot 12.
- Teksgebaseerde fasilitering van IsiXhosa-leer.
- Die rol van moedertaal rakende die bevordering van akademies, funksionele en kritiese geletterdheid in die bevordering van diep kennis van die inhoud van die kurrikulum sowel as 'n voorbereiding vir hoër onderwys.
- Help addisioneletaalleerders van IsiXhosa om funksioneel geletterd te wees vir 'n verskillende doeleindes in 'n verskeidenheid van kontekste.
- Refleksie rakende die ervaring van kompleksiteite in onderrigpraktyk as 'n vooruitsig vir konsulterende beplanning, verdere ondersoek, kulturele insig probleemoplossing en die generering van nuwe kennis.
- Verbintenis tot diens met integriteit met inagneming dat elke leerder in 'n IsiXhosaklas saak maak en die reg het tot gelyke onderrig.

*Die volgende slaagvoorvereistes geld:*

- IsiXhosa op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete of ekwivalent in terme van 'n kwalifikasie in isiXhosa op NKR-vlak 7 wat die voornemende IsiXhosa-onderrig 771-student in staat stel om óf IsiXhosa as 'n Eerste Addisionele Taal óf as Huistaal te onderrig).

*Slaagvoorvereistes vir die Gevorderde Studie-opsie in IsiXhosa-onderrig:*

- Voldoening aan al die slaagvoorvereistes vir IsiXhosa Onderrig 771 soos in die onderafdeling hierbo uiteengesit.
- Jy moet vertroud wees met opvoedkundige navorsing en verslagskrywing. Daarbenewens sal van jou verwag word om vaardig te wees daarin om met begrip te luister, en met die lees, skryf en verbale uitdrukking van akademiese insigte in die IsiXhosa- taal.
- Vir keuringsdoeleindes moet jy bekendheid toon met opvoedkundige navorsing en die skryf van verslae deur 'n portefeulje in te dien wat bewyse lewer van bevoegdheid in die skryf van twee akademiese opstelle waarvan jy die enigste outeur is en waarvoor 'n minimum algehele punt van

60% vir toelating vereis sal word. Albei akademiese opstelle moet in IsiXhosa geskryf word en moet tussen 2 200 en 3 000 woorde wees. Een van die twee akademiese opstelle moet met die professionele praktyk verband hou en sal van jou vereis om reflektiewe kritiek te lewer op die relevansie van 'n spesifieke taalleerteorie vir 'n verkose Suid-Afrikaanse skoolkonteks in die VOO-fase (Verdere Onderwys- en Opleiding).

- Jy moet daarvan bewus wees dat, sodra jy tot hierdie module toegelaat is, isiXhosa die hooftaal van fasilitering van leer, beide mondelings en skriftelik, in lesings sal wees. Intensiewe luister, die bespreking van taalonderrigkwessies en die verskaf van eweknie- konstruktiewe terugvoer in IsiXhosa sal dus van elke student in beide virtuele en aangesig-tot-aangesig-klasse verwag word.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13563 Kalkulus [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)]

### 271 (9) Kalkulus

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Tempo van verandering (gradiënt)
- Differensiaalrekening: Eerste Beginsels en Reëls
- Sketsing en afleiding van derdegraadse Polinomiese Funksies
- Toepassings van Kalkulus
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13464 Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde [HonsBEd]

### 711 (15) Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde

Hierdie module bied 'n bondige oorsig oor kennis wat spesifiek fokus op die konsepte en praktyke wat ons begrip van onderwys vorm. Afdeling A fokus op *kennis,* en stel studente bekend aan die toerusting wat bydra tot die vorming van teorie, die verdieping van begrip en die daarstel van konseptuele verbintenisse. Afdeling B beklemtoon *handeling,* en bespreek die rasionaal, raamwerk en uitdagings van onderwysernavorsing en praktisynsondersoek. Afdeling C bespreek *om-te-wees*, en dek historiese en kontemporêre perspektiewe oor leer en enkele kritiese perspektiewe oor onderrig en onderwyseridentiteit.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 64823 Kinder- en Volwasse-psigopatologie [MEd (Psig)]

### 873 (20) Kinder- en Volwasse-psigopatologie

- Psigopatologie: 'n multidimensionele geïntegreerde model.
- Kinderpsigopatologie.
- Volwasse-psigopatologie.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 64823 Kinder- en Volwasse-psigopatologie [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]

### 843 (10) Kinder- en Volwasse-psigopatologie

- Psigopatologie: 'n multidimensionele geïntegreerde model.
- Kinderpsigopatologie.
- Volwasse-psigopatologie.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

# 14080 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd]

## 771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Ekonomiese- en Besigheidstudies-onderwys

Hierdie module bied die student die konseptuele instrumente om krities om te gaan met belangrike debatte in die veld van sake-opleiding en die implikasies van hierdie debatte vir die skoolkurrikulum. Die volgende breë onderwerpe sal gedek word:

- oorsig van makro-ekonomiese ontwikkeling (positief en negatief) en die nasionale en globale sake-omgewing: oorsake, kwessies en uitdagings
- die rol van besigheid in die samelewing in die 21ste eeu – impak op besigheidsonderwys
- kurrikulumontwikkeling en besigheidsonderwys
- besigheidsonderwys as 'n kurrikuluminnovasie-proses
- onderwysersopleiding en onderwyserleer by besigheidsonderwys
- besigheidsonderwys en die ondersoek na die ontwikkeling van kurrikulummateriaal
- besigheidsonderwys en kurrikulumverandering in Suid-Afrika
- besigheidsonderwys as aanvegbare kennis in die Suid-Afrikaanse kurrikulumontwikkelingsproses
- korporatiewe burgerskap en volhoubaarheid in besigheidsonderwys
- navorsing in die besigheidsonderwys.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14077 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd]

## 771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Geskiedenisonderwys (nie aangebied in 2021 nie)

Hierdie module ondersoek kwessies rakende geskiedenisonderwys, asook die faktore wat 'n invloed het op geskiedenisonderwys in die Suid-Afrikaanse konteks.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14076 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd]

## 771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Kurrikulumverandering

Die module ondersoek verskillende benaderings tot kurrikulumverandering en ontleed die faktore wat die sukses en volhoubaarheid van verskillende kurrikulumhervormingspogings beïnvloed.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14083 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd]

## 771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Liggaamlike Opvoeding-onderwys

Hierdie module berei studente voor om die vakrigting liggaamlike opvoeding krities binne en buite skool-verband te benader, asook om te besin oor die implikasies wat dekolonisasie inhou vir die huidige en toekomstige skoolkurrikula. Die volgende breë onderwerpe sal gedek word:

- historiese strome in liggaamlike opvoeding
- liggaamlike opvoeding binne en buite skoolverband
- kurrikulumontwikkeling vir liggaamlike opvoeding
- die opleiding van onderwysers vir liggaamlike opvoeding
- liggaamlike opvoeding in 'n veranderende Suid-Afrikaanse kurrikulumkonteks
- kurrikulumontwerp vir liggaamlike opvoeding
- kontemporêre vraagstukke met betrekking tot liggaamlike opvoeding.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14082 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd]

## 771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Omgewingsopvoeding

Hierdie module bied aan studente konseptuele instrumente om belangrike debatte op die gebied van omgewingsopvoeding en die implikasies van hierdie debatte vir die skoolkurrikulum krities te benader. Die volgende breë onderwerpe sal gedek word:

- die omgewingskrisis: oorsake, kwessies en probleme
- omgewingsopvoeding as kurrikuluminnovasie
- kurrikulumontwikkeling vir omgewingsopvoeding
- onderwysersopleiding en onderwyserleer by omgewingsopvoeding
- omgewingsopvoeding en die ondersoek na die ontwikkeling van kurrikulummateriaal
- omgewingsopvoeding en kurrikulumverandering in Suid-Afrika
- omgewingsopvoeding en volhoubaarheid in Suid-Afrikaanse kurrikulumprosesse
- inheemse kennis in omgewingsopvoeding
- navorsing in die omgewingsopvoeding.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14078 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd]

## 771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Wetenskappe-onderwys

Hierdie module plaas die klem op verskeie onderwerpe:

- geskiedenis van die wetenskaponderwys wat fokus op kurrikulumveranderinge in Suid-Afrika (UGO en KABV).
- ondersoek na wetenskapkurrikulumontwikkeling
- teorieë in wetenskaponderwys soos Bloom se kognitiewe vlakke, konstruktiwisme, beplande en uitgevoerde wetenskapkurrikulum
- onderwysersopleiding en onderwyserleer in die wetenskaponderwys
- pedagogiese inhoudskennis, aard van wetenskappe, wetenskaplike geletterdheid en wetenskaplike ondersoeke
- kwessies wat verband hou met wetenskaponderwys en tegnologie, en wetenskaponderwys en inheemse kennis
- navorsing oor wetenskaponderwys deur middel van dokument/data-analise.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14081 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd]

## 771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Wiskunde-onderwys

Hierdie module gee studente die konseptuele gereedskap om krities met debatte op die terrein van wiskunde-onderwys en die implikasies daarvan vir die skoolkurrikulum om te gaan. Die volgende breë temas sal bespreek word:

- wiskunde as 'n dissipline en wiskunde as 'n skoolvak
- kurrikulumontwikkeling en wiskunde-onderwys
- onderwysersopleiding en onderwyserleer in die wiskunde-onderwys
- kurrikulum- en assesseringskwessies in die wiskundeonderwys
- navorsing in die wiskundeonderwys.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14445 Kritiese Perspektiewe vir Grondslagfasestudies [HonsBEd]

## 775 (20) Kritiese Perspektiewe vir Grondslagfasestudies

Die module ondersoek die verskillende geletterdhede wat in die grondslagfase geïmplementeer word. Hierdie module bied die student konseptuele instrumente om kritiese debatte te voer op die gebied van grondslagfasestudies. Deur dit te doen, is studente in staat om fundamentele dissiplinêre kennis, sowel as die pedagogiese inhoudskennis van die grondslagfaseonderwyser, krities te ontleed.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13438 Kurrikulumbestuur [GDO]

### 171 (6) Kurrikulumbestuur

Bestuur van 'n vak, bestuur van 'n leerarea, bestuur van 'n fase, onderwysleierskap.

Tuisdepartement: SUNSEP

### 271 (6) Kurrikulumbestuur [GDO in Wiskundige Geletterdheidsonderwys]

Bestuur van 'n vak, bestuur van 'n leerarea, bestuur van 'n fase, onderwysleierskap.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14963 Kurrikulumontwikkeling en Onderrigontwerp (Wet Ond) [NGDip (Wetenskappe-onderwys)]

### 771 (40) Kurrikulumontwikkeling en Onderrigontwerp (Wet Ond)

Hierdie module is daarop gemik om die in-diens-onderwysstudent te onderleg in die sikliese proses van onderrigontwerp, waardeur leerervarings vir wetenskapleerders ontwikkel word, na ontleding van die kurrikulum, die leerders se behoeftes, voorkennis, vaardighede, vermoëns en agtergronde, en gekoppel aan die relevante leerteorieë vir wetenskaponderwys. Studente sal ook aan beide die teoretiese en praktiese aspekte van pedagogies gegronde IKT-integrasie blootgestel word. Al hierdie aspekte sal die formulering van leerdoelstellings, die beplanning van onderrigstrategieë en die ontwikkeling van ondersteunende onderrig- en leermateriaal lei. Die impak hiervan sal na implementering reflekterend geëvalueer word en die resultate sal weer in die sikliese ontwerpproses ingevoer word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14968 Kurrikulumontwikkeling en Onderrigontwerp (Wisk Ond) [NGDip (Wiskunde-onderwys]

### 771 (40) Kurrikulumontwikkeling en Onderrigontwerp (Wisk Ond)

Hierdie module het dit ten doel om die student te onderleg in die sikliese proses van onderrigontwerp, waardeur leerervarings vir Wiskunde-leerders ontwikkel word, na die ontleding van die kurrikulum, die leerder se behoeftes, voorkennis, vaardighede, vermoëns en agtergronde, en gekoppel aan die relevante leerteorieë vir wiskunde-onderwys. Studente sal ook aan die teoretiese en praktiese aspekte van pedagogiese IKT-integrasie blootgestel word. Al hierdie aspekte sal lei tot die formulering van leerdoel-stellings en tot die beplanning van leerdergesentreerde aktiwiteite en gepaardgaande onderrigstrategieë wat die onderrig- en leermateriaal ondersteun. Die impak daarvan sal na die implementering reflekterend geëvalueer word, en dit sal in die sikliese ontwerpproses ingewerk word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 54526 Kurrikulumstudie

### 771 (8) Kurrikulumstudie [NOS] (2L)

- Inleiding tot Kurrikulumstudie: kurrikulum as konsep, kurrikulum
- Kurrikulumstudie as studieveld
- Kurrikulumteorie
- Kurrikulumontwerp
- Onderrigleer-fasiliteringsstrategieë (onderwysmetodes en -benaderings, naamlik voordragmetodes, gespreksmetodes, selfwerksaamheid, groepwerk en ervaringgerigte leer),
- Die onderwyser as kurrikulumagent
- Evaluering en assessering

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 812 (25) Inleiding [MEd (Kurrikulumstudie)]

Inleiding tot Kurrikulumstudie: kurrikulumstudie as studieveld, die proses van kurrikulumontwikkeling, die onderwyser en kurrikulumontwikkeling.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 872 (40) Kurrikulumstudie-spesialisering [MEd (Kurrikulumstudie)]

Kurrikulumstudie.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 879 (180) Ankermodule: Kurrikulumstudie [MEd]

Meer besonderhede word alfabeties onder die onderskeie vakname van die program aangegee.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61581 Kurrikulumstudie (Afrikaans) [HonsBEd]

### 711 (15) Afrikaanskurrikulumstudie

Spesialiseer in en demonstreer die vaardigheid om Afrikaans te onderrig in een van die volgende:

- Afrikaanse letterkunde
  - Op VOO- en AOO-vlak
  - Kinder- en Jeugletterkunde
- Lees- en skryfvaardighede
  - Motivering
  - Ondersteuning
  - Leesstrategieë
- Taalonderrig, wat insluit:
  - Huistaalonderrig en -assessering in die VOO-fase
  - Addisionele taalonderrig en -assessering
  - Rekenaarondersteunde taalonderrig
- Skryfonderrig, wat insluit
  - Kreatiewe skryfonderrig
  - Teksdinamika, visuele en kulturele geletterdheid
  - Kritiese en kreatiewe denke
- Geletterdheidsonderrig
- Moedertaalonderrig
- Begrip vir die kulturele en sosiale waardes van taalvariëteite.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 54526 Kurrikulumstudie [HonsBEd]

### 772 (30) Kurrikulumstudie: Kritiese Kwessies, Konsepte en Debatte

Hierdie module stel studente bekend aan 'n gevorderde studie van kurrikulum. Dit bied aan studente 'n begrip van die geskiedenis van die veld (kurrikulumstudie), beide internasionaal en in Suid-Afrika, en rus hulle toe met die vaardighede om krities belangrike momente, teorieë, konsepte en debatte op die gebied krities te ontleed.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13829 Kurrikulumteorie [BEd] [IF]

### 277 (10) Kurrikulumteorie (2L)

Onderrigstrategieë: Lesings en klasbesprekings, selfstudie, kennis, vaardighede en waardes, agtergrondkennis en verstaan van kurrikulumteorieë en Kurrikulumontwikkeling.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13737 Landbouwetenskappe-onderrig [NOS]

### 771 (20) Landbouwetenskappe-onderrig (3L, 1P)

Doeltreffende onderrig benaderings en metodes in die onderrig van Landbouwetenskappe as vak, insluitende die volgende: Grondkunde, Plantstudies, Dierestudies, Landbou-ekonomie, Agro-ekologie, volhoubare benutting van hulpbronne en basiese biologiese en chemiese begrippe.

*Voorvereistes:*

Driejarige graad. Die volgende vakke word sterk aanbeveel: Biologie, Plantkunde, Dierkunde, Chemie, Fisika, Aard-/Grondwetenskappe, Biodiversiteit en Ekologie, Geologie.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13460 Leer en Kognisie [HonsBEd]

### 711 (15) Leer en Kognisie

- Leerteorieë.
- Neurologie vanuit 'n opvoedkundige perspektief.
- Kognitiewe prosesse.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 14252 Leer in Hoër Onderwys [MPhil (Hoër Onderwys Studies)]

### 875 (20) Leer in Hoër Onderwys

Studente bestudeer verskeie komponente van leer in hoër onderwys, waaronder leerteorie, kurrikulum, pedagogie, assessering, leidinggewing, kreatiwiteit, tegnologie en reflektiewe praktyk.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14285 Leer in Volwasse Onderwys [MPhil (Lewenslange Leer)]

### 875 (20) Leer in Volwasse Onderwys

Studente bestudeer 'n seleksie van relevante leerteorieë, waarna hul 'n spesifieke leerteorie kies en analiseer. Die teorie word van toepassing gemaak op 'n spesifieke leergerigte navorsingskonteks of -probleem.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13462 Leerondersteuning [HonsBEd]

### 744 (15) Leerondersteuning

- Assessering vir leer.
- Leerondersteuningvoorsiening.
- Multivlakonderrig.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 51241 Leerondersteuning

### 814 (20) Leerondersteuning [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]

- Teoretiese raamwerk vir opvoedkundige sielkunde en inklusiewe onderwys.
- Internasionale en nasionale perspektiewe op inklusiewe onderwys.
- Gestremdheid en leerprobleme
- Ondersteuning van families en onderwysers
- Individuele leerondersteuning – insluitende aanpassings en akkommodasies

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 13461 Leeruitdagings [HonsBEd]

### 744 (15) Leeruitdagings

- Beleide en praktyke wat 'n inklusiewe onderwyssisteem onderlê
- Spesifieke leerhindernisse, gestremdhede en kroniese siektes
- Sleutelstrategieë om sowel leerders as die leerproses te ondersteun

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 14292 Leierskap en die Bestuur van Onderrig en Leer in die Skool [GDO (SLB)]

### 171 (18) Leierskap en die Bestuur van Onderrig en Leer in die Skool

Hierdie module beklemtoon dat skole bestaan om sistematiese en leergeleenthede van gehalte vir kinders te voorsien en dus dat doeltreffende leierskap en bestuur van onderrig en leer dus 'n krities belangrike rol van die skoolhoof is. Dit sal student-skoolhoofde help om te verstaan dat al die ander leierskap- en bestuursrolle en -funksies hierdie hoofdoel van die skool moet dien en ondersteun. Hierdie module sal hulle met die nodige vaardighede toerus om gehalteonderrig te lei, kurrikulumimplementering effektief te bestuur en goeie onderrig te moniteer en te ondersteun.

Tuisdepartemente: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE en SUNSEP

## 14293 Leierskap en die Bestuur van Buitemuurse en Kokurrikulêre Aktiwiteite [GDO (SLB)]

### 171 (9) Leierskap en die Bestuur van Buitemuurse en Kokurrikulêre Aktiwiteite

Hierdie module vul die module Leierskap en die Bestuur van Onderrig en Leer in die Skool aan deur te fokus op die ondersteuning van doeltreffende leierskap in en bestuur van ekstra- en kokurrikulêre aktiwiteite, aspekte wat 'n integrale deel is van die ontwikkeling van afgeronde individue. In sommige gevalle sal dit as 'n aparte module aangebied word en in ander sal dit geïntegreer word met die bogenoemde module.

Tuisdepartemente: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE en SUNSEP

## 14294 Leierskap en die Bestuur van Mense en Verandering [GDO (SLB)]

### 171 (18) Leierskap en die Bestuur van Mense en Verandering

Hierdie module beklemtoon mense as die sleutelhulpbron van die skool en verken die behoefte aan beide teoretiese begrip en praktiese vaardighede in die leierskap en bestuur van mense. Dit sluit ook in om jouself en ander te bestuur in beide die skool en die breër skoolgemeenskap. Dit erken dat onderwys inherent oor verandering gaan en dat verandering gelei en doeltreffend bestuur moet word om deurlopende verbetering in en vir die skool teweeg te bring.

Tuisdepartemente: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE en SUNSEP

## 14295 Leierskap en Bestuur van die Skool as 'n Organisasie [GDO (SLB)]

### 172 (18) Leierskap en Bestuur van die Skool as 'n Organisasie

Hierdie module help student-skoolhoofde om die skool as organisasie te verstaan, organisatoriese stelsels holisties in konteks te bestuur en die gebruik van IKT, fisiese en finansiële hulpbronne te lei en te bestuur. Dit spreek ook kwessies aan wat verband hou met die opbou en verbetering van die skool as 'n veilige, gedissiplineerde en omgee-omgewing wat bevorderlik is vir doeltreffende onderrig en leer.

Tuisdepartemente: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE en SUNSEP

## 14288 Lewenslange Leer [MPhil (Lewenslange Leer)]

### 879 (180) Lewenslange Leer (ankermodule)

Meer besonderhede verskyn alfabeties in hierdie hoofstuk onder die onderskeie vakke in die program.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 54496 Lewensoriëntering [BEd] (ou program)

### 872 (40) Lewensoriëntering-spesialisering [MEd (Kurrikulumstudie)]

Lewensoriëntering/lewensvaardighede.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13750 Lewensoriëntering-onderrig [NOS]

## 771 (20) Lewensoriëntering-onderrig (3L, 1P)

- Teoretiese raamwerk
- Lewensvaardigheidsonderwys, insluitende studievaardighede
- Seksualiteitsopvoeding, insluitende "gender"-gelykheid
- Loopbaanonderwys
- Liggaamlike opvoeding
- Kulturele en religieuse diversiteit, en menseregte in Suid-Afrika
- Beradingsvaardighede vir die Lewensoriënteringsonderwyser

*Voorvereiste:*

- Sielkunde op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete)
- Voorkeur sal gegee word aan:
- Aansoekers wat benewens Sielkunde op derdejaarsvlak ook een van die volgende vakke op tweede- of derdejaarsvlak het: Sosiologie, Sosiale Antropologie, Geskiedenis, Sportwetenskap, Geografie en Omgewingstudie en/of:
- Aansoekers wat 'n ander vakspesialisasie aanbied as deel van die NOS-program.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

# 11570 Lewensvaardighede [BEd]

## 177 (15) Lewensvaardighede [IF] (3L)

*Persoonlike en sosiale welsyn:*

- Onderrigstrategieë om kennis, vaardighede en waardes vir holistiese ontwikkeling te bevorder.

*Omgewingstudie*

- Onderrigstrategieë: lesings en klasbesprekings, selfstudie
- Kennis, vaardighede en waardes: Agtergrondkennis en verstaan van omgewing en omgewingskwessies
- Holistiese ontwikkeling – integrasie van begrip met persoonlike lewe en onderrigidentiteit met die oog op deelname aan volhoubare lewenspraktyke

*Religiestudie:*

- Formele lesings. Gestruktureerde lees uit vakkundige en navorsingsliteratuur,
- Gassprekers uit die groot geloofstradisies. Besoeke aan plekke van godsdienstige en kulturele belang

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 179 (15) Lewensvaardighede [GF] (3L)

*Persoonlike en sosiale welsyn:*

- Onderrigstrategieë om kennis, vaardighede en waardes vir holistiese ontwikkeling te bevorder.

*Omgewingstudie*

- Onderrigstrategieë: lesings en klasbesprekings, selfstudie
- Kennis, vaardighede en waardes: Agtergrondkennis en verstaan van omgewing en omgewingskwessies
- Holistiese ontwikkeling – integrasie van begrip met persoonlike lewe en onderrigidentiteit met die oog op deelname aan volhoubare lewenspraktyke

*Religiestudie:*

- Formele lesings. Gestruktureerde lees uit vakkundige en navorsingsliteratuur,
- Gassprekers uit die groot geloofstradisies. Besoeke aan plekke van godsdienstige en kulturele belang

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14000 Lewensvaardighede: Dans en Drama [BEd]

## 377 (10) Lewensvaardighede: Dans en Drama [IF] (2L)

Verstaan dramakonsepte deur leerders te lei in die verkenning van enige/sommige van die volgende: Stories, Afrika-volksverhale, gediggies, liedjies, vertellings, musiek, klanke, prente, plakkate, rekwisiete, poppespel, kostumering, improvisasie, toepaslike beweging en dans, DVD's, film.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 379 (10) Lewensvaardighede: Dans en Drama [GF] (2L)

Verstaan dramakonsepte deur leerders te lei in die verkenning van enige/sommige van die volgende: Stories, Afrika-volksverhale, gediggies, liedjies, vertellings, musiek, klanke, prente, plakkate, rekwisiete, poppespel, kostumering, improvisasie, toepaslike beweging en dans, DVD's, film.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14229 Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding [BEd]

## 477(15) Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding [IF] (3L)

*Sportwetenskap:*

Teoretiese en praktiese verdieping vir die ervaring van bewegingsinhoude soos vereis vir die skoolomgewing. Beplanning, ontwikkeling van programme, hantering en aanbieding van tipiese bewegingsinhoude wat deur die skoolomgewing vereis word.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 479 (15) Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding [GF] (3L)

Sportwetenskap: teoretiese en praktiese verdieping vir die ervaring van bewegingsinhoude soos vereis vir die skoolomgewing. Beplanning, ontwikkeling van programme, hantering en aanbieding van tipiese bewegingsinhoude wat deur die skoolomgewing vereis word.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13827 Lewensvaardighede: Musiek [BEd]

## 277 (10) Lewensvaardighede: Musiek [IF] (2L)

Hierdie module fokus op die gebalanseerde ontwikkeling van musiekkennis en musiekvaardighede deur aktiewe betrokkenheid by musiekmaak-aktiwiteite soos instrumentale spel (Orff-instrumente), sang, luisteraktiwiteite, dans, notasie, beweging en skeppende aktiwiteite, sodat studente die nodige kennis, vaardighede, waardes en gesindhede kan verwerf om leerders se musiekkennis, -vaardighede en musikaliteit te ontwikkel.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 279 (10) Lewensvaardighede: Musiek [GF] (2L)

Hierdie module fokus op die gebalanseerde ontwikkeling van musiekkennis en musiekvaardighede deur aktiewe betrokkenheid by musiekmaak-aktiwiteite soos instrumentale spel (Orff instrumente), sang, luisteraktiwiteite, dans, notasie, beweging en skeppende aktiwiteite; sodat studente die nodige kennis, vaardighede, waardes en gesindhede kan verwerf om leerders se musiekkennis, vaardighede en musikaliteit te ontwikkel.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13828 Lewensvaardighede: Visuele Kuns [BEd] (nuwe programme)

## 277 (10) Lewensvaardighede: Visuele Kuns [IF] (2L)

Gebruik en toepassing van 2D- en 3D-kuns, teorie van kinderkunsontwikkeling en kunswaardering, asook klaskamerpraktyk vir IF.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 279 (10) Lewensvaardighede: Visuele Kuns [GF] (2L)

Studente gebruik en pas kunstegnieke en -prosesse toe om as kreatiewe, ekspressiewe en vindingryke individue te ontwikkel.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13452 Lewenswetenskappe [GDO (SF Natuurwetenskappe-onderwys)

### 271 (15) Lewenswetenskappe – Lewe en Lewenswyse

Biosfeer, biodiversiteit en ekologie, seksuele voortplanting en variasie, fotosintese en respirasie, sitologie, mikro-organismes, menslike stelsels.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13748 Lewenswetenskappe-onderrig [NOS]

### 771 (20) Lewenswetenskappe-onderrig (2L, 2P)

Hierdie module plaas klem op verskeie onderwerpe binne die vak Lewenswetenskappe wat in die VOO-fase van die skoolwetenskappe aangebied word. Die module is bedoel vir nagraadse lewenswetenskappe-onderwysstudente wat hierdie module as 'n keuse aanbied, maar sal ook nuttig wees vir enige ander student wat hulle agtergrond in lewenswetenskappe wil verdiep en as spesialiseringsvak aan te bied.

*Slaagvoorvereistes:*

- 'n Driejaargraad (NKR-vlak 7).
- Minstens **twee** van die volgende (of ekwivalente) modules:
  - Biologie 124 (Selbiologie)
  - Biologie 144 (Biodiversiteit en Ekologie)
  - Biologie 154 (Funksionele Biologie)
- Minstens **een** van die volgende as hoofvak (dus op derdejaarsvlak, of NKR-vlak 7) en **een** op tweedejaarsvlak (of NKR-vlak 6). (Minstens 32 krediete vir elkeen van die twee vakke).
  - Biochemie*
  - Biodiversiteit en Ekologie (beide semesters – 16 krediete elk)
  - Dierkunde**
  - Fisiologie*
  - Genetika*
  - Mikrobiologie*
  - Plantkunde**

* Indien jy minstens **drie** van die vier modules Biochemie, Fisiologie, Mikrobiologie en Genetika (elk minstens 32 krediete) op tweedejaarsvlak geslaag het, sal jy ook toelating tot Lewenswetenskappe-onderrig 771 kry.

** Indien jy **sowel Plantkunde as Dierkunde** op tweedejaarsvlak geslaag het, sal jy ook toelating kry.

Vir die Gevorderde Studie-opsie in Lewenswetenskappe-onderrig:

- 'n Driejaargraad (NKR-vlak 7) met 'n kombinasie van enige **twee** van die volgende op derdejaarsvlak:
  - Biochemie
  - Biodiversiteit en Ekologie
  - Biologie
  - Dierkunde
  - Fisiologie
  - Mikrobiologie
  - Plantkunde

*Neem kennis:* Indien jy modules in **Plantkunde en Dierkunde** op tweedejaarsvlak geslaag het, benodig jy net **een** van bogenoemde vakke op ten minste derdejaarsvlak.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13754 Liggaamlike Opvoeding-onderrig [NOS]

## 771 (20) Liggaamlike Opvoeding-onderrig (3L, 1P)

Opsioneel (Leerondersteuning)

Hierdie module sal student bemagtig om die verwagte uitkomste van die module te benut om hul vaardighede in die voorbereiding en onderrig van Liggaamlike Opvoeding-lesse wat toepaslik is vir die ontwikkelingsvase van leerders in die skoolfase te verbeter.

*Voorvereiste: Slaag 'n BA (Sportwetenskap)- of BSc (Sportwetenskap)-graadprogram*

Tuisdepartement: OEFENING, SPORT EN LEEFSTYLGENEESKUNDE (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe)

# 13559 Meetkunde [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)]

## 271 (22) Meetkunde

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Euklidiese meetkunde
- Analitiese meetkunde
- Meting binne 'n meetkunde-konteks
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

# 13566 Meting [GDO]

## 271 (20) Meting (IF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Meting van 2-D-vorms en 3-D-voorwerpe
- Gebruik van meetinstrumente
- Oplos van probleme wat lengte behels
- Geskiedenis van tyd
- Verhouding tussen omtrek en oppervlakte van reghoeke en vierkante
- Verhouding tussen oppervlakte van 'n oppervlak en volume van reghoekige prismas
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 272 (20) Meting (SF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Area en omtrek
- Oppervlakte van oppervlak en volume
- Pythagoras-stelling
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

# 13753 Musiek-onderrig [NOS]

## 771 (20) Musiek-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module beklemtoon Musiekteorie sowel as praktiese onderrigmetodes en verskeie ander onderwerpe binne Musiek as vak op VOO-fase-skoolvlak. Die module is bedoel vir nagraadse studente met 'n graad in Musiek of gelykwaardige kwalifikasie.

*Let op:* 'n Baccalaureusgraad van 'n erkende universiteit of Gevorderde Diploma in Musiek op NKR-vlak 7, met Musiek op derdejaarsvlak (minstens 48 krediete) of die ekwivalent word vereis.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 12902 Nagraadse Studieleiding [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

### 791 (30) Nagraadse Studieleiding in die Konteks van Hoër Onderwys

Hierdie module fokus op toegepaste studieleidingsvaardighede en -praktyke, gerig op die verbetering van die studieleidingskapasiteit van akademiese personeel. Die kritiese ondersoek van eie praktyke en die skryf daaroor kan ook tot die publikasie van innoverende studies lei. In hierdie module sal studente 'n paar belangrike kwessies oorweeg wat verband hou met nagraadse studieleiding as gespesialiseerde onderriggebied in instellings van hoër onderwys.

*Keusemodule*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61859 Natuur- en Skeikunde-onderwys (skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)]

### 872 (40) Natuur- en Skeikunde-spesialisering

Natuur- en Skeikunde-onderwys.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 59161 Natuurwetenskappe (Ond) [BEd] [IF]

### 177 (15) Natuurwetenskappe (Ond) (2L)

Hierdie module gee 'n inleiding tot die Algemene Natuurwetenskappe met die klem op 'n formele agtergrond van verskeie onderwerpe en fokusareas; Lewe en Leef, Aarde en Daarbuite, Materie en Materiaal, en Energie en Verandering, wat in skoolwetenskappe aangebied word. Die module is bedoel vir Natuurwetenskappe-onderwysstudente in hul eerste jaar, maar sal ook nuttig wees vir enige ander student wat hulle agtergrond in die Natuurwetenskappe wil verdiep en dit as spesialiseringsvak wil aanbied.

*Lewenswetenskappe of Fisiese Wetenskappe geslaag op graad 12- (of ekwivalente) vlak*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (15) Natuurwetenskappe (Ond) (3L)

Hierdie module lê klem op verskeie onderwerpe en fokusareas; Lewe en Leef, Aarde en Daarbuite, Materie en Materiaal, en Energie en Verandering wat in skoolwetenskappe aangebied word. Die module is bedoel vir Natuurwetenskappe-onderwysstudente in hul tweede jaar wat hierdie module as 'n keuse uitoefen, maar sal ook nuttig wees vir enige ander student wat hulle agtergrond in die Natuurwetenskappe wil verdiep en dit as spesialiseringsvak wil aanbied.

*Slaagvoorvereiste: Natuurwetenskappe (Ond) [IF] 177*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (15) Natuurwetenskappe (Ond) (4L)

Hierdie module lê klem op verskeie onderwerpe en fokusareas: Lewe en Leef, Aarde en Daarbuite, Materie en Materiaal, en Energie en Verandering wat in skoolwetenskappe aangebied word. Die module is bedoel vir Natuurwetenskappe-onderwysstudente in hul derde jaar wat hierdie module as 'n keuse uitoefen, maar sal ook nuttig wees vir enige ander student wat hulle agtergrond in natuurwetenskappe wil verdiep en dit as spesialiseringsvak wil aanbied.

*Slaagvoorvereiste: Natuurwetenskappe (Ond) [IF] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477 (15) Natuurwetenskappe (Ond) (4L)

Hierdie module lê klem op verskeie onderwerpe en fokusareas: Lewe en Leef, Aarde en Daarbuite, Materie en Materiaal, en Energie en Verandering wat in skoolwetenskappe aangebied word. Die module is bedoel vir Natuurwetenskappe-onderwysstudente in hul vierde jaar wat hierdie module as 'n keuse uitoefen en wat hulle agtergrond in die Natuurwetenskappe wil verdiep en dit as spesialiseringsvak wil aanbied.

*Slaagvoorvereiste: Natuurwetenskappe (Ond) [IF] 377*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14253 Navorsing in Hoër Onderwys [MPhil (Hoër Onderwys Studies)]

### 875 (20) Navorsing in Hoër Onderwys

Die module verskaf 'n breë oorsig van navorsingstradisies, navorsingsmetodologieë en -metodes, sowel as akademiese skryfvaardighede. Die module stel studente in staat om 'n uitvoerbare en verdedigbare navorsingsvoorstel te ontwikkel.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14286 Navorsing in Lewenslange Leer [MPhil (Lewenslange Leer)]

### 875 (20) Navorsing in Lewenslange Leer

Die module verskaf 'n breë oorsig van navorsingstradisies, navorsingsmetodologieë en -metodes, sowel as akademiese skryfvaardighede. Die module stel studente in staat om 'n uitvoerbare en verdedigbare navorsingsvoorstel te ontwikkel.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13545 Navorsingsmetodologie Grondslagfaseonderwys [HonsBEd]

### 711 (5) Navorsingsmetodologie Grondslagfaseonderwys

'n Teoretiese en metodologiese onderbou vir navorsing in die veld van Wiskunde- of Geletterdheidsonderwys en -leierskap: vakspesifieke navorsingsmetodes, navorsingsontwerp, data-analise en etiese oorwegings.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 51764 Navorsingsmetodologie [MEd (Psig)]

### 876 (20) Navorsingsmetodologie

Navorsingsmetodologie.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 14913 Navorsingsmetodologie [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]

### 814 (15) Navorsingsmetodologie

Navorsingsmetodologie.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 13546 Navorsingsprojek (Grondslagfaseonderwys) [HonsBEd]

### 773 (30) Navorsingsprojek (Grondslagfaseonderwys)

Die identifisering van 'n navorsingsprobleem in die velde van Wiskunde- of Geletterdheidsonderwys en -leierskap in die grondslagfase; die uitvoer van die navorsing oor die onderwerp en die ontwikkeling van 'n navorsingsverslag.

Departement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14075 Navorsingsprojek (Kurrikulumondersoek) [HonsBEd]

### 771 (35) Navorsingsprojek (Kurrikulumondersoek)

Studente identifiseer 'n kurrikulumverwante probleem, konseptualiseer en voer 'n navorsingsprojek uit onder leiding van studieleier(s).

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13467 Navorsingsprojek (Onderwysontwikkeling en Demokrasie) [HonsBEd]

### 771 (30) Navorsingsprojek (Onderwysontwikkeling en Demokrasie)

Hierdie navorsingsprojek weerspieël 'n gevallestudie in die uitvoering van interpretasie in sy veelvuldigheid. Benewens gevalle van navorsingsondersoeke, voorsien studente ook nabetragtings op die wyses waarop interpretasie 'n rol gespeel het in daardie ondersoeke. Deur middel van hierdie module voorsien ons die student van 'n wye reeks onderwerpe, metodes en teoretiese benaderings van regoor die kwalitatiewe / kwantitatiewe spektrum.

Hierdie module berus op maatskaplike, historiese en filosofiese ontledings en die literatuur oor interpretasie en sy rol in maatskaplike ondersoeke, maar is nie primêr gemoeid met die uitbreiding van daardie beredenerings om hul eie onthalwe nie. Die klem op gevallestudies en nabetragting binne hul spesifieke omstandighede wil eerder 'n "onder-na-bo"-benadering bevorder, eerder as bloot 'n "bo-na-onder"-ondersoek.

Hierdie module beoog nie 'n studie-metodiek nie, ten minste nie in die sin dat 'n voorskrif of resep waarvolgens interpretasie "korrek" uitgevoer kan word verskaf word nie. Dit sal duidelik onmoontlik wees oor die spektrum terreine en benaderings wat hier omvat word. Deur te fokus op die konsep van interpretasie in uiteenlopende benaderings, hoop ons om ruimte te skep vir studente om deeglike interpreteringswerk te lewer.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13465 Navorsingsprojek (Opvoedkundige Ondersteuning) [HonsBEd]

### 772 (30) Navorsingsprojek (Opvoedkundige Ondersteuning)

Literatuuroorsig, doeltreffende probleemformulering, ontwerp van relevante navorsingsvrae, begrip van navorsingsontwerp, navorsingsmetodologie, effektiewe data-insameling en data-analise. Verslaggewing van navorsingsproses

Tuisdepartement: DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 13485 Navorsingsprojek (Taalonderwys) [HonsBEd]

### 771 (30) Navorsingsprojek (Taalonderwys)

(Studente identifiseer 'n taalverwante probleem; konseptualiseer en voer dit uit onder leiding van studieleier(s).

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61182 Navorsingstesis

### 871 (130) Navorsingstesis [MEd (Psig)]

Tesisgedeelte.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 14914 Navorsingstesis

### 871 (60) Navorsingstesis [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]

Tesisgedeelte.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 14254 Navorsingstesis (HO) [MPhil (Hoër Onderwys Studies)]

### 874 (120) Navorsingstesis

Studente identifiseer 'n navorsingsprobleem, konseptualiseer en ondersoek dit en rapporteer daaroor in die vorm van 'n navorsingstesis, onder leiding van 'n studieleier (of -leiers).

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14287 Navorsingstesis: Lewenslange Leer [MPhil (Lewenslange Leer)]

### 874 (120) Navorsingstesis

Studente identifiseer 'n navorsingsprobleem, konseptualiseer, voer dit uit en rapporteer dit onder leiding van 'n studieleier(s).

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 12897 Navorsing vir die Bevordering van Onderrig en Leer [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

### 791 (30) Navorsing vir die Bevordering van Onderrig en Leer in Hoër Onderwys

Die fokus is op toegepaste navorsing wat gerig is op verandering, en wat tot die publikasie van innoverende studies kan lei. In hierdie module sal studente 'n paar belangrike kwessies beskou met betrekking tot navorsing wat verband hou met onderrig en leer.

*Basismodule*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 49204 Omgewingsopvoeding

### 872 (40) Omgewingsopvoeding-spesialisering [MEd (Kurrikulumstudie)]

Omgewingsopvoeding.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 11513 Om 'n Onderwyser te Word [BEd] (nuwe programme)

### 114 (10) Om 'n Onderwyser te Word [IF] (2L)

- Professionele identiteit van onderwysers
- Filosofiese en paradigmatiese beginsels
- Etiek

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

### 124 (15) Om 'n Onderwyser te Word [GF] (2L, 1T)

- Professionele identiteit van onderwysers
- Filosofiese en paradigmatiese beginsels
- Etiek
- Die onderwyser as 'n nadenkende en etiese praktisyn
- Die onderwyser as 'n professionele persoon wat omgee
- Die onderwyser as 'n opvoedkundige teoretikus en 'n verkenner van die teorieë van leer en ontwikkeling soos hulle op jonger leerders betrekking het
- Die onderwyser as 'n agent vir transformasie
- Kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling – verkenning van algemene teorieë asook dié wat spesifiek is tot 'n ontwikkelingsfase
- Begryp en ontwikkel strategieë vir die bevordering van die welsyn, veerkragtigheid en selfsorg van die opvoeder en die leerder in die grondslagfase
- Verkenning van emosionele intelligensie en professionele ontwikkeling
- Verkenning van die teëspoed-kwosiënt in die navigasie van teëspoed in die skoolkonteks
- Verkenning van modelle van klaskamerbestuur in diverse kontekste en veral met leerders in die grondslagfase

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 45616 Onderrig en Leer

### 791 (30) Onderrig en Leer in Hoër Onderwys [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

Hierdie module fokus op die teorie en besinnende praktyk van onderrig in hoër onderwys:

- Die konteks van hoër onderwys: diversiteit en transformasie
- Studenteleer
- Beplanning vir leer
- Klaskamerbestuur en -innovering
- Die implementering van innoverende leergerigte onderrig
- Besinnende hoëronderwyspraktyk.

*Basismodule*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14964 Onderrigleierskap Ond [NGDip (Wiskunde-onderwys, NGDip (Wetenskappe-onderwys)]

### 771 (20) Onderrigleierskap Ond

Hierdie module het ten doel om inligting en insig te verskaf oor verskillende aspekte van kurrikulumbestuur en -leierskap as prosesse om effektiewe onderrig en leer in die wiskunde- of wetenskapklaskamer te ondersteun. Verskillende modelle, benaderings en strategieë word gedek en op die onderwyspraktyk toegepas.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13487 Onderrig van Kreatiewe Skryfkunde [HonsBEd]

### 744 (15) Onderrig van Kreatiewe Skryfkunde

(K) Keusemodule. Hierdie module doen in-diepte verkenning van die onderrig van kreatiewe skryfkunde deur middel van eksperiënsiële, innoverende praktyke. Teorieë van kreatiwiteit en skryf uit diverse velde word bestudeer en verbind aan die eise van die huidige skoolstelsel. Daar word van studente verwag om in die klas en aanlyn deel te neem aan verskeie besprekings en werkopdragte en om aan die einde van die module 'n joernaal en skryfportefeulje te produseer.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13456 Onderwys en Samelewing [HonsBEd]

### 744 (15) Onderwys en Samelewing

Hierdie module fokus op onderwys in plaaslike, nasionale en globale konteks. Dit konsentreer op die verhouding tussen onderwysprosesse en sosiale verandering, met verwysing na vergelykende en internasionale debatte. Dit skenk oorweging aan die komplekse prosesse en dinamika wat van toepassing is in onderwysontwikkeling en -hervorming in Suider Afrikaanse lande.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

## 13457 Onderwys in Demokrasie [HonsBEd]

### 711 (15) Onderwys in Demokrasie

Die Onderwys in Demokrasie module bied aan studente en praktisyns die geleentheid om twee sleutelkonsepte in moderne kontemporêre samelewings krities te verken: onderwys en demokrasie. Deur verskeie teoretiese lense te gebruik, is daar ruimte om te oorweeg hoe onderwys in 'n demokrasie kan uitspeel. Deur van onderwys na demokratiese onderwys te beweeg, word ruimte geskep waarbinne individue kan handel, waar hulle hulle oorspronge in die wêreld kan inbring, en waar hulle hulleself, hulle sosiale wêreld en hulle verhouding met die sosiale wêreld krities kan verstaan

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

# 13466 Onderwysleierskap en -bestuur

## 771 (6) Onderwysleierskap en -bestuur (1L) [NOS]

Die doel van die module in is om die studente aan kritiese teoretiese raamwerke bekend te stel met betrekking tot die beheer, leierskap beleid en bestuur van onderwys. Die hoof fokus van die module is om studente se begrip van hul klaskamer bestuurpraktyke in die konteks van die skool, die gemeenskap, sowel as die nasionale en internasionale gemeenskap te verbeter en om die onderrig- en bestuur uitdagings aan te spreek deur die bekendstelling van innoverende opvoedkundige bestuurstelsels.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIES

## 744 (15) Onderwysleierskap en -bestuur [HonsBEd]

Die doel van hierdie module in Onderwysleierskap en -bestuur is om studente bloot te stel aan 'n konseptuele analise van hoe onderwysleierskap en -bestuur tot stand kom. Die module bied aan studente die geleentheid om betrokke te raak en aktief deel te neem aan drie verweefde temas, naamlik: "Die bestuur van weerstand om verandering te bestuur", "Die ontwikkeling van doeltreffende verandering" en "Mag en bemagtiging in onderwysleierskap".

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIES

# 65862 Ontwikkeling en Leer [BEd]

## 224 (10) Ontwikkeling en Leer [GF en IF] (2L, 1T)

- Kontekstualisering van menslike ontwikkeling
- Die leerteoretiese perspektiewe met betrekking tot kinders en adolessente
- Die teoretiese ontwikkelingsperspektiewe met betrekking tot kinders en adolessente

*Assessering:*

- Tutoriale. klasaktiwiteite en toetse.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

# 13111 Ontwikkeling en Ondersteuning [MEd (Psig)]

## 875 (30) Ontwikkeling en Ondersteuning

- Leerondersteuning
- Psigoterapie
- Gemeenskapsielkunde
- Loopbaanvoorligting

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

# 13468 Ontwikkeling, Organisasies en Onderwysbeleid [HonsBEd]

## 713 (15) Ontwikkeling, organisasies, en onderwysbeleid

Die fokus van die module *Ontwikkeling, organisasies, en onderwysbeleid* is om globale en plaaslike verskuiwings in onderwys-sistemiese formulerings, asook die beleidsprosesse wat gelei het tot 'n groter fokus op organisasiebestuur in skole te verstaan, te sintetiseer, te debatteer en krities te beskou. Die module se hoofdoel is om op konseptuele vlak die behoefte aan die ontwikkeling van strategieë en bestuurstrukture ('n wêreldwye verskynsel) om veranderende skoolomstandighede en uitdagings te hanteer, bloot te lê en te ontleed.

*Assessering: Werkopdragte, klasaktiwiteit, eksamen*

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIES

# 50261 Opvoedingsbeleidstudie

## 879 (180) Opvoedingsbeleidstudie [MEd]

Meer besonderhede verskyn alfabeties onder die onderskeie vakname van die program.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

# 13997 Opvoedkundebeleid en -leierskap [BEd] [IF]

## 389 (15) Opvoedkundebeleid en -leierskap [GF] [FP] (2L, 1T)

Die doel van die Opvoedkundebeleid en -leierskapmodule (BEd) is om studente aan teoretiese raamwerke en benaderings tot opvoedkundige beheer, leierskap, beleid en bestuur bekend te stel. Die hoofdoel van die module is om studente se begrip van hul klaskamerbestuurspraktyke in die konteks van die skool, gemeenskap en samelewing te bevorder en om onderrig-, bestuurs- en beleidsuitdagings aan te spreek deur die bekendstelling van innoverende leerbestuurstelsels.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

## 377 (10) Opvoedkundebeleid en -leierskap [IF] (2L)

Die doel van die module oor *Onderwys, Beleid en Bestuur* (BEd) is om studente bekend te stel aan raamwerke en benaderings met betrekking tot onderwysbeheer, -leierskap, -beleid en -bestuur. Die hoofdoel van die module is om studente se verstaan van hul bestuurspraktyke in die klaskamer te verbeter binne die konteks van die skool en gemeenskap, sowel as van die nasionale en internasionale gemeenskap. Daarby word onderwys- en bestuursverwante uitdagings aangespreek deur die bekendstelling aan vindingryke leerbestuurstelsels.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

# 61271 Opvoedkundige en Sielkundige Assessering [MEd (Psig)]

## 874 (20) Assessering

- Opvoedkundige assessering.
- Sielkundige assessering.
- Opvoedkundig-sielkundige verslagskrywing.
- Assessering vir loopbaanvoorligting.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

# 61271 Opvoedkundige en Sielkundige Assessering [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]

## 814 (12) Assessering

- Opvoedkundige en sielkundige assessering.
- Formele en informele assesseringsprosedures.
- Opvoedkundig-sielkundige verslagskrywing.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

# 11515 Opvoedkundige Evaluering en Navorsing [BEd] [IF]

## 377 (5) Opvoedkundige Evaluering en Navorsing (1L, 1T)

- Kurrikulumondersoek: Inleiding tot relevante navorsingsbenaderings en die verslag van navorsing
- Onderwysers as kurrikulumontwikkelaars en navorsers in samehang met navorsingsprojekte en skoolbesoek

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 61298 Opvoedkundige Navorsing

## 711 (10) Opvoedkundige Navorsing [HonsBEd] (nuwe program)

- Hierdie module stel studente bekend aan navorsingsparadigmas waar metodologiese keuses gemaak word in die uitvoering van verskillende tipes van opvoedkundige navorsing. Dit stel ook studente bekend aan verskillende navorsingsontwerpe in opvoedkundige navorsing, na hoe kennis gewettig word in opvoedkundige navorsing en die moontlike etiese dilemmas wat gekonfronteer word in die uitvoering van opvoedkundige navorsing. Die module sal studente met die nodige kennis en vaardighede toerus om 'n navorsingsvoorstel vir honneursgraad studies te ontwikkel.
- Assessering: Opdragte en 'n geskrewe eksamen

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 813 (25) Navorsing [MEd (Kurrikulumstudie)]

Opvoedkundige navorsing.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 65811 Opvoedkundige Ondersteuning [MEd]

### 879 (180) Opvoedkundige Ondersteuning

Meer besonderhede word alfabeties onder die onderskeie vakname van die program aangegee.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 49221 Opvoedkundige Perspektiewe [GDO]

### 171 (6) Opvoedkundige Perspektiewe

Opvoedkundige perspektiewe, waaronder: kennis van onderwysstelsels, kennis van onderwyskonteks en begrip van onderwysbeleid

Tuisdepartement: SUNSEP

### 771 (8) Opvoedkundige Sielkunde [NOS] (2L)

- Adolessensie as menslike ontwikkelingsfase
- Die leerproses (met inbegrip van leerteorieë, leervoorkeure, kognitiewe strategieë en die rol van die emotiewe)
- Sommige hindernisse tot optimale leer en ontwikkeling
- Leerondersteuningstrategieë

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 54623 Opvoedkundige Sielkunde [MEd (Psig)]

### 877 (240) Opvoedkundige Sielkunde

Meer besonderhede verskyn alfabeties onder die onderskeie vakname van die program.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 13558 Patrone, Funksies, Algebra [GDO]

### 172 (14) Patrone, Funksies, Algebra (IF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Meetkundige patrone
- Numeriese patrone
- Getalsinne (inleiding tot algebraïese uitdrukkings)
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

### 173 (14) Patrone, Funksies, Algebra (SF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Numeriese en meetkundige patrone
- Funksies en verhoudings
- Algebraïese uitdrukkings
- Algebraïese vergelykings
- Grafieke
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

### 174 (22) Patrone, Funksies, Algebra (VOO Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Getalpatrone
- Rye en reekse
- Funksies
- Algebra
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13556 Pedagogiese Inhoudskennis van Botanie [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)]

### 271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Botanie

Aanbiedingsmetodologieë en -vaardighede, moontlike vakdwalings, wetenskaplike geletterdheid, assesseringstrategieë, insluitings- en differensiasiestrategieë terwyl uit die praktyk geleer word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13446 Pedagogiese Inhoudskennis van Chemie [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)]

### 271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Chemie

Aanbiedingsmetodologieë en -vaardighede, moontlike vakdwalings, wetenskaplike geletterdheid, assesseringstrategieë, insluitings- en differensiasiestrategieë terwyl uit die praktyk geleer word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13448 Pedagogiese Inhoudskennis van Fisika [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)]

### 271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Fisika

Aanbiedingsmetodologieë en -vaardighede, moontlike vakdwalings, wetenskaplike geletterdheid, assesseringstrategieë, insluitings- en differensiasiestrategieë terwyl uit die praktyk geleer word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13449 Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe I [GDO (Senior Fase Natuurwetenskappe-onderwys)]

### 271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe 1

Aanbiedingsmetodologieë en -vaardighede, moontlike vakdwalings, wetenskaplike geletterdheid, assesseringstrategieë, insluitings- en differensiasiestrategieë terwyl uit die praktyk geleer word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13450 Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe II [GDO (Senior Fase Natuurwetenskappe-onderwys)]

### 271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe 2

Aanbiedingsmetodologieë en -vaardighede, moontlike vakdwalings, wetenskaplike geletterdheid, assesseringstrategieë, insluitings- en differensiasiestrategieë terwyl uit die praktyk geleer word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13557 Pedagogiese Inhoudskennis van Soölogie [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)]

### 271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Soölogie

Aanbiedingsmetodologieë en -vaardighede, moontlike vakdwalings, wetenskaplike geletterdheid, assesseringstrategieë, insluitings- en differensiasiestrategieë terwyl uit die praktyk geleer word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13489 Pedagogiese Leksikografie [HonsBEd]

### 744 (15) Pedagogiese Leksikografie

- Gebruikersperspektief in leksikografie, met verwysing na leksikografieteorie
- Woordeboektipologie. Woordstrukture en woordeboekfunksies
- Woordeboekonderrig in Suid-Afrika
- Pedagogiese woordeboeksoorte

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61328 Perspektiewe in Hoër Onderwys [MEd (Hoër Onderwys)]

### 875 (10) Perspektiewe

Perspektiewe op hoër onderwys.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14251 Perspektiewe op Hoër Onderwys [MPhil (Hoëronderwysstudies)]

### 875 (20) Perspektiewe op Hoër Onderwys

Hierdie module oriënteer studente ten opsigte van gevorderde studie in hoër onderwys as interdissiplinêre studieveld. Dit vereis van studente om te besin oor sleutelkonsepte, uitdagings en debatte in die studieveld, sowel internasionaal as in Suid-Afrika.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14284 Perspektiewe op Lewenslange Leer [MPhil (Lewenslange Leer)]

### 875 (20) Perspektiewe op Lewenslange Leer

Hierdie module oriënteer studente ten opsigte van gevorderde studie in volwassene-onderwys op die terrein van lewenslange leer as interdissiplinêre studieveld. Dit vereis van studente om te besin oor sleutelkonsepte, uitdagings en debatte in die studieveld, sowel internasionaal as in Suid-Afrika.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 11512 Praktiese Leer [BEd] [NOS]

### 177 (30) Praktiese Leer [IF] (4L)

Studente wat BEd met onderwys in die intermediêre fase as 'n opsie kies, sal fokus op lesontwerp, lesimplementering, leswaarneming en lesevaluering in graad 4 tot 7, gebaseer op 'n deeglike verstaan van praktykgebaseerde kennis.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 179 (30) Praktiese Leer [GF] (4L)

Studente wat die BEd-program met Grondslagfaseonderwys as opsie kies, sal fokus op Lesontwerp, lesimplementering, leswaarneming en lesevaluering in graad R tot 3, gebaseer op 'n deeglike verstaan van praktykgebaseerde kennis.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (30) Praktiese Leer [IF] (2L, 4P)

Lesontwerp, lesimplementering, leswaarneming en lesevaluering in die IF, gebaseer op 'n deeglike verstaan van praktykgebaseerde kennis.

*Slaagvoorvereiste:*

Dit is 'n voorvereiste vir Praktiese Leer 277 om jou onderrigmodules van die vorige jaar te slaag; m.a.w. Wiskunde 177, twee tale (kies uit Afrikaans, Engels en isiXhosa) op eerstejaarsvlak en twee ander onderrigvakke op eerstejaarsvlak.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 279 (30) Praktiese Leer [GF] (2L, 4P)

Lesontwerp, lesimplementering, leswaarneming en lesevaluering in graad R tot 3 gebaseer op 'n deeglike begrip van praktykgebaseerde kennis.

*Slaagvoorvereiste:*

Dit is 'n voorvereiste vir Praktiese Leer 279 om jou onderrigmodules van die vorige jaar te slaag; m.a.w. Wiskunde (Ond) 179, twee tale (kies uit Afrikaans, Engels en IsiXhosa) op eerstejaarsvlak en Lewensvaardighede 179.

*Newevereiste: Graad R-teorie en -praktyk 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (30) Praktiese Leer [IF] (2L, 4P)

Lesontwerp, lesimplementering, leswaarneming en lesevaluering in graad 4 tot 7, gebaseer op 'n deeglike verstaan van praktykgebaseerde kennis.

*Slaagvoorvereiste:*

Dit is 'n voorvereiste vir Praktiese Leer 377 om jou onderrigmodules van die vorige jaar te slaag; m.a.w. twee tale (kies uit Afrikaans, Engels en IsiXhosa) op tweedejaarsvlak en twee ander onderrigvakke op tweedejaarsvlak.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 379 (30) Praktiese Leer [GF] (2L, 4P)

Lesontwerp, lesimplementering, leswaarneming en lesevaluering in graad R tot 3, gebaseer op 'n deeglike begrip van praktykgebaseerde kennis.

*Slaagvoorvereiste:*

Dit is 'n voorvereiste vir Praktiese Leer 379 om jou onderrigmodules van die vorige jaar te slaag. M.a.w. Wiskunde (Ond) 279, twee tale (kies uit Afrikaans, Engels en IsiXhosa) op tweedejaarsvlak, sowel as Lewensvaardighede: Musiek 279 en Lewensvaardighede: Visuele Kuns 279.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477 (30) Praktiese Leer [IF] (4L)

Lesontwerp, lesimplementering, leswaarneming en lesevaluering in graad 4 tot 7 gebaseer op 'n deeglike verstaan van praktykgebaseerde kennis.

*Slaagvoorvereiste:*

Dit is 'n voorvereiste vir Praktiese Leer 477 om jou onderrigmodules van die vorige jaar te slaag; m.a.w. twee tale (kies uit Afrikaans, Engels en IsiXhosa) op derdejaarsvlak en twee ander onderrigvakke op derdejaars-vlak.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 479(30) Praktiese Leer [GF] (4L)

Lesontwerp, lesimplementering, leswaarneming en lesevaluering in graad R tot 3, gebaseer op 'n deeglike begrip van praktykgebaseerde kennis.

*Slaagvoorvereiste:*

Dit is 'n voorvereiste vir Praktiese Leer 479 om jou onderrigmodules van die vorige jaar te slaag; m.a.w. Wiskunde (Ond) 379, twee tale (kies uit Afrikaans, Engels en IsiXhosa) op derdejaarsvlak, sowel as Lewensvaardighede: Dans en Drama 379.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 771 (32) Praktiese Leer [NOS] (2L, 4P)

- 'n Oorsig van praktykgebaseerde kennis as 'n proses van bemagtiging vir professionele onderwysopleiding in die graad 10-12-skoolopleiding.
- Instituutprakties (Lesanalise)
- 'n Program vir mikro-onderrig wat die volgende insluit: lesontwerp, lesimplementering, lesevaluering en leswaarneming.

- Skoolbesoek.
- Lesbeplanning en lesaanbieding.
- Die kind se huidige leefwêreld by die skool (gr. 10-12).
- Waarneming van en deelname aan onderrig, skoolaktiwiteite en algemene klaskamer en skool administrasie.
- Deelname aan buitemuurse aktiwiteite van die skool.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 61344 Praktikum deur Raad vir Gesondheidsberoepe van SA voorgeskryf [MEd (Psig)]

### 876 (20) Praktikum

Hierdie module vorm deel van die MEd (Psig)-program en voorveronderstel vaardighede t.o.v. die afneem, nasien en interpretasie van objektiewe sowel as projektiewe psigometriese instrumente.

- Opvoedkundig-sielkundige assessering.
- Opvoedkundig-sielkundige hulpverlening.
- Verslagskrywing en die bestuur van leer.
- Persoonlike en professionele ontwikkeling.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 14298 Professionele Portefeulje en Werkplekprojek [GDO (SLB)]

### 171 (18) Professionele Portefeulje en Werkplekprojek

Hierdie module bied 'n bewys van die student se toenemende bevoegdheid om die hele program toe te pas op 'n geïntegreerde manier. Dit is die module wat die hele program saambind. Deur hulle betrokkenheid by hierdie inleidende en oorkoepelende module moet die student vir die volle duur van die program 'n portefeulje ontwikkel . Dit kan as hulpmiddel dien vir professionele refleksie en ontwikkeling in studente se latere loopbaan. Vir die eerste deel van die portefeulje word die student gevra om te besin oor wat dit beteken om leier van 'n Suid-Afrikaanse skool te wees. Sentraal tot die portefeulje is 'n projek waar die student moet bewys lewer van 'n projek wat in die werkplek toepaslik is en wat aandui dat die student op 'n geïntegreerde wyse 'n bewysgebaseerde ondersoek kan onderneem. Dit sluit in dat die student data en IKT toepaslik kan gebruik, besluite op grond van hierdie bewyse kan neem, veranderinge in praktyke kan implementeer op grond van hierdie besluite, die impak daarvan kan evalueer en aanpassings kan maak op grond van die bevindinge van 'n aksie-navorsing-siklus. Hierdie module vereis dus die ontwikkeling van toepaslike hoëvlak- akademiese geletterdheidsvaardighede. Die portefeulje en projek sal bewys lewer van toewyding en die vermoë van die student om vorm en rigting aan die skool se ontwikkeling te gee.

Tuisdepartemente: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE en SUNSEP

## 14917 Professionele Praktyk deur Raad vir Gesondheidsberoepe van SA voorgeskryf [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]

### 871 (33) Professionele Praktyk

Hierdie module vorm deel van die MEd (Psig)-program en voorveronderstel vaardighede t.o.v. die afneem, nasien en interpretasie van objektiewe, sowel as projektiewe psigometriese instrumente.

- Opvoedkundig-sielkundige assessering.
- Opvoedkundig-sielkundige hulpverlening.
- Gevalsbestuur.
- Persoonlike en professionele ontwikkeling.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

## 13739 Rekenaartoepassingstegnologie-onderrig [NOS]

### 771 (20) Rekenaartoepassingstegnologie-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module plaas klem op verskillende onderwerpe binne die vak Rekenaartoepassingstegnologie wat tydens die VOO-fase op skoolvlak onderrig word. Die module is bedoel vir nagraadse Rekenaartoepassings-tegnologie-onderwysstudente wat hierdie module as 'n keusevak gekies het, maar sal ook nuttig wees vir

enige student wat sy/haar agtergrond in die IKT wil verdiep en Rekenaartoepassingstegnologie as spesialiseringsvak wil aanbied.

*Driejaargraad met slaagvoorvereiste soos volg:*

- Rekenaarwetenskap op eerstejaarsvlak (minstens 32 krediete)
- Sosio-informatika op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete)

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13735 Rekeningkunde-onderrig [NOS]

### 771 (20) Rekeningkunde-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module verskaf die pedagogiese kennis en beginsels om studente voor te berei vir die onderrig van Rekeningkunde op die hoërskool vlak. Die fokus is ook op die toepassing van vak-inhoudskennis, onder andere drie hooftemas: finansiële rekeningkunde, bestuursrekeningkunde, en bestuur van hulpbronne. Kennis van kurrikulumbeleid en die voorbereiding vir skoolpraktyk is 'n sleutelkomponent van die module.

Slaagvoorvereistes:

- Rekeningkunde op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete), of ekwivalent.

Vir die Gevorderde Studie-opsie in Rekeningkunde-onderrig:

- Rekeningkunde op derdejaarsvlak (of NKR-vlak 7) (minstens 32 krediete), of ekwivalent.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13756 Religieuse Studies-onderrig [NOS]

### 771 (20) Religieuse Studies-onderrig (3L, 1P)

Kennis van die konsepte, beginsels en teorieë wat die Nasionale Beleid en Kurrikulum vir Religieuse Studies onderskryf

*Slaagvoorvereiste:*

- Religieuse Studie of Godsdienskunde op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete) of 'n ekwivalente studie op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete) en een van die volgende religieë: Judaïsme, Christendom, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en Afrika-religie.
- Studente wat oor 'n teologiegraad met modules in verskillende religieë beskik, sal ook vir toelating oorweeg word.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13565 Ruimte en Vorm [GDO]

### 271 (20) Ruimte en Vorm (IF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Eienskappe van 2-D-vorms en 3-D-voorwerpe
- Hoeke
- Simmetrie
- Transformasies
- Aansig van voorwerpe
- Posisie en beweging
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

### 272 (20) Ruimte en Vorm (SF Wiskunde-onderwys)

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Eienskappe van 2D- en 3D-vorms
- Reguit lyne
- Transformasies
- Konstruksies
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13605 Soölogie-onderrig A [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)]

### 171 (15) Soölogie-onderrig A (32L, 15P)

- Meiose, proteïensintese
- Genetika
- DNA-profilering
- Geskiedenis van lewe op aarde
- Menslike evolusie
- Biodiversiteit in diere
- IKT integrasie.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13606 Soölogie-onderrig B [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)]

### 271 (15) Soölogie-onderrig B (32L, 15P)

- Dierweefsels
- Menslike orgaansisteme
- Menslike interaksie met die omgewing
- Sosiale organisasie en suksessie

Tuisdepartement: SUNSEP

## 59188 Sosiale Wetenskappe (Ond) [BEd] [IF] (nuwe program)

### 177 (15) Sosiale Wetenskappe (Ond) (2L, 1T)

*Geskiedenis:*

Die aard van Geskiedenis; Suid-Afrikaanse Erfenis: gevallestudie; Antieke Kulture van Afrika; Ontwikkeling oor tyd.

*Geografie:*

Inleiding tot Geografie; Weer en Klimaat; Klimaat, grond en plantegroei; Landvorme met die fokus op fisiese verskynsels in Suid-Afrika; Kartografie: vaardighede en tegnieke; Aarde se hulpbronne (bv. energie) en omgewingsbeskerming.

Vir toelating tot die module, moet Geskiedenis of Geografie op graad 12- (of ekwivalente) vlak geslaag word.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 277 (15) Sosiale Wetenskappe (Ond) (2L, 1T, 1P)

*Geografie:*

Afrika: die fisiese omgewing; Mens-omgewingsimpak: Ontbossing en woestynvorming; Die geografie van 'n Afrika-staat (selfstudie); Bevolking en migrasie; Nedersettings; Boerdery en voedselvoorsiening.

*Geskiedenis:*

Westerse Beskawing en Afrika: kontak, konflik en samewerking; Demokrasie in Suid-Afrika; Biografie.

*Slaagvoorvereiste: Sosiale Wetenskappe (Ond) [IF] 177*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 377 (15) Sosiale Wetenskappe (Ond) (2L, 1T, 1P)

*Geskiedenis:*

Akademiese geskiedenis en skoolgeskiedenis; Leerders se historiese denkpatrone; analise en interpretasie van bronne; empatie en historiese begrip; dinamiek van historiese interpretasie en begrip.

*Geografie:*

Hoe jong kinders sin maak van die wêreld; Verstaan en ontwikkel primêre Geografie; Navraag en ondersoeke; Kaartwerkvaardighede; Gebruik van foto's, sketse en diagramme; Veldwerk en buiteleer; Geografie en taalontwikkeling; Geografie en IKT (Inligting- en Kommunikasietegnologie)

*Slaagvoorvereiste: Sosiale Wetenskappe (Ond) [IF] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 477 (15) Sosiale Wetenskappe (Ond) (2L, 1T, 1P)

*Geografie:*

Gebruik van die skoolligging; Kontrasterende liggings; Die wyer wêreld; Die globale dimensie; Temas en onderwerpe in die intermediêrefasekurrikulum; Kurrikulumbeplanning; Assessering vir leer; Insluiting en spesiale behoeftes.

*Geskiedenis:*

Taak en geskiedenisonderrig; invloede op historiese begrip; belang van historiese konteks; assessering van historiese kennis.

*Slaagvoorvereiste: Sosiale Wetenskappe (Ond) [IF] 377*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13998 Sosiologie van die Opvoeding [BEd] (nuwe program)

### 377 (10) Sosiologie van die Opvoeding [IF] (2L)

Hierdie module ondersoek opvoedingsprosesse en -praktyke binne hul spesifieke sosiale kontekste. Sosiale teorieë oor opvoeding word toegepas vir 'n verstaan van opvoedingspraktyke in die skool en klaskamer. Hierdie module skenk aandag aan sosiale insluiting en diversiteit in die opvoeding. Die doel is om studente se refleksiewe en pedagogiese vermoëns te ontwikkel en om inklusiewe en sosiaal regverdige klaskamerpraktyke te vestig.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

### 379 (10) Sosiologie van die Opvoeding [GF] (2L)

Hierdie module ondersoek opvoedingsprosesse en -praktyke binne hul spesifieke sosiale kontekste. Sosiale teorieë oor opvoeding word toegepas vir 'n verstaan van opvoedingspraktyke in die skool en klaskamer. Hierdie module skenk aandag aan sosiale insluiting en diversiteit in die opvoeding. Die doel is om studente se refleksiewe en pedagogiese vermoëns te ontwikkel en om inklusiewe en sosiaal regverdige klaskamerpraktyke te vestig.

Tuisdepartement: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE

## 13987 Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys [BEd] [GF]

### 284 (15) Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys (2L, 1T)

Die module stel studente bloot aan relevante inhoud en pedagogiese kennis om effektiewe taal- en geletterdheidsinstruksie in die grondslagfase (graad R tot 3) te verseker in die konteks van Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

Hierdie module word aangebied in Suid Afrikaanse Gebaretaal.

*Buigsame assessering*

S *Keusevak gebaseer op taalvaardigheid*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 384 (15) Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys (2L, 1T)

Hierdie module stel studente bloot aan relevante inhoud en pedagogiese kennis om effektiewe taal- en geletterdheidsinstruksie in die grondslagfase (graad R tot 3) te verseker in die konteks van Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

Hierdie module word aangebied in Suid Afrikaanse Gebaretaal.

*Buigsame assessering*

*S Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys 284*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 484 (15) Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys (2L, 1T)

Hierdie module word in Suid-Afrikaanse Gebaretaal aangebied en stel studente bloot aan relevante inhoud en pedagogiese kennis om effektiewe taal- en geletterdheidsinstruksie in die grondslagfase (graad R tot 3) te verseker vir die konteks van Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

*Buigsame assessering*

*S Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys 384*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13486 Taalbeleid en Meertalige Onderwys [HonsBEd]

### 711 (15) Taalbeleid en Meertalige Onderwys

Die meertalige beleidskonteks in SA. Beginsels en praktyke van meertalige onderwys en internasionale vergelykings.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13826 Taalonderrig [BEd]

### 224 (5) Taalonderrig: Basismodule [GF en IF] (1L)

'n Inleiding tot sosio-kognitiewe en kulturele benaderings tot geletterdheid in verskillende kontekste met uiteenlopende leerders en 'n fokus op die beginsels van lees en skryf.

*Voorvereistes:*

- Enige twee van Engels, Afrikaans of isiXhosa op eerstejaarsvlak
- Akademiese Geletterdheid op eerstejaarsvlak
- Verpligtend: Moet gelyktydig geneem word met twee van die drie taalmodules op tweedejaarsvlak.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 324 (5) Taalonderrig: Basismodule [GF en IF] (1L)

Studente word bekendgestel aan multitalige leer- en onderrigbenaderings en -tegnieke, met 'n fokus op meertalige woordeboeke en taalwisseling in die klaskamer. Die professionele ontwikkeling van onderwysers as leiers kom aan bod.

*Summatiewe assessering*

*Slaagvoorvereistes:*

- Taalonderrig 224
- Enige twee van Engels, Afrikaans of isiXhosa op tweedejaarsvlak

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13484 Taalonderrignavorsing [HonsBEd]

### 711 (5) Taalonderrignavorsing

Studente word blootgestel aan taal-spesifieke navorsingstegnieke en -ontwerp.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14921 IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) IsiXhosa [BEd]

### 424 (5) IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) IsiXhosa [GF] (2L)

Hierdie module handel grootliks oor die opleiding van student-onderwysers deur hulle toe te rus om die gebruik van moedertaal (en die eerste addisionele taal waar nodig) te waardeer en teoreties ingeligte kennis

vaardig toe te pas deur geleenthede of platforms te skep vir leerders om hul onderskeie moedertale of huistale te gebruik om begrip van akademiesegeletterdheidsmateriaal en vakspesifieke dissiplinêre inhoud te verbeter, wat terme insluit wat in verskeie skoolvakke gebruik word, terwyl hulle ook vorder in die Xhosa-taal en kulturele begrip. Dit impliseer dat isiXhosa gebruik kan word om Engels as 'n Eerste Addisionele Taal (EAT) beter te verstaan, sowel as om begrip van Gesyferdheid, Lewensvaardighede en 'n Eerste Addisionele Taal te verdiep, en sodoende die potensiaal van die individuele leerder te benut om relevante geletterdhede oor die grondslagfasekurrikulum in skole te versterk.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

### 414 (5) IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) IsiXhosa [IF] (2L)

Hierdie module handel grootliks oor die opleiding van student-onderwysers deur hulle toe te rus om die gebruik van moedertaal (en die eerste addisionele taal waar nodig) te waardeer en teoreties ingeligte kennis vaardig toe te pas deur geleenthede of platforms te skep vir leerders om hul onderskeie moedertale of huistale te gebruik om begrip van akademiesegeletterdheidsmateriaal sowel as vakspesifieke dissiplinêre inhoud te verbeter, wat terme insluit wat in verskeie skoolvakke gebruik word, terwyl hulle ook vorder in die Xhosa-taal en kulturele begrip. Dit impliseer dat isiXhosa gebruik kan word om Engels as 'n Eerste Addisionele Taal (EAT) beter te verstaan, sowel as om begrip van Sosiale Wetenskappe, Wiskunde en Natuurwetenskappe te verdiep, en sodoende die potensiaal van die individuele leerder te benut om relevante geletterdhede oor die intermediêrefasekurrikulum in skole te versterk.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 14874 Tegniese Fisika Onderrig Golwe en Elektroniese Eienskappe van Materie [GDO (VOO Fisiese wetenskappe-onderwys)]

### 271(9) Tegniese Fisika Onderrig Golwe en Elektroniese Eienskappe van Materie

Hierdie module fokus daarop om nie net die student toe te rus met die basiese kennis van golwe en elektroniese eienskappe van materie en die vaardighede om hierdie kennis toe te pas nie, maar ook om pedagogiese strategieë te verstaan en te implementeer om hierdie kennis en vaardighede in die VOO-fase te onderrig. Golwe behels die vervoer van energie sonder die vervoer van materie. 'n Golf kan beskryf word as 'n versteuring wat deur 'n medium beweeg en energie van een plek (sy bron) na 'n ander plek vervoer sonder om materie te vervoer. Die elektroniese eienskappe van materie is 'n stel parameters en voorstellings wat die toestand en gedrag van elektrone in die materiaal volledig beskryf. Die fokus van die module Tegniese Fisika Onderrig Golwe en Elektroniese Eienskappe van Materie sal wees om praktiese werk met teorie te integreer om sodoende die konsepte wat onderrig word te versterk.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14873 Tegniese Fisika Onderrig Hitte en Termodinamika [GDO (VOO Fisiese wetenskappe-onderwys)]

### 271(4) Tegniese Fisika Onderrig Hitte en Termodinamika

Hierdie module fokus daarop om nie net die student toe te rus met die basiese kennis van hitteoordrag en die vaardighede om hierdie kennis toe te pas nie, maar ook om pedagogiese strategieë te verstaan en te implementeer om hierdie kennis en vaardighede in die VOO-fase te onderrig. Hitteoordrag beskryf die fisiese meganisme om die vervoer van energie te verstaan, terwyl termodinamika handel oor die verband tussen hitte, werk, temperatuur en energie. Die doel van die module Tegniese Fisika Onderrig Hitte en Termodinamika is om praktiese werk met teorie te integreer om sodoende die konsepte wat onderrig word te versterk.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14872 Tegniese Fisika Onderrig Magnetisme en Elektrisiteit [GDO (VOO Fisiese wetenskappe-onderwys)]

### 271(8) Tegniese Fisika Onderrig Magnetisme en Elektrisiteit

Hierdie module fokus daarop om nie net die student toe te rus met die basiese kennis van elektrisiteit en elektromagnetisme en die vaardighede om hierdie kennis toe te pas nie, maar ook om pedagogiese strategieë te verstaan en te implementeer om hierdie kennis en vaardighede in die VOO-fase te onderrig. Elektrisiteit is die stel fisiese verskynsels wat verband hou met die teenwoordigheid en beweging van materie wat 'n eienskap van elektriese lading het. Elektrisiteit hou verband met magnetisme – beide vorm deel van die verskynsel van elektromagnetisme. Magnetisme is 'n fisiese verskynsel wat veroorsaak word deur die beweging van elektriese lading, wat lei tot aantrekkings- en afstootkragte tussen voorwerpe.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14871 Tegniese Fisika Onderrig: Meganika [GDO (VOO Fisiese wetenskappe-onderwys)]

### 171(9) Tegniese Fisika Onderrig: Meganika

Hierdie module fokus daarop om nie net die student toe te rus met die basiese kennis van meganika en die vaardighede om hierdie kennis toe te pas nie, maar ook om pedagogiese strategieë te verstaan en te implementeer om hierdie kennis en vaardighede in die VOO-fase te onderrig. Meganika is 'n area binne Fisika en Wiskunde wat handel oor verwantskappe tussen kragte, materie en beweging van fisiese voorwerpe. Die fokus van die module Meganika sal wees om praktiese werk met teorie te integreer om sodoende die konsepte wat onderrig word te versterk.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14875 Tegniese Wiskunde Onderrig Getallestelsels en Differensiaalrekene [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)]

### 271(8) Tegniese Wiskunde Onderrig Getallestelsels en Differensiaalrekene

Hierdie module fokus daarop om nie net die student toe te rus met die basiese kennis van komplekse getalle, integrasieberekening, basiese reëls van integrasie en die vaardighede om hierdie kennis toe te pas nie, maar ook om pedagogiese strategieë te verstaan en te implementeer om hierdie kennis en vaardighede in die VOO-fase te onderrig. Die verworwe kennis en vaardighede sal gebruik word om die student se begrip van definitiewe en onbepaalde integrale konsepte, die toepassing van die standaardvorme van integrale as 'n omgekeerde van differensiasie en die integrasie van polinome te versterk.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14876 Tegniese Wiskunde Onderrig Meetkunde, Mensurasie en Hoekbeweging [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)]

### 271 (28) Tegniese Wiskunde Onderrig Meetkunde, Mensurasie en Hoekbeweging

Hierdie module fokus daarop om nie net die student toe te rus met die basiese kennis van meetkunde, mensurasie en hoekbeweging en die vaardighede om hierdie kennis toe te pas nie, maar ook om pedagogiese strategieë te verstaan en te implementeer om hierdie kennis en vaardighede in die VOO-fase te onderrig. Daarbenewens sal die student kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede deur middel van die kursusmateriaal en aktiwiteite ontwikkel, wat hulle kan gebruik om probleme van meetkunde, mensurasie en hoekbeweging te ondersoek en op te los.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14878 Tegniese Wiskunde Trigonometrie [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)]

### 271 (14) Tegniese Wiskunde Trigonometrie

Die module fokus daarop om nie net die student toe te rus met die basiese kennis van Trigonometrie en die vaardighede om hierdie kennis toe te pas nie, maar ook om pedagogiese strategieë te verstaan en te implementeer om hierdie kennis en vaardighede in die VOO-fase te onderrig. Verder het die module ten doel om studente op te lei om trigonometriese identiteite te gebruik om uitdrukkings te vereenvoudig en ander identiteite te bewys. Dit sal gedoen word deur geometriese en trigonometriese modelle te bou en te interpreteer.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14960 Teorieë in Wetenskap Ond [NGDip (Wetenskap-onderwys)]

### 771 (15) Teorieë in Wetenskap Ond

Die module fokus op die hoofteorieë in wetenskaponderwys, wat die begrip van die aard van wetenskap, konsepsuele verandering, ondersoekgebaseerde onderrig en onderwerpspesifieke pedagogiese inhoudskennis insluit. Die verskillende teorieë sal op 'n gekontroleerde, maar praktiese wyse aan die studente bekendgestel word deur die toepassing van die bestaande kennisbron van wetenskaponderrigteorieë.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14965 Teorieë in Wiskunde Ond [NGDip (Wiskunde-onderwys]

### 771 (15) Teorieë in Wiskunde Ond

Hierdie module het ten doel om die student in teoretiese sowel as praktiese aspekte van leer en instruksionele teorieë in wiskundeonderrig te verdiep.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13561 Trigonometrie [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)]

### 271 (14) Trigonometrie

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Basiese trigonometriese verhoudings
- Trigonometriese identiteite
- Trigonometriese vergelykings
- Trigonometriese funksies
- Trigonometriese formules
- Reëls vir die oplossing van 2D- en 3D- trigonometriese probleme
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14961 Vergelykende Studies (Wet Ond) [NGDip (Wetenskap-onderwys]

### 771 (15) Vergelykende Studies (Wet Ond)

Die module fokus op die vergelyking van die pedagogiese sienswyses in wetenskaponderrig vanuit verskillende lande en opvoedkundige sisteme.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 14967 Vergelykende Studies (Wisk Ond) [NGDip (Wiskunde-onderwys]

### 771 (15) Vergelykende Studies (Wisk Ond)

Hierdie module het ten doel om die student in die navorsing van die toepassing van verskillende leerteorieë in verskillende lande, in wiskunde-onderwys, te verdiep. Hierdie vergelykende studie sal die student die geleentheid bied om te verstaan hoe en waarom 'n bepaalde leerteorie in wiskunde-onderwys in 'n bepaalde konteks in 'n land toegepas kan word.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13758 Visuele Kuns-onderrig [NOS]

### 771 (20) Visuele Kuns-onderrig (2L, 2P)

Doeltreffende onderrigbenaderings en -metodes in die onderrig van Visuele Kuns as 'n hoërskool vak. Hierdie module is 'n keusemodule vir student wat Visuele Kuns as 'n spesialiseringsrigting op hoërskoolvlak wil aanbied.

*Voorvereiste: 'n Driejaargraad in Kunste.*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 13732 Volhoubare Leefwyse [NOS]

### 771 (6) Volhoubare Leefwyse (1L)

Menslike interaksie met die omgewing en die impak van hierdie interaksie op die omgewing.

Die ontwikkeling van betekenisvolle leerprogramme om leerders binne die konteks van 'n diverse samelewing in staat te stel om verantwoordelike besluite te neem met betrekking tot menslike aktiwiteite en volhoubare leefstyle.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13459 Volwasseneleer en -ondersteuning [HonsBEd]

## 711 (15) Volwasseneleer en -ondersteuning

Volwassene Leerteorieë. Volwassene Leerstyle. Maatskaplike en politieke perspektiewe oor volwassene leer.

Tuisdepartement: OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

# 14146 Vreemdetaalonderrig [NOS]

## 771 (20) Vreemdetaalonderrig 771 (3L, 1T)

Die beginsels van die aanleer en ontwikkeling van 'n tweede addisionele taal (Chinees, Duits en Frans) in die Suid-Afrikaanse konteks, met inagneming van plaaslike kurrikula.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 14297 Werk binne en vir die skoolstelsel [GDO (SLB)]

## 172 (18) Werk binne en vir die skoolstelsel

Hierdie module help student-skoolhoofde om die skool en skoolpraktyke in die breër konteks van die onderwysstelsel te plaas. Dit fokus op kwessies wat verband hou met die wet, beleid, bestuur en skoolbeplanning en -ontwikkeling. Dit moet duidelik gestel word dat, om tot die stelsel by te dra, ook beteken om soms opbouend-krities daaroor te wees. Soms beteken dit ook om selfkrities te wees oor 'n mens se eie hoedanigheid of bevoegdheid om sinvolle of toepaslike bydraes te maak. Uitkoms 1 fokus dus daarop om 'n diepsinnige begrip van die beleidskonteks te verkry. Uitkoms 2 fokus op die vermoë van die skoolhoof om leiding te neem met betrekking tot die wetgewende mandaat, die vermoë om selfevaluerend te wees en die doeltreffende verbetering van die vermoë om leiding te neem en te bestuur. Uitkoms 3 tot 5 fokus op die skoolhoof as die bestuurder of fasiliteerder van beplanning, implementering en hersiening van prosesse waarby alle sleutelrolspelers betrokke is. Laastens fokus dit ook op die skoolhoof se vermoë om 'n kollektiewe of groepsveranderingsproses effektief te fasiliteer of te lei.

Tuisdepartemente: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE en SUNSEP

# 12903 Werk en Leer [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]

## 791 (30) Werk en Leer

Die module behandel:

- Kwessies van leer soos wat studente oor grense heen beweeg tussen die universiteit en die werkplek op oorwegend professionele onderrigterreine
- Kwessies van leer op universiteit vir werkende studente (volwasse onderrig en kwessies rakende die oorsteek van grense).

*Keusemodule*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13437 Werkgeïntegreerde Leer [GDO]

## 171 (6) Werkgeïntegreerde Leer 1

Werkgeïntegreerde leer, met inbegrip van leiding via klusterbesprekings, klaskamerondersteuning/ -besoeke, Moodle en web2.0-stelsels.

Tuisdepartement: SUNSEP

## 272 (6) Werkgeïntegreerde Leer 2

Voortsetting van die module gevolg in die eerste studiejaar.

Werkgeïntegreerde leer, met inbegrip van leiding via klusterbesprekings, klaskamerondersteuning/ -besoeke, Moodle en web2.0-stelsels.

Tuisdepartement: SUNSEP

# 14297 Werk binne en vir die skoolstelsel [GDO (SLB)]

## 172 (18) Werk binne en vir die skoolstelsel

Hierdie module help student-skoolhoofde om die skool en skoolpraktyke in die breër konteks van die onderwysstelsel te plaas. Dit fokus op kwessies wat verband hou met die wet, beleid, bestuur en skoolbeplanning en -ontwikkeling. Dit moet duidelik gestel word dat, om tot die stelsel by te dra, ook beteken om soms opbouend-krities daaroor te wees. Soms beteken dit ook om selfkrities te wees oor 'n mens se eie hoedanigheid of bevoegdheid om sinvolle of toepaslike bydraes te maak. Uitkoms 1 fokus dus daarop om 'n diepsinnige begrip van die beleidskonteks te verkry. Uitkoms 2 fokus op die vermoë van die skoolhoof om leiding te neem met betrekking tot die wetgewende mandaat, die vermoë om selfevaluerend te wees en die doeltreffende verbetering van die vermoë om leiding te neem en te bestuur. Uitkoms 3 tot 5 fokus op die skoolhoof as die bestuurder of fasiliteerder van beplanning, implementering en hersiening van prosesse waarby alle sleutelrolspelers betrokke is. Laastens fokus dit ook op die skoolhoof se vermoë om 'n kollektiewe of groepsveranderingsproses effektief te fasiliteer of te lei.

Tuisdepartemente: OPVOEDINGSBELEIDSTUDIE en SUNSEP

# 24023 Wiskunde (Ond) [BEd]

## 177 (15) Wiskunde (Ond) [IF] (2L, 1T)

Hierdie module gee 'n inleiding tot suiwer Wiskunde deur middel van logika en versamelings, volgens moderne perspektiewe en met die klem op 'n formele agtergrond tot verskeie onderwerpe wat in skool-wiskunde aangebied word. Die module is bedoel vir eerstejaar-wiskunde-onderwysstudente, maar sal ook nuttig wees vir enige ander student wat hulle agtergrond in Wiskunde wil verdiep. Studente wat ingeskryf is vir die Program in Wiskundige Wetenskappe by die Fakulteit Natuurwetenskappe word in die besonder aangemoedig om hierdie module as 'n keusemodule te neem.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 179 (15) Wiskunde (Ond) [GF] (2L, 1T)

Hierdie module daag studente uit om wiskundigedenkvaardighede deur middel van 'n probleemoplossende benadering te ontwikkel. Die klem is op elementêre getalteorie-onderwerpe soos die deelbaarheid van heelgetalle, resklasse en modulêre rekenkunde. Die wiskunde-inhoud wat op skool onderrig word, word herbesoek as kontekste vir bewysredenering, basiese wiskundige logika en presiese definisie en kommu-nikasie. Die module is bedoel vir eerstejaaronderwysstudente wat beplan om in die grondslagfase klas te gee.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 277 (15) Wiskunde (Ond) [IF] (3L)

Hierdie module is 'n inleiding tot rekenkunde, algebra en meetkunde vir studente wat beoog om in die inter-mediêre en senior fase onderwys te gee. Die primêre onderbou van die module is elementêre Wiskunde uit 'n gevorderde wiskundige oogpunt. Die module is slegs vir tweedejaarstudente in Wiskunde (Ond) bedoel.

*Slaagvoorvereiste: Wiskunde (Ond) [IP] 177 met 'n finale punt van minstens 60%*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 279 (15) Wiskunde (Ond) [GF] (3L)

- Die impak van oortuiginge oor die aard van wiskunde op die onderrig en leer daarvan.
- Kenmerke en implikasies vir die klaskamer van transmissie-onderrig en probleemgesentreerde Wiskunde-onderrig.
- Wiskundekennis vir onderrig (WKO/MKT) in die grondslagfase.
- Die wiskundige ontwikkeling van die kind tussen die ouderdomme 0 en 7 jaar.
- Klaskamerkultuur as bepalende faktor vir leeruitkomste.
- Die ontwikkeling van responsiewe wiskundeonderrig deur professionele waarneming en refleksie.
- Die ontwikkeling van getalbegrip.
- Die ontwikkeling van grondslagfaseleerders se rekenmetodes en hulle begrip van die vier basiese bewerkings.
- Remediëring van miskonsepsies en beperkende konstruksies in telgetalrekenkunde.
- Aanvangsmeetkunde en ruimtelike ontwikkeling (2-D en 3-D, konstruksie, visualisering, posisie-in-die-ruimte, oriëntasie).

*Slaagvoorvereiste: Wiskunde (Ond) [GF] 179*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 377 (15) Wiskunde (Ond) [IF] (4L)

Die module dien as verdere inleiding tot rekenkunde, algebra, meetkunde en verwantskappe tussen hulle. Die modules is gemik op studente wat in die intermediêre en senior fase gaan skoolhou. Die primêre onderbou van die module is Wiskunde vanuit 'n gevorderde oogpunt. Die module is slegs vir derdejaar-studente in Wiskunde (Ond) bedoel.

*Slaagvoorvereiste: Wiskunde (Ond) [IF] 277*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 379 (15) Wiskunde (Ond) [GF] (3L)

- Teorie en praktyk van probleemgesentreerde Wiskunde-onderrig in die grondslagfase.
- Betekenisse van bewerkings met telgetalle, basiese probleemtipes, bewerkingseienskappe, rekentegnieke en rekenstrategieë, matematisering.
- Die ontwikkeling van soepelgetalbegrip en rekenmetodes by jong leerders.
- Intuïsies en beperkende konstruksies in telgetalrekenkunde.
- Vroeë algebraonderrig.
- Inleiding tot die onderrig van datahantering.
- Historiese en kulturele perspektiewe op die wiskundige inhoude van die grondslagfase.
- Die rol van reflektiewe denke en metakognisie in probleemgesentreerde Wiskunde-onderrig en -leer; ontwikkeling van responsiewe onderrig deur refleksie en professionele waarneming.

*Slaagvoorvereiste: Wiskunde (Ond) [FP] 279*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 477(15) Wiskunde (Ond) [IF] (4L)

Hierdie module fokus op Wiskunde-onderrig en -leer as hoogtepunt van die BEd. Die doel is om professionele oplet van die leerder se beredenering in probleemoplossingskontekste te ontwikkel. Responsiewe pedagogie word ontwikkel deur aandag te skenk aan navorsing oor luistervaardighede, formatiewe assessering, vlot onderwyser-praat, en taakontwerp wat gebaseer is op variasie-teorie en modelleringsteorie. Toegang tot en billikheid in betrokkenheid by uitdagende wiskunde vir diverse leerders is 'n draad wat deur die module loop. Studente sal verplig word om te leer om wiskundeonderwys-sagteware, bv. GeoGebra, in taakontwerp te gebruik. Sleutelkonsepte soos die ontwikkeling van getalkonsepte en verwante berekeningsplanne, vermenigvuldiging-redenasie, algebraïese redenasie, geometriese redenasie en statistiese redenasie word oor die intermediêre en senior fase bestudeer. Die module-assessering neem 21ste-eeuse vaardighede soos hoërorde-redenering, selfgerigte leer en kommunikasie in ag. Studente in hierdie module word sterk aangemoedig om in verwante maatskaplike en gemeenskapsimpak-projekte, wat deur die module-koördineerder aangebied word, deel te neem.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

## 479 (15) Wiskunde (Ond) [GF] (3L)

- Huidige en beplande wiskundekurrikula vir die grondslagfase.
- Leerverlope (-trajekte) gebaseer op probleemoplossing: vertrekpunte, progressiewe skematisering, probleemtipes, beperkende konstruksies, volgehoue leer.
- Diagnose en remediëring van wankonsepte en beperkende konstruksies in grondslagfase-wiskunde.
- Leerteoretiese perspektiewe op leeromgewings en leerverlope vir wiskunde.
- Hantering van individuele verskille tussen leerders: assessering en gelykberegtiging.
- Assessering, norm- en kriteriumgerigte assessering.
- Ontwikkeling van 'n eie teorie oor onderrig, leer en assessering. Die verband tussen assessering, kommunikasie en die akkommodasie van die leerder se konstruksisteem.
- Inleiding tot die onderrig van meting.
- Die rol van tegnologie in Wiskunde-onderrig en -leer.
- Diensleer deur die sosiale-impakprogram Count Me In.

*Slaagvoorvereiste: Wiskunde (Ond) [FP] 379*

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13752 Wiskunde-onderrig [NOS]

## 771 (20) Wiskunde-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module fokus op Wiskunde-onderrig en -leer oor graad 8 tot 12 heen in erkenning van die agterstande in ons basiese-onderwysstelsel. Die doel is om die professionele oplet van die leerder se beredenering in probleemoplossingskontekste te ontwikkel. Responsiewe pedagogie word ontwikkel deur aandag te skenk aan navorsing oor luistervaardighede, formatiewe assessering, vlot onderwyser-praat, en taakontwerp wat gebaseer is op variasie-teorie en modelleringsteorie. Toegang tot en billikheid in betrokkenheid by uitdagende wiskunde vir diverse leerders is 'n draad wat deur die module loop. Studente sal verplig word om te leer om wiskundeonderwys-sagteware, bv. Geogebra, in taakontwerp en onderrig te gebruik. Sleutelkonsepte soos inleiding tot algebra en gevorderde algebraïese redenasie (insluitend differensiasie), meervoudige voorstellings, die ontwikkeling van geometriese redenasie, insluitend bewysredenasie en statistiese redenasie word bestudeer. Die module-assessering neem 21ste-eeuse vaardighede soos hoërorde-redenering, selfgerigte leer en kommunikasie in ag. Studente in hierdie module word sterk aangemoedig om in verwante maatskaplike en gemeenskapsimpak-projekte, wat deur die modulekoördineerder aangebied word, deel te neem.

*Slaagvoorvereiste:*

- Wiskunde op tweedejaarsvlak (minstens 32 krediete), of ekwivalent

*of*

- Beginsels van Wiskunde op tweedejaarsvlak (48 krediete), of ekwivalent

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 61972 Wiskunde-onderwys (Skoolvak)

## 872 (40) Wiskunde-onderwys-spesialisering [MEd (Kurrikulumstudie)]

Wiskunde-onderwys.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13547 Wiskunde-onderwys (Grondslagfase) [HonsBEd]

## 771 (20) Wiskunde-onderwys (Grondslagfase)

Hierdie module laat die student toe tot die filosofiese en teoretiese perspektiewe wat wiskunde-onderwys beïnvloed en vorm. Die module ondersoek die aard van wiskunde en onderrig en leer van wiskunde in die grondslagfase. Deur die aard en impak van wiskundige prosesse op die leer van wiskunde te ondersoek, kan studente hulle eie praktyk verbind, ontleed en daaroor nadink. Hierdie module vereis 'n kritiese ontleding van belangrike faktore wat betekenisvolle Wiskunde-onderrig en -leer vorm (insluitend kennis van onderwysers, oortuigings, houdings, selfvertroue, klaskamerkultuur, wiskundige diskoers, take, beleid, assesseringspraktyke en leerplanne, onderwyseridentiteit en -verandering). Deur kragte wat Wiskunde-onderwys beïnvloed en vorm, te ondersoek en te artikuleer (verlede en toekoms), is dit die bedoeling dat studente deur hierdie kennisopbou 'n gevoel van outoriteit ontwikkel wat na hulle professionele ruimte oorgedra kan word. Hierdie module ondersteun ook honneursstudente se navorsingsprojekte as deel van die module vir Navorsingsmetodes. Na suksesvolle voltooiing kan studente voortgaan met verdere navorsing vir M-studies.

*Let op:* Hierdie module is 'n kernmodule binne die HonsBEd (Grondslagfaseonderwys)-program. Studente moet hul finalejaar-wiskundeonderrigmodule in 'n voorgraadse GF BEd-program voltooi.

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# 13440 Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede I [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)]

## 171 (22) Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede 1

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Getalformate en konvensies
- Bewerkings deur gebruik van getalle en sakrekenaarvaardighede
- Afronding
- Verhoudings en tempo
- Eweredigheid
- Persentasies

- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13441 Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede II [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)]

### 171 (22) Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede 2

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Maak sin van grafieke
- Patrone en verhoudings
- Voorstellings van verhoudings
- Werk met twee of meer verhoudings
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13445 Wiskundige Geletterdheid: Data-hantering [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)]

### 271 (14) Wiskundige Geletterdheid: Data-hantering

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

*Statistiek*

- Ontwikkeling van vrae
- Versameling van data
- Klassifisering en organisasie van data
- Opsomming van data
- Voorstelling van data
- Interpretasie en ontleding van data
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

*Waarskynlikheid*

- Uitdrukkings van waarskynlikheid
- Voorspelling
- Voorstellings vir bepaling van verskillende uitkomste
- Evaluering van waarskynlikheidsuitdrukkings
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

## 13444 Wiskundige Geletterdheid: Finansies [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)]

### 271 (11) Wiskundige Geletterdheid: Finansies

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Finansiële dokumente
- Tariefstelsels
- Inkomste/uitgawe; wins/verlies; state; begrotings
- Koste en verkoopprys
- Gelykbreekontleding
- Rente
- Belasting
- Wisselkoers
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

# 13443 Wiskundige Geletterdheid: Kaarte, Planne en Fisiese Voorstellings [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)]

## 271 (10) Wiskundige Geletterdheid: Kaarte, Planne en Fisiese Voorstellings

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Skaal
- Kaarte
- Planne
- Modelle
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

# 13442 Wiskundige Geletterdheid: Meting [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)]

## 271 (11) Wiskundige Geletterdheid: Meting

Na voltooiing van die module sal die student 'n diepgaande en sistematiese begrip van die vakinhoudkennis hê en die pedagogiek om die volgende te onderrig:

- Omsettings
- Meet van lengte
- Meet van gewig
- Meet van volume
- Temperatuur
- Berekening van omtrek, oppervlakte, volume
- Tyd
- Inkorporering van IKT waar toepaslik

Tuisdepartement: SUNSEP

# 13751 Wiskundige Geletterdheid-onderrig [NOS]

## 771 (20) Wiskundige Geletterdheid-onderrig (3L, 1P)

Hierdie module plaas klem op die verskillende onderwerpe binne die vak Wiskundige Geletterdheid wat tydens die VOO-fase op skoolvlak onderrig word. Die module is bedoel vir nagraadse onderwysstudent wat hierdie module as 'n keusevak gekies het, maar dit sal ook nuttig wees vir enige student wat sy/haar agtergrond in Wiskunde as 'n skoolvak wil verdiep en wil spesialiseer in die aanbieding van Wiskundige Geletterdheid as 'n skoolvak.

*Driejarige graad met slaagvoorvereiste:*

- Wiskunde 114 (16) en Wiskunde 144(16), of ekwivalent

*of*

- Wiskunde (Bio) 124 (16) en Fisika (Bio) 134(16), 154(16), of ekwivalent

*of*

- Statistiek 186(18) of Statistiese Metodes 176(18) en Renterekening 152(6), of ekwivalent

Tuisdepartement: KURRIKULUMSTUDIE

# Navorsings- en diensinstansies

## 1. Praktikumeenheid van die Departement Opvoedkundige Sielkunde

### Dienslewering

Die Praktikumeenheid van die Departement Opvoedkundige Sielkunde lewer 'n professionele diens aan die breër gemeenskap en skole. Senior studente lewer sielkundige dienste (assessering en terapeutiese insette) aan kliënte as deel van hul praktikum-opleiding. Geregistreerde sielkundiges bied nougesette supervisie aan hierdie studente met die doel om opleiding uit te bou tot uitmuntende dienslewering.

### Kontakbesonderhede

Tel.: 021 808 2229 Faks: 021 808 3932 E-pos: pracunit_edpsych@sun.ac.za

## 2. Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys

### Agtergrond

Die Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys in die Departement Kurrikulumstudie funksioneer sedert April 1997 as 'n onafhanklike sentrum. Die Sentrum lewer 'n professionele navorsings-, ontwikkelings-, opleidings- en konsultasiediens aan organisasies en instellings op die terrein van hoër en volwassene-onderwys.

### Doelstellings

Die Sentrum se doelstellings is die volgende:

- Navorsing en publikasie op die terrein van hoër en volwassene-onderwys.
- Voortdurende persoonlike groei en ontwikkeling.
- Die opbou van bronne (boeke, tydskrifte, video's en opleidingsmateriaal) op die terrein van hoër en volwassene-onderwys.
- Die ontwerp en uitvoer van wetenskaplike ondersoeke, opnames en behoeftebepalings.
- Die ontwerp, uittoets, evaluering en aanbied van opleidingsmateriaal en opleidingsprogramme.
- Die doen van kontraknavorsing en ontwikkelingswerk vir spesifieke organisasies.
- Die opbou van 'n netwerk van gekontrakteerde spesialiste/medewerkers as studieleiers, mentors, opleiers of navorsers.

### Dienslewering

'n Hoë gehalte van ontwerp, beplanning, voorbereiding, aanbieding en opvolgwerk kenmerk die dienste. Daardeur lewer die Sentrum 'n bydrae tot voortdurende groei en ontwikkeling, lewenslange leer van individue en die skep van lerende organisasies.

Die Sentrum bied ook twee nagraadse dubbelmodusprogramme aan. Die MPhil in Hoër Onderwys en die MPhil in Onderwys en Opleiding vir Lewenslange Leer word dus deur middel van kontaksessies sowel as gestruktureerde selfstudie aangebied.

### Kontakbesonderhede

Die Direkteur: Prof PN Rule

Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys

Departement Kurrikulumstudie

Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit Stellenbosch

Privaat Sak X1

STELLENBOSCH 7599

Tel.: 021 808 2297/2277 Faks: 021 808 2270 E-pos: prule2015@sun.ac.za

# 3. Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP)

## Agtergrond

In Januarie 2013 het die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys (IWWOUS) en die Sentrum vir Leierskap en Bestuur (SELEBOUS) aan die Universiteit van Stellenbosch saamgesmelt om 'n nuwe sentrum te vorm.

Die ryk ervarings wat oor die jare deur die personeel van die twee instellings opgedoen is, stel die nuutgestigte Sentrum in staat om met vertroue bestaande programme voort te sit en nuwe programme bekend te stel. Die trotse geskiedenis van die twee instellings kan hierdeur nog groter hoogtes bereik.

## Doelstellings

Die doel in beide die professionele ontwikkeling van onderwysers en die skool-ingrypings is om die vermoëns van onderwysers en leerders te ontwikkel en te verbeter. Hierin werk die Sentrum saam met verskeie onderwysdistrikte en die onderskeie provinsiale Departemente van Onderwys in Suid-Afrika.

## Dienslewering

Die waarde wat die Universiteit se voorbereidingskomponent bydra tot die lewens van jong mense is reeds goed bekend by die onderskeie onderwysdepartemente, sowel as onderwysers en ouers en leerders wat aan die Universiteit van Stellenbosch wil studeer. Die Sentrum bied tans twee projekte aan om hierdie visie te help realiseer:

- Die Hope@Maties-program wat huidige matrikulante voorberei en
- SciMathUS, 'n oorbruggingsprogram waar leerders ondersteuning ontvang om hul matriekuitslae in kernvakke te verbeter, en daarmee saam hul kanse tot universiteitstoelating.

Albei hierdie projekte lewer 'n bydrae om die Universiteit Stellenbosch se strategiese diversiteitsdoelwitte te bereik.

Die Sentrum se goed gevestigde navorsingskomponent ondersteun en dokumenteer die nuwe insigte en kennis wat deur die Sentrum se betrokkenheid in die onderwys gegenereer word en 'n doeltreffende administratiewe ondersteuningspan rugsteun SUNSEP se aktiwiteite.

## Kontakbesonderhede

Die Direkteur (SUNSEP): Mev N Siyengo
Fakulteit Opvoedkunde
GG Cilliégebou
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1
STELLENBOSCH
7599
Tel.: 021 808 2356 E-pos: noksiy@sun.ac.za

# Alfabetiese lys van voorgraadse en nagraadse vakke en modules

14228 Aanspreek van Diverse Leerbehoeftes [BEd] (nuwe programme)....65
414 (10) Aanspreek van diverse leerbehoeftes [IF en GF] (2L)....65

14266 Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig [NOS]....66
771 (5) Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (1L)....66

14922 Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [BEd]....66
424 (5) Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [GF] (2L)....66
414 (5) Afrikaans as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [IF] (2L)....66

13850 Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [BEd] [IF]....66
177 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T)....66
277 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (3L)....66
377 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (3L)....67
477(15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (3L)....67

13850 Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [BEd] [GF]....67
179 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (2L, 1T)....67
279 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (2L, 1T)....67
379 (15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (2L, 1T)....67
479(15) Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (2L, 1T)....67

13849 Afrikaans Huistaal (Ond) [BEd] [IF]....68
177 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] (2L, 1T)....68
277 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] (3L)....68
377 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] (3L)....68
477(15) Afrikaans Huistaal (Ond) [IF] (3L)....68

13849 Afrikaans Huistaal (Ond) [BEd] [GF]....68
179 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] (2L, 1T)....68
279 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] (2L, 1T)....68
379 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] (2L, 1T)....69
479 (15) Afrikaans Huistaal (Ond) [GF] (3L)....69

12462 Afrikaans Kommunikasie [BEd]....69
377 (5) Afrikaans Kommunikasie [IF] (1L, 1T)....69
379 (5) Afrikaans Kommunikasie [GF] (1L, 1T)....69

13736 Afrikaans-onderrig [NOS]....69
771 (20) Afrikaans-onderrig (3L, 1P)....69

61484 Afrikaans-onderwys (Skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)]....70
872 (40) Afrikaans-onderwys-spesialisering....70

12898 Akademiese Leierskap en Bestuur [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]....70
791 (30) Die akademiese leier in hoër onderwys....70

13435 Algemene Pedagogie [GDO (Onderwys)]....70
171 (6) Algemene Pedagogie....70

10220 Assessering [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)]....70
791 (30) Assessering in Hoër Onderwys....70

14916 Benaderings tot Sielkundige Welstand [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)]....70
814(30) Benaderings tot Sielkundige Welstand....70

13738 Besigheidstudie-onderrig [NOS]....71
771 (20) Besigheidstudie-onderrig (3L, 1P)....71

14537 Besigheidstudie-onderwys (skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)]....71
872 (40) Besigheidstudie-onderwys-spesialisering....71

13614 Botanie-onderrig A [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)] ....71
171 (15) Botanie-onderrig A (27L, 13P) ....71

13615 Botanie-onderrig B [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)] ....71
271 (15) Botanie-onderrig B (32L, 15P) ....71

12899 Burgerskap, Sosiale Aanvaarding en Onderskeid [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)] ....72
791 (30) Burgerskap, Sosiale Aanvaarding en Onderskeid in Hoër Onderwys ....72

13454 Chemie [GDO (SF Natuurwetenskappe-onderwys)] ....72
171 (15) Chemie – Materie en Materiale ....72

13610 Chemie-onderrig: Chemiese Beginsels [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)] ....72
171 (10) Chemie-onderrig: Chemiese Beginsels (22L, 10P) ....72

13607 Chemie-onderrig: Chemiese Veranderinge en Chemiese Sisteme [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)] ....72
271 (10) Chemie-onderrig: Chemiese Veranderinge en Chemiese Sisteme (22L, 10P) ....72

13613 Chemie-onderrig: Organiese Chemie [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)] ....73
271 (10) Chemie-onderrig: Organiese Chemie (22L, 10P) ....73

13562 Data-hantering [GDO] ....73
271 (14) Data-hantering (IF Wiskunde-onderwys) ....73
272 (14) Statistiek, Waarskynlikheid (SF Wiskunde-onderwys) ....73
273 (14) Data-hantering (VOO Wiskunde-onderwys) ....73

13451 Die Aarde en Verder [GDO (SF Natuurwetenskappe-onderwys)] ....73
271 (15) Die Aarde en Verder ....73

12900 Diensleer in Gemeenskapsbetrokkenheid [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)] ....73
791 (30) Diensleer en Gemeenskapsbetrokkenheid in Hoër Onderwys ....73

14145 Digitale Pedagogie vir Taalonderrig ....74
744 (15) Digitale Pedagogie vir Taalonderrig ....74

13740 Drama-onderrig [NOS] ....74
771 (20) Drama-onderrig (3L, 1P) ....74

13741 Ekonomie-onderrig [NOS] ....74
771 (20) Ekonomie-onderrig (3L, 1P) ....74

61646 Engelskurrikulumstudie [HonsBEd] ....74
711 (15) Engelskurrikulumstudie ....74

61549 Engels-onderwys (Skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)] ....74
872 (40) Specialisation in English Language Teaching ....74

13743 Engels-taalonderrig [NOS] ....75
771 (20) Engels-taalonderrig (2L, 2P) ....75

14920 Engels as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [BEd] ....75
424 (5) Engels as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [GF] (2L) ....75
414 (5) Engels as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [IF] (2L) ....75

14264 English as a Language of Learning and Teaching [NOS] ....75
771 (5) English as a Language of Learning and Teaching (1L) ....75

14246 English First Additional Language (Ed) [BEd] [IF] ....76
177 (15) English First Additional Language (Ed) [IP] (2L, 1T) ....76
277 (15) English First Additional Language (Ed) [IP] (2L, 1T) ....76
377 (15) English First Additional Language (Ed) [IP] (3L, 1T) ....76
477 (15) English First Additional Language (Ed) [IP] (3L, 1T) ....76

14246 English First Additional Language (Ed) [BEd] [FP] ....76
179 (15) English First Additional Language (Ed) [FP] (2L, 1T) ....76
279 (15) English First Additional Language (Ed) [FP] (2L, 1T) ....76
379 (15) English First Additional Language (Ed) [FP] (3L, 1T) ....76
479 (15) English First Additional Language (Ed) [FP] (3L, 1T) ....76

14248 English Home Language (Ed) [IF] ....77
177(15) English Home Language (Ed) [IP] (2L, 1T) ....77

277(15) English Home Language (Ed) [IP] (2L, 1T) ... 77
377(15) English Home Language (Ed) [IP] (3L, 1T) ... 77
477(15) English Home Language (Ed) [IP] (3L, 1T) ... 77

14248 English Home Language (Ed) [GF] ... 77
179 (15) English Home Language (Ed) [FP] (2L, 1T) ... 77
279 (15) English Home Language (Ed) [FP] (2l, 1T) ... 77
379 (15) English Home Language (Ed) [FP] (3L, 1T) ... 78
479 (15) English Home Language (Ed) [FP] (3L, 1T) ... 78

57142 Filosofie van die Opvoeding [BEd] ... 78
477 en 479(10) Filosofie van die Opvoeding [IF en GF] (2L) ... 78

21865 Filosofie van die Opvoeding [NOS] ... 78
771 (8) Filosofie van die Opvoeding (2L) ... 78

56847 Finansiële Wiskunde [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)] ... 78
171 (9) Finansies, Groei en Verval ... 78

13755 Fisiese Wetenskappe-onderrig [NOS] ... 78
771 (20) Fisiese Wetenskappe-onderrig (2L, 2P) ... 78

13453 Fisika [GDO (Senior Fase Natuurwetenskappe-onderwys)] ... 79
171 (15) Fisika – Energie en Verandering ... 79

13608 Fisika-onderrig: Energie, Golwe en Materie [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)] ... 79
171 (10) Fisika-onderrig: Energie, Golwe en Materie (22L, 10P) ... 79

13611 Fisika-onderrig: Magnetisme en Elektrisiteit [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)] ... 79
271 (10) Fisika-onderrig: Magnetisme en Elektrisiteit (22L, 10P) ... 79

13612 Fisika-onderrig: Meganika [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)] ... 80
171 (10) Fisika-onderrig: Meganika (22L, 10P) ... 80

13825 Geletterdheid *vir begrip* in Lewensvaardighede [BEd] [GF] (nuwe program) ... 80
279 (15) Geletterdheid *vir begrip* in Lewensvaardighede (3L) ... 80

13490 Geletterdheidsonderwys en -leierskap (Grondslagfase) [HonsBEd] ... 80
772 (20) Geletterdheidsonderwys en -leierskap (Grondslagfase) ... 80

13744 Geografie-onderrig [NOS] ... 80
771 (20) Geografie-onderrig (3L, 1P) ... 80

61557 Geografie-onderwys (skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)] ... 81
872 (40) Geografie-onderwys-spesialisering ... 81

13731 Geskiedenis en Sosiologie van Opvoeding [NOS] ... 81
771 (8) Geskiedenis en Sosiologie van Opvoeding (2L) ... 81

54283 Geskiedenis-onderrig [NOS] ... 81
771 (20) Geskiedenis-onderrig (2L, 2P) ... 81

13564 Getalle, Bewerkings, Verhoudings [GDO] ... 81
171 (22) Getalle, Bewerkings, Verhoudings (IF Wiskunde-onderwys) ... 81
172 (22) Getalle, Bewerkings, Verhoudings (SF Wiskunde-onderwys) ... 81

13759 Gevorderde Studie [NOS] ... 82
771 (20) Gevorderde Studie ... 82

13824 Graad R-teorie en -praktyk [BEd] [GF] (nuwe program) ... 82
279 (15) Graad R-teorie en -praktyk (2L) ... 82

14256 Hoër Onderwys Studies [MPhil (Hoër Onderwys Studies)] ... 82
879 (180) Hoër Onderwys Studies (ankermodule) ... 82

61980 Hulpverlening in Skool- en Gemeenskapsverband [MEd (Opvoedkundige Ondersteuning)] ... 82
872 (30) Ontwikkelingsprogramme ... 82

11516 IKT vir Leer ... 82
771 (10) ) Informasiekommunikasietegnologie (IKT) vir Leer [NOS] (1L, 1T) ... 82
179 (10) Informasiekommunikasietegnologie (IKT) vir Leer [BEd] [GF] (nuwe program) (1L, 1T) ... 83
277 (10) Informasiekommunikasietegnologie (IKT) vir Leer [BEd] [IF] (nuwe program) (1L, 1T) ... 83

12901 IKT's vir Onderrig en Leer [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)] ... 83
791 (30) IKT's vir Onderrig en Leer in Hoër Onderwys ... 83

54461 Inklusiewe Onderwys ... 83
873 (20) Inklusiewe Onderwys [MEd (Psig)] ... 83

12486 Inklusiewe Onderwys, Assessering en Leerondersteuning [MEd (Opvoedkundige Ondersteuning)]. 83
873 (30) Inklusiewe Onderwys, Assessering en Leerondersteuning ... 83

13112 Inleiding tot Kwalitatiewe Navorsingsmetodologie [MEd (Opvoedkundige Ondersteuning)] ... 83
872 (30) Inleiding tot Kwalitatiewe Navorsingsmetodologie ... 83

13507 Inleiding tot Navorsingsmetodes [HonsBEd] ... 84
712 (5) Inleiding tot Navorsingsmetodes ... 84

14962 Inleiding tot Neurokognitiewe Studie [NGDip (Wetenskap-onderwys), NGDip (Wiskunde-onderwys] ... 84
771 (15) Inleiding tot Neurokognitiewe Studie ... 84

14959 Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing [NGDip (Wetenskap-onderwys), NGDip (Wiskunde-onderwys] ... 84
771 (15) Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing ... 84

11510 Inleiding tot Taalonderrig [BEd] ... 84
124 (5) Inleiding tot Taalonderrig [GF en IF] (1L) ... 84

13746 Inligtingstegnologie-onderrig [NOS] ... 84
771 (20) Inligtingstegnologie-onderrig (3L, 1P) ... 84

14918 Internskap [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)] ... 85
874 (niekredietdraend) Internskap ... 85

13458 Interpretatiewe Navorsing [HonsBEd] ... 85
711 (5) Interpretatiewe navorsing ... 85

14245 IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (BEd) ... 85
179 (15) IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (1L, 1L Aanlyn, 1T) ... 85
279 (15) IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (3L) ... 85
379 (15) IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (3L) ... 85
479 (15) IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [GF] (3L) ... 86

14245 IsiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (BEd) ... 86
177 (15) isiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T) ... 86
277 (15) isiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T) ... 86
377 (15) isiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T) ... 87
477 (15) isiXhosa Eerste Addisionele Taal (Ond) [IF] (2L, 1T) ... 87

14267 IsiXhosa as 'n Taal van Kommunikatiewe Vaardigheid [NOS] ... 87
771 (5) IsiXhosa as 'n Taal van Kommunikatiewe Vaardigheid (1L) ... 87

14921 IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [BEd] ... 87
424 (5) IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [GF] (2L) ... 87
414 (5) IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) [IF] (2L) ... 88

13851 IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (BEd) ... 88
177 (15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (2L, 1T) ... 88
277 (15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (2L, 1T) ... 88
377 (15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (2L, 1T) ... 88
477(15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [IF] (3L) ... 89

13851 IsiXhosa Huistaal (Ond) [GF] (BEd) ... 89
179 (15) IsiXhosa Huistaal (Ond) [GF] (1L, 1 Aanlyn L, 1T) ... 89
279 (15) isiXhosa Huistaal (Ond) [GF] (1L, 1 Aanlyn L, 1P) ... 89
379 (15) isiXhosa Huistaal (Ond) [GF] (1 Aanlyn L, 1T, 1P) ... 90
479 (15) IsiXhosa Huistaal (Ed) [FP] (1 Aanlyn L, 1T, 1P) ... 90

13999 IsiXhosa Kommunikasie [BEd] ... 90
379 (5) IsiXhosa Kommunikasie [GF] (2L) ... 90
377 (5) IsiXhosa Kommunikasie [IF] (2L) ... 91

61824 IsiXhosa-kurrikulumstudie [HonsBEd] ... 91

711 (15) IsiXhosa-kurrikulumstudie ..... 91

13747 IsiXhosa-onderrig [NOS] ..... 91

771 (20) IsiXhosa-onderrig (3L, 1P) ..... 91

13563 Kalkulus [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)] ..... 92

271 (9) Kalkulus ..... 92

13464 Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde [HonsBEd] ..... 92

711 (15) Kennis, Handeling en Wese: Raamwerk van die Studie van Opvoedkunde ..... 92

64823 Kinder- en Volwasse-psigopatologie [MEd (Psig)] ..... 92

873 (20) Kinder- en Volwasse-psigopatologie ..... 92

64823 Kinder- en Volwasse-psigopatologie [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)] ..... 92

843 (10) Kinder- en Volwasse-psigopatologie ..... 92

14080 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd] ..... 93

771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Ekonomiese- en Besigheidstudies-onderwys ..... 93

14077 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd] ..... 93

771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Geskiedenisonderwys (nie aangebied in 2021 nie) ..... 93

14076 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd] ..... 93

771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Kurrikulumverandering ..... 93

14083 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd] ..... 93

771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Liggaamlike Opvoeding-onderwys ..... 93

14082 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd] ..... 94

771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Omgewingsopvoeding ..... 94

14078 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd] ..... 94

771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Wetenskappe-onderwys ..... 94

14081 Kritiese Kwessies en Debatte [HonsBEd] ..... 94

771 (30) Kritiese Kwessies en Debatte: Wiskunde-onderwys ..... 94

14445 Kritiese Perspektiewe vir Grondslagfasestudies [HonsBEd] ..... 94

775 (20) Kritiese Perspektiewe vir Grondslagfasestudies ..... 94

13438 Kurrikulumbestuur [GDO] ..... 95

171 (6) Kurrikulumbestuur ..... 95

271 (6) Kurrikulumbestuur [GDO in Wiskundige Geletterdheidsonderwys] ..... 95

14963 Kurrikulumontwikkeling en Onderrigontwerp (Wet Ond) [NGDip (Wetenskappe-onderwys)] ..... 95

771 (40) Kurrikulumontwikkeling en Onderrigontwerp (Wet Ond) ..... 95

14968 Kurrikulumontwikkeling en Onderrigontwerp (Wisk Ond) [NGDip (Wiskunde-onderwys] ..... 95

771 (40) Kurrikulumontwikkeling en Onderrigontwerp (Wisk Ond) ..... 95

54526 Kurrikulumstudie ..... 95

771 (8) Kurrikulumstudie [NOS] (2L) ..... 95

812 (25) Inleiding [MEd (Kurrikulumstudie)] ..... 95

872 (40) Kurrikulumstudie-spesialisering [MEd (Kurrikulumstudie)] ..... 96

879 (180) Ankermodule: Kurrikulumstudie [MEd] ..... 96

61581 Kurrikulumstudie (Afrikaans) [HonsBEd] ..... 96

711 (15) Afrikaanskurrikulumstudie ..... 96

54526 Kurrikulumstudie [HonsBEd] ..... 96

772 (30) Kurrikulumstudie: Kritiese Kwessies, Konsepte en Debatte ..... 96

13829 Kurrikulumteorie [BEd] [IF] ..... 96

277 (10) Kurrikulumteorie (2L) ..... 96

13737 Landbouwetenskappe-onderrig [NOS] ..... 96

771 (20) Landbouwetenskappe-onderrig (3L, 1P) ..... 96

13460 Leer en Kognisie [HonsBEd] ..... 97

711 (15) Leer en Kognisie ..... 97

14252 Leer in Hoër Onderwys [MPhil (Hoër Onderwys Studies)] ..... 97

875 (20) Leer in Hoër Onderwys ..... 97

14285 Leer in Volwasse Onderwys [MPhil (Lewenslange Leer)] ..... 97
875 (20) Leer in Volwasse Onderwys ..... 97

13462 Leerondersteuning [HonsBEd] ..... 97
744 (15) Leerondersteuning ..... 97

51241 Leerondersteuning ..... 97
814 (20) Leerondersteuning [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)] ..... 97

13461 Leeruitdagings [HonsBEd] ..... 97
744 (15) Leeruitdagings ..... 97

14292 Leierskap en die Bestuur van Onderrig en Leer in die Skool [GDO (SLB)] ..... 98
171 (18) Leierskap en die Bestuur van Onderrig en Leer in die Skool ..... 98

14293 Leierskap en die Bestuur van Buitemuurse en Kokurrikulêre Aktiwiteite [GDO (SLB)] ..... 98
171 (9) Leierskap en die Bestuur van Buitemuurse en Kokurrikulêre Aktiwiteite ..... 98

14294 Leierskap en die Bestuur van Mense en Verandering [GDO (SLB)] ..... 98
171 (18) Leierskap en die Bestuur van Mense en Verandering ..... 98

14295 Leierskap en Bestuur van die Skool as 'n Organisasie [GDO (SLB)] ..... 98
172 (18) Leierskap en Bestuur van die Skool as 'n Organisasie ..... 98

14288 Lewenslange Leer [MPhil (Lewenslange Leer)] ..... 98
879 (180) Lewenslange Leer (ankermodule) ..... 98

54496 Lewensoriëntering [BEd] (ou program) ..... 98
872 (40) Lewensoriëntering-spesialisering [MEd (Kurrikulumstudie)] ..... 98

13750 Lewensoriëntering-onderrig [NOS] ..... 99
771 (20) Lewensoriëntering-onderrig (3L, 1P) ..... 99

11570 Lewensvaardighede [BEd] ..... 99
177 (15) Lewensvaardighede [IF] (3L) ..... 99
179 (15) Lewensvaardighede [GF] (3L) ..... 99

14000 Lewensvaardighede: Dans en Drama [BEd] ..... 100
377 (10) Lewensvaardighede: Dans en Drama [IF] (2L) ..... 100
379 (10) Lewensvaardighede: Dans en Drama [GF] (2L) ..... 100

14229 Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding [BEd] ..... 100
477(15) Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding [IF] (3L) ..... 100
479 (15) Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding [GF] (3L) ..... 100

13827 Lewensvaardighede: Musiek [BEd] ..... 100
277 (10) Lewensvaardighede: Musiek [IF] (2L) ..... 100
279 (10) Lewensvaardighede: Musiek [GF] (2L) ..... 100

13828 Lewensvaardighede: Visuele Kuns [BEd] (nuwe programme) ..... 100
277 (10) Lewensvaardighede: Visuele Kuns [IF] (2L) ..... 100
279 (10) Lewensvaardighede: Visuele Kuns [GF] (2L) ..... 101

13452 Lewenswetenskappe [GDO (SF Natuurwetenskappe-onderwys) ..... 101
271 (15) Lewenswetenskappe – Lewe en Lewenswyse ..... 101

13748 Lewenswetenskappe-onderrig [NOS] ..... 101
771 (20) Lewenswetenskappe-onderrig (2L, 2P) ..... 101

13754 Liggaamlike Opvoeding-onderrig [NOS] ..... 102
771 (20) Liggaamlike Opvoeding-onderrig (3L, 1P) ..... 102

13559 Meetkunde [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)] ..... 102
271 (22) Meetkunde ..... 102

13566 Meting [GDO] ..... 102
271 (20) Meting (IF Wiskunde-onderwys) ..... 102
272 (20) Meting (SF Wiskunde-onderwys) ..... 102

13753 Musiek-onderrig [NOS] ..... 102
771 (20) Musiek-onderrig (3L, 1P) ..... 102

12902 Nagraadse Studieleiding [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)] ..... 103

791 (30) Nagraadse Studieleiding in die Konteks van Hoër Onderwys 103
61859 Natuur- en Skeikunde-onderwys (skoolvak) [MEd (Kurrikulumstudie)] 103
872 (40) Natuur- en Skeikunde-spesialisering 103
59161 Natuurwetenskappe (Ond) [BEd] [IF] 103
177 (15) Natuurwetenskappe (Ond) (2L) 103
277 (15) Natuurwetenskappe (Ond) (3L) 103
377 (15) Natuurwetenskappe (Ond) (4L) 103
477 (15) Natuurwetenskappe (Ond) (4L) 103
14253 Navorsing in Hoër Onderwys [MPhil (Hoër Onderwys Studies)] 104
875 (20) Navorsing in Hoër Onderwys 104
14286 Navorsing in Lewenslange Leer [MPhil (Lewenslange Leer)] 104
875 (20) Navorsing in Lewenslange Leer 104
13545 Navorsingsmetodologie Grondslagfaseonderwys [HonsBEd] 104
711 (5) Navorsingsmetodologie Grondslagfaseonderwys 104
51764 Navorsingsmetodologie [MEd (Psig)] 104
876 (20) Navorsingsmetodologie 104
14913 Navorsingsmetodologie [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)] 104
814 (15) Navorsingsmetodologie 104
13546 Navorsingsprojek (Grondslagfaseonderwys) [HonsBEd] 104
773 (30) Navorsingsprojek (Grondslagfaseonderwys) 104
14075 Navorsingsprojek (Kurrikulumondersoek) [HonsBEd] 104
771 (35) Navorsingsprojek (Kurrikulumondersoek) 104
13467 Navorsingsprojek (Onderwysontwikkeling en Demokrasie) [HonsBEd] 105
771 (30) Navorsingsprojek (Onderwysontwikkeling en Demokrasie) 105
13465 Navorsingsprojek (Opvoedkundige Ondersteuning) [HonsBEd] 105
772 (30) Navorsingsprojek (Opvoedkundige Ondersteuning) 105
13485 Navorsingsprojek (Taalonderwys) [HonsBEd] 105
771 (30) Navorsingsprojek (Taalonderwys) 105
61182 Navorsingstesis 105
871 (130) Navorsingstesis [MEd (Psig)] 105
14914 Navorsingstesis 105
871 (60) Navorsingstesis [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)] 105
14254 Navorsingstesis (HO) [MPhil (Hoër Onderwys Studies)] 105
874 (120) Navorsingstesis 105
14287 Navorsingstesis: Lewenslange Leer [MPhil (Lewenslange Leer)] 106
874 (120) Navorsingstesis 106
12897 Navorsing vir die Bevordering van Onderrig en Leer [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)] 106
791 (30) Navorsing vir die Bevordering van Onderrig en Leer in Hoër Onderwys 106
49204 Omgewingsopvoeding 106
872 (40) Omgewingsopvoeding-spesialisering [MEd (Kurrikulumstudie)] 106
11513 Om 'n Onderwyser te Word [BEd] (nuwe programme) 106
114 (10) Om 'n Onderwyser te Word [IF] (2L) 106
124 (15) Om 'n Onderwyser te Word [GF] (2L, 1T) 106
45616 Onderrig en Leer 107
791 (30) Onderrig en Leer in Hoër Onderwys [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)] 107
14964 Onderrigleierskap Ond [NGDip (Wiskunde-onderwys, NGDip (Wetenskappe-onderwys)] 107
771 (20) Onderrigleierskap Ond 107
13487 Onderrig van Kreatiewe Skryfkunde [HonsBEd] 107
744 (15) Onderrig van Kreatiewe Skryfkunde 107
13456 Onderwys en Samelewing [HonsBEd] 107
744 (15) Onderwys en Samelewing 107

13457 Onderwys in Demokrasie [HonsBEd] 107
711 (15) Onderwys in Demokrasie 107
13466 Onderwysleierskap en -bestuur 108
771 (6) Onderwysleierskap en -bestuur (1L) [NOS] 108
744 (15) Onderwysleierskap en -bestuur [HonsBEd] 108
65862 Ontwikkeling en Leer [BEd] 108
224 (10) Ontwikkeling en Leer [GF en IF] (2L, 1T) 108
13111 Ontwikkeling en Ondersteuning [MEd (Psig)] 108
875 (30) Ontwikkeling en Ondersteuning 108
13468 Ontwikkeling, Organisasies en Onderwysbeleid [HonsBEd] 108
713 (15) Ontwikkeling, organisasies, en onderwysbeleid 108
50261 Opvoedingsbeleidstudie 108
879 (180) Opvoedingsbeleidstudie [MEd] 108
13997 Opvoedkundebeleid en -leierskap [BEd] [IF] 109
389 (15) Opvoedkundebeleid en -leierskap [GF] [FP] (2L, 1T) 109
377 (10) Opvoedkundebeleid en -leierskap [IF] (2L) 109
61271 Opvoedkundige en Sielkundige Assessering [MEd (Psig)] 109
874 (20) Assessering 109
61271 Opvoedkundige en Sielkundige Assessering [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)] 109
814 (12) Assessering 109
11515 Opvoedkundige Evaluering en Navorsing [BEd] [IF] 109
377 (5) Opvoedkundige Evaluering en Navorsing (1L, 1T) 109
61298 Opvoedkundige Navorsing 109
711 (10) Opvoedkundige Navorsing [HonsBEd] (nuwe program) 109
813 (25) Navorsing [MEd (Kurrikulumstudie)] 110
65811 Opvoedkundige Ondersteuning [MEd] 110
879 (180) Opvoedkundige Ondersteuning 110
49221 Opvoedkundige Perspektiewe [GDO] 110
171 (6) Opvoedkundige Perspektiewe 110
771 (8) Opvoedkundige Sielkunde [NOS] (2L) 110
54623 Opvoedkundige Sielkunde [MEd (Psig)] 110
877 (240) Opvoedkundige Sielkunde 110
13558 Patrone, Funksies, Algebra [GDO] 110
172 (14) Patrone, Funksies, Algebra (IF Wiskunde-onderwys) 110
173 (14) Patrone, Funksies, Algebra (SF Wiskunde-onderwys) 110
174 (22) Patrone, Funksies, Algebra (VOO Wiskunde-onderwys) 111
13556 Pedagogiese Inhoudskennis van Botanie [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)] 111
271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Botanie 111
13446 Pedagogiese Inhoudskennis van Chemie [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)] 111
271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Chemie 111
13448 Pedagogiese Inhoudskennis van Fisika [GDO (VOO Fisiese Wetenskappe-onderwys)] 111
271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Fisika 111
13449 Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe I [GDO (Senior Fase Natuurwetenskappe-onderwys)] 111
271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe 1 111
13450 Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe II [GDO (Senior Fase Natuurwetenskappe-onderwys)] 111
271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Natuurwetenskappe 2 111
13557 Pedagogiese Inhoudskennis van Soölogie [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)] 112
271 (15) Pedagogiese Inhoudskennis van Soölogie 112
13489 Pedagogiese Leksikografie [HonsBEd] 112
744 (15) Pedagogiese Leksikografie 112

61328 Perspektiewe in Hoër Onderwys [MEd (Hoër Onderwys)] 112
875 (10) Perspektiewe 112

14251 Perspektiewe op Hoër Onderwys [MPhil (Hoëronderwysstudies)] 112
875 (20) Perspektiewe op Hoër Onderwys 112

14284 Perspektiewe op Lewenslange Leer [MPhil (Lewenslange Leer)] 112
875 (20) Perspektiewe op Lewenslange Leer 112

11512 Praktiese Leer [BEd] [NOS] 112
177 (30) Praktiese Leer [IF] (4L) 112
179 (30) Praktiese Leer [GF] (4L) 112
277 (30) Praktiese Leer [IF] (2L, 4P) 112
279 (30) Praktiese Leer [GF] (2L, 4P) 113
377 (30) Praktiese Leer [IF] (2L, 4P) 113
379 (30) Praktiese Leer [GF] (2L, 4P) 113
477 (30) Praktiese Leer [IF] (4L) 113
479(30) Praktiese Leer [GF] (4L) 113
771 (32) Praktiese Leer [NOS] (2L, 4P) 113

61344 Praktikum deur Raad vir Gesondheidsberoepe van SA voorgeskryf [MEd (Psig)] 114
876 (20) Praktikum 114

14298 Professionele Portefeulje en Werkplekprojek [GDO (SLB)] 114
171 (18) Professionele Portefeulje en Werkplekprojek 114

14917 Professionele Praktyk deur Raad vir Gesondheidsberoepe van SA voorgeskryf [MEd (Opvoedkundige Sielkunde)] 114
871 (33) Professionele Praktyk 114

13739 Rekenaartoepassingstegnologie-onderrig [NOS] 114
771 (20) Rekenaartoepassingstegnologie-onderrig (3L, 1P) 114

13735 Rekeningkunde-onderrig [NOS] 115
771 (20) Rekeningkunde-onderrig (3L, 1P) 115

13756 Religieuse Studies-onderrig [NOS] 115
771 (20) Religieuse Studies-onderrig (3L, 1P) 115

13565 Ruimte en Vorm [GDO] 115
271 (20) Ruimte en Vorm (IF Wiskunde-onderwys) 115
272 (20) Ruimte en Vorm (SF Wiskunde-onderwys) 116

13605 Soölogie-onderrig A [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)] 116
171 (15) Soölogie-onderrig A (32L, 15P) 116

13606 Soölogie-onderrig B [GDO (VOO Lewenswetenskappe-onderwys)] 116
271 (15) Soölogie-onderrig B (32L, 15P) 116

59188 Sosiale Wetenskappe (Ond) [BEd] [IF] (nuwe program) 116
177 (15) Sosiale Wetenskappe (Ond) (2L, 1T) 116
277 (15) Sosiale Wetenskappe (Ond) (2L, 1T, 1P) 116
377 (15) Sosiale Wetenskappe (Ond) (2L, 1T, 1P) 117
477 (15) Sosiale Wetenskappe (Ond) (2L, 1T, 1P) 117

13998 Sosiologie van die Opvoeding [BEd] (nuwe program) 117
377 (10) Sosiologie van die Opvoeding [IF] (2L) 117
379 (10) Sosiologie van die Opvoeding [GF] (2L) 117

13987 Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys [BEd] [GF] 117
284 (15) Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys (2L, 1T) 117
384 (15) Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys (2L, 1T) 118
484 (15) Suid-Afrikaanse Gebaretaal: Taal- en Geletterdheidsonderwys (2L, 1T) 118

13486 Taalbeleid en Meertalige Onderwys [HonsBEd] 118
711 (15) Taalbeleid en Meertalige Onderwys 118

13826 Taalonderrig [BEd] 118
224 (5) Taalonderrig: Basismodule [GF en IF] (1L) 118
324 (5) Taalonderrig: Basismodule [GF en IF] (1L) 118

13484 Taalonderrignavorsing [HonsBEd] ...118
711 (5) Taalonderrignavorsing ... 118
14921 IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) IsiXhosa [BEd] ...118
424 (5) IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) IsiXhosa [GF] (2L) ... 118
414 (5) IsiXhosa as Taal van Leer en Onderrig (TvLO) IsiXhosa [IF] (2L) ... 119
14874 Tegniese Fisika Onderrig Golwe en Elektroniese Eienskappe van Materie [GDO (VOO Fisiese wetenskappe-onderwys)] ...119
271(9) Tegniese Fisika Onderrig Golwe en Elektroniese Eienskappe van Materie ... 119
14873 Tegniese Fisika Onderrig Hitte en Termodinamika [GDO (VOO Fisiese wetenskappe-onderwys)] ...119
271(4) Tegniese Fisika Onderrig Hitte en Termodinamika ... 119
14872 Tegniese Fisika Onderrig Magnetisme en Elektrisiteit [GDO (VOO Fisiese wetenskappe-onderwys)] ...119
271(8) Tegniese Fisika Onderrig Magnetisme en Elektrisiteit ... 119
14871 Tegniese Fisika Onderrig: Meganika [GDO (VOO Fisiese wetenskappe-onderwys)] ...120
171(9) Tegniese Fisika Onderrig: Meganika ... 120
14875 Tegniese Wiskunde Onderrig Getallestelsels en Differensiaalrekene [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)] ...120
271(8) Tegniese Wiskunde Onderrig Getallestelsels en Differensiaalrekene ... 120
14876 Tegniese Wiskunde Onderrig Meetkunde, Mensurasie en Hoekbeweging [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)] ...120
271 (28) Tegniese Wiskunde Onderrig Meetkunde, Mensurasie en Hoekbeweging ... 120
14878 Tegniese Wiskunde Trigonometrie [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)] ...120
271 (14) Tegniese Wiskunde Trigonometrie ... 120
14960 Teorieë in Wetenskap Ond [NGDip (Wetenskap-onderwys)] ...120
771 (15) Teorieë in Wetenskap Ond ... 120
14965 Teorieë in Wiskunde Ond [NGDip (Wiskunde-onderwys] ...121
771 (15) Teorieë in Wiskunde Ond ... 121
13561 Trigonometrie [GDO (VOO Wiskunde-onderwys)] ...121
271 (14) Trigonometrie ... 121
14961 Vergelykende Studies (Wet Ond) [NGDip (Wetenskap-onderwys] ...121
771 (15) Vergelykende Studies (Wet Ond) ... 121
14967 Vergelykende Studies (Wisk Ond) [NGDip (Wiskunde-onderwys] ...121
771 (15) Vergelykende Studies (Wisk Ond) ... 121
13758 Visuele Kuns-onderrig [NOS] ...121
771 (20) Visuele Kuns-onderrig (2L, 2P) ... 121
13732 Volhoubare Leefwyse [NOS] ...121
771 (6) Volhoubare Leefwyse (1L) ... 121
13459 Volwasseneleer en -ondersteuning [HonsBEd] ...122
711 (15) Volwasseneleer en -ondersteuning ... 122
14146 Vreemdetaalonderrig [NOS] ...122
771 (20) Vreemdetaalonderrig 771 (3L, 1T) ... 122
14297 Werk binne en vir die skoolstelsel [GDO (SLB)] ...122
172 (18) Werk binne en vir die skoolstelsel ... 122
12903 Werk en Leer [NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)] ...122
791 (30) Werk en Leer ... 122
13437 Werkgeïntegreerde Leer [GDO] ...122
171 (6) Werkgeïntegreerde Leer 1 ... 122
272 (6) Werkgeïntegreerde Leer 2 ... 122
14297 Werk binne en vir die skoolstelsel [GDO (SLB)] ...123
172 (18) Werk binne en vir die skoolstelsel ... 123
24023 Wiskunde (Ond) [BEd] ...123
177 (15) Wiskunde (Ond) [IF] (2L, 1T) ... 123

179 (15) Wiskunde (Ond) [GF] (2L, 1T) 123
277 (15) Wiskunde (Ond) [IF] (3L) 123
279 (15) Wiskunde (Ond) [GF] (3L) 123
377 (15) Wiskunde (Ond) [IF] (4L) 124
379 (15) Wiskunde (Ond) [GF] (3L) 124
477(15) Wiskunde (Ond) [IF] (4L) 124
479 (15) Wiskunde (Ond) [GF] (3L) 124

13752 Wiskunde-onderrig [NOS] 125
771 (20) Wiskunde-onderrig (3L, 1P) 125

61972 Wiskunde-onderwys (Skoolvak) 125
872 (40) Wiskunde-onderwys-spesialisering [MEd (Kurrikulumstudie)] 125

13547 Wiskunde-onderwys (Grondslagfase) [HonsBEd] 125
771 (20) Wiskunde-onderwys (Grondslagfase) 125

13440 Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede I [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)] 125
171 (22) Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede 1 125

13441 Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede II [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)] 126
171 (22) Wiskundige Geletterdheid: Basiese Vaardighede 2 126

13445 Wiskundige Geletterdheid: Data-hantering [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)] 126
271 (14) Wiskundige Geletterdheid: Data-hantering 126

13444 Wiskundige Geletterdheid: Finansies [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)] 126
271 (11) Wiskundige Geletterdheid: Finansies 126

13443 Wiskundige Geletterdheid: Kaarte, Planne en Fisiese Voorstellings [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)] 127
271 (10) Wiskundige Geletterdheid: Kaarte, Planne en Fisiese Voorstellings 127

13442 Wiskundige Geletterdheid: Meting [GDO (Wiskundige Geletterdheidsonderwys)] 127
271 (11) Wiskundige Geletterdheid: Meting 127

13751 Wiskundige Geletterdheid-onderrig [NOS] 127
771 (20) Wiskundige Geletterdheid-onderrig (3L, 1P) 127